# *'n KRIMINOLOGIESE ONTLEDING VAN DIE GEBRUIK VAN FORENSIESE KUNS IN DIE ONDERSTEUNING VAN SLAGOFFERS VAN GEWELDSMISDADE IN DIE PRETORIA-AREA, SUID-AFRIKA*

deur

HENRICO PIETER VISSER

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir

die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

KRIMINOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF J. H. PRINSLOO

FEBRUARIE 2010

**VERKLARING**

***Ek verklaar hiermee dat ‘‘n KRIMINOLOGIESE ONTLEDING VAN DIE GEBRUIK VAN FORENSIESE KUNS IN DIE ONDERSTEUNING VAN SLAGOFFERS VAN GEWELDSMISDADE IN DIE PRETORIA-AREA, SUID-AFRIKA’ my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui het.***

Geteken: ___________________

HENRICO PIETER VISSER

# ABSTRAK

Die navorsing ondersoek die potensiële waarde vir die aanwending van die tradisionele visuele beeldende kunste asook die aanwending van die forensiese kunste vir die emansipasie van slagoffers van geweldsmisdaad. Kwalitatiewe navorsingsmetodes word tydens die navorsing gebruik ten einde sekere afleidings en aanbevelings te maak aangaande die aanwending van die forensiese kuns vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die navorsing word teoreties gebaseer op die beskouing van die mens wie se gedrag beinvloed word deur verskillende interne en eksterne kontekstuele invloede. Die teoretiese basis vir die navorsing word verder ondersteun deur die grondbeginsels van die psigo-analise, simboliese interaksionisme en die fenomenologiese teoretiese benaderings. Die potensiaal vir die aanwending van forensiese kuns as 'n terapeutiese tegniek en kommunikasiemedium tydens krisisingryping en berading word ondersoek. Die potensiële forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns in die regsplegingstelsel word ook in die navorsing ondersoek.

# ABSTRACT

This research explores the potential value for the application of the visual expressionistic arts, as well as the application of forensic art for the emancipation of victims of violent crime. Qualitative research methods are used in order to make certain assumptions and recommendations for the application of the forensic arts in the emancipation of traumatized victims. The research is based on the view that human behaviour is influenced by different internal and external contextual influences. The theoretical basis for the research is further supported by the grounding principals of the psycho-analytic, symbolic interactionistic and the phenomenological theoretical approaches. The potential for the application of the forensic arts during crisis intervention and trauma counselling as a therapeutic technique and a communication medium are investigated. The potential forensic value of the victims' art for the criminal justice system is also explored during the research.

## SLEUTEL TERME

Beeldende kuns, berading, fenomenologie, forensiese kuns, kommunikasie, krisis, krisisingryping, krisisingryper, psigo-analise, simboliese-interaksionisme, slagoffer, slagofferbemagtiging, trauma, viktimisering.

## KEY TERMS

Communication, counseling, crisis, crisis intervener, crisis intervention, forensic art, phenomenology, psycho-analysis, symbolic interactionism, trauma, victim, victim assistance, victimization, visual art.

## BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag my dank uitspreek aan my promotors, Professor J. H. Prinsloo en aan Professor A. van der Hoven van die Depatement Kriminologie vir hulle leiding, bystand en ondersteuning tydens die studie.

Ek wil ook die lede van die Suid-Afrikaanse Polisie bedank vir hulle samewerking en ondersteuning op misdaadtonele en op kantoor ten einde my instaat te stel om die navorsing te kon doen.

My opregte dank en waardering gaan ook uit na die slagoffers van misdaad wat deelgeneem het aan hierdie studie. Sonder hulle deelname sou ek die studie nie met sukses kon afgehandel het nie en sou daar 'n groot leemte gewees het in die navorsing. Alhoewel die slagoffers dikwels liggaamlik, emosioneel of geestelik geskend was deur misdaad, was hulle steeds bereid om 'n deel van hulself te gee vir die navorsing ten einde ander slagoffers in die toekoms te kan help.

Laastens wil ek ook my vrou "Jo-Ann" bedank vir die tye waar sy laat nag saam met my gery het terwyl ek die veldnavorsing gedoen het, vir die tye waar sy laat aand saam met my wakker gebly terwyl ek die tesis voorberei het en vir die naweke se kuiertjies by ons vriende en familie waarop ons uitgemis het. Dankie my vrou dat jy daar was vir my.

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| Hoofstuk 1: | ORIËNTERING EN NAVORSINGSONTWERP | 1 |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1.1 | Die insidensie van geweldsmisdaad | 2 |
| 1.1.2 | Die internasionale behoefte aan slagofferondersteuning | 3 |
| 1.1.3 | Die behoefte vir slagofferondersteuning in Suid-Afrika | 4 |
| 1.1.4 | Kontemporêre probleme aangaande slagofferdienste in Suid-Afrika | 5 |
| 1.2 | PROBLEEMFORMULERING | 7 |
| 1.3 | RASIONAAL VIR DIE NAVORSING | 8 |
| 1.4 | DOELSTELLINGS VIR DIE NAVORSING | 11 |
| 1.4.1 | Die navorsingsvraag | 11 |
| 1.4.2 | Doelstellings van die navorsing | 12 |
| 1.4.3 | Uiteensetting van die navorsing | 12 |
| 1.5 | BEGRIPSOMSKRYWINGS | 13 |
| 1.5.1 | Berading | 14 |
| 1.5.2 | Forensiese kuns | 14 |
| 1.5.3 | Geweld | 14 |
| 1.5.4 | Krisis | 14 |
| 1.5.5 | Krisis-ingryping | 15 |
| 1.5.6 | Krisis-ingryper | 15 |
| 1.5.7 | Slagoffer | 15 |
| 1.5.8 | Slagofferbemagtiging | 16 |
| 1.5.9 | Slagofferbystand | 16 |
| 1.5.10 | Trauma | 16 |
| 1.5.11 | Viktimisering | 17 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | METODOLOGIE | 17 |
| 1.7 | DIE AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSTERREIN | 23 |
| 1.7.1 | Demografiese afbakening | 23 |
| 1.7.2 | Geografiese afbakening | 24 |
| 1.7.3 | Tyds-afbakening | 24 |
| 1.8 | DATA VERSAMELING | 25 |
| 1.8.1 | Literatuurstudie | 25 |
| 1.8.2 | Kwalitatiewe navorsing | 27 |
| 1.9 | DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE | 35 |
| 1.10 | ETIESE ASPEKTE | 37 |
| 1.11 | VOORUITBESKOUING | 39 |
| 1.12 | SAMEVATTING | 40 |
| Hoofstuk 2: | TEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN TRAUMATIESE MISDAADGEBEURE | 41 |
| 2.1 | INLEIDIND | 41 |
| 2.2 | DIE OORSAKE VAN KRISISTOESTANDE EN TRAUMA | 42 |
| 2.2.1 | Die graad van ernstigheid en die duur van die krisis | 43 |
| 2.2.2 | Tipes krisisse | 43 |
| 2.2.3 | Klassifikasie van getraumatiseerd | 45 |
| 2.3 | TIPES SLAGOFFERS | 47 |
| 2.4 | SIMPTOME WAT GEPAARD GAAN MET TRAUMA | 49 |
| 2.4.1 | Emosionele simptome van trauma | 50 |
| 2.4.2 | Liggaamlike simptome van trauma | 50 |
| 2.4.3 | Kognitiewe simptome van trauma | 51 |
| 2.4.4 | Gedragspatrone a.g.v. trauma | 51 |
| 2.5 | TEORETIESE PERSPEKTIEWE | 52 |

2.5.1 Die bio-psigofisiologies-sistemiese benadering 53

2.5.2 Psigo-analitiese perspektief 57

2.5.3 Die simboliese interaksionisme 66

2.5.4 Die fenomenologie 69

2.5.5 Addisionele teorieë 73

2.6 DIE KRISISREAKSIE EN HERSTELSIKLUS 75

2.6.1 Die impakfase 75

2.6.2 Die terugvalfase
75

2.6.3 Die her-organiseringsfase 76

2.7 SAMEVATTING 77

Hoofstuk 3: DIE AARD VAN KUNS IN TERAPIE 79

3.1 INLEIDING 79

3.2 TERAPEUTIESE KUNS 81

3.3 FORENSIESE KUNS 83

3.4 GEBRUIK VAN TERAPEUTIESE OF FORENSIESE KUNS 84

3.5 DIE TERAPEUTIESE WAARDE VAN KUNS 85

3.6 DIE NEUROLOGIESE UITWERKING VAN KUNS OP DIE BREIN 88

3.6.1 Beelde en beeld formasie 89

3.6.2 Die gehegtheidsteorie 91

3.6.3 Die fisiologie van emosies 92

3.6.4 Traumatiese herrineringe 95

3.6.5 Die plasebo-effek 97

3.6.6 Kleur en die brein 98

3.6.7 Die uitwerking van breinskade op slagoffers se kuns 99

3.7 KUNS AS 'n BERADINGSTEGNIEK VIR MISDAADSLAGOFFERS 100

3.7.1 Kuns verbeter kommunikasie 102

3.7.2 Kuns wakker geheue aan 103

3.7.3 Kuns en self-aktualisering 105

3.7.4 Kuns as artistieke uitdrukking 106

3.7.5 Kuns en psigiese spanning 113

3.7.6 Kuns en krisistoestande 114

3.7.7 Kuns en trauma 115

3.7.8 Kuns en gevoelens van rou 115

3.7.9 Kuns en dissosiasie 117

3.7.10 Kuns en die herstel proses 118

3.7.11 Neurosis en kreatiwiteit 121

3.7.12 Psigologiese aspekte van kreatiwiteit 122

3.7.13 Die geestelike dimensie en kuns 123

3.8 KONKLUSIE 126

Hoofstuk 4: BASIESE KRISIS-INGRYPING EN DIE WAARDE VAN SLAGOFFERS SE KUNS IN FORENSIESE ONDERSOEKE 129

4.1 INLEIDING 129

4.2 WAT IS KRISIS-INGRYPING? 131

4.2.1 Die karaktereienskappe van krisisse en trauma 134

4.2.2 Die doelstellings van krisis-ingryping en trauma-berading 135

4.3 PRAKTIESE RIGLYN VIR KRISIS-INGRYPING EN TRAUMA-BERADING 136

4.3.1 Die gemeenskaplike grondefase 136

4.3.2 Die narratiewe fase 136

4.3.3 Die feitefase 138

4.3.4 Die dinkfase 138

| | | |
|---|---|---|
| 4.3.5 | Die emosiefase | 138 |
| 4.3.6 | Die stresreaksiefase | 139 |
| 4.3.7 | Die onttrekkingsfase | 139 |
| 4.4 | BELANGRIKE ASPEKTE TEN OPSIGTE VAN KRISIS-INGRYPING EN TRAUMA-BERADING | 140 |
| 4.4.1 | Maak kontak | 141 |
| 4.4.2 | Verminder angs | 141 |
| 4.4.3 | Fokus op spesifiek kwessie | 141 |
| 4.4.4 | Evalueer beskikbare hulpbronne | 143 |
| 4.4.5 | Beplan die ingryping | 143 |
| 4.4.6 | Moedig optrede aan | 143 |
| 4.4.7 | Vestig hoop | 144 |
| 4.4.8 | Opvolging of nasorg | 144 |
| 4.5 | MISDAADSLAGOFFERS IN ŉ GEREGTELIKE KONTEKS | 146 |
| 4.6 | KRIMINOLOGIESE FORENSIESE ONDERSOEKE | 149 |
| 4.7 | FORENSIESE ONDERHOUDE TEENOOR KLINIESE ONDERHOUDE | 150 |
| 4.7.1 | Tekeninge in forensiese ondersoeke | 151 |
| 4.7.2 | Tekeninge as onderhoudvoeringstegniek | 152 |
| 4.7.3 | Tekeninge as klagte versterkings hulpmiddel | 152 |
| 4.7.4 | Tekeninge as geregtelike hulpmiddel | 154 |
| 4.8 | BELANGRIKE GEREGTELIKE ASPEKTE TEN OPSIGTE VAN FORENSIESE KUNS | 160 |
| 4.9 | FORENSIESE KUNS EN SLAGOFFER/OORTREDER IDENTIFIKASIE | 161 |
| 4.9.1 | Forensiese gesigsamestellings | 162 |
| 4.9.2 | Forensiese verouderings | 166 |
| 4.9.3 | Gesigrekonstruksies van moordslagoffers | 167 |
| 4.9.4 | Twee-dimensionele en drie-dimensionele skedel-rekonstruksies van moordslagoffers | 169 |
| 4.9.5 | Skedel en foto super-imposisie van moordslagoffers | 174 |

4.10 SAMEVATTING 176

Hoofstuk 5: GESELEKTEERDE GEVALLESTUDIES 178

5.1 INLEIDING 178

5.2 DIE DOEL VAN GEVALLESTUDIES 179

5.3 KRISIS-INGRYPING GEVALLESTUDIES 180

5.3.1 Gewapende rowe in Pretoria 181

5.3.2 Gewapende roof op 'n plot 182

5.3.3 'n Noodlottige motorvoertuigbotsing 183

5.4 DIE GEBRUIK VAN FORENSIESE KUNS TYDENS KRISIS-INGRYPING 186

5.4.1 Die kunswerk van 'n selfmoordslagoffer 192

5.4.2 Spontane kuns van 'n misdaadslagoffer 196

5.4.3 Kuns tydens trauma berading 213

5.4.4 Liggaamskaarte vir Vigs-slagofferbemagtiging 228

5.5 KONKLUSIE 230

Hoofstuk 6: BEVINDINGE, AFLEIDINGS, AANBEVELINGS EN OPSOMMINGS AANGAANDE MISDAADSLAGOFFERS SE KUNS 232

6.1 INLEIDING 232

6.2 HINDERNISSE TYDENS DIE NAVORSING 235

6.3 PRAKTIESE PROBLEME TEN OPSIGTE VAN DIE AANWENDING VAN FORENSIESE KUNS TYDENS KRISIS-INGRYPING EN TRAUMA-BERADING 238

6.3.1 Die tyd van die voorval 238

6.3.2 Die plek van die voorval 238

6.3.3 Die aard en erns van die voorval 239

6.3.4 Geslagsverskille 239

6.3.5 Die toestand van die slagoffer self 240

6.3.6 Die berader se opleiding en ondervinding 240

6.3.7 Die emosionele toestand van die berader of forensiese kunstenaar self 240

6.4 BEVINDINGE AANGAANDE KRISIS-INGRYPING 241

6.4.1 Forensiese kuns en krisis-ingryping 244

6.4.2 Aanbevelings aangaande krisingryping 246

6.4.3 Bevindinge aangaande die gebruik van forensiese kuns in trauma-berading 249

6.4.4 Aanbevelings vir die gebruik van forensiese kuns om misdaadslagoffers te emansipeer 254

6.5 Konklusie 256

BIBLIOGRAFIE 259

DIAGRAMME

Figuur 3-1 Die limbiese stelsel in die brein 94

Figuur 4-1 ʼn Voorbeeld van hoe ʼn persoon volgens die simboliese-interaksionistiese benadering simbole kan gebruik om te kommunikeer 133

Figuur 4-2 Die visueele uitbeelding van ʻn slagoffer van haar emosies wat sy as gevolg van ʼn traumatiese misdaadvoorval gehad het 134

Figuur 4-3 Hond en aankomende voertuig in pad voor motor 137

Figuur 4-4 Voertuig tref hond en hond tref voorruit, met persoon wat haar gesig beskerm 137

Figuur 4-5 Motor kom tot stilstand langs padstalletjie, met skade aan voertuig, en dooie hond 138

Figuur 4-6 Skets van ʻn vyf-jarige dogtertjie na aanleiding van ʼn gewapende roof by hulle huis 153

Figuur 4-7 Elfjarige dogtertjie, sussie van slagoffer in Fig 4.6, se misdaaduitbeelding met emosie 155

Figuur 4-8 Die profiel van die oortreder van voor en van die kant af geteken, deur ʼn verkragtingsslagoffer 156

Figuur 4-9 Detail van misdadigers 156

Figuur 4-10 Ekstra inligting van misdadigers 157

Figuur 4-11 Verdagte 1 geskets deur navorser 158

Figuur 4-12 Verdagte 2 geskets deur navorser 158

Figuur 0-13 Slagoffer se skets van verdagte 159

Figuur 4-14 Gesigsamestelling van verdagte 159

Figuur 4-15 Rowwe skets van oortreder 163

Figuur 4-16 Verfynde skets van oortreder 164

Figuur 4-17 Veroudering aangetoon op fotos 167

Figuur 4-18 Gesigrekonstruksie vanaf 'n verminkte liggaam 168

Figuur 4-19 Skedel van slagoffer 169

Figuur 4-20 Skedels met diepte-merkers 169

Figuur 4-21 Skets oor 'n foto 170

Figuur 4-22 Skets voor voltooiing 170

Figuur 4-23 Amerikaanse metode met klei 170

Figuur 4-24 Amerikaanse metode met klei, voltooi 171

Figuur 4-25 Fase 1 tydens die anatomiese metode vir drie-dimensionele skedelrekonstruksie 171

Figuur 4-26 Fase 2 tydens die anatomiese metode vir drie-dimensionele skedelrekonstruksie 172

Figuur 4-27 Eindproduk van die fases tydens anatomiese metode vir drie-dimensionele skedelrekonstruksie 172

Figuur 4-28 Skedel van oorledene 173

Figuur 4-29 Rekonstruksie van oorledene 173

Figuur 4-30 Foto van oorledene 173

Figuur 4-31 Skedel van oorledene 174

Figuur 4-32 Foto van moontlike oorledene 174

Figuur 4-33 Proposionele plasing van skedel oor foto 175

Figuur 4-33 Proposionele plasing van skedel oor foto vertikaal 175

Figuur 4-35 Proposionele plasing van skedel oor foto horisontaal 175

Figuur 5-1 Slagoffer se rowwe tekening met kenmerke van oortreder 188

Figuur 5-2 Gesigsamestelling deur die SAPD afdeling van die oortreder met opvallende kenmerke 188

Figuur 5-3 Slagoffer se tekening 189

Figuur 5-4 SAPD se gesigsamestelling 189

Figuur 5-5 Saamgestelde skets van oortreder met handaangebringde letsels 190

Figuur 5-6 Skets van ‘n selfmoord slagoffer 193

Figuur 5-7 J se skildery “Ek en my Lewe” 198

Figuur 5-8 J se skilderye “Emosies” 202

Figuur 5-9 J se skildery “Inner thoughts” 203

Figuur 5-10 J se skildery “Ethiopia” 204

Figuur 5-11 J se potloot tekening met Egiptiese invloede 205

Figuur 5-12 J se potloot tekening van skedel 205

Figuur 5-13 J se skets in pen ink op karton, “Dead Bones Talking” 206

Figuur 5-14 J se skildery van die Egiptiese Farao’s 208

Figuur 5-15 J se skildery “Othello” 209

Figuur 5-16 J se tier 210

Figuur 5-17 J se visiebord 212

Figuur 5-18 C se skets in die motor, met die hond in die pad 216

Figuur 5-19 C se skets toon hoe die motor die hond tref en emosie 216

Figuur 5-20 C se skets toon die beskadigde motor en die dooie hond 217

Figuur 5-21 C se emosies uitgebeeld 218

Figuur 5-22 C se skets, met rower met geweer 219

Figuur 5-23 C se skets van die uitleg van die winkel, met plasings van rowers en slagoffers 220

Figuur 5-24 C se skets oor haar lewe 222

Figuur 5-25 C se toekoms-lewenskaart 225

Figuur 5-26 Liggaamskaart van Vigs-slagoffer 229

Figuur 0-1 "J" se tekeninge met oë 251

LYS VAN TABELLE

Tabel 1-1 Totale aantal misdade in die Suid-Afrika aangemeld in die tydperk vanaf 2001 tot 2007 vir die periode van 1 April tot 30 September 2

AANHANGSELS

AANHANGSEL A UITNODIGING AAN SLAGOFFERS OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING 265

AANHANGSEL B SLAGOFFER ONDERHOUDSKEDULE 266

AANHANGSEL C KRIMINOLOGIESE DESKUNDIGE 269

# Hoofstuk 1: ORIËNTERING EN NAVORSINGSONTWERP

## 1.1 INLEIDING

Slagoffers van misdaad is wydverspreid omdat misdaad ŉ wêreldwye verskynsel is, selfs al vertoon statistieke dat in sekere lande die misdaadsyfers merkwaardig hoër is as in ander lande. Slagoffers vra gereeld: Waarom wend mense hul tot misdaad? Sommige individue wend hulself tot misdaad weens hul desperaatheid om te oorleef. Ander individue wend hulle weer tot misdaad omrede dit vir hulle ŉ maklike uitweg bied om sekere doelstellings in die lewe te bereik. Vir sommige misdadigers het die lewe van ander persone klaarblyklik feitlik geen waarde nie en die misdadigers sal dan, sonder enige ooglopende rede, geweld gebruik ten einde hulle kriminele doelstellings te bereik (Raubenheimer 2008:04).

In Suid-Afrika het sommige misdadigers groot geword tydens die apartheidsera toe daar ŉ kultuur van geweld was (Swartz, de la Rey & Duncan 2004:81) en het so in misdaad gebly. In die kontemporêre Suid-Afrika is geweld steeds verweefd in die samelewing en word dit aangehits deur die divisie wat daar bestaan tussen die rykes en die armes (Swartz, de la Rey & Duncan 2004:81).

Verder was sekere Suid-Afrikaanse buurlande (soos Zimbabwe, Mosambiek en Angola) in die verlede betrokke in burgeroorloë en is die navorser van mening dat die huidige buurlande se politieke onstabiliteit ook verder bydra tot die geweldsmisdade in Suid-Afrika. Kinders wat tydens onluste en oorloë groot geword het kon emosioneel apaties geraak het teenoor geweld, en dit het moontlik die gevolg dat die grootmense wat as kinders in sulke omstandighede grootgeword het hul moontlik makliker tot geweld sal wend indien hulle betrokke sou raak by misdaad (maar verdere navorsing sal egter benodig word ten einde te bepaal of Suid-Afrika se geskiedenis van geweld, asook die buurlande se geskiedenis van oorloë, bydraende faktore is in Suid-Afrika se hoë geweldsmidaadsyfers).

Die gevolg van misdade is dat dit ŉ algemene veskynsel geword het in sekere lande, met gevolglike groot hoeveelhede misdaadslagoffers. Suid-Afrikaanse misdaadslagoffers herstel bowendien ook steeds van die algemene geweld van die aparthiedsjare. Dit bemoeilik misdaadslagoffers se kanse op herstel.

### *1.1.1 Die voorkoms van geweldsmisdaad*

Ten einde 'n begrip te ontwikkel van die omvang van misdaad in Suid-Afrika, word daar kortliks op misdaadstatistieke van die omgewing gelet. Volgens amptelike statistieke van die Suid-Afrikaanse polisiediens (SAPD 2007:6) vir die periode 1 April 2007 tot 30 September 2007, was daar (per 100 000 van die bevolking):

- 18,7 moorde;
- 19,4 pogings tot moord;
- 201,7 aanrandings met die doel om ernstig te beseer;
- 47,8 verkragtings of pogings tot verkragting;
- 125,4 gewapende rowe met verswarende omstandighede;
- Een vrou word elke ses dae deur haar man in Suid-Afrika vermoor (volgens Standley 1999:2).

Hierdie misdaadsyfers sluit egter net dié in wat by die SAPD aangemeld is en die "donker syfers" van onaangemelde misdaad is dus buite rekening gelaat. Die "donker syfers van misdaad" behels daardie misdade wat nooit by polisie aangemeld word nie (Conklin 1995:50).

Dit moet egter in gedagte gehou word dat elke misdaad meer as een slagoffer kan hê (Grobbelaar 1986:53). Dit is nie nét die persoon wat vermoor is wat die slagoffer van 'n moord is nie, maar slagoffers sluit in persone soos familie, vriende, ooggetuies, en uiteindelik ook die samelewing as'n geheel wat op 'n meer indirekte wyse geraak word deur die moord (Grobbelaar 1986:53).

**Tabel 1-1 Totale aantal misdade in die Suid-Afrika aangemeld in die tydperk vanaf 2001 tot 2007 vir die periode van 1 April tot 30 September**

| MISDAAD KATEGORIE | JAARTAL | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2001** | **2002** | **2003** | **2004** | **2005** | **2006** | **2007** |
| Moord | 10 189 | 10 430 | 9 762 | 9 159 | 9 177 | 9 464 | 8 925 |
| Poging tot moord | 14 702 | 17 491 | 15 139 | 12 288 | 10 098 | 9 937 | 9 269 |
| Verkragting | 24 677 | 23 756 | 23 687 | 25 033 | 26 078 | 23 507 | 22 887 |
| Roof met verswarende omstandighede | 59 997 | 59 741 | 68 805 | 65 644 | 59 075 | 65 792 | 59 998 |
| Aanranding met die doel om ernstig te beseer | 118 678 | 117 037 | 116 723 | 113 510 | 105 196 | 98 333 | 96 499 |

(Suid-Afrikaanse Polisiediens 2007:6).

Vervolgings fokus hierdie navorsing op die groot behoefte wat daar bestaan vir slagofferdienste ten einde die slagoffers van geweldsmisdade te emansipeer, spesifiek deur kuns.

### *1.1.2 Die internasionale behoefte aan slagofferondersteuning*

Geweldsmisdade laat dikwels een of meer slagoffers na, meestal met sekere psigiese, fisiese, emosionele of ander reaksies. Geweldstrauma kan 'n persoon dus op 'n direkte of indirekte wyse benadeel (Bester in Maartens 2006:163-164).

Direkte gevolge van geweldstrauma behels, onder andere, fisiese wonde, inwendige beserings, beenbreuke en ander liggaamlike beserings wat dikwels met erge pyn en ongemaak gepaard gaan(Bester in Maartens 2006:163-164).

Indirekte gevolge van geweldstrauma behels, in kontras, die vrystelling van streshormone wat 'n uitgebreide uitwerking op die sisteme van die liggaam het. Die streshormone stel adrenalien en kortisol vry wat 'n nadelige uitwerking op 'n persoon se gesondheid kan hê indien 'n persoon oor 'n lang termyn daaraan blootgestel word (Bester in Maartens 2006:163-164). Baie van die slagoffers benodig ook fisiese, geestelike of sielkundige hulp en ondersteuning wat nie altyd beskikbaar is nie.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging (2005:1-2) wys daarop dat, in die Verenigde Koningkryk van Brittanje, 50% van die slagoffers van misdaad, geherviktimiseer word en dat dieselfde slagoffers 81% uitgemaak het van al die misdade wat gerapporteer was. Vyf persent van die slagoffers was 5 of meer keer geviktimiseer en hulle het 41% uitgemaak van al die gerapporteerde misdade. 'n Kanadese studie toon verder dat slagoffers van roof, aanranding en seksuele misdrywe se kanse 20 keer groter is om wéér die slagoffers van sodanige misdade te word, en ook dat hulle oor die algemeen meer geneig is om die slagoffers van ander misdade te word. In Nederland was 43% van die slagoffers van geweldsmisdade twee of meer keer die slagoffers van sulke misdade en hulle het 77% van die slagoffers van alle gevalle van gerapporteerde geweldsmisdade uitgemaak (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:1-2).

'n Internasionale studie deur die Verenigde Nasies het getoon dat gedurende 2005 slegs 9% van die slagoffers (van vier tipes misdade naamlik huisbraak, roof, seksuele misdrywe en aanranding wat dreigemente insluit) gespesialiseerde ondersteuning ontvang het (Van Dijk, van Kesteren & Smit 2007:119). Slagoffers van seksuele misdade

het in 30% van die gevalle ondersteuning ontvang. In 8% van die gevalle van roof en aanranding, insluitend dreigemente van aanranding, het die slagoffers hulp ontvang. Ten opsigte van huisbraak, het slegs 4% van die gevalle ondersteuning ontvang (Van Dijk et al 2007:119). Volgens die studie ontvang slegs die direkte slagoffers van kontakmisdade ondersteuning in die meeste lande; geen familie of ander persone nie (volgens Van Dijk et al (2007:119). Van Dijk dui ook aan dat dit selde gebeur het dat slagoffers van huisbraak die nodige ondersteuning ontvang het (Van Dijk et al 2007:119).

Die slagoffers van misdaad (wat geen bystand ontvang het na ŉ misdaadvoorval nie) het in 43% van gevalle aangedui dat slagofferbysstanddienste van groot nut sou kon gewees het indien dit beskikbaar was; in die geval van seksuele misdrywe het 68% van die slagoffers aangedui dat hulle ŉ behoefte gehad het vir hulp; ten opsigte van huisbraak, roof en aanranding met dreigemente het ongeveer 4 uit elke 10 slagoffers aangedui dat hulle die nodige ondersteuning sou waardeer het (Van Dijk et al 2007:122). Daar is ook bevind dat 62% van die misdaadslagoffers in stede in onwikkelende lande aangedui het dat hulle hulp sou waardeer het (Van Dijk et al 2007:122). Hierdie resultate toon dat ŉ behoefte bestaan vir bystanddienste vir slagoffers van ernstige misdade in Europa.

In kontras, die persentasie van slagoffers wat hulp wou gehad het (maar dit nie ontvang het nie) was 50% hoër in Asië, Afrika, Latyns Amerika en Oos-Europa (Van Dijk et al 2007:119).

Hieruit kan afgelei word dat daar wêreldwyd ŉ behoefte aan slagofferdienste is; dit is ook nodig vir ŉ wye verskeidenheid van misdade. Dié navorsing toon egter nie wat die situasie in Suid-Afrika is aangaande die hoeveelheid misdaadslagoffers wat hulp ontvang het of wat hulp benodig nie.

### *1.1.3 Die behoefte vir slagofferondersteuning in Suid-Afrika*

Soos aangetoon, toon formele statistieke nie die behoefe aan misdaadslagoffershulp in Suid-Afrika nie, veral nie die hoeveelheid misdaadslagoffers wat hulp ontvang het of wat hulp benodig het nie.

Dikwels is daar geen ondersteuningsnetwerke vir misdaadslagoffers in Suid-Afrika nie (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:1). Daar word wel deur die SAPD in 2005 daarop gewys dat ŉ viktimisasie-studie, gedurende 1997-1998, getoon het dat minder as 1% van misdaadslagoffers professionele hulp gesoek het, 60% van die slagoffers het geen ondersteuning van enige iemand af ontvang nie, 17% het gebruik gemaak van familie of vriende, 12% van hulle bure, en 6% het na hulle stamhoofde

gegaan (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:1). Indien die slagoffers nie berading ontvang vir misdaadgebasserde trauma nie, kan dit aanleiding gee tot meer rassisme in Suid-Afrika as gevolg van misdaad (Pretoria News, 18 Februarie 2008: 1). Hieruit kan afgelei word dat daar huidiglik 'n groot behoefte bestaan vir slagofferdienste in Suid-Afrika sodat die slagoffers van misdaad kan emansipeer of vrygestel kan word van vrese.

'n Handjievol, gewone Suid-Afrikaners gaan egter uit hul pad uit om die baie slagoffers van misdaad by te staan by polisiestasies se slagofferbemagtigings sentrums (*Pretoria News*, 18 Februarie 2008: 1). Hierdie vrywilligers help om misdaadslagoffers in kontak te bring met ondersteuningsgroepe, hulle verskaf verskillende slagofferbemagtigingsdienste aan slagoffers, en hulle help getraumatiseerde slagoffers met die invul van vorms (Pretoria News, 18 Februarie 2008: 1).

### *1.1.4 Kontemporêre probleme aangaande slagofferdienste in Suid-Afrika*

Ondersteuningsdienste vir slagoffers van geweld en misdaad in Suid-Afrika is gefragmenteerd, beperk, ongekoördineerd, en reaktief; dit is dus on-effektief (volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging, 2005:2). Oor die algemeen is slagofferdienste in Suid-Afrika gemeenskapsgedrewe en word die dienste op 'n *ad-hoc* basis verskaf; dit lei tot talle probleme.

Van die probleme behels onder andere dat slagofferdienste nie die taal, kulturele en sosiale diversiteit van Suid-Afrika aanspreek nie. Die dienste is ook meestal Euro-sentries geörienteerd en dit kan probleme verskaf ten opsigte van Afrika-sentries geörienterde misdade en kulture. Sommige dienste word ook oorbenut terwyl ander weer onderbenut word en dit is hoofsaaklik die gevolg van die ligging van die dienste, hulle diensfooie, of bloot die feit dat hulle onderbemark word (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:2).

Navorsing toon verder dat sekere kategorieë slagoffers meer aandag geniet as ander (sien die SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:2). Die meeste slagofferdienste spesialiseer in verkragting of kindermishandeling en dus tref baie van die sentrums nie voorsorg vir die slagoffers van ander misdade nie. Daar is ook bevind dat baie van die beskikbare dienste 'n gebrek aan begrip toon en onsensitief is; dit kan gevolglik lei tot sekondêre viktimisering (Die SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:2).

Slagoffers wat hulle wend tot die strafregplegingstelsel word dikwels sekondêr geviktimiseer deurdat die stelsel onpersoonlik en koud is (Doerner & Lab 2002:53). Baie slagoffers maak ook nie gebruik van die strafregplegingstelsel nie omrede die oortreder miskien onsuksesvol was en die slagoffers voel dat hulle dus niks verloor het nie (Doerner & Lab 2002:54).

In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die gebruik van kuns (as ŉ alternatiewe metode) wat saam met bestaande intervensie metodes en tegnieke gebruik kan word om misdaadslagoffers van ernstige geweldsmisdade te bemagtiging om sodoende traumatiese ervarings te verwerk. Bestaande intervensie metodes en tegnieke wat aangewend kan word tydens krisis-ingryping en berading om misdaadslagoffers te bemagtig behels, onder andere, her-blootstelling, kognitiewe herstrukturering, en die vertel van die trauma-narratief (Malchiodi 2003:141). Daar sal veral in hierdie studie aandag geskenk word op die gebruik van kuns as ŉ kommunikasiemedium ten einde verbale en emosionele kommunikasieprobleme te oorbrug.

Slagoffer-bemagtiging is hoofsaaklik daarop gerig om slagoffers ŉ groter rol in die strafregplegingstelsel te laat speel en slagoffers te help om te voorkom dat hulle ge-herviktimiseer word (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:7). Dit is ŉ proses waardeur die slagoffer gehelp word om bo hulle probleme uit te styg deur dit wat met hom of haar gebeur het te verwerk en sodoende die langdurige gevolge van die insident te verminder. Berading vorm dikwels ŉ kritiese element in slagoffer-bemagtiging (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:7).

Cohen-Liebman (in Spring 2007:69) wys daarop dat terapeutiese kuns gebruik kan word as ŉ tegniek om ŉ magdom van onderwerpe, konflikte, en bekommernisse te ondersoek na die misdaadvoorval. In hierdie navorsing sal daar in Hoofstukke Drie en Vier klem gelê word op die gebruik van teken en skilderkuns as ŉ hulpmiddel ten einde misdaadslagoffers by te staan om die psigologiese en geestelike gevolge van traumatiese misdaadgebeure te verwerk om sodoende die misdaadslagoffers te bemagtig.

Verder sal daar gelet word op die potensiële waarde wat misdaadslagoffers se kuns inhou vir die strafregplegingstelsel. In die verband sal daar in Hoofstuk Vier ook gelet word op die rol wat die forensiese kunste kan speel in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. In Hoofstuk Vyf sal daar gelet word op enkele geselekteerde gevallestudies ten einde die teoretiese beginsels vir die aanwending van kuns vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers te demonstreer.

Vervolgens sal die navorsingsprobleem uiteengesit word ten einde motivering vir die navorsing te verskaf.

## 1.2 PROBLEEMFORMULERING

Enige navorsing begin met 'n algemene idee wat 'n navorser wil ondersoek (Henn, Weinstein & Foard 2006:50); hierdie navorsing begin ook met 'n navorsings-probleem. 'n Navorsingsprobleem kan in die algemeen omskryf word as 'n intelektuele stimulus wat 'n respons uitlok in die vorm van 'n wetenskaplike ondersoek. So sal die navorser dan inligting insamel ten einde 'n waardige antwoord te kan verskaf op die navorsingsprobleem (Henn, Weinstein & Foard 2006:50). Die ontwikkeling van 'n navorsingsprobleem verskaf dus die fokus aan die navorsing (Bak 2004:20).

In die algemeen moet die navorsingsprobleem duidelik gespesifiseer word ten einde te voorkom dat dit vaag, dubbelsinnig, onduidelik, of te oop vir interpretasie voorkom (Henn, et al 2006:51). Die navorsingsprobleem vorm die dryfkrag van die bepaalde navorsing, dit gee rigting aan die navorsing, en dit verskaf inligting aangaande die manier waarvolgens die navorsing sal ontwikkel (Bak 2004:20).

Die navorsingsprobleem van hierdie navorsing fokus op die vraag:
*Kan teken, skilderkuns of forensiese kuns effektief gebruik word in die bemagtiging van volwasse slagoffers van geweldsmisdade?*

Hierdie studie is daarop gerig om van die slagofferbystandsdienste se tekortkominge aan te spreek om sodoende misdaadslagoffers te bemagtig.

Suid-Afrika is 'n land met uiteenlopende bevolkingsgroepe, kulture, tale en gelowe. Soos reeds vermeld is bestaande slagofferbystanddienste in Suid-Afrika gefragmenteerd, beperk, ongekoördineerde, reaktief en dus on-effektief. Die slagoffers van misdaad ontvang ook nie altyd die nodige slagofferbystand soos krisisintervensie of trauma berading nie weens gebrek aan slagofferbystanddienste en as gevolg van kulturele en/of taal verskille. Die probleme benadeel die bemagtiging van misdaadslagoffers. Gevolglik is navorsing vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers van kardinale belang om die dilema waarin misdaadslagoffers hulle bevind, te verbeter.

Daar sal gepoog word om die volgende aanleidende vrae te beantwoord tydens die navorsing :

- Misdaad benadeel mense maatskaplik, ekonomies, sosiaal, fisies, psigologies en geestelik ernstig; vervolgens ontvang die persone dikwels geen krisis-ingryping berading of ander vorme van bemagtiging nie. Daarom het die slagoffers van misdaad dikwels diep gewortelde emosionele en sielkundige letsels wat hulle normale funksionering in die samelewing nadelig beïnvloed. Hier sal daar gelet word op die vraag: Wat is die rol wat kuns oor die algemeen kan speel in die bemagtiging van misdaadslagoffers? Daar sal ook spesifiek ondersoek ingestel word na die rol wat spesifiek forensiese kuns kan speel in die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad.
- Hoe kan sommige teoretiese perspektiewe gebruik maak van kuns ten einde volwasse slagoffers van geweldsmisdade te bemagtig?
- Navorsing vir die behandeling en rehabilitasie van misdaadslagoffers op 'n deurlopende basis is uiters noodsaaklik ; hoe kan die navorsing in die studie dan die bestaande kennisbasis vir die bemagtiging van misdaadslagoffers uitbrei?
- Hoe kan forensiese kuns as 'n kommunikasie medium gebruik word ten einde sekere kommunikasie probleme te oorbrug tussen verskillende tale en kulture?
- Uit 'n geregtelike en kriminologiese oogpunt bestaan daar nie veel literatuur aangaande die bewyswaarde van volwasse slagoffers van geweldsmisdade se kuns nie. Vir die kriminoloog is dit veral belangrik om te weet: Wat is die forensiese getuieniswaarde van oortreders en slagoffers se kuns vir voorvonnisevaluasie-verslae en vir slagoffer-impakverklarings? In die studie sal daar dan ook gelet word na die potensieële forensiese waarde wat misdaadslagoffers se kuns het vir die strafregplegingstelsel.

## 1.3 RASIONAAL VIR DIE NAVORSING

Net soos kuns belangrik geag word, is die spesialiseringsveld, forensiese kuns, 'n relatiewe nuwe veld wat onlangs ontwikkel het en dit behels huidiglik die gebruik van enige vorm van kuns wat gerig is op die identifikasie, arrestasie en skuldigbevinding van oortreders (Van der Merwe 2007:36). Verder word forensiese kuns ook gebruik in die lokalisering van slagoffers en met die identifisering van onbekende persone wat gesterf het (Van der Merwe 2007:36). Huidiglik bestaan daar nie veel literatuur oor die gebruik van volwasse misdaadslagoffers se kuns vanuit 'n kriminologiese of juridiese perspektief nie. Daar is ook min navorsing wat die forensiese waarde van die slagoffers se kuns aandui vir die strafregplegingstelsel. Die navorsing sal dan ook fokus op die potensiële forensiese waarde van volwasse misdaadslagoffers se kuns vanuit die juridiese en kriminologiese perspektiewe.

Misdaadslagoffers ly aan die hand van misdadigers; dit lei tot fisiese, psigiese, emosionele, ekonomiese, of ander skade (Doerner & Lab 2002:53). Soortgelyk bevestig die SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging ook dat misdaad 'n vernietigende effek op slagoffers het en dat die slagoffers van misdaad dikwels geen verderer ondersteuning ontvang vir ernstige psigiese, fisiese, ekonomiese en/of maatskaplike letsels nie (2005:1). Misdaad kan langtermyn gevolge inhou vir die slagoffers en hulle familie deurdat die misdaad die kwaliteit van hul lewens nadelig kan affekteer (Doerner & Lab 2002:53). Feitlik alle misdaadslagoffers word vasgevang deur vrees en bekommernis (Doerner & Lab 2002:53).

In 'n studie in Amerika het Blanchard en Hickling (2004:3) bevind dat motorvoertuig ongelukke 'n hoof oorsaak is vir Post-Traumatiese Stres in die algemene bevolking. Daar is ook bevind dat vrouens twee keer meer geneig is om Post-Traumatiese Stres te ontwikkel na 'n traumatiese voorval (Blanchard en Hickling 2004:11). Dit was ook bevind dat slagoffers 'n groot voordeel uit sielkundige behandeling of berading getrek het, tot en met ses jaar na die voorval. Na ses jaar het veertig persent van die eksperimentele groep steeds Post-Traumatiese Stres ervaar vir tot tien jaar post-trauma (Blanchard en Hickling 2004:11). Verder was bevind dat 15 tot 45 persent van die oorlewendes van ernstige motorvoertuigbotsings, waar persone so beseer was dat hulle mediese behandeling moes ontvang, binne 'n jaar na die ongeluk Post-Traumatiese Stres ontwikkel het (Blanchard en Hickling 2004:29). Alhoewel die ondersoek slegs fokus op motorvoertuigbotsings, toon die ondersoek egter steeds hoe nadelig die psigologiese gevolge van misdaad vir misdaadslagoffers kan wees.

Ten einde die behoefte aan te spreek vir die ondersteuning van misdaadslagoffers, sal daar in die studie gelet word op die rol wat kuns kan speel tydens krisis-ingryping en die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Krisis-ingryping is daarop gerig om die mate van spanning en angs wat 'n persoon ervaar, direk na 'n traumatiese voorval, te verlig (Collins 2005:64).

Met trauma berading word daar gepoog om bemoediging en leiding aan mense te verskaf wat verliese ervaar het, ernstige besluite moet neem of teleurstellings moet oorkom. Berading kan misdaadslagoffers help om persoonlike te groei en dit kan ontwikkeling stimuleer. Verder kan dit mense help om probleme, innerlike konflikte en verlammende emosies doeltreffend te hanteer. Dit kan individue of groepe help om interpersoonlike spanning uit die weg te ruim en om meer doeltreffende verhoudings te

skep. Laastens kan berading persone ook help om selfvernietigende gedrag af te leer (volgens Collins 2005:3-4).

Mense is dikwels na ’n traumatiese voorval so geskok dat hulle nie daartoe instaat is om bo hulle probleme uit te styg nie (Doerner & Lab 2002:126-127). Volgens die navorser is dit juis in hierdie toestand waar professionele ingryping deur ’n berader, sielkundige of geestelike leier van die uiterste belang is en ook waar kuns ’n belangrike rol kan speel in die ontlonting en berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Indien trauma nie reg verwerk of behandel word nie, kan dit lei tot ernstige psigologiese of emosionele letsels en selfs sielkundige afwykende gedrag.

Die voordeel van kuns is dat dit gesien kan word as ’n natuurlike kommunikasiemedium (Ford-Martin 2002:2). Die navorser is verder van mening dat kuns mense uit verskillende kulture, tale en lande in staat stel kan stel om met mekaar te kommunikeer op ’n nie-verbale vlak. In ’n land soos Suid-Afrika waar daar ’n groot uiteenlopende voorkoms van verskillende gelowe, kulture en tale is, kan kuns van groot waarde wees ten einde sekere kommunikasie probleme te oorkom.

Verder stel kuns ook ’n individu (wat nie daartoe instaat is om oor sy of haar gevoelens en emosies te praat nie) in staat om die gevoelens en emosies op ’n nie-verbale manier uit te druk (Magniant 2004:215). Kunsprodukte kan gesien word as ’n sintese tussen kogniktiewe aktiwiteite en die kreatiewe proses wat ontblood word deur beelde of prente as “gekodeerde boodskappe” (Spring 2007:8). Die interpretasie van die individuele boodskappe is noodsaaklik ten einde die kunsprodukte te verstaan en om insig te verkry (Spring 2007:8).

Die navorser is ook van mening dat weens die betekenisse wat mense aan kuns heg kan die kunswerke, wat die slagoffers van misdaad produseer, sekere betekenisvolle waarde vir professionele persone soos beraders, kriminoloë, sielkundiges en ander professionele persone hê. Die kunswerke, wat die slagoffers van misdaad skep, kan ook van groot getuieniswaarde wees in strafhowe, veral met betrekking tot kindermolestering en seksuele misdrywe. Selfs ’n eenvoudige skets, byvoorbeeld van die uitleg van die perseel waarin ’n misdaad gepleeg was, kan van groot waarde in ’n hof wees ten einde dieper insig te verkry tot die omstandighede waaronder die misdaad plaasgevind het.

’n Skets kan die hof ook ’n aanduiding gee van hoe mense (die slagoffer en die beskuldigde) en sekere voorwerpe gerangskik was in die spasie ten opsigte van mekaar

tydens die pleging van die misdryf. In die opsig kan misdaadslagoffers se kuns ook gesien word as forensiese kuns. Die getuieniswaarde van die kunswerke van slagoffers van misdaad in die Suid-Afrikaanse howe, veral vanuit ’n kriminologiese perspektief, is dus van kardinale belang en word dit gevolglik ook behandel in die studie.

Die navorser is ’n kriminalistieke deskundige in die Suid-Afrikaanse polisiediens. Hy werk daagliks met getraumatiseerde misdaadslagoffers. Hy is van mening dat dit van kardinale belang is dat kriminaliste, kriminoloë en ander professionele persone die nodige kennis en vaardighede moet aanleer om getraumatiseerde misdaadslagoffers te kan hanteer ten einde verdere traumatisering van misdaadslagoffers te voorkom tydens die ondervragingsproses. Dit kan ook verhoed dat waardevolle bewysmateriaal en getuienis verlore gaan deur foutiewe ondervragingstegnieke en -metodes.

## 1.4 DOELSTELLINGS VIR DIE NAVORSING

Daar is reeds aangedui dat Suid-Afrika een van die lande is wat die hoogste misdaadsyfers in die wêreld het; gevolglik is daar baie mense wat ernstige misdade oorleef het en somtyds sukkel om met hulle lewens voort te gaan. Verder is daar ook nie altyd die nodige dienste beskikbaar om die slagoffers van misdaad by te staan nie. Die navorsing is daarop gerig om ondersoek in te stel na die potensieële gebruik van forensiese kuns in die bemagtiging van getraumatiseerde volwasse slagoffers van ernstige geweldsmisdade.

### *1.4.1 Die navorsingsvraag*

Alle navorsing begin met die identifisering van ’n navorsingsvraag (Noaks & Wincup 2004:122) wat ’n stelling is wat deur die navorsingsproses beantwoord word (sien Dantzker & Hunter 2000:50-51). Die navorsingsvraag se fokus moet duidelik gestel word en dit moet inligting verskaf aangaande die doel van die navorsing (Dantzker & Hunter 2000:50-51). Vroegtydige refleksie op die navorsingsvraag sal die navorsingsontwerp beinvloed asook die maniere waarop data bestuur en ontleed word (Noaks & Wincup 2004:122).

Die navorsingsvraag in diė navorsing kan as volg gestel word nl: Kan teken en skilderkuns asook forensiese kuns effektief saam met bestaande krisis-ingrypings en trauma beradings tegnieke en metodes gebruik word vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers ten einde die psigologiese en geestelike impak van misdaad te verminder?

### *1.4.2 Doelstellings van die navorsing*

Verdere doelstellings van die navorsing kan as volg in meer detail uiteengesit word:

i. Om bestaande en alternatiewe benaderings te ondersoek vir die emansipering van misdaad slagoffers deur kunstegnieke en metodes te inkorporeer met bestaande teoretiese perspektiewe ten einde slagoffers van geweldsmisdaad te emansipeer.

ii. Om die bestaande kennisbasis vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad uit te brei.

iii. Om ondersoek in te stel na die gebruik van forensiese kuns as 'n kommunikasiemedium vir slagoffers van geweldsmisdaad.

iv. Om die rol wat forensiese kuns kan speel as 'n intervensie tegniek tydens krisis-ingryping en trauma berading vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad te ondersoek.

v. Die kunswerke wat verkry word in die bemagtigingsproses kan moontlik met sukses in die Suid-Afrikaanse Strafregstelsel gebruik word ten einde oortreders aan te keer. In die navorsing sal daar ook ondersoek ingestel word na die potensieële forensiese waarde van volwasse misdaadslagoffers se kuns in die Suid-Afrikaanse strafregstelsel.

### *1.4.3 Uiteensetting van die navorsing*

Daar sal in hoofstuk twee sekere teoretiese perspektiewe bespreek word wat die begrondingsbenaderings vir die navorsing sal vorm. Die teoretiese perspektiewe wat van belang is vir die navorsing behels die hermeneutiek van menslike gedrag wat beinvloed word deur verskillende lewenskontekste, die psigo-analise, vrye assosiasie, die simboliese interaksionisme en die fenomenologie.

'n Literatuurstudie (wat handel oor die navorsingsprobleem) sal verder in hoofstukke drie en vier gedoen word. Daarin sal gelet word op die gebruik van kuns vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers tydens krisis-ingryping en trauma berading. Die basiese beginsels van die forensiese kunste sal verder in hoofstuk vier bespreek word ten einde die nodige agtergrondinligting te bekom aangaande die gebruik van forensiese kuns vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die rol wat misdaadslagoffers se kuns kan speel in 'n forensiese kriminologiese en 'n geregtelike konteks sal ook ondersoek word.

Kwalitatiewe data sal versamel word deur middel van geselekteerde gevallestudies, semi-gestruktureerde onderhoude en veldnavorsing ten einde sekere afleidings en

gevolgtrekkings te kan maak aangaande die gebruik van forensiese kuns vir die bemagtiging van misdaadslagoffers. Die gevallestudies sal in hoofstuk vyf uiteengesit en bespreek word.

In hoofstuk ses sal sekere afleidings en aanbevelings gemaak word aangaande die aanwending van forensiese kuns tydens krisis-ingryping en trauma berading ten einde die slagoffers van geweldsmisdaad te bemagtig.

## 1.5 BEGRIPSOMSKRYWINGS

In die afdeling sal daar gelet word op sekere begrippe of konsepte wat van belang is vir die navorsing. In enige vakgebied bestaan daar sekere begrippe of konsepte wat 'n taal skep binne die vakgebied (volgens Henn, Weinstein & Ford 2006: 53) en die hoofdoel van konseptualisering is kommunikering (volgens De Vos 2002:30). Konseptualisering is dus 'n poging om die essensies van 'n verskynsel vas te vang deur 'n beskrywing te gee van hoe die verskynsel georganiseerd is asook wat die struktuur en dinamika daarvan is (Fischer 2006: 217). Begrippe of konsepte kan verskillende betekenisse hê vir verskillende persone en dit kan verwarring veroorsaak (Henn et al 2006: 54), so word konsepte geettiketteer met woorde ten einde 'n persoon instaat te stel om oor die konsepte te dink en om die konsepte aan ander te kommunikeer (De Vos 2002:29). Hierdie studie definieer hierna begrippe of konsepte wat in 'n studie gebruik word, in terme van hoe dit verband hou met die studie en wat die presiese betekenis daarvan is ten einde verwarring te verkom (volgens Henn et al 2006: 54).

Die konsepte of begrippe sal verder aan twee vereistes voldoen (na aanleiding van Fischer 2006: 217) naamlik dat die konseptualisering van die begrippe sal:

- Die ware verskynsel reflekteer. Dit sal wyd genoeg wees om al die instansies van die verskynsel in te sluit maar beperkend genoeg wees om soortgelyke verskynsels uit te sluit.
- eenvoudig wees, maar dit sal ook al die verskillende aspekte van die verskynsel beskryf.

Die konsepte of begrippe wat van belang is vir die studie sluit die volgende aspekte wat bespreek word vervolgens in.

### *1.5.1 Berading*

Berading is ʼn proses waardeur leiding en bemoediging aan misdaadslagoffers verskaf word wat verliese, besluite of teleurstellings in die gesig staar as gevolg van misdaad (Collins 2005:3).

### *1.5.2 Forensiese kuns*

Forensiese kuns is enige kuns wat dien as ʼn hulpmiddel met die identifikasie, aankeer of vonnisoplegging van misdadigers, of wat behulpsaam is in die lokalisering van slagoffers, of wat behulpsaam is in die identifisering van persone wat gesterf het wie se identiteit onbekend is (volgens Taylor 2001: 3; van der Merwe 2007:36). Volgens Spring (2007:76) is forensiese kuns die toepassing van terapeutiese kunsbeginsels en praktyke in ʼn forensiese konteks om sodoende bystand te verleen in geregtelike geskille.

### *1.5.3 Geweld*

Geweld is die opsetlike, wederegtelike of nalatige gebruik van fisiese krag of mag teen ʼn persoon self, of teen ʼn ander persoon of groep, wat lei tot die dood, besering, psigologiese skade, wan aanpassing, of deprivasie van ʼn persoon of groep (Swartz, de la Rey & Duncan 2004:303).

### *1.5.4 Krisis*

ʻn Krisis is ʼn onvermydelike gebeurtenis wat ʼn keerpunt in ʼn persoon se lewe is en wat dreig om die persoon se lewe omver te werp (volgens Collins 2005: 61). Die gebeurtenis kan ʼn persoon oorweldig omrede die persoon se normale streshantering en probleemoplossingsstrategieë nie meer doeltreffend is nie. Die persoon ervaar verder die gebeurtenis as intens en uniek. Die gebeurtenis lei dikwels tot skok, verwarring en verbystering, en dit gaan gepaard met gevoellens van ondoeltreffendheid, angs, woede, moedeloosheid, droefheid en skuld (Collins 2005: 61). Die navorser is van mening dat ernstige geweldsmisdaad-gebeurtenisse deur ʼn persoon ervaar kan word as ʼn krisis.

Die gebeurtenis is normaalweg tydelik, maar dit kan soms tot ʼn paar weke duur (sien Collins 2005: 61). Indien die persoon herhalende, indringende gedagtes en gevoelens het, vermydingsgedrag openbaar, verhoogde gedragsaktivering ervaar en ongemak ervaar om te sosialiseer vir langer as ʼn maand, dan het die persoon oorbeweeg vanaf ʼn krisistoestand na ʼn traumatoestand (volgens Retief 2005:15-17). ʼn Krisistoestand kan dus daartoe lei dat ʼn persoon getraumatiseerd word.

### *1.5.5 Krisis-ingryping*

Jonas (2003:41) wys daarop dat dit volgens die Nasionale Traumakommitee van die Suid-Afrikaanse Polisiediens 'n metode is waar emosionele gevoelens uitgelaat en ontlaai kan word, in 'n beheerde en veilige omgewing. Krisis-ingryping is verder 'n proses waardeur persone wat traumatiese insidente ervaar het leiding ontvang van 'n ervare persoon (volgens Retief 2005:33). Gedurende die proses word die emosionele en kogniktiewe ervarings en indrukke van die traumatiese insident gehersien en georden. Die krisis-ingrypingsproses verminder die moontlikheid van verlengde emosionele skade wat op traumatiese gebeurtenisse kan volg (Retief 2005:33).

Die krisis-ingrypingsproses is 'n manier om onmiddelike, tydelike en emosionele noodhulp toe te pas op die slagoffers met sielkundige of fisiese trauma (volgens Collins 2005:64).

Volgens die navorser is krisis-ingryping 'n tydelike manier waar emosionele, psigologiese en geestelike noodhulp aan persone veskaf word wat 'n lewensveranderende gebeurtenis ervaar ten einde emosionele, psigologiese en geestelike traumasimptome te veminder.

Die navorser beskou krisis-ingryping en trauma-ontlonting as twee terme wat dieselfde betekenis het.

### *1.5.6 Krisis-ingryper*

Die krisis-ingryper is 'n opgeleide persoon wat die slagoffers van trauma help om te ontlaai en emosies te uiter (Jonas 2003:42). Die navorser sien 'n krisis-ingryper verder as 'n persoon wat psigologiese en/of geestelike noodhulp aan trauma slagoffers verskaf, ten einde die emosionele, psigologiese, fisiese en geestelike simptome (wat gepaard gaan met trauma) te verminder, om sodoende die slagoffers van trauma instaat te stel om normaal te kan funksioneer nadat hulle 'n traumatiese ervaring beleef het.

### *1.5.7 Slagoffer*

Die Verenigde Nasies definieer 'n slagoffer as persone wat, individueel of kollektiewelik, fisies, emosioneel, verstandelik of ekonomies benadeel was, of wie se fundamentele regte beperk was deur die handeling of nalating van 'n handeling wat in stryd is met nasionale kriminele wette (insluitende die wette wat die kriminele misbruik van mag behels) (sien die SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:5). Die term "slagoffer" sluit ook die individue in, soos die nabye familie, of afhanklikes van die direkte slagoffer, of persone wat benadeel was omrede hulle 'n slagoffer bygestaan het

wat in nood verkeer het, of persone wat gepoog het om verdere viktimisering te voorkom (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:5-6). Hieruit kan afgelei word dat oorlewendes van misdaad ook gesien word as die slagoffers van die misdaad, maar alle slagoffers van misdaad is nie net oorlewendes nie; sommige misdaadslagoffers sterf in geweldadige misdaadvoorvalle.

### *1.5.8 Slagofferbemagtiging*

Slagofferbemagtiging behels die manier waar volgens slagoffers bemagtig word deur aan hulle behoeftes te voldoen wat onstaan het as gevolg van ʼn misdaad gebeurtenis (volgens die SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:7). Dit sluit in die proses waardeur slagoffers gehelp word om bo hulle probleme uit te styg, of om te aanvaar wat met hulle gebeur het met so min as mootlike nagevolge. Dit behels ook die skepping van ʼn groter rol vir slagoffers in die kriminele regsplegingstelsel, asook die bemagtiging van slagoffers om sekondêre viktimisasie te voorkom (SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:7).

Slagofferbemagtiging word deur die navorser se gesien as enige vorm van ingryping wat deur ʼn persoon of die samelewing aangewend word ten einde die slagoffers van misdaad bytestaan en te help om die impak en trauma van misdaad positief te verminder en te verwerk. Verder is dit ook gerig op die langtermyn verbetering van misdaadslagoffers se ekonomiese, maatskaplike, sosiale, psigologiese en juridiese omstandighede.

### *1.5.9 Slagofferbystand*

Dit is ʼn wetenskaplike veld wat gemoeid is met die hulpverlening van slagoffers van misdaad en traumatiese gebeurtenisse deur emotionele ondersteuning, praktiese hulpverlening en bepleiting van slagofferregte (verwys na die SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:6). Vir die navorser vorm slagofferbystand deel van die slagofferbemagtigingsproses en is slagofferbystand meer gerig op die korttermyn hulpverlening aan misdaadslagoffers.

### *1.5.10 Trauma*

Trauma is ʼn gebeurtenis wat ʼn persoon in ʼn staat van wanbalans plaas waar die individu ongemak ervaar en die individu se gevoel van beskerming vernietig word (Jonas 2003:41).

Trauma behels ʼn onverwagte insident wat ʼn persoon self of ander se lewens bedreig en waar die persoon se normale beheermeganismes totaal oorlaai word (Retief 2005:21-

22). Daar is niks wat die persoon aan die situasie kan doen nie en dit laat die persoon met gevoellens van hulpeloosheid en skok (Retief 2005:21-22). Trauma behels ook altyd 'n mate van fisiese of psigologiese verlies (Retief 2005:27).

### *1.5.11 Viktimisering*

Viktimisering is die proses waardeur 'n persoon benadeel word deur die skending van internasionale erkende norme ten opsigte van 'n persoon se menseregte of nasionale kriminele wette (sien SAPD se Beleid en Riglyne vir Slagofferbemagtiging 2005:6).

Die bogenoemde kernbegrippe verskaf duidelikheid oor die navorser se siening aangaande sekere konsepte en begrippe ten einde verwarring te vermy. Met die navorser se uiteensetting van die kernbegrippe kan daar nou oorgegaan word na die motivering van die navorsing en die formulering van die navorsingsprobleem.

## 1.6 METODOLOGIE

Metodologie verwys in die algemeen na die manier waarop data versamel en geinterpreteer word (volgens Fischer 2006:414). Die metodologie wat gevolg sal word tydens hierdie die navorsing sal wetenskaplik gebasseer wees. Wetenskaplike navorsing behels die sistematiese, gekontroleerde, empiriese en kritiese ondersoek van natuurlike verskynsels wat gerig word deur teorieë en hipotesisse aangaande die verhoudings van sulke verskynsels (De Vos 2004:45). Die wetenskaplike metode bestaan hoofsaaklik uit die uitvoering van die volgende stappe: eerstens word die probleem geformuleer, tweedens word 'n hipotese saamgestel, daarna word die data versamel, en laastens word daar sekere afleidings gemaak en die geldigheid van die hipotese getoets (Mcburney & White 2007:5).

Die navorser beplan om tydens die navorsing van kwalitatiewe navorsingstegnieke en metodes gebruik te maak. Kwantitatiewe navorsing is gebaseer op die logies-positivistiese paradigma, terwyl kwalitatiewe navorsing in kontras gebasseer is op die fenomenologiese paradigma (sien De Vos et al 2004:79). Die rede hoekom daar in hierdie navorsing gebruik gemaak gaan word van 'n kwalitatiewe navorsingsproses is omrede navorsing gedoen kan word in die werklike lewensopset (Henn et al 2006:150). Die navorser is van voorneme om navorsing te doen met slagoffers van geweldsmisdade op die misdaadtonele kort nadat die misdade gepleeg was, sowel as op latere stadiums onder meer gekontroleerde toestande. Die navorsing sal dus in die werklike lewensopset gedoen word soos wat die geleenthede hul voordoen.

Die navorsing sal gedoen word deur gebruik te maak van kwalititiewe navorsingsmetodes en -tegnieke, gevolglik beskou die navorser dit belangrik om te let op die ooreenkomste en verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing.

Kwalitatiewe en kwantitatiewe data-analise het die volgende ooreenkomste, naamlik:

- Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing behels die definieering van 'n navorsingsprobleem (Fouché in de Vos et al 2004:95; Hagan 2005:24). Daar moet eerstens 'n navorsingsprobleem gevind word, dan moet daar vasgestel word of die navorsing uitvoerbaar is (Fouché in de Vos et al 2004:95). Die navorsingsprobleem is geidentifiseer deur te fokus op sekere probleme wat bestaan ten opsigte van die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad in Suid-Afrika.
- Daar moet 'n navorsingsontwerp saamgestel word (Hagan 2005:24); daar moet besluit word of 'n eksperimentele of nie-eksperimentele benadering gevolg gaan word, gaan groepe of individue bestudeer word, gaan die opservasie op 'n tydstip of oor 'n periode van tyd plaasvind, en gaan kontrolegroepe gebruik word (Hagan 2005:24). Die navorsingsontwerp vir hierdie navorsing sal later in die hoofstuk bespreek word.
- Beide benaderings behels die versameling van data (Fouché en Delport 2004:78; Hagan 2005:24). Die versameling van data vir die navorsing behels, onder andere, 'n literatuurstudie, 'n steekproeftrekking, onderhoudvoering, en geselekteerde gevallestudies wat later in die hoofstuk bespreek sal word.
- Die navorsingsprosedures en prosesse geskied logies en ordelik (Fouché en Delport in de Vos et al 2004:78).
- Kwalitatiewe en kwantitatiewe data-analise maak beide gebruik van afleidings (Neuman 1997:419). Die navorser ontleed die empiriese of rou data en maak dan sekere afleidings (Hagan 2005:25); die navorsing word afgesluit wanneer genoegsame data versamel is, of saturasie bereik is (Neuman 1997:419). Hierdie navorser sal, nadat die data versamel is, die data ontleed om sekere afleidings te maak aangaande die sukses van die aanwending van forensiese kuns vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers.
- Verder voldoen beide benaderings aan die publieke metode (Neuman 1997:419). Die navorser versamel die data sistematies en in die proses maak die persoon dit ook toeganklik vir ander. In beide gevalle word groot hoeveelhede data versamel, die data word dan beskryf, en dit word gedokumenteer hoe die data versamel en ge-ondersoek is (Neuman 1997:419). Die data wat versamel word in die navorsing sal hoofsaaklik kwalitatief van aard wees wat beskryf sal word in gevallestudies ten eind die data te dokumenteer.

- Vervolgens speel vergelyking ’n sentrale rol in beide tipes navorsing (Neuman 1997:419). Die bewyse wat gevind word, word onderling en met mekaar vergelyk, asook ekstern met soortgelyke bewyse vergelyk. Verskeie prosesse, oorsake, eienskappe en meganismes word in die bewyse geïdentifiseer. Daar word dan gesoek na patrone (dit is ooreenstemmings en verskille in die data) en dan probeer die navorser die ooreenstemmings en verskille verduidelik (Neuman 1997:419). In die navorsing gaan die navorser dan veral let op die patrone, ooreenstemmings en verskille in die data wat van belang mag vir die doeleindes van die navorsing.
- Laastens streef die navorser daarna om foute, valse gevolgtrekkings en misleidende afleidings te vermy (Neuman 1997:419). Konklusies word alleenlik gemaak op grond van die data wat versamel is (Fouché en Delport 2004:78).

Daar bestaan ook verskeie verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, naamlik:

- Kwantitatiewe navorsing is gebasseer op die positivistiese paradigma met die uitgangspunt dat wetenskaplike verduidelikings gebasseer is op universele wette (volgens De Vos et al 2004:79). Hierteenoor is kwalitatiewe navorsing weer gebasseer op die fenomenologiese paradigma wat daarop gebasseer is om die sosiale lewe en die betekenisse wat mense aan die alledagse lewe heg, te verstaan (De Vos et al 2004:79). Vir die doeleindes van hierdie navorsing is dit veral van belang dat daar ondesoek ingestel word na die betekenis wat misdaadslagoffers heg aan die kunswerke wat hulle skep en gevolglik sal die kwalitatiewe navorsingsmetode die mees geskikste wees.
- Kwantitatiewe benaderings in navorsing is geskik om verskynsels te ondersoek wat konselptueel en teoreties goed ontwikkeld is (De Vos et al 2004:81), in kontras is die kwalitatiewe benaderings meer geskik vir die studie van relatiewe onbekende terreine (De Vos et al 2004:81). Met kwantitatiewe navorsing word daar gepoog om verskynsels te beheer, terwyl kwalitatiewe navorsing poog om verskynsels te verstaan (De Vos et al 2004:81). Hierdie navorsing is gerig op ’n relatiewe onbekende terrein wat sal poog om insig te verkry deur misdaadslagoffers se kuns en hoe dit gebruik kan word vir die emansiepasie van misdaadslagoffers. Verder sal daar ook ondersoek ingestel word na die gebruik van kuns as ’n kommunikasiemedium vir misdaadslagoffers. Daar sal ook gekyk word na wat die potensieële forensiese waarde van die kunswerke mag wees vanuit ’n juridiese perspektief. Vir al hierdie doeleindes sal die kwalitatiewe navorsingsmetode meer geskik wees.

- Kwantitatiewe navorsers maak gebruik van gespesialiseerde en gestandaardiseerde data-analise tegnieke (Neuman 1997:419). Hipotesetoetsing en statistiese metodes verskil min oor verskillende sosiale navorsingsprojekte of tussen die natuurlike en sosiale wetenskappe. Kwantitatiewe analise is hoogs ontwikkeld en bou op die toegepaste wiskunde. Kwalitatiewe data-analise is egter minder gestandaardiseerd. Verskeie benaderings en tegnieke word gebruik in die kwalitatiewe navorsingsproses en data-analise (Neuman 1997:419). In die verband sal die navorser gebruik maak van kwalitatiewe navorsingsmetodes omrede die navorsing gerig is op mense se ervarings wat nie wiskundig meetbaar is nie.
- Kwalitatiewe navorsing is ook gewoonlik induktief, in kontras met kwantitatiewe navorsing wat weer deduktief is (De Vos et al 2004:80). Die navorsing sal in 'n groot mate steun op induktiewe afleidings, maar daar sal ook sekere deduktiewe afleidings gemaak word. Die gevolg is dat biede kwalitatiewe en kwantitaiewe navorsingsmetodes in die verband toepasbaar sal wees.
- In kwantitatiewe navorsing word numeriese waardes aan konsepte toegeken, terwyl in kontras, in kwalitatiewe navorsing word die konsepte gesien as die sensitisering van idees of terme wat ons verstaan en wat ons verduideliking van die werklikheid verbeter (Hagan 2005:19). Hierdie navorsing is gerig op die ondersoek van misdaadslagoffers se ervarings en hoe hulle hul misdaadervaring ervaar, verstaan en verduidelik deur dit uit te beeld in kuns. Gevolglik is die kwalitatiewe navorsingsmetode die toepaslike metode om te gebruik vir die navorsing.
- Kwantitatiewe navorsers begin nie met data-analise alvorens al die data versamel is nie, en in numeriese waardes omgeskakel is nie. Die numeriese waardes word dan gemanipuleer ten einde te bepaal of daar enige patrone of verhoudinge is (Neuman 1997:420). Kwalitatiewe navorsing verskaf aan die navorser die geleentheid om dataversamelingsprosesse te verander, of by te voeg, tydens die navorsing (Hagan 2005:19). Kwalitatiewe navorsers soek ook vir patrone of verhoudinge in die data, maar die analise van die data begin reeds vroeg in die navorsingsprojek terwyl die data nog versamel word (Neuman 1997:420). Die resultate van vroeër navorsing rig dan ook die data wat later versamel word (Neuman 1997:420). Die navorsing wat beplan word, sal in die werklike lewensopset met getraumatiseerde misdaadslagoffers gedoen word. Mense reageer verskillend op misdaad; weens die onvoorspelbaarheid van menslike gedrag, sal die navorser die navorsing moet aanpas na gelang van die omstandighede van die individuele gevalle. Soos wat die data versamel word, sal die navorser sekere patrone van gedrag kan waarneem, ook watter verhoudings daar ontwikkel tussen die misdaadslagoffers se ervarings en die kuns wat hulle skep.

- Verder, die verhouding verskil ten opsigte van die sosiale teorieë in kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Neuman 1997:420). Kwantitatiewe navorsers manipuleer syfers wat empiriese feite verteenwoordig ten einde abstrakte hipoteses met variërende konstrukte te toets. In kontras, kwalitatiewe navorsers skep weer nuwe konsepte en teorieë deur die vermenging van empiriese bewyse en abstrakte konsepte (Neuman 1997:420). Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van 'n gegronde toerie en dit laat die navorser toe om die navorsing se fokus te verskuif om onderwerpe te ondersoek wat vantevore as onbelangrik beskou was (Hagan 2005:19). In plaas daarvan om hipoteses te toets, kan ʼn kwalitatiewe navorser bewyse illustreer of inkleur ten einde daarop te wys dat ʼn teorie, veralgemening, of interpretasie aanvaarbaar is (Neuman 1997:420). Die navorsing is daarop gerig om ondersoek in te stel na die gebruik van kuns as ʼn medium om misdaadslagoffers te emansipeer. Die navorser beplan dan ook om die toepasbaarheid daarvan te illustreer deur die gebruik van gevalle studies en gevolglik is die kwalitatiewe navorsingsmetode toepaslik vir die navorsing se doelstellings.
- In kwantitatiewe navorsing is veranderlikes wat gemeet kan word die eenheid vir analise, wat deel vorm van die geheel (De Vos et al 2004:81). Met kwalitatiewe navorsing is die eenheid vir analisie holisties van aard en word daar gefokus op die verhouding tussen verskillende elemente (De Vos et al 2004:81). In die verband gaan die navorsing let op die verhouding wat daar bestaan tussen mense se ervaring van misdaad en die kuns wat deur hulle geskep word. Daar sal dus gelet word op die verhouding tussen die elemente wat bestaan in mense se reaksies (soos in die geval van die kwalitatiewe navorsingsproses).

Die doel van die navorsing is om wetenskaplik ondersoek in te stel ten einde te bepaal of verskillende kunstegnieke en -metodes effektief aangewend kan word vir krisis-ingryping en die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers ten einde die misdaadslagoffers te bemagtig. Die wetenskaplike metode maak in hierdie konteks gebruik van literatuurstudie, veldnavorsing, observasie, beperkte teoretiese en gerieflikheidsteekproewe, selfrapportering, geselekteerde gevallestudies, gefokusde in-diepte onderhoudvoering sowel as geselekteerde kwalitatiewe navorsings prosedures ten einde die nodige data te bekom vir die navorsing (Rosnow & Rosenthal 1996:6).

Met die navorsing gaan die navorser ondersoek instel na die wyse waarop mense ernstige geweldsmisdade ervaar, daarop reageer en dit verwerk deur die gebruik van kuns en ander intervensiemetodes en -tegnieke. Een van die doelstellings van kwalitatiewe navorsing is om gedetaileerde beskrywings van mense se gedrag en denke te maak ten einde hulle sosiale betekenisse van hulle ervarings te verlig (Henn et al

2006:150). Gevolglik sal kwalitatiewe navorsingmetodes en tegnieke die mees geskikte metodologie vir hierdie navorsing wees omrede dit mense se reaksies en ervarings ondersoek.

Daar sal ondersoek ingestel word na nie-verbale tegnieke deur die gebruikmaking van kuns wat saam met die bestaande teorieë gebruik kan word vir krisis-ingryping en berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Respondente sal in die verband tydens die navorsing gevra word om dit te teken of skets wat hulle nie in taal kan uitdruk nie. Gevolglik, die studie sal bestaan uit 'n geïntegreerde literatuurstudie aangaande krisis-ingryping en traumaberading vir getraumatiseerde misdaadslagoffers, asook hoe kuns aangewend kan word vir die emansipasie van misdaadslagoffers. Die navorsing sal dus ondersteun word deur die verskillende teoretiese perspektiewe ter verklaring van menslike gedrag.

Die literatuurstudie sal dan opgevolg word met geselekteerde gevallestudies waartydens kuns gebruik sal word tydens krisis-ingryping en traumaberading met volwasse misdaadslagoffers. Daar sal ook ondersoek ingestel word na die kuns wat die slagoffers van misdaad spontaan skep as gevolg van hul misdaadervaring en wat die potensiele waarde van die misdaadslagoffers se kuns is vir die strafreg plegingstelsel.

Ondersoek sal ingestel word na watter faktore menslike gedrag beinvloed na insidente van ernstige geweldsmisdade. Die navorser sal die respondent-slagoffers se aksies kan bestudeer soos wat dit voorkom in die natuurlike opset. Dit sal bydra om kwalitatiewe data te bekom wat ryk en gedetailleerde inligting bevat aangaande die respondente se reaksies op misdaad. Dit kan bydra om kennis en insig te bekom aangaande sekere ervaring en beskouings van die respondente ten einde die navorsingsvraag te beantwoord. Direkte aanhalings kan ook verder bydra om die respondente se perspektiewe en ervarings weer te gee.

Die navorser beplan om, tydens die navorsing, teorieë te ondersoek wat die slagoffers van ernstige geweldsmisdade kan bemagtig, soos teorieë oor die gebruikmaking van kuns saam met bestaande krisis-ingryping en trauma beradingstegnieke en –metodes, en teorieë oor die rol wat slagoffers se kuns kan speel in die strafregplegingstelsel. Kwalitatiewe navorsing behels dan ook eerder die konstruering van nuwe teorieë oor die toetsing van teorieë (volgens Henn et al 2006:150). Teorië kan ontwikkel word soos data versamel word, en dit kan weer verdere dataversameling en die ontwikkeling van verdere toerië beinvloed. Kwalitatiewe navorsing laat die navorser ook toe om die fokus

van die navorsing te verskuif terwyl die data versamel word, soos idees ontwikkel, en soos sekere aspekte belangriker word (sien Henn et al 2006:150).

Die navorsing sal verder ook ondersoek instel na die gebruik van forensiese kuns as 'n nie-verbale kommunikasiemedium. In hierdie verband gaan die navorsing ondersoek instel na die simboliese betekenis van die kuns wat misdaadslagoffers skep en wat potensiele getuieniswaarde van die misdaadslagoffers se kuns mag wees vanuit 'n kriminologiese en juridiese perspektief. Daar sal ook ondersoek ingestel word na die gebruik van kuns as 'n tegniek om sekere taal-kommunikasieprobleme te oorbrug.

Ten einde 'n beter 'n beter begrip te ontwikkel van die navorsingsmetodologie wat gevolg sal word tydens die navorsing , sal daar vervolgings gelet word op die afbakening van die navorsingsterrein. Daarna sal die dataversamelingsproses van die navorsing bespreek word waartydens die metodiek vir die literatuurstudie en die keuse vir die steekproeftrekking ook bespreek sal word. Vervolgens sal riglyn vir die opstel van die onderhoudskedules en die voer van onderhoude vir die navorsing uiteengesit word. Dit sal opgevolg word deur die metodiek van data-analise en interpretasie vir die navorsing. Laastens sal daar gelet word op sekere etiese aspekte wat van belang mag wees vir die navorsing.

## 1.7 DIE AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSTERREIN

Weens die groot hoeveelheid slagoffers wat betrek word in misdaadgebeurtenisse, sal dit fisies onmoontlik wees vir die navorser om met alle misdaadslagoffers te werk. Misdaad vind ook enige plek en enige tyd gedurende die dag of nag plaas. Gevolglik sal dit vir die navorseer noodsaaklik wees om die navorsingsterrein af te baken tot sekere demografiese, geografiese en tydsgrense.

### *1.7.1 Demografiese afbakening*

Die kwalitatiewe navorsingsterrein sal afgebaken word deur hoofsaaklik gebruik te maak van volwasse slagoffers van geweldsmisdade. Die studie sal gerig word op alle ouderdomsgroepe. Groter klem sal etger geplaas word op die kunswerke van volwasse slagoffers van geweldsmisdaad omrede daar min litteratuur bestaan oor die forensiese waarde van volwasse slagoffers se kuns. Beide mans en vroue is die slagoffers van geweldsmisdade en gevolglik sal beide die geslagsgroepe vir die studie ingesluit word.

Weens die kulturele uiteenlopendheid van Suid-Afrika, sal daar verder gepoog word om verskillende etniese groepe in die studie te gebruik. Suid-Afrika is 'n land wat ryk is kulturele diversiteit en die navorser sal in die navorsing poog om so veel as moontlik van die verskillende inheemse en uitheemse etniese groepe in die navorsing intesluit.

Die geweldsmisdade waarop die studie toegespits sal word, sluit hoofsaaklik misdade in soos moord, gewapende roof, verkragting, gesinsgeweld, aanranding met die doel om ernstig te beseer, en strafbare manslag. Die navorsing sal verder ook aangevul word deur misdade soos motorvoertuigskakings, huisrowe, huisinbrake, diefstal, ensovoorts.

Ten opsigte van die gebruik van kuns tydens die navorsing, sal die navorser nie verwag van respondente om opgelei te wees in kuns nie. Die navorser beplan om gebruik te maak van opgeleide sowel as onopgeleide persone se kuns. Vir die navorser sal dit van kardinale belang wees om te  let op die kuns was misdaadslagoffers spontaan skep as gevolg van 'n misdaad ongeag hul opleiding of agtergrond.

### *1.7.2 Geografiese afbakening*

Die navorser is woonagtig in Pretoria daarom sal die navorsing hoofsaaklik beperk word tot Pretoria en omgewing. Pretoria is 'n heterogene gemeenskap wat bestaan uit 'n wye verskeidenheid van kulture en tale en gevolglik is die demografiese samstelling van Pretoria geskik vir die navorsing. Geweldsmisdade kom verder wyd verspreid in Pretoria voor en gevolglik beskou die navorser die Pretoria area as 'n gepaste area om navorsing te doen met gestraumatiseerde misdaadslagoffers. Verder is daar verskeie private organisasies wat slagofferbystanddienste verrig in Pretoria en die navorser sal dan ook sommige van die slagoffers na die dienste verwys vir verdere ondersteuning. Mediese dienste is ook algemeen op 'n 24-uur basis in Pretoria beskikbaar en gevolglik sal die navorser ook misdaadslagoffers na die mediese dienste kan verwys indien dit nodig sou wees.

### *1.7.3 Tyds-afbakening*

Geweldsmisdaad vind enige tyd in die dag of nag plaas en die navorser verrig 24-uur bystanddienste as 'n kriminalistieke deskundige in die SAPD. Gevolglik beplan die navorser om die navorsing op 'n 24-uur basis te doen soos wat hy misdaadtonele besoek. Dit sal die navorser instaatstel om misdaadslagoffers se reaksies op misdaadtonele te kan waarneem en waar nodig, ook krisis-intervensie toe te pas. Ten opsigte van trauma berading, sal die navorser die navorsing bedags doen wanneer dit vir die misdaadslagoffers die mees geleë is. Die navorsing sal oor 'n periode van ongeveer drie jaar gedoen word.

## 1.8 DATA VERSAMELING

Ten einde die nodige data te bekom vir die navorsing, sal daar gebruik gemaak word van kwalitatiewe dataversamelingstegnieke en -metodes. Eerstens sal die navorser ʼn omvattende literatuurstudie oor die gebruik van forensiese kuns in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers doen ten einde te bepaal watter literatuur reeds bestaan oor die spesifieke onderwerp.

ʼn Gerieflikheidsteekproef sal gedoen word ten einde respondente te selekteer wat slagoffers van geweldsmisdade was en wat afkomstig is uit die omgewing waar die navorser woon en werk, in Pretoria. Daar sal gebruik gemaak word van geselekteerde gevallestudies asook gefokusde en indiepte onderhoudvoering met die slagoffers van geweldsmisdade.

### *1.8.1 Literatuurstudie*

Een van die mees essensiële dataversamelingstegnieke in die sosiale wetenskappe behels ʼn literatuurstudie (Neuman 1997:88). Met literêre navorsing word daar verwys na enige literatuur wat agtergrondinligting kan verskaf wat relevant is vir die navorsing (Henn, et al 2006:224). In die verband gaan die navorser ondersoek instel na die gebruik van forensiese kuns in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Die doel van die literatuurnavorsing is om bestaande navorsing uit te brei en te integreer en om te bepaal waar leemtes in die bestaande navorsing is (Neuman 1997:88-89). Met die literatuurstudie word daar gepoog om van die leemtes in die bestaande navorsing ook aan te spreek (Neuman 1997:88-89). Die literatuurstudie verfyn die onderwerp wat bestudeer word en dit plaas die navorsing in verhouding met afgehandelde navorsing en navorsing wat tans onderneem word (Hagan 2005:28). So word verhoed dat navorsing wat reeds gedoen was, weer herhaal word, of dat navorsing gedoen word wat kan uitloop in ʼn doodloopstraat (volgens Hagan 2005:28).

Die doelstellings van literatuurstudies kan as volg uiteengesit word, naamlik:

- Die literatuurstudie toon die onderliggende aanames wat betrekking het op die navorsingsvraag (De Vos, et al 2004: 266).
- Literêre navorsing voorkom dat die navorser navorsing doen wat reeds nagevors was (De Vos, et al 2004: 128). Die litteratuurstudie kan ook toon dat die navorser

leemtes in vorige navorsing ontdek het en dat die navorsing sal help om die leemtes aantevul (De Vos, et al 2004: 267).

- ʼn Literatuurstudie demonstreer die navorser se kennis aangaande die navorsingsonderwerp en dat die navorser vertroud is met die intelektuele tradisies wat die navorsing omring en ondersteun (De Vos, et al 2004: 267). ʼn Goeie oorsig aangaande die onderwerp van die navorsing toon aan die leser die navorser se professionele bevoegdheid, vermoë en agtergrond (Newman 1997: 89).
- Die literatuurstudie definieer en herdefinieer die navorsingsvraag deur daardie vrae dieper te begrond in die groter empiriese tradisies (De Vos, et al 2004: 267).
- Die literatuurstudie toon die rigting van vorige navorsing en wys hoe die nuwe navorsing daarby inpas (Newman 1997: 89). Die literatuuroorsig lig die rigting uit van die navorsing betreffende ʼn sekere vraag en dit toon ook hoe die kennis ontwikkel het. ʼn Goeie oorsig plaas die navorsing in konteks met ʼn bestaande liggaam van kennis en dit demonstreer die relevantheid van die navorsing deur konneksies met die bestaande liggame van kennis te maak (Newman 1997: 89).
- Die literatuuroorsig integreer en som die bestaande liggaam van kennis op (Newman 1997: 89). Die literatuur oorsig trek bestaande resultate bymekaar en sintetiseer dit. Die literatuur oorsig toon verder waar bestaande teorieë met mekaar ooreenstem, waar dit verskil, en waar daar nog vrae bestaan. Dit toon aan watter kennis reeds versamel is en dit toon aan watter rigting daar in die toekoms gevolg moet word (Newman 1997: 89).
- Literatuuroorsig skep die geleentheid om van ander te leer en dit stimuleer nuwe idees (Newman 1997: 89). Die literatuurstudie verskaf inligting aangaande die bevindinge van ander persone sodat die navorser daaruit voordeel kan trek. Die literatuurstudie identifiseer ook doodloopstrate en dit verskaf hipoteses sodat ander dit kan naboots. Dit verskaf die prosedures, tegnieke en die navorsings ontwerpe wat van belang is sodat ander navorsers dit kan dupliseer en so kan hipoteses meer gefokus word en nuwe insigte bekom word (Newman 1997: 89).

Die literêre navorsingsterrein sal hoofsaaklik beperk word tot ʼn literatuurstudie rakende krisis-ingryping en traumaberading, asook die gebruik van forensiese kuns in die bemagtiging van getraumatiseerde slagoffers van ernstige geweldsmisdade. Die literatuurstudie sal gedoen word ten einde die navorser in te lig aangaande bestaande krisis-ingryping en beradingstegnieke en metodes asook watter rol forensiesekuns tans speel in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers

Die literatuurstudie in die navorsingproses kan beskou word as teoreties en integrerend van aard. Eerstens is dit teoreties van aard omrede dit ʼn oorsig sal gee van bestaande

teorieë wat gebruik word om misdaadslagoffers te ontlont en te beraad, en omrede dit aantoon watter rol kuns tans speel in die berading en behandeling van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Tweedens sal die literatuurstudie integrerend van aard wees omrede dit ondersoek sal instel na die kombinering van kuns met bestaande trauma beradingsteorieë en -tegnieke ten einde 'n teorie te ontwikkel wat gebruik maak van kuns in traumaberading en krisis-ingryping. Kortliks kan die literatuurstudie beskou word as 'n poging om bestaande krisis-ingryping en beradingsteorieë nader aan mekaar te trek en dit te kombineer met bestaande terapeutiese kunstegnieke en -metodes.

Verder sal die literatuurstudie ook gerig word deur te let op die gebruik van kuns in die strafregplegingstelsel en hoe dit gebruik kan word ten einde die slagoffers van misdaad se getuieniswaarde in die hof te verhoog. Die literatuurstudie sal verder gerig word deur die waarde van slagoffers se kuns in 'n kriminologiese en forensiese konteks te ondersoek. Daar sal ag geslaan word op die gebruik van kuns in die ondersoek van misdaad, asook watter rol kuns kan speel in die samestelling van slagofferimpakverklarings en voorvonnis-evaluasieverslae. Hier sal veral gelet word op die potensiële ondersoek en getuieniswaarde van die slagoffers en oortreders se kuns in die Suid-Afrikaanse justisiestelsel.

### *1.8.2 Kwalitatiewe navorsing*

Die navorsing sal op kwalitatiewe data steun as gevolg van die volgende redes: Wanneer 'n navorser gebruik maak van kwalitatiewe navorsing poog die navorser eerstens om eerstehandse inligting te versamel wat 'n holistiese verstaan van 'n sekere verskynsel verskaf (De Vos et al 2004:364). In die verband wil die navorser dieper insig verkry in die gebruik van forensiese kuns tydens krisis-ingryping en traumaberading ten einde misdaadslagoffers te bemagtig. Wat veral van belang is vir die navorser, is om insig te verkry aangaande die simboliese betekenis wat misdaadslagoffers se kuns vir die misdaadslagoffers inhou asook wat die forensiese waarde van die die inhoud van misdaadslagoffers se kuns mag wees. Die navorser beoog verder om te let op die nieverbale betekenisse en boodskappe wat misdaadslagoffers gebruik in hulle kuns en hoe hulle kuns aangewend kan word ten einde kommunikasieprobleme te oorbrug.

Dataversameling word verder gevorm deur die ondersoekproses. Met kwalitatiewe navorsing word daar gebruik gemaak van deelnemende waarneming, ongestruktureerde onderhoude, ensovoorts (De Vos et al 2004:364). Die navorser beplan om tydens die navorsing krisis-ingryping met sommige misdaadslagoffers op die misdaadtoneel te doen, direk na die voorval, soos die omstandighede dit toelaat, en soos

wat die behoeftes van die misdaadslagoffers op daardie stadium mag wees. Verder wil die navorser traumaberading doen met getraumatiseerde misdaadslagoffers onder meer beheerbare en veilige omstandighede. Gevolglik is die navorser van mening dat gevallestudies, deelnemende waarneming, en ongestruktureerde onderhoude die mees gepaste metodes sal wees om in die navorsing toe te pas ten einde die nodige inligting te bekom om die navorsingsvraag te beantwoord.

Kwalitatiewe analise is minder abstrak as statistiese analise en nader aan die rou data (Neuman 1997:420). Kwalitatiewe data-analise steun nie op die groot, gestabiliseerde liggaam van die kennis met behulp van wiskunde en statistiek nie. Kwalitatiewe data is in die vorm van woorde wat nie presies is nie; dit is uiteenlopend en kontekstueel-gebaseerd en verder kan dit ook meer as een betekenis hê (Neuman 1997:420). In die verband sal die fokus van die navorsing wees op die simboliese betekenisse wat misdaadslagoffers aan hulle kuns heg. Die simbole wat misdaadslagoffers gebruik kan moontlik meer as een betekenis hê, uitenlopend van aard wees en binne die konteks van die ervarings van die misdaadslagoffers wees. Die navorsing sal dus gerig wees op die kognitiewe ervarings, kommunikasie en simboliek van die misdaadslagoffers wat moeilik statisties en wiskundig meetbaar is. Gevolglik meen die navorser dat kwalitatiewe data-analise meer geskik sal wees vir die navorsing.

Die navorser gaan tydens die navorsing ondersoek instel na sosiale verskynsels wat nie weens etiese en praktiese redes eksperimenteel uitgevoer kan word nie. Die navorser beplan om krisis-ingryping en trauma-berading te doen met getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die ervarings wat die misdaadslagoffers deurgemaak het, sal nie ekspirimenteel nageboots kan word nie. In gevalle waar navorsing nie weens eties of prakties redes uitgevoer kan word nie, word daar aanbeveel dat 'n kwalitatiewe benadering gevolg moet word (de Vos et al 2004:80).

Kwalitatiewe navorsing word ook aanbeveel in gevalle waar die navorsing in diepte delf in die sosiale kompleksieteite en -prosesse, waar die relevante veranderlikes nog nie geidentifiseer is nie, of waar innoverende sisteme ondersoek word (de Vos et al 2004:80). Met die navorsing gaan die navorser ook ondersoek instel die gebruik van kuns in die ontlonting en berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Dit is 'n relatiewe innoverende en onbekende terrein en behels indiepte ondersoek na sekere sosiale prosesse ten einde te kan verstaan of kuns effektief gebruik kan word in die berading en ontlonting van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Gevolglik is die navorser van mening dat 'n kwalitatiewe benadering tydens die navorsing van kardinale belang sal wees ten einde die navorsing suksesvol te kan uitvoer.

#### *1.8.2.1 Steekproeftrekking*

Steekproewe is ʼn dataversamelings tegniek wat gebruik maak van persoonlike onderhoude en vraelyste (Henn et al 2006:126). Die steekproewe verskaf statistiese data aan die navorser aangaande ʼn sekere onderwerp of probleem of dit kan gebruik word om die geldigheid van ʼn teorie te toets (Henn et al 2006:126). Die navorser is van mening dat forensiese kuns effektief aangewend kan word tydens krisis-ingryping en traumaberading ten einde misdaadslagoffers te bemagtig en te ondersteun en dat steekproewe dus ʼn gepaste metode sal wees om die teorie te toets.

Steekproewe verskaf kwalitatiewe data vir beide beskrywende en ondersoekende studies en dit spreek ook die onderwerp van kousaliteit aan (Hagan 2005:111-112). In die verband sal die navorsing beskrywend van aard wees omrede dit ʼn basiese raamwerk sal verskaf van hoe forensiese kuns aangewend kan word ten einde misdaadslagoffers te ondersteun en te bemagtig. Die navorsing sal verder ook ondersoekend van aard wees omrede daar ondersoek ingestel sal word na die simboliese betekenis van misdaadslagoffers se kuns, die gebruik van misdaadslagoffers se kuns as ʼn kommunikasiemedium, en wat die potensieële forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns mag wees. Daar sal vervolgens ook ondersoek ingestel word na die simboliek van misdaadslagoffers se kuns ten einde te bepaal of daar ʼn kousale verband bestaan tussen die misdaadslagoffers se traumatiese ervarings en simboliese betekenisse wat hulle aan hulle kuns heg.

Verder word steekproewe gebruik om onderwerpe te verduidelik en te ondersoek (Neuman 1997:228). Steekproewe kan gebruik word om verskillende tipes data van ʼn persoon te verkry aangaande die persoon se gedrag, geloof, houdings en eienskappe (Henn et al 2006:126). In die verband gaan die navorser ondersoek instel na die emosionele en sosiale reaksies wat mense op misdaad het en hoe dit in hulle kuns gereflekteer word. Mense se houdings, gedrag, gesloofbeskouings en ander eienskappe sal dus van groot belang wees vir die navorsing.

Met steekproefnavorsing word respondente geselekteer waaruit inligting versamel word waarin die navorser belangstel (Henn et al 2006:128). Tydens die navorsing sal die navorser respondente selekteer wat die slagoffers was van ernstige geweldsmisdade omrede die navorser van mening is dat dié respondente die meeste inligting sal bevat vir die doeleindes van die navorsing.

Die navorser beplan om tydens die navorsing gebruik te maak van ŉ teoretiese en toevallige steekproef. ŉ Steekproef is ŉ prosedure wat gebruik word om ŉ sub-eenheid van die samelewing wat bestudeer word te selekteer, ten einde die algehele populasie te kan analiseer (Hagan 2005:133). Die navorsing sal dan ook gerig wees op die subeenheid van die algehele populasie, naamlik getraumatiseerde misdaadslagoffers.
ŉ Teoretiese steekproef fokus op konsepte wat betrekking het op die navorsing en wat toeganklik is vir die ondersoek van sekere sosiale prosesse deur die navorser (Henn et al 2006:157). Teoretiese steekproewe lei die navorser tot die selektering van respondente wat betrokke is by die verskynsel wat die navorser wil bestudeer (Henn et al 2006:157). In die verband wil die navorser ondersoek instel na mense se reaksies op geweldsmisdaad en die gebruik van kuns tydens berading en krisis-ingryping met volwasse misdaadslagoffers. Gevolglik sal die respondente vir die teoretiese steekproef hoofsaaklik bestaan uit volwasse slagoffers van geweldsmisdade.

Ten einde respondente vir die steekproewe te bekom, sal die uitnodiging in "aanhangsel A" aan die slagoffers van misdaad gegee word. Die navorser, as ŉ lid van die SAPD, werk gereeld met die slagoffers van misdaad in die uitvoering van sy pligte as ŉ polisiebeampte. Gevolglik beplan hy om tydens sy pligte met die misdaadslagoffers op die misdaadtonele te werk, deur met hulle krisis-ingryping en trauma berading te doen (soos wat omstandighede dit toelaat). Weens verskeie faktore soos tyd, kostes, werkslading van die navorser, emosionele, of mediese toetsande van die slagoffers, ensovoorts, sal die navorser egter nie met al die misdaadslagoffers waarmee hy in aanraking kom navorsing kan doen nie.

Verder beplan die navorser om die navorsing te doen soos wat die navorser uitgeroep word na verskillende misdaadtonele toe. Gevolglik sal die respondente vir die navorsing dan ook bestaan uit persone wat op ŉ toevallige grondslag met die navorser in aanraking kom. Die feit dat die respondente op ŉ toevallige grondslag betrek word in die navorsing lei dan ook daartoe dat die navorser gebruik sal maak van ŉ toevallige steekproef binne die teoretiese steekproef. ŉ Toevallige steekproef behels respondente wat op ŉ toevallige wyse met die navorser in aanraking kom en wat iets te doen het met die verskynsel wat die navorser ondersoek (Strydom en Venter 2004:207).

Dit moet ingedagte gehou word dat baie van die misdaadslagoffers in plattelandse gebiede woon waar min of geen eksterne ondersteuningssisteme bestaan nie. Dit lei daartoe dat die navorser in sommige gevalle slegs ŉ eenmalige kans op die misdaadtoneel sal hê om met die misdaadslagoffers te werk en navorsing te doen.

Die navorsing sal ook gedoen word soos wat die navorser in aanraking kom met getraumatiseerde misdaadslagoffers tydens sy normale werksaamhede, of hy die geleentheid het om met die misdaadslagoffers te werk, of soos wat dit gerieflik is vir die slagoffers en die navorser. Gevolglik sal die navorsing dus ook voldoen aan die verseistes van gerieflikheidssteekproewe.

Die steekproef sal egter ook 'n doelgerigte steekproef wees omrede die navorser beplan om respondente te beperk tot volwasse persone wat die slagoffers van geweldsmisdade was. 'n Doelgerigte steekproef word dan ook volkome gebasseer op die oordeel van die navorser omrede die steekproef saamgestel word uit respondente wat die meeste karaktertrekke, verteenwoordiging, en tipiese eienskappe van 'n gedeelte van die populasie bevat wat benodig word vir die doeleindes van die navorsing (Strydom en Venter in de Vos et al 2004:207).

Die navorser sal gebruik maak van geselekteerde gevallestudies wat verkry sal word deur die steekproewe (soos reeds bespreek). Gevallestudies behels die indiepte bestudering van 'n paar illustreerde gevalle (Hagan 2005:27). Gevallestudies ondersoek die agtergrond, huidige status, en die verhoudings of interaksies van die onderwerp wat bestudeer word (Dantzker et al 2000:110). Die navorsing kan ook dikwels oor 'n lang tydsverloop gedoen word en behels die versameling van 'n groot hoeveelheid data van klein hoeveelheid informante (Henn et al 2006:156). Die tipe navorsing kan gebruik word om teorieë te toets of om hipotesisse te genereer vir toekomstige navorsing (Hagan 2005:28).

Die steekproef sal respondente van beide geslagte, verskillende etniese groepe, gelowe, politieke-, en ekonomiese klasse insluit. Weens die diversiteit van die studie, sal die ouderdom van die respondente beperk word tot respondente ouer as 18 jaar. Verder sal die steekproef ook beperk word tot 'n maksimum van ongeveer 10 respondente ten einde die data in diepte te kan ontleed.

#### *1.8.2.2 Onderhoudvoering*

Die navorser beplan om aangesig tot aangesig onderhoude te voer met respondente tydens die navorsing omrede dit die volgende voordele inhou, naamlik:

- Dit verskaf persoonlike kontak tussen die navorser en respondente wat 'n verhoogde respons op die navorsing kan aanhelp (Hagan 2005:174). Misdaadslagoffers kan moontlik emosioneel vasgevang wees in die misdaadgebeure

en die navorser is van mening dat persoonlike kontak van die uiterste belang sal wees op positiewe response by respondente vir die navorsing te ontlok.

- Dit verskaf die navorser die geleentheid om rapport met die respondente te bewerkstellig en om vertroue en samewerking te stimuleer, veral ten opsigte van sensitiewe aangeleenthede (Rosnow & Rosenthal 1996:112). Die navorsing sal gerig wees op die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers en gevolglik sal die navorser goeie rapport met die respondente moet bewerkstellig ten einde die respondente se vertroue en samewerking te bewerkstellig.
- Dit verskaf die geleentheid om die respondente te help met die interpretasie van vrae (Rosnow & Rosenthal 1996:112; Hagan 2005:174). Die navorser beplan om tydens die navorsing gebruik te maak van 'n onderhoudskedule en aangesig-tot-aangesig gesprekvoering tydens die onderhoude; dit sal die navorser in staat stel om enige onduidelikhede ten opsigte van vrae in die onderhoudskedule op te klaar.
- Dit verskaf aan die navorser buigsaamheid met die bewoording van vrae en die volgorde van vrae, en sodoende verkry die navorser ook meer beheer oor die situasie (Rosnow & Rosenthal 1996:112). Misdaadslagoffers kan moontlik emosioneel en psigologiese baie onstabiel wees na 'n misdaadvoorval en gevolglik sal die navorser tydens die navorsing sommige van die vrae baie taktvol en met sensiwiteit moet kommunikeer. Dit sal ook noodsaaklik wees dat die navorser in beheer is van die situasie tydens die onderhoude omrede misdaadslagoffers emosioneel en psigologies onstabiel mag wees.
- Die navorser word verder die geleentheid gebied om op te tree as 'n waarnemer wat die respondente in hul omgewing kan dophou (Hagan 2005:174). Die navorser beplan om tydens die navorsing krisis-ingryping op misdaadtonele met misdaadslagoffers te doen gevolglik sal dit noodsaaklik wees vir die doeleindes van die navorsing dat die navorser respondente se reaksies voor en na die sessies waarneem. Dieselfde geld ook ten opsigte van die gebruik van kuns tydens die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Volgens Hagan (2005:175) hou onderhoude egter die volgende nadele in:

- Onderhoude kan baie tydrowend wees.
- Sydigheid deur die onderhoudvoerder kan verwronge resultate lewer.
- Die onderhoudvoerder kan foute maak met die stel van vrae en die opname van inligting.
- Onderhoude kan problematies wees wanneer respondente feitlike data moet opsoek omrede dit ongerieflik vir respondente kan wees.

#### *1.8.2.3 Onderhoudskedule*

Die navorser gaan in die navorsing tydens onderhoudvoering gebruik maak van 'n onderhoudskedule. Die onderhoudskedule moet voorlopige toetsing ondergaan (Rosnow en Rosenthal 1996:112) . Die doel hiervan is om eerstens die rigting van die navorsing te stel, tweedens om die strategie vir die steekproef trekking uiteen te sit, derdens om struktuur te verskaf aan die onderhoudskedule, en vierdens, om alles te toets en die nodige aanpassings te maak (Rosnow en Rosenthal 1996:112).

Demografiese inligting van die respondente sal bekom word deur gebruik te maak van die onderhouskedule. Die onderhouskedule sal tydens die navorsing gebruik word om basiese agtergrondinligting van respondente te versamel asook om inligting te versamel aangaande die misdaadslagoffers se misdaadervaring en die kunswerke wat hulle geskep het as gevolg van misdaad. Die onderhouskedule sal verder gebruik word om 'n basiese struktuur te verskaf tydens die voering van die onderhoude, asook om rigting te verskaf vir gespreksvoering tydens die onderhoude. Die navorser sal die onderhouskedule hoofsaaklik gebruik om tydens onderhoudsvoering die gesprek op die navorsingsonderwerp gefokus te hou.

Onderhouskedules kan oop vrae insluit (Henn et al 2006:137-138). Met oop vrae stel die navorser 'n vraag en laat dan 'n oop spasie vir die respondent se antwoord. Oop vrae forseer nie 'n respondent om 'n sekere antwoord te kies nie en dit laat die respondente meer vryheid van uitdrukking toe. Oop vrae help ook om meer kwalitatiewe data te genereer (Henn et al 2006:137-138). Oop vrae sal gebruik word in die onderhouskedules om die inligting te versamel aangaande respondente, as slagoffers, se ervarings, emosies en reaksies op misdaad.

Oop vrae hou die volgende voordele vir die navorsing in nl:

- Dit laat meer vryhied van uitdrukking toe (Henn et al 2006:138).
- Dit laat 'n onbeperkte aantal antwoorde op 'n vraag toe (Newman 1997:241).
- Respondente kan gedetailleerde antwoorde gee (Dantzker 2000:126).
- Respondente kan kan hulle antwoorde kwalifiseer en verduidelik (Newman 1997:241).
- Waar veranderlikes relatief onbekend is laat oop vrae die navorser toe om onbekende veranderlikes beter te ondersoek (Delport in de Vos et al 2004:179).
- Onverwagse bevindinge kan ontdek word (Newman 1997:241).
- Dit laat voldoende antwoorde op komplekse vrae toe (Newman 1997:241).
- Dit laat kreatiwiteit, selfuitdrukking en ryk detail toe (Newman 1997:241).

- Dit ontbloot die respondent se logika, dink prosesse en verwysingsraamwerk (Newman 1997:241).

Misdaadslagoffers ervaar 'n wye verskeidenheid van ervarings en emosies wanneer hulle geviktimiseer word. Verder word die slagoffers ook blootgestel aan 'n wye verskeidenheid van misdade. Misdaadslagoffers reageer ook baie uiteenlopend op misdaad en gevolglik behoort die misdaadslagoffers se antwoorde op vrae wat aan hulle gestel word ook baie uiteenlopend van aard te wees. Volgens die navorser behoort oop vrae dus die mees geskikte dataversamelingstegniek te wees vir die doeleindes van hierdie navorsingsprojek.

Oop vrae hou egter die volgende nadele in nl:

- Verskillende respondente verskaf verskillende grade van detail in hul antwoorde (Newman 1997:241).
- Antwoorde kan ontoepaslik wees of begrawe word onder 'n onbruikbare hoeveelheid detail (Newman 1997:241).
- Ingeligte en hoogs opgevoede respondente het 'n voordeel (Newman 1997:241).
- Vrae mag te algemeen wees vir respondente wat rigting verloor (Newman 1997:241).
- Antwoorde kan lank en kompleks wees en respondente se handskrif kan moeilik leesbaar wees (Henn et al 2006:138).
- 'n Groter hoeveelheid tyd, denke en moeite word benodig om die data van 'n groot hoeveelhied oop vrae te prosesseer en te kodeer (Delport in de Vos et al 2004:179).
- Groot hoeveelhede oop vrae is duurder om te verwerk en die kanse vir foute is groter (Delport 2004:179).
- Respondente kan ge-intimideer word deur die vrae (Newman 1997:241).
- Antwoorde neem baie spasie en tyd op en respondente kan in die versoeking kom om vrae onvolledig te beantwoord en dit kan die waarde van die data in die vraelys verminder (Delport 2004:179).

Aangesien die navorser beplan om 'n klein hoeveelheid respondente te betrek in die navorsing, sal die navorser voor die navorsing die onderhoudskedule toets ten einde tekortkominge en gebreke te identifiseer en te korregeer. Aangesien die navorsing slegs gebruik sal maak van ‘n klein hoeveelheid respondente, sal die onderhoudskedule aangepas word soos die navorsing vorder met in ag neming van bo-genoemde nadele ten opsigte van oop vrae. Aanhangsel B bevat die gewysigde slagoffer-onderhoudskedule wat aan die respondente verskaf sal word ten einde die nodige agtergrond inligting te bekom vir die navorsing.

## 1.9 DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

'n Fundamentele idee aangaande enige navorsing is dat data-analise nie gesien moet word as 'n afsonderlike stap tydens die navorsingsproses nie (Henn et al 2006:185). Die navorsing sal hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik) berus op kwalitatiewe data wat afkomstig sal wees van die respondente se ervarings wat hulle uitdruk in woorde, frases, sketse en aksies tydens onderhoude.

Kwalitatiewe navorsing maak staat op die aanbieding van soliede beskrywende data sodat die navorser die leser kan lei om die betekenis van die ervaring of verskynsel wat bestudeer was, kan verstaan (de Vos et al 2004:339). Buigbaarheid en openheid is essensieel in kwalitatiewe data-analise (Noaks & Wincup 2004:122). 'n Groot hoeveelheid ryk en gedetaileerde data kan deur kwalitatiewe tegnieke versamel word. Om die rede sal die navorser tydens die navorsing gebruik maak van oop vrae en onderhoudvoering om die nodige inligting te versamel. Geslote vrae mag moontlik te beperkend van aard wees. Die inligting sluit onder andere algemene inligting in soos die datum, tyd, plek en tipe misdaad, demografiese inligting van slagoffers, slagoffers se narratief en subjektiewe ervaring van die misdaad, en die fisiese, emosionele en psigologiese skade wat die slagoffers gely het as gevolg van die misdaad.

Die uitdaging vir die navorser is om sin te maak uit die data en om dit te analiseer vir saaklike inligting (Noaks & Wincup 2004:122). Aangesien die navorsing ondersoek instel na die gebruik van forensiese kuns in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers, sal die navorser dus misdaadslagoffers se kuns moet analiseer ten einde sin te maak van die kunswerke en om onderlinge skakels te identifiseer wat moontlik kenmerkend van misdaadslagoffers se kuns mag wees.

Vir kwalitatiewe navorsers word die tematiese aspekte wat van belang is ontbloot soos wat die navorsing vorder en die analise van belangrike aspekte ontwikkel soos wat die data versamel word (Noaks & Wincup 2004:122). Kwalitatiewe data-analise is die soeke na algemene stellings aangaande die verhoudings wat bestaan tussen verskillende kategorieë data (de Vos et al 2004:340). Tydens hierdie navorsing sal sommige van die onderhoude op misdaadtonele kort na die voorval in onbeheerde omstandighede plaasvind, terwyl ander onderhoude tydens beradingsessies onder beheerde omstandighede gehou sal word. Omrede die navorsing in sommige gevalle in 'n natuurlike opset onder onbeheerde omstandighede sal geskied, kan dit die versameling

en analisering van die navorsingsdata bemoeilik. Die navorser gaan tydens sy normale verpligtinge as 'n polisiebeampte sommige van die navorsing doen en data versamel.

Aangesien kuns 'n belangrike rol sal speel in die studie, sal die analisering van sekere faktore in die studie gekompliseerd en moeilik wees. Dit is byvoorbeeld makliker om mense se reaksies op skokkende gebeure verbaal te meet op 'n vraelys waar die respondente moet kies uit 'n aantal vooropgestelde antwoorde. Met kuns word die mens oopgestel aan oneindig baie interpretasies en vrae aangaande 'n kunswerk. Daar bestaan nie vooropgestelde vraelyste wat die kunstenaar moet invul nie en die navorser sal hom moet laat lei deur die kunstenaar en die kunswerke ten einde die nodige inligting te bekom.

Alhoewel sekere professionele afleidings en interpretasies vanaf die kunswerke gemaak kan word, sal dit ook van kardinale belang wees om uit te vind wat die respondente se betekenisse is wat hulle heg aan die kunswerke omrede dit 'n dieper betekenis bevat aangaande die respondente se eie ervarings van hulle wêrelde en sienings. Byvoorbeeld, 'n natuurliefhebber kan byvoorbeeld water simbolies sien as iets wat lewe verskaf en onderhou, terwyl 'n persoon wat amper verdrink het in 'n vloedramp kan water weer sien as iets wat dood en verwoesting saai, of 'n verkragtingsslagoffer kan water weer sien as iets wat reinig en skoonwas. Die subjektiewe ervaringswêreld van misdaadslagoffers sal dus 'n kardinale rol speel in die analisering van misdaadslagoffers se kunswerke. Tydens die navorsing sal die slagoffers se interpretasie van hulle kunswerke van kardinale belang wees omrede die slagoffer-kunstenaars 'n dieper insig kan hê aangaande hulle kunswerke as die navorser. Die betekenis wat die slagoffer-kunstenaar heg aan 'n kunswerk, kan ook radikaal verskil van die betekenis wat die navorser aan die kunswerk heg.

Neuman (1997:418) wys daarop dat kwalitatiewe data analise nooit gebruik maak van statistiese analise nie. Die meeste navorsers maak gebruik van historiese vergelykende navorsing waar daar gelet word op ooreenstemmende en nie-ooreenstemmende data ten opsigte van soortgelyke studies ten einde die geldigheid van die navorsing te toets (Neuman 1997:418). Die navorser sal dan ook tydens die navorsing op 'n ooreenstemmende wyse ondersoek instel na soortgelyke navorsing ten einde te toets of die data wat versamel was tydens die navorsing ooreenstem of verskil van vorige soortgelyke studies.

Die finale stadium in die analitiese proses is die interpretasie van die data (Noaks & Wincup 2004:134 en 135). Tydens die stadium ondersoek die navorser die data vir

onderliggende betekenisse en kennis. In die stadium kan die navorser ook terugkeer na die respondente ten einde die interpretasie van die data met hulle te deel of te kontroleer (Noaks & Wincup 2004:134 en 135). Die navorser beplan om tydens die datainterpretasiestadium ondersoek in te stel na hoe effektief die interpretasie van die forensiese kuns was in die bemagtiging van die getraumatiseerde misdaadslagoffers.

## 1.10 ETIESE ASPEKTE

Navorsingsetiek vewys in die sosiale wetenskappe na die etiese beginsels en reëls wat die verhouding tussen die navorser en die respondente in die navorsing bepaal (Hopf 2000: 334). Strydom (in de Vos et al 2004: 63) definieer etiek as 'n stel morele beginsels wat voorgestel word deur 'n individu of groep wat reëls en gedragverwagtinge daarstel met betrekking tot die korrekte optrede van deelnemers aan navorsing, en die algemeen aanvaarde norme in soortgelyke situasies. Etiese oorwegings plaas die respondente as die kern van die navorsing, veral wanneer daar oorweeg moet word wat aanvaarbare en toepaslike gedrag is (Henn et al 2006:68). Die belange van die respondente word dus bo die belange van die navorsing geplaas ten einde die die respondente te beskerm.

Die moontlike gevolge van die navorsing op die respondente moet versigtig oorweeg word (Strydom in de Vos et al 2004:74). Deelnemers moet beskerm word teen onverlangde fisiese of psigiese ongemak, gevaar, skade of deprevasie (Strydom in de Vos et al 2004:74). Omrede die navorsing sal plaasvind in die veld waar die misdaadgebeure reeds plaasgevind het en misdaadslagoffers reeds ernstig getraumatiseerd mag wees, is dit van kardinale belang dat die navorser alles in sy vermoë sal doen om die misdaadslagoffers teen verdere trauma of viktimisering tydens die navorsing te beskerm. Gevolglik sal die navorser gebruikmaak van hoë etiese standaarde tydens die navorsing.

Dit moet aan die misdaadslagoffers bevestig word dat die respondente se deelneming aan die navorsing vrywillig is, sonder enige geïmpliseerde deprivasie of straf vir versuiminging van deelname, met die inagneming van die respondente se privaatheid en waardigheid (Strydom in de Vos et al 2004:74). Ten einde respondente te beskerm, sal die navorser die respondente inlig aangaande die doel van die navorsing en slegs van respondente gebruikmaak wat 'n uitnodiging aanvaar het om aan die navorsing deel te neem. Navorsingsetiek vereis dat respondente ingelig word aangaande die doelstellinsg van die navorsing (Hopf 2000: 35).

Verder sal die privaatheid van die respondente ook voorkeur geniet. Navorsingsetiek vereis dat die privaatheid van individue wat deelneem aan die navorsing, beskerm sal word (Hopf 2000: 335). Bespreking van gevalle moet slegs gedoen word vir professionele doeleindes met persone wat direk of professioneel betrokke is by die navorsing (Strydom in de Vos et al 2004:74). Alle inligting wat verkry word van respondente moet konfidensieël hanteer word (Strydom in de Vos et al 2004:74).

Die navorser gaan tydens die navorsing gebruik maak van werklike slagoffers van geweldsmisdaad, gevolglik kan die navorsing nie as gevolg van etiese redes eksperimenteel uitgevoer word nie. Dit moet ingedagte gehou word dat misdaadslagoffers tydens misdaadvoorvalle ernstige fisiese, emosionele en psigologiese letsels kan opdoen wat as gevolg van logiese en etiese redes nie eksperimenteel nageboots sal kan word nie. Die navorser staan egter verder onder die etiese verpligingting om respondente teen verdere benadeling te beskerm (Hopf 2000: 337).

Die vertelling van die trauma narratief of verhaal, is een van die belangrikste komponente van trauma-intervensie (Malchiodi 2003:141). Die vertelling van die trauma narratief, sowel as die bespreking en interpretasie van die kunswerke deur die slagoffers, sal die navorser die geleentheid bied om enige wanpersepsies of trauma aan te spreek wat die respondente kan hê aangaande die misdaadvoorval, die slagoffer self, die slagoffer se familie of vriende, die oortreder, of die slagoffer se lewenswêreld. Die gedeelte van die navorsing sal deel vorm van kognitiewe herstrukturering waartydens ontoepaslike emosies en gedrag wat veroorsaak was deur trauma-gedrewe gedagtes, aangespreek en herstel sal word. Malchiodi (2003:141) sien kognitiewe herstrukturering as die laaste stap in trauma-intervensie. Om respondente te beskerm teen verder emosionele- of psigologiese skade, sal die navorser op hierdie stadium sekere respondente verwys na ander professionele persone, insluitende sielkundiges, maatskaplike werkers, geestelike leiers, ensovoorts vir verdere professionele behandeling indien dit nodig mag wees.

Volgens Strydom (in de Vos et al 2004:74) behels etiese riglyne vir sosiale navorsing laastens dat die navorser slegs krediet neem vir werk wat hy of sy self gedoen het en wat direkte gekonnekteer word met die skolastiese en navorsings doelstellings. Erkenning moet gegee word vir die bydraes van ander (Strydom in de Vos et al 2004:74).

Die navorser het ten einde homself voor te berei vir die navorsing, afgesien van sy primêre tersiêre opleiding, ook die volgende verdere opleiding ondergaan om spesifiek berading en ontlonting te kan doen met slagoffers:

- Christelike Sertifikaatkursus in pastorale terapie, AMEN akademie, 2005.
- Gevorderde berading vir die hantering van okkultslagoffers, Horn Training, 2006.
- Selfmoordvoorkoming werkswinkel, Suid-Afrikaanse Polisiediens, 2006.
- Rouberadingsvaardighede, Doves, 2007.

## 1.11 VOORUITBESKOUING

In die hoofstukke wat volg sal daar gelet word op die wyse hoe kuns saam met bestaande tegnieke en metodes van berading en krisis-ingryping gebruik kan word in die bemagtiging van die slagoffers van geweldsmisdade. Die organisering van die hoofstukke in die studie sal verder as volg ingedeel word:

Hoofstuk 2 sal handel oor die teoretiese perspektiewe wat die grondslag van die navorsing vorm. Daar sal ook gelet word op hoe kuns gebruik kan word saam met bestaande tegnieke en metodes in die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Hierna sal daar ondersoek ingestel word na die verskillende tipes slagoffers wat 'n rol speel in misdaad. Dit sal dan opgevolg word met 'n bespreking van die simptome wat gepaard gaan met trauma.

Hoofstuk 3 sal handel oor die aard van kuns in die hantering van volwasse slagoffers van geweldsmisdaad. Dit sal opgevolg word deur die neurologiese uitwerking van kuns op die brein, asook wat die neurologiese funksie is van kuns in die hantering van traumatiese gebeure. Verder, 'n indiepte literatuurstudie sal gedoen word oor die terapeutiese waarde van kuns vir getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Hoofstuk 4 sal handel oor die ontlonting van getraumatiseerde misdaadslagoffers en die aanwending van kuns in die proses van trauma ontlonting. Hier sal ook ondersoek ingstel word na die waarde van die kuns, wat slagoffers skep direk as gevolg van die misdaad, vir ondersoekbeamptes en ander belanghebbende partye.

In hoofstuk 5 sal geselekteerde gevallestudies bespreek word waar kuns aangewend was in die ontlonting en berading van misdaadslagoffers. Die gevallestudies sal dan ook geanaliseer word ten einde sekere afleidings en gevolgtrekkings te kan maak.

In hoofstuk 6 sal die data geïnterpreteer word. Sekere bevindinge, aanbevelings en afleidings aangaande die gebruik van kuns in die hantering van volwasse misdaadslagoffers sal hier bespreek word. Verder sal daar ondersoek ingestel word na die waarde van slagoffers se kuns in 'n kriminologiese konteks. Hier sal daar veral gelet word op die forensiese waarde van slagoffers se kuns in die strafregstelsel.

### 1.12 SAMEVATTING

In die hoofstuk was daar verduidelik wat die rasionaal vir die navorsing is en dit was ondersteun deur sekere misdaadstatistieke en -tendense. Daar was ondersoek ingestel na die voorkoms van sekere geweldsmisdade in Suid-Afrika en hoe dit vergelyk met sekere internasionale studies. Sekere sleutelterme was verduidelik ten einde duidelikheid te verkry aangaande die betekenis van die terme vir die doeleindes van die navorsing.

Die aandag was vervolgens gevestig op die lot van die slagoffers van geweldsmisdaad wat intervensies benodig ten einde die trauma van die geweldsmisdade te oorkom. Hier het die navorser daarop gewys dat deurlopende navorsing benodig word om nuwe tegnieke en metodes te ontwikkel vir krisis-ingryping en die berading van misdaadslagoffers.

Verder was die navorsingsdoelwitte en die wetenskaplike benadering vir die navorsing uiteengesit. Die navorser het daarop gewys dat die navorsing spesifiek gerig sal wees op die gebruik van kuns in die berading en hantering van slagoffers van geweldsmisdaad met die doel om te bepaal wat die bydra is wat slagoffers se kuns kan lewer in 'n kriminogeniese-, strafregtelike- en slagofferbemagtigingskontekste.

Daar was ook gelet op die navorsingsmetodiek wat gevolg gaan word en hoe die data geontleed en geïnterpreteer sal word deur gebruik te maak van wetenskaplike metodes en -tegnieke. Laastens was daar ook gelet op sekere etiese aspekte wat van belang mag wees vir die navorsing ten einde te verhoed dat slagoffers verder benadeel word deur die navorsing.

Vervolgens sal daar nou, in hoofstuk twee, sekere teoretiese perspektiewe bespreek word wat van belang is vir die navorsing en waarop die navorsing gebaseer sal word.

# Hoofstuk 2: TEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN TRAUMATIESE MISDAADGEBEURE

## 2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk was gestel dat die navorsingsprobleem noodsaaklik is, naamlik dat slagofferbemagting deur middel van trauma-berading en krisis-intervensie noodsaaklik is, maar ook dat die ontwikkeling van nuwe innoverende tegnieke noodsaaklik is wat saam met bestaande krisis-intervensie en trauma beradingstegnieke en-metodes aangewend kan word. Die navorsingsdoelwit was uiteengesit as die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffer deur die aanwending van forensiese kuns, as nuwe metode. Daar was ook gestel dat 'n kwalitatiewe navorsingsmetode geskik is en dat daar gebruik gemaak sal word van gevallestudies en deelnemende waarneming.

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n teoretiese basis te skep vir die navorsing deur ondersoek in te stel na geesteswetenskaplike teoretiese perspektiewe in 'n kriminologiese konteks wat belangrik is vir die verklaring van menslike gedrag na 'n traumatiese misdaadgebeurtenis en wat van toepassing is vir die doeleindes van die navorsing.

Ten einde 'n dieper insig te verkry aangaande die mens se biologiese, psigologiese, emosionele en kognitiewe reaksies op traumatiese misdaadgebeure, sal daar eerstens ondersoek ingestel word na die oorsake van trauma en die verskillende biologiese en psigologiese simptome wat kan onstaan as gevolg van trauma.

Die hoofstuk sal verder by die doelstellings van die navorsing aansluit deur te let op sekere geesteswetenskaplike teoretiese perspektiewe wat van belang in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Bestaande teoretiese perspektiewe wat van belang is vir krisis-ingryping en die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers sal toegepas word op hoe kuns as 'n hulpmiddel saam met van die teoretiese perspektiewe gebruik kan word in die bemagtiging van die getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die teoretiese perspektiewe sal verder ook aangewend word ten einde te verduidelik hoe misdaadslagoffers se kuns gesien kan word as 'n nie-verbale kommunikasiemedium.

Die bio-psigofiosiologiese samestelling van die mens, en die konteks waarin menslike handelinge en gedrag plaasvind, speel volgens die navorser 'n rol in hoe misdaadslagoffers misdaadgebeure ervaar, daarop reageer, en uiteindelik sin daaruit maak. Gevolglik sal die navorser die rol van die bio-

psigofisiologiese samestelling van die mens, en die konteks waarin menslike handelinge en gedrag plaasvind, in hierdie hoofstuk bespreek.

Die navorsings sal verder gebasseer word op die grondbeginsels van die psigoanalise, simboliese interaksionisme, en die fenomenologie, ten einde ’n dieper insig te verkry van hoe misdaadslagoffers misdaad ervaar en sin maak van die misdaadgebeure. Die rol van die bewuste, onbewuste, archetipe simbole, vrye-assosiasie, en simboliese kommunikasie is van die onderwerpe wat van belang is vir die navorsing en sal vervolgens in die afdeling verder bespreek word. Daar sal ook kortliks gelet word op ander teoretiese perspektiewe wat van belang kan wees vir die navorsing.

Laastens sal die krisisreaksie en herstelsiklus, wat misdaadslagoffers deurgaan na ’n misdadige voorval, bespreek word ten einde die herstelfases waardeur misdaadslagoffers gaan te verstaan in konteks van hulle kuns.

## 2.2 DIE OORSAKE VAN KRISISTOESTANDE EN TRAUMA

’n Verskeidenheid gebeure kan daartoe lei dat ’n krisistoestand ontstaan, soos die verlies van geliefdes aan die dood, ernstige siektes, geweld, oorlog, misdade soos verkragting, roof, huisbrake, motorvoertuig-botsings, asook ander traumatiese voorvalle wat deur die verloop van die lewe gebeur (Doerner en Lab 2002:126; Retief 2004:14).

In ’n kriminologiese konteks word ’n krisis of trauma, volgens die navorser, hoofsaaklik veroorsaak deur ernstige misdadige gebeure soos moord, verkragting, gewapende rowe, huisbrake, motorvoertuigbotsing, mishandeling, verwaarlosing, ensovoorts. Feitlik enige misdaad kan volgens die navorser aanleiding gee tot die traumatisering van slagoffers. So kan selfs ’n geringe verkeersoortreding vir ’n wetsgehoorsame burger ’n traumatiese ervaring wees. In dié geval kan daar gedink word aan ’n motoris wat afgetrek word deur ’n verkeersbeampte omrede die motoris te vinnig gery het; dit kan gevoelens van angs en vrees by die motoris aanhits en sodoende die motoris traumatiseer, maar dit is nie ’n krisis nie.

’n Krisis onstaan hoofsaaklik wanneer ’n situasie ’n ernstige gevaar inhou vir die individu (Doerner en Lab 2002:126). Die gevaar is so groot dat die persoon, wat in die middelpunt van die gevaar is, geweldige probleme ondervind om die omstandighede, waarin sy of haar bevind, te hanteer. Die wanbalans, of gebrek aan ekwilibrium, ontstaan as gevolg van die persoon se onvermoeë om die probleem op te los, of die onvermoeë om die middele (wat tot die persoon se beskikking is om die probleem op te los) te gebruik. Dit veroorsaak dat die persoon nie daartoe instaat is om sy probleme

op te los nie en dus kan die persoon nie bo sy situasie uitstyg nie. (Doerner en Lab 2002:126). Wanneer 'n persoon dus die slagoffer van 'n ernstige geweldsmisdaad is en nie daartoe instaat is om die misdaadsituasie te hanteer met die middele wat tot sy of haar beskikking is nie, dan kan die misdaadslagoffer 'n krisistoestand ervaar.

### *2.2.1 Die graad van ernstigheid en die duur van die krisis*

Die graad van ernstigheid en die duur van die krisis hang volgens Doerner en Lab (2002:127) hoofsaaklik van drie toestande af, naamlik:

i) Die graad van bedreiging vir die persoon self. Soos reeds aangedui, staar misdaadslagoffers dikwels dodelike gevaar in die gesig en ervaar hulle dus 'n hoë graad van bedreiging.

ii) Die persoon se vermoë om op daardie spesifieke oomblik die spesifieke probleem te hanteer. Misdaadslagoffers is dikwels aan die genade van misdadigers oorgelaat terwyl die misdadiger in beheer van die misdaadsituasie is. Die misdaadslagoffers beskik dikwels nie oor die vermoë om bo hulle omstandighede uit te styg nie as gevolg van verskeie faktore soos 'n gebrek aan kennis, opleiding, gesondheid, finansies, ensovoorts.

iii) Die tipe intervensie, hulp of behandeling wat die persoon ontvang, onmiddelik na die voorval. In die verband was daar reeds aangedui dat daar dikwels min of geen ondersteuning vir misdaadslagoffers is nie met die gevolg dat dit die krisistoestand kan vererger. Hieruit kan afgelei word dat krisis-intervensie noodsaaklik kan wees in die bemagtigingsproses van misdaadslagoffers.

### *2.2.2 Tipes krisisse*

Tydens krisis-ingryping is dit, volgens die navorser, van belang dat die krisisingryper die krisissituasie korrek assesseer en hanteer. Collins (2005: 62-63) wys daarop dat drie verskillende tipes krisisse geïdentifiseer kan word, naamlik: toevallige- of omstandigheidskrisisse, ontwikkelingskrisisse, en eksistensiële krisisse.

i. *Toevallige- of omstandigheidskrisisse* ontstaan wanneer daar 'n skielike bedreiging, intense ontwrigtende gebeure, of onverwagse verlies is (Collins 2005: 62). Dit sluit verskeie gebeure in, soos die dood van 'n geliefde, skielike ernstige siekte, verkragting, moord, of enige ander vorm van misdaad. Dit sluit sosiale ontwrigting in, soos oorlog, ekonomiese depressie, natuurrampe, skielike verlies van werk of geld, asook die verlies van 'n persoon se respek of status (Collins 2005: 62). Uit bogenoemde kan daar dus afgelei word dat veral geweldsmisdade beskou kan word as toevallige- of omstandigheidskrisisse.

ii. *Ontwikkelingskrisisse* ontstaan in die normale verloop van menslike ontwikkeling (Collins 2005: 63). Dit behels die normale verandering van 'n persoon se omstandighede, soos skool

toe gaan, die aanvaarding van die getroude lewe, ouerskap, siekte toestande, aftrede, en die dood van geliefdes en vriende. Al die veranderinge in ’n persoon se lewensloop, kan krisisse veroorsaak wat die persoon dwing om nuwe benaderings te vind om sy of haar probleme op te los. Ontwikkelingskrisisse verwys dus na keerpunte in die mens se lewensduur wat ’n verandering in die mens se lewenswyse veroorsaak; dit verg wyse besluitnemings wat gewoonlik lei tot toenemende persoonlike en geestelike groei in die mens (Collins 2005: 63). Die navorser is van mening dat misdaadervarings ook ’n bydrae kan lewer tot ontwikkelings en as ontwikkelingskrisisse gesien kan word indien die kriminele insident ernstige nadelige gevolge vir die slagoffers inhou, soos permanente mediese ongeskiktheid, ensovoorts.

iii. *Eksistensiële krisisse o*orvleuel met omstandigheid- en ontwikkelingskrisisse (Collins 2005: 63). Tydens die eksistensiële krisis word die persoon gedwing om selfrefleksie te doen, asook om sy belewenis van die wêreld te heroorweeg. Verder moet die persoon ook bo sy omstandighede uitstyg deur bepaalde houdings teenoor sy omstandighede te kies en oplossings vir sy probleme te vind (beide, in Meyer, Moore & Viljoen 1997:380). Die persoon moet dikwels ontstellende feite oor homself en die wêreld in die oë kyk (Collins 2005: 63) en dit gaan dan ook dikwels gepaard met spesifieke stellings, soos “Ek is ’n mislukking”, “My lewe het geen doel nie”, “My siekte is ongeneeslik”, “Ek is vasgevang in hierdie plek”, “Ek is te oud om iets te bereik”, “God het my weggegooi”, “Die wêreld haat my”.

Slagoffers van ernstige geweldsmisdade (soos moord, gewapende roof, verkragting ensovoorts) gaan dikwels deur ’n warboel van intense emosies wat, onderandere, skok, haat, woede, selfblamering en wraak insluit (Doerner & Lab 2002:127). Ernstige geweldsmisdade kan, volgens die navorser, ook daartoe bydrae dat misdaadslagoffers eksistensiële krisisse beleef.

Wanneer die persoon bewus word van hierdie nuwe lewensbeskouings neem dit tyd en moeite om dit te verwerk (Collins 2005: 63). Dit behels ’n verandering van die persoon se persepsie van; die persoon se self, ander persone, sy of haar geloof, en die wêreld. Die persoon moet egter die veranderinge in die oë kyk om aan te kan gaan met sy of haar lewe (Collins 2005: 63).

### *2.2.3 Klassifikasie van “getraumatiseerd”*

Volgens die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (die vierde uitgawe, DSM IV, uitgegee deur die Amerikaanse Sielkundige Assosiasie) moet ’n persoon aan die volgende vereistes voldoen ten einde ten einde as getraumatiseerd geklassifiseer te kan word (sien Retief 2004:15-17):

A. Die persoon moes aan ’n traumatiese insident blootgestel gewees het, wat beide die volgende insluit:

- Die persoon moes ’n gebeurtenis of voorval ervaar, gesien, of gekonfronteer het wat die dood, of dreiging tot die dood, of ernstige beserings, of die bedreiging van die persoon self, of ander se fisiese entiteit, behels het.
- Die persoon se reaksie het intense vrees, hulpeloosheid, en afgryse behels.

B. Die persoon moes sekere indringende simptome ervaar het, sodat die traumatiese insident aanhoudend ervaar word, op een of meer van die volgende maniere:

- Onaangename herhalende en indringende herbelewing van die insident deur visualisering, gedagtes en persepsies.
- Herhalende drome van die insident.
- Reaksies of gevoelens asof die insident weer gebeur (dit sluit in gevoel van herlewing van die insident, illusies, hallusinasies, dissosiatiewe terugflits episodes, insluitend die wat voorkom wanneer die persoon ontwaak, of onder die invloed is).
- Intense psigologiese ongemak wanneer blootgestel word aan interne of eksterne stimulus wat simbolies soortgelyk is aan aspekte van die traumatiese insident.

C. Die persoon moes vermydingssimptome ervaar het, soos aanhoudende vermyding van stimuli wat geassosieer word met die trauma en afstomping van algemene response (wat nie teenwoordig was voor die trauma nie) soos aangedui deur die drie, of meer, van die volgende:

- Pogings om gedagtes, gevoelens en gesprekke oor die trauma te vermy.
- Pogings om aktiwiteite, plekke, of mense wat herinneringe aan die trauma aanwakker, te vermy.
- Merkbare afname in belangstelling en deelname aan belangrike aktiwiteite.
- Gevoelens van verwydering of vervreemding van ander.
- Beperkte betoning van affeksie.
- ’n Pessimistiese lewensvooruitsig.

D. Die persoon moes opwekkingssimptome ervaar het, soos aanhoudende simptome van verhoogde opwekking (wat nie voor die trauma teenwoordig was nie) soos aangedui deur twee van die volgende:

- Probleme om aan die slaap te raak.
    - Geïrriteerheid of woede-uitbarstings.
    - Probleme om te konsentreer.
    - Hiper-waaksaamheid.
    - Oordrewe skrikresponse.

E. Die tydperk van die simptome is langer as ’n maand.

F. Die versteurings veroorsaak klinies-merkbare ongemak, of die inperking in sosiale, beroeps en ander belangrike areas van funksionering. Indien die simptome minder as drie maande duur, word die persoon gediagnoseer met akute trauma; terwyl indien die simptome langer as drie maande duur, word die persoon gedianoseer met kroniese trauma.

Uit die bogenoemde gedeelte kan daar dus afgelei word dat persone wat ’n krisis ervaar, soortgelyke simptome ervaar as persone wat getraumatiseerd is. Indien die persoon wat ’n krisis ervaar se simptome egter langer as ’n maand duur, dan kan dit dus aanvaar word dat die persoon nie meer ’n krisistoestand beleef nie maar dat die persoon getraumatiseerd is.

Verder gaan traumatiese gebeurtenisse ook altyd gepaard met ’n mate van verlies (Retief 2004:27-28). Misdaadslagoffers kan getraumatiseerd raak deur die verlies van lewens, eiendom, hulle oortuigings en wêreldbeskouings. Sommige misdaadslagoffers reageer onmiddelik op ’n traumatiese gebeurtenis, ander reageer soms eers later op ’n traumatiese insident, hulle funksioneer normaal en die realiteit van ’n situasie tref hulle eers op ’n later stadium waarna hulle reageer. Sommige slagoffers reageer glad nie op ’n traumatiese insident nie maar as hulle later ’n soortgelyke insident ervaar, dan reageer hulle wel (Retief 2004:27-28).

Dit is dan ook in die stadiums wat die navorser die gebruik van forensiese kuns wil aanwend tydens krisis-ingryping en traumaberading ten einde die misdaadslagoffers te bemagtig. Verder wil die navorser ook ondersoek instel na die gebruik van forensiese kuns as ’n kummunikasiemedium ten einde kommunikasieprobleme te oorbrug wanneer die misdaadslagoffers ’n ernstige krisis beleef of trauma ervaar.

Ten einde ’n beter begrip te ontwikkel van die rol wat misdaadslagoffers speel in die ontstaan van trauma en krisistoestande gaan daar in die volgende afdeling gelet word op die verskillende tipes misdaadslagoffers en die rol wat hulle kan speel in die viktimisasie proses. Die tipe misdaadslagoffers kan van groot belang wees ten einde te verstaan hoe die misdaadslagoffer ’n ernstige geweldsmisdaad ervaar en hanteer.

## 2.3 TIPES SLAGOFFERS

Die rol wat misdaadslagoffers gespeel het in die viktimisasieproses kan volgens die navorser van groot belang wees in die bemagtingsproses van misdaadslagoffers. Wanneer die rol wat slagoffers van misdaad in die viktimisasieproses bestudeer word, bestaan daar verskeie klassifikasies van misdaadslagoffers (Doerner & Lab 2002:4-15). Van die slagofferklassifikasies, soos Hans von Hetting se slagoffer-tipologie, stel ondersoek in na die rol wat die slagoffer self speel in sy of haar viktimisasie. Ander slagofferklassiefikasies, soos die van Mendelsohn se algemene viktimologie, let weer op na eksterne faktore en interne faktore wat kan bydrae tot die viktimisasie van misdaadslagoffers (Doerner & Lab 2002:4-15).

Eerstens gaan daar gelet word op die rol wat die misdaadslagoffers self speel in die viktimisasieproses. Die rol wat die slagoffer gespeel het in sy of haar viktimisasie kan moontlik 'n rol speel in hoe die slagoffer die misdaadgebeure psigologies ervaar, hanteer en verwerk. Dit kan moontlik ook 'n belangrike rol speel in die keuse van die tipe intervensie wat gekies word ten einde die misdaadslagoffer te bemagtig. Vir die doeleindes van die navorsing gaan daar hoofsaaklik gefokus word op krisis-ingryping en trauma-berading, asook hoe forensiese kuns aangewend kan word in die konteks om getraumatiseerde misdaadslagoffers te bemagtig. Die tipes slagoffers kan bepalend wees in die navorser se besluite in krisis-ingryping of trauma-berading, asook die navorser se besluit om gebruik te maak van kuns tydens die sessies.

Misdaadslagoffers kan geklassifiseer word as: (1) volkome onskuldige, (2) fasilliterende, (3) presipiterende, (4) provokerende, (5) ten volle verantwoordelike, en (6) fiktiewe slagoffers (volgens Karmen 2004:108-109; Wallace 2007:9-10). Die volkome onskuldige slagoffer het geen aandeel in die misdaad gehad nie en kan nie verantwoordelik gehou word vir die pleging van die misdaad nie. Die fasilliterende slagoffer het bygedra tot die pleging van die misdaad deur hulle eie nalatigheid of agterlosigheid alhoewel hulle regtens nie verantwoordelik gehou word vir die misdaad nie. Die presippiterende slagoffers presipiteer die misdaad deur hulle handelinge, gedrag of houdings en dra in 'n geringe mate skuld vir hulle viktimisasie. Die provokerende slagoffers is slagoffers wat die oortreder uitgelok het om hulle te viktimiseer en kan meer skuld vir die misdaad dra as die oortreder. Die ten volle verantwoordelike slagoffer is persoon wat die slagoffer is van sy of haar eie handelinge of gedrag. Die fiktiewe slagoffer was nie die slagoffer van 'n misdaad nie maar gee voor dat hulle die slagoffer van 'n misdaad was (Karmen 2004:108-109; Wallace 2007:9-10).

Misdaadslagoffers kan verder geklassifiseer word (volgens Doerner & Lab 2002:14) as:
(1) persone wat geviktimiseer was deur 'n oortreder,
(2) die slagoffers self,

(3) die sosiale omgewing,
(4) tegnologie, en
(5) die natuurlike omgewing.

Voorbeelde van (1) is wanneer ’n misdadiger ’n ander persoon deur kriminele gedrag benadeel, is die ander persoon die slagoffers van die misdadiger, soos in die geval van moord, roof, verkragting, ensovoorts. Voorbeelde van (2) is wanneer ’n persoon selfmoord pleeg (of hom- of haarself benadeel deur eie optrede), dan is die persoon verantwoordelik vir sy of haar eie viktimisasie. Voorbeelde van (3) is persone, klasse, of groepe mense wat benadeel word deur die samelewing as gevolg van etniese reiniging, oorlog, of as gevolg van hulle ras, geslag, geloof, ensovoorts, is slagoffers van hulle sosiale omgewing. Voorbeelde van (4) sluit in slagoffers van tegnologie soos persone wat benadeel word deur die gevolge van tegnologiese vooruitgang, soos kernafval, lugbesoedeling, medisinale newe effekte as gevolg van swak kwaliteit medisyne, pad-, lug- en skeeps-vervoerrampe en ongelukke, ensovoorts. Voorbeelde van (5) sluit in slagoffers van die natuurlike omgewing soos die persone wat benadeel was deur natuurrampe (soos vloede, aardbewings, peste, plae, ensovoorts). (Sien Doerner & Lab 2002:14).

Die navorser glo dat dit belangrik is dat die slagoffers van misdaad, indien moontlik, die korrekte tipe intervensie moet ontvang om hul in staat te stel om die misdaad te verwerk en te verhoed dat hul emosionele en psigologiese skade lei. Viktimoloë, as spesialiste, ondersoek dan ook die oorsake van misdaadslagoffers se viktimisasie ten einde effektiewe intervensie vir die slagoffers te ontwikkel (Doerner & Lab 2002:14). Die rol wat misdaadslagoffers self gespeel het tydens die viktimisasie is ’n belangrike aspek om te oorweeg in die slagoffer-bemagtiging aangesien dit moontlik die vorm van intervensie kan beïnvloed.

Vervolgens kan die verskillende tipes slagoffers, soos genoem, ook verskillende simptome ervaar as gevolg van die misdaad, wat verder hieronder bespreek sal word.

## 2.4 SIMPTOME WAT GEPAARD GAAN MET TRAUMA

Misdaadslagoffers kan verskillend reageer op misdaadgebeurtenisse en kan gevolglik ook verskillende simptome ervaar. Hul reaksies kan (volgens die navorser se ervaring) wissel van: (1) geringe ongemak tot stres, (2) van stres tot traumatiese stres of traumatisering, en (3) van traumatiese stres tot post-traumatiese stres. Hier kan *stres* omskryf word as ’n behoefte, of verandering, waarop die liggaam moet reageer as deel van ons normale lewensgang. Traumatiese

stres kan egter ontstaan wanneer normale stres te lank aanhou, te gereeld plaasvind, of te ernstig is (sien Headington Institute 2008).

Ernstige *trauma* word veroorsaak wanneer daar 'n traumatiese gebeurtenis plaasvind wat 'n geweldige impak op mense se lewens het; gewoonlik hou dit ernstige nagevolge in vir die persone wat betrokke is (Doerner & Lab 2002: 126-128). Gewelddadige misdade (soos moord, gewapende roof, verkragting, asook ander tipes misdaad) kan mense se siening van die lewe drasties verander; dit kan ook gepaard gaan met onverklaarbare gevoelens en emosies wat die mense self nie kan hanteer nie. Wanneer 'n persoon ernstige trauma ervaar het kan hy/sy ernstige emosionele en sielkundige skade lei as hul nie die nodige behandeling ontvang nie. Tydens die impak stadium van 'n traumatiese voorval ervaar die persoon 'n geweldige skok, met gevoelens van ongemak en ongeloof (volgens Doerner & Lab 2002: 126-128).

*Sekondêre traumatisering* kan plaasvind wanneer individue 'n traumatiese gebeurtenis sien gebeur of as hulle hoor van 'n traumatiese gebeurtenis (Headington Institute 2008). In dié gevalle is ander persone die slagoffer van trauma, maar die persoon wat die trauma sien gebeur of daarvan hoor kan net so erg getraumatiseer word. Sekondêre trauma kan dieselfde reaksies ontlok by getuies wat die trauma waargeneem het soos wat die persoon ervaar het wat direk in die trauma betrokke was (Headington Institute 2008).

Traumatiese voorvalle kan met die regte behandeling verwerk word oor 'n relatiewe kort tydperk en so persone instaat stel om voort te gaan met hul lewens (Doerner & Lab 2002: 128-130). Dit moet egter in gedagte gehou word dat die skade of verlies wat persone ervaar as gevolg van 'n traumatiese voorval vir altyd saam met daardie persone sal wees. Verder moet die persone leer om voort te gaan met hulle lewens. Indien persone nie die nodige hulp ontvang nie, kan hulle sielkundige probleme ontwikkel soos angsaanvalle, post traumatiese stres, depressie, depersonalisasie, amnesie, ensovoorts.

Indien die slagoffer 'n kombinasie van die onderstaande simptome ervaar, is dit raadsaam om professionele hulp in te win en moet die berader die slagoffer verwys (volgens Doerner & Lab 2002: 128-130).

#### ***2.4.1 Emosionele simptome van trauma***

Emosies of gevoelens wat normaalweg ervaar word na 'n traumatiese voorval behels, onder andere, die volgende (Headington Institute 2008):

- Haatsug en woede,
- Selfbejammering,

- Selfblamering,
- Verwarring,
- Vrees,
- Waarde- en betekenisloosheid,
- Hulpeloosheid, en
- Wraaksug.

Baie mense het 'n behoefte aan hulp en ondersteuning wanneer hulle bogenoemde gevoelens ervaar, omrede die gevoelens namekaar en deurmekaar ervaar kan word (Doerner & Lab 2002: 127 &128). Mense kan dan kwesbaar voel; hulle voel dat hul beheer oor hulle lewens en omgewing verloor het. As gevolg van die gevoelens moet daar gewaak word deur die berader dat daar nie onsensitief of veroordelend teenoor sulke persone opgetree word nie (Doener & Lab 2002: 127 & 128).

### *2.4.2 Liggaamlike simptome van trauma*

Die volgende onaangename liggaamlike gevoelens kan ervaar word (Headington Institute 2008):

- Vlak asemhaling,
- Hartkloppings,
- Droogheid in die mond,
- Koue of sweterige hande en voete,
- Meer as gereelde urinering,
- Verhoogde bloeddruk,
- Meer as gewone sweet,
- Spierstyfheid,
- Angstigheid,
- Oormatige fronsing,
- Spanningshoofpyne,
- Rugpyn,
- Maagaandoenings (soos maagkrampe, sooibrand, en maagswere),
- Impotensie,
- Probleme om te sluk, en
- Fisiese swakheid en moegheid.

### *2.4.3 Kognitiewe simptome van trauma*

Kognitiewe simptome (of te wel denke en gedagtes) wat gewoonlik gepaard gaan met trauma sluit die volgende in (Headington Institute 2008):

- Hallusinasies (van byvoorbeeld, dreigende gevare, soos die einde van die wêreld is wat op hand is),
- Vrese van verlies oor liggaamlike funksies,
- Ongegronde vrese vir die dood,
- Besluiteloosheid,
- Swak konsentrasie,
- Vergeetagtigheid,
- Hipersensiwiteit vir kritiek,
- Disoriëntasie,
- Gejaagde, onsamehangende gedagtes,
- 'n Oortuiging dat alles verkeerd gaan,
- 'n Onvermoë om besluite te neem,
- Negatiwiteit en pessimisme,
- Obsessiewe gedagtes, en
- Selfblamering.

### *2.4.4 Gedragspatrone a.g.v. trauma*

Gedragspatrone as gevolg van trauma behels onder andere die volgende (Headington Institute 2008):

- Die vermyding van angswekkende situasies,
- Vermyding van plekke waar trauma plaas gevind het,
- Persone sal ook dikwels by die huis bly ten einde angswekkende situasies te vermy,
- Drome, herinneringe, en nagmerries wat herhaaldelik voorkom,
- Emosionele onstabiliteit,
- Swak motivering,
- Verhoogde skokreaksies,
- Veranderde eetgewoontes.
- Oormatige rook en drink, met impulsiewe gedrag,
- Aggressiewe gedrag,
- Slaapprobleme,
- Kompulsiewe gedrag (byvoorbeeld, doen of vertel dinge oor en oor).
- Obsessiewe gedrag (byvoorbeeld, die herhaaldelike nagaan van deure en vensters voor slapenstyd),
- Verhoogde of verlaagde aktiwiteitsvlakke (byvoorbeeld, loop op en af, vroetel met hande, gooi of skop voorwerpe, verhoogde aankope met verkwisting van geld),
- Verhoogde of verlaagde seksuele gedrag,

- Pynvolle herinnering,
- Psigosomatiese probleme,
- Wegbly gedrag (vanaf werk, of skool, of gereelde siekteverlof),
- Gevoelens van onbelang (met betrekking tot belangrike familie en daaglikse aktiwiteite),
- Gevoelens van perfeksie (soos dat eggenote en kinders perfek moet wees), en
- Gereelde moegheid.

In die volgende afdeling sal gelet word op teoretiese perspektiewe om misdaadslagoffers se reaksies te verklaar. Daar sal by die bogenoemde aangesluit word deur die simptome (wat gepaard gaan met trauma) te verbind met die bio-psigofisiologiese sistemiese benadering wat menslke handeling en gedrag verduidelik, deur te fokus op die verskillende kontekstuele faktore wat inwerk op die mens. Die teoretiese benaderings sal verduidelikings verskaf met betrekking tot hoe misdaadslagoffers sin maak uit traumatiese gebeurtenisse en hoe die misdaadslagoffers hulle ervarings simbolies op 'n nie-verbale wyse kan kommunikeer deur hul kuns.

## 2.5 TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Ten einde die impak van die misdaad op individue en op die samelewing te bepaal en te verstaan moet die kriminoloog 'n holistiese benadering volg (volgens Joubert & Maree 2002:8) deur te let op (1) hoe misdaad ontstaan, (2) waar en hoe wyd die voorkoms van misdaad is, asook (3) wat die gevolge van misdaad is. In hoofstuk een was sekere redes aangevoer vir die onstaan van misdaad en daar was gewys op hoe wyd misdaad in vanadag se samelewing voorkom. In die voorafgaande afdeling was daar gewys op die impak wat misdaad op die mens kan hê en wat die psigologiese gevolge daarvan kan wees vir misdaadslagoffers asook die rol wat die slagoffer speel in die misdaadsituasie. Vervolgens sal die teoretiese perspektiewe fokus op hoe die mens sin maak van die misdaadervarings en hoe dit hulle gedrag en denke kan beïnvloed.

Misdaadslagoffers ondervind, soos reeds vermeld, dikwels probleme om sin te maak van die misdaadgebeure. Dit is dus vir die doeleindes van die navorsing nodig om teortiese benaderings aan te bied ten einde aan te toon hoe misdaadslagoffers sin maak uit hul wêreld. Die bio-psigofisiologiese benadering van die mens wat bestaan uit verskillende komponente sal bespreek word ten einde 'n holistiese begrip te ontwikkel van die interne en eksterne faktore wat 'n invloed uitoefen op misdaadslagoffers se reaksies en kognisies.

Van die geesteswetenskaplike banaderings wat van belang is (volgens die navorser) ten einde te verstaan hoe mense sin maak van hulle wêreld en misdaad behels, onder andere, psigo-analise, vrye assosiasie, simboliese interaksionisme, en die fenomenologie. Daar sal veral klem gelê word op die mens se gebruik van simboliek en vrye assosiasie in hul kuns, ten einde hulle te help sin te maak uit hul wêreld, en om die mens te help om hul wêreld beter te verstaan. Die afdeling sal verder by die navorsingsdoelwitte aansluit deurdat die onderliggende teoretiese perspektiewe die basis van simboliese kommunikasie vorm; hierdie perspektiewe sal verduidelikings aanbied van hoe mense simbolies kan kommunikeer. Laastens, ander teoretiese benaderings, wat van belang mag wees om misdaadslagoffers se reaksies en gedrag op misdaad te verklaar, sal kortliks bespreek word.

### *2.5.1 Die bio-psigofisiologies-sistemiese benadering*

As die mens as wese geïntegreerd is in die bio-psigososiale sisteem, moet die sisteem dus as 'n geheel bestudeer word om menslike handelinge en gedrag te kan verstaan en verklaar (volgens Meyers 2008:525). Hierdie bio-psigofisiologies-sistemiese benadering werp lig op die kontekstuele faktore (interne en eksterne) wat die mens se belewenisse en gedrag beïnvloed (Swartz, de la Rey & Duncan 2004:418).

Menslike belewenisse en handelinge kan slegs ten volle verstaan word as die konteks waarin dit plaasgevind het in ag geneem word (volgens Jordaan & Jordaan 1998:37). Die kontekste wat menslike handelinge en gedrag beïnvloed behels: die biologiese konteks, die intra-psigiese konteks, die sosiale konteks, en die metafisiese konteks. (Jordaan & Jordaan 1998:38; Meyers 2008:6).

Die bio-psigofisiologies-sistemiese benadering is (volgens die navorser) belangrik vir die navorsing, omrede misdaadslagoffers se denke aangaande 'n misdaad en hulle reaksies op misdaad ook beïnvloed word deur die verskillende konteksteule invloede wat die mens as 'n geheel en die wêreld waarin hulle leef uitmaak. Die kontekste behoort dus ook 'n belangrike rol te speel ten opsigte van hoe mense op traumatiese misdaadgebeure reageer, dit hanteer, en interpreteer. Gevolglik is dit dus belangrik om te let op die rol wat die verskillende kontekste van menswees speel in misdaadslagoffers se ervaring en hantering van traumatiese misdaadgebeure.

#### *2.5.1.1 Die biologiese konteks*

Die menslike liggaam bestaan uit selle wat biologiese strukture vorm (Jordaan & Jordaan 1998:38) wat sekere biologiese funksies vervul. Die biologiese deelsisteem bestaan verder uit die volgende neuro-sielkundige subsisteme (Jordaan & Jordaan 1998:38), verantwoordelik vir:

- neurologiese opwekking en emosionaliteit.
- die ontvangs, verwerking en berging van inligting.
- die organisering, regulering en verifiëring van bewussynsaktiwiteit en gedrag.

Ander biologiese invloede behels die natuurlike seleksie van aanpasbare psigologiese prosesse en gedrag, genetiese predisposisies wat reageer op die omgewing, brein meganismes, en hormonale invloede (Meyers 2008:6).

Soos reeds vermeld, wys Malchiodi (2003:146) daarop dat trauma op ŉ sensoriese vlak plaasvind. Omrede die biologiese deelsisteem verantwoordelik is vir die neurologies-sensoriese ontvangs, verwerking, en berging van inligting speel dit (volgens die navorser) ŉ belangrike rol in die wyse waarop misdaadslagoffers reageer op misdaadgebeure, hoe hulle die misdaadgebeure verwerk en onthou, asook hoe hulle bewustelik en onbewustelik hulle gedrag aanpas by die misdaadgebeure en die gevolge daarvan.

#### *2.5.1.2 Die intra-psigiese konteks*

Die intra-psigiese konteks het betrekking op die differensiëring van ŉ persoon se bewyssyns- en belewenisprosesse (Jordaan & Jordaan 1998:39). Vir die intra-psigiese konteks is die volgende prosesse van belang (Jordaan & Jordaan 1998:39):

- *Die perseptuele prosesse* wat betrekking het op die sintuie van die mens (sien, ruik, hoor, aanraking (voel), en proe).
- *Die kognitiewe prosesse* wat betrekking het op die mens se vermoë om te kan dink, leer, en te onthou.
- *Die emotiewe prosesse* wat betrekking het op die mens se gevoelens en emosies.
- *Die disposisionele prosesse* wat betrekking het op die mens se geneigdheid om op bepaalde te maniere te handel, deur sekere tipe gedrag goed te keur, en ander weer af te keur.
- *Die selfproses* verwys na hoe die persoon indrukke vorm, van die persoon self (naamlik, sy of haar selfbeeld).

Trauma kan ŉ oorweldigende gevoel van magteloosheid en kwesbaarheid veroorsaak wat sekere response ontlok by die mens (Malchiodi 2003:136). Vir die navorser speel die intra-psigiese deelsisteem dus ŉ belangrike rol in die wyse waarop misdaadslagoffers traumatiese misdaadgebeure waarneem, kognitief en emosioneel verwerk, en dan daarvolgens handel. Dit moet egter ingedagte gehou word dat die lewende persoon uit die biologiese en intra-psigiese deelsisteme bestaan en gesamentlik vorm dit ŉ psigo-biologiese eenheid (Jordaan & Jordaan 1998:39).

Die bio-psigososiale benadering erken dat die mens se fisiese en verstandelike gesondheid nie geskei kan word nie (Swartz, de la Rey & Duncan 2004:514-515). Die model erken dat ŉ die individu se biologiese, psigologiese, en sosiale kontekste interafhanklik is en ŉ integrale geheel vorm vir ŉ

persoon se verstandelike gesondheid. Die bio-psigososiale benadering verskaf dus ’n holistiese benadering vir die behandeling en rehabillitering van misdaadslagoffers ter voorkoming van geestesversteurdheid. Verstandelike gesondheid behels nie net die afwesigheid van ’n verstandelike siekte nie, maar ’n toestand van gesondheid waarbinne die persoon sy/haar eie vermoeëns kan laat realiseer, produktief en vrugtevol kan werk, en ’n bydrae tot die samelewing te kan maak (Swartz, de la Rey & Duncan 2004:514-515).

#### *2.5.1.3 Die sosiale konteks*

Die sosiale konteks het betrekking op sosio-kulturele invloede, soos die teenwoordigheid van ander persone, die verwagtinge van kulture en samelewings, die invloede van ander groepe, ensovoorts (Meyers 2008:6).

Vir die sosiale konteks is die volgende subkontekste van belang (Jordaan & Jordaan 1998:39-40) naamlik:

- *Die omgewingskonteks* wat betrekking het op die mens se kontak en deelwees van die natuurfisiese en kultuurfisiese eienskappe van die wêreld. Dit sluit dinge in wat menslike gedrag beïnvloed, soos geografiese omgewings, klimaatstoestande, bevolkingsdigtheid, woonplekke, ensovoorts.
- *Die interpersoonlike* konteks wat betrekking het op ’n persoon se interpersoonlike verhoudinge met ander mense.
- *Die groepsdinamiese* konteks wat verwys na ’n persoon se belewenisse en handelinge wat ontlok word, gehandhaaf, en verander word in groepsverband. Die formele en informele groepe waarvan die persoon ’n deel is, is van belang.
- *Die werkskonteks* wat betrekking het op die invloed wat ’n individu se werk uitoeffen op die persoon se belewenisse en gedrag.
- *Die samelewings* konteks wat betrekking het op die samelewingsverbande wat ’n persoon se belewenisse en handelinge ontlok, handhaaf, en verander. Hier is verskillende kulture, subkulture, politieke, militêre stelsels, ensovoorts, van belang.

#### *2.5.1.4 Die metafisiese konteks*

Die metafisiese konteks het te make met die mens verstaan van die realiteit van alles (Jordaan & Jordaan 1998:40-41). Die *metafisiese sug* van die mens is hier van belang, soos vrae soos, Wat sit agter alles wat is? Wat is die oorsprong, aard en doel van alle dinge en wat is die betekenis van die lewe? Hierdie is die belangrike dinge wat buite die menslike sintuiglike waarnemingsveld is. Die nie-fisiese dinge waarvan ons die bestaan van, of nie bestaan van nie, kan bewys nie, word met hierdie vrae ondersoek. Mense se geloof (of nie-geloof) in ’n godheid speel ’n rol in die persone se belewenisse en handelinge, die persone se houdings teenoor ander, asook hulle verhoudings met

ander. Verder word ’n persoon se filosofiese en ideologiese beskouings ook hier ingesluit (Jordaan & Jordaan 1998:40-41).

Volgens die navorser, speel die meta-fisiese deelsisteem ook ’n belangrike rol in die wyse waarop mense traumatiese gebeure hanteer en verwerk. Mense se verskillende geloofstelsels speel ’n belangrike rol wanneer mense positiewe of negatiewe ervarings het en dit kan ook bepalend wees van die manier waarvolgens die mense die ervarings hanteer. So kan ’n traumatiese gebeurtenis byvoorbeeld deur ’n Ateïs gesien word as ’n toevallige gebeurtenis, ’n Christen kan dit moontlik toeskryf aan ingryping deur God, terwyl ’n tradisionele Afrika-geloof dit weer kan toeskryf aan towery of voorvadergeeste. In hoofstuk vyf sal daar met die gevallestudies gekyk word na hoe misdaadslagoffers se geloofstelsel aangewend kan word om traumatiese misdaadgebeurtenisse te oorkom.

Die bio-psigofisiologiese model toon (volgens die navorser) hoe belangrik dit is dat ingryping na ’n traumatiese misdaadvoorval nie net op ’n biologiese, psigologiese, of metafisiese vlak moet plaasvind nie. Die model toon die belangrikheid daarvan om intervensie toe te pas wat van so ’n aard is dat die slagoffer op ’n holistiese vlak ondersteuning ontvang, ten einde die slagoffer te bemagtig. So moet mediese personeel, byvoorbeeld, omsien na die biologiese welstand, terwyl sielkundiges, maatskaplike werkers, beraders en ander moet weer omsien na die psigologiese welstand, en geestelike werkers na die metafisiese welstand van die slagoffer.

Nadat daar gewys was op die belangrikheid daarvan om misdaadslagoffers op ’n holistiese wyse te hanteer vir die bemagtiging van die misdaadslagoffers, gaan daar nou vir die doeleindes van die navorsing verder gefokus word op sekere geesteswetenskaplike perspektiewe wat van belang is ten einde ’n beter begrip te ontwikkel van hoe misdaadslagoffers sin maak van dit wat met hulle gebeur het voor, tydens, en na ’n traumatiese misdaadvoorval.

Daar sal ook gelet word op hoe kuns aangewend kan word in die herstel proses deur kuns te gebruik om dit te ontbloot en te verwerk wat moontlik deur die psigologiese skade van ’n traumatiese misdaadgebeurtenis vir misdaadslagoffers verborge is. In die verband sal die rol van die bewuste, die onbewuste en vrye assosiasie soos uiteengesit in die psigo-analitiese benadering bespreek word ten einde ’n beter begrip te ontwikkel van hoe kuns aangewend kan word vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Daar sal ook gefokus word op hoe kuns saam met die van geesteswetenskaplike perspektiewe soos die psigo-analise en die simboliese-interaksionisme aangewend kan word as ’n

kommunikasiemedium ten einde misdaadslagoffers instaat te stel om hulle traumatiese misdaadervarings aan ander meer effektief te kommunikeer.

Daar sal ook gelet word op hoe die mens uiteindelik sin maak van sy wêreld en hoe kuns aangewend kan word om misdaadslagoffers te help om dit wat met hulle gebeur het beter te verstaan. Hier is die fenomenologiese benadering, volgens die navorser, van groot belang.

### *2.5.2 Psigo-analitiese perspektief*

Sigmund Freud (1856-1939) was ’n Weense medikus en word beskou as een van die mees invloedryke figure in die moderne sielkunde (Glassman & Hadad 2004:205). Freud was gebore in Morivia, in ’n middelklas gesin. Hy het sy opleiding ontvang aan die Universiteit van Vienna waar hy fisiologie gestudeer het, onder die leiding van Ernst Brücke. Freud het na sy studies gespesialiseer in neurologiese versteurings (Glassman & Hadad 2004:205). Terwyl Freud gepraktiseer het, het hy pasiente teegekom wie se versteurings glad nie neurologies sin gemaak het nie (Meyers 2007:422). So sou hy, as voorbeeld, pasiente gekry het wat byvoorbeeld hulle gevoel in ’n ledemaat verloor het sonder dat daar enige neurologiese verklaring daarvoor was. Dit het daartoe gelei dat Freud die teorie van psigo-analise ontwikkel het wat die verstaan van die mens geweldig beïnvloed het. Volgens die teorie word die mens se gedagtes en aksies aangedryf deur onbewuste motiewe en konflikte. Die psigo-analise streef daarna om onbewuste spanning te ontbloot en te interpreter, ten einde sekere psigologiese probleme op te los (Meyers 2007:422).

#### *2.5.2.1 Freud se aannames aangaande gedrag*

Een van Freud se fundamentale aannames was “*psigiese determinisme*” (Glassman & Hadad 2004:206). Psigiese determinisme stel dit dat alle gedrag ’n oorsaak het, en dat die oorsaak van gedrag in die verstand gesetel is. Verder was Freud oortuig dat menslike motivering biologies gebaseer is, op innerlike dryfkragte. Hy was verder oortuig daarvan dat gedrag beheer word deur prosesse wat buite die mens se bewussynswêreld is. Dit behels dat baie verstandelike invloede onbewustelik is (Glassman & Hadad 2004:206).

Freud het voorgestel dat die psige bestaan uit drie dele: die id, die ego, en die superego wat gedrag reguleer (Catherwood & Gillibrand 2004:83-84). Die drie dele word gedryf deur instinktiewe seksuele gratifikasie. Die id verteenwoordig die mens se biologiese behoeftes en motiveer die mens se gedrag ten einde biologiese behoeftes te bevredig. Die biologiese behoeftes behels onder andere eet, drink, slaap, om warm te wees, en om seksueel te verkeer. Die superego is weer die deel wat die mens se gedrag reguleer ten opsigte van sosiale verantwoordelikhede en grense. Die superego gehoorsaam die wette en beperkinge in ’n sosiale groep ten einde konflik te vermy en geregtelikheid te bevorder. Die superego kan beskryf word as die mens se sin vir moraliteit en skuldgevoelens. Die

ego kan beskryf word as ’n deel van die mens se bewustheid wat dien as die bemiddelaar tussen die id en die superego. Die ego poog om aan die vereistes van die id en die superego te voldoen deur ’n middelweg vir die mens se gedrag te vind (Catherwood & Gillibrand 2004:83-84). So sal die ego byvoordbeeld toesien dat ’n persoon ’n brood koop om sy honger te stil inplaas daarvan om die brood te steel. Deur die brood te koop verskaf die ego ’n weg waaraan die eet behoefte van die id bevredig word sonder om die behoeftes van die superego te ignoreer.

Nog ’n belangrike aanname van Freud was die kontinuiteit van normale en abnormale gedrag (Glassman & Hadad 2004:206-207). Sy beskouing was dat geestelike versteurdheid die gevolg was van ’n siekte en nie die gevolg was van demoniese besetenheid of degenerasie nie. Hierdeur het Freud ’n meer humanitêre houding teenoor sy pasiënte ingeneem. Dit het ook daartoe bygedra dat hy sy gebruik van kliniese data kon regverdig vir die ondersteuning van sy teorie van ’n normale persoonlikheid. Aangesien hy geglo het dat normale en abnormale gedrag slegs in graad verskil het en nie in soort nie, het hy geregverdig gevoel om die twee tipes observasies te kombineer ter ondersteuning van sy teorie. Hy het dan ook kliniese observasies gebruik as sy primêre data. Psigiese determinasie, die belangrikheid van die onbewuste, die kontinuiteit van normale en abnormale gedrag en die klem wat hy gelê het op sy kliniese data, het die fondasie gevorm vir Freud se idees (Glassman & Hadad 2004:206-207).

#### *2.5.2.2 Freud se beskouing aangaande die bewuste en onbewuste*

Freud se ontdekking van ’n verband tussen onderdrukte herinneringe en gedrag het daartoe gelei dat hy gewaarwording verdeel het op twee vlakke van bewustheid, naamlik die bewuste en die onderbewuste (Glassman & Hadad 2004:208). Die bewuste verwys na die gedagtes of gevoelens waarvan ’n persoon op enige gegewe moment van bewus is. Die onderbewuste verwys weer na verstandsinhoud wat onder die bewussynsvlak plaasvind (Glassman & Hadad 2004:208). Vir die doeleindes van die navorsing sal hierdie verband dan ook van groot belang wees in die ondersoek na hoe beide die bewuste en die onderbewuste manifesteer in misdaadslagoffers se kuns; dit kan moontlik ’n belangrike rol kan speel in die tipe intervensie wat die misdaadslagoffer sal moet ontvang.

Freud het die onderbewuste verder verdeel, in die voorbewuste en onbewuste (Glassman & Hadad 2004:208). Die voorbewuste verwys na gedagtes, emosies of herinneringe waarvan ’n persoon nie op die oomblik van bewus is nie, maar wat op enige stadium na die bewuste toe gebring kan word deur ’n doelbewuste keuse. So kan ’n persoon, byvoorbeeld, doelbewus dink aan dinge wat hy of sy in die verlede gedoen het. Die onbewuste bevat weer al die gevoelens, idees en ervarings wat onderdruk word en so verhoed word om deur te dring tot die bewuste (Glassman & Hadad 2004:208). Freud se beskouing was dan ook dat dit die onbewuste is wat verantwoordelik is vir mense se gedrag (Meier

Et al 2003:18). Hy het verder aangevoer dat die mens oor die algemeen geen idee het wat die regte oorsaak van hul gedrag is nie omrede die oorsake van hulle gedrag verberg is van die bewuste (Meier Et al 2003:18). Die navorser beplan om tydens die navorsing ondersoek in te stel na hoe die onbewuste ontbloot kan word deur middel van misdaadslagoffers se kuns.

Die onbewuste is nie direk toegangklik vir die bewuste nie, maar die onbewuste kan direk (of simbolies) in fragmente deurlek tot die bewuste, deur middel van sogenaamde vrye gedagtes en visuele beelde (Glassman & Hadad 2004:208-209). So kan gedagtes en gevoelens waarvan 'n persoon nie bewus is nie weer manifesteer in fisiese simptome of sekere tipes gedrag (Glassman & Hadad 2004:208-209).

Die navorser het tydens se werksaamhede as polisiebeampte gevind dat misdaadslagoffers dikwels nie verstaan hoekom hulle op 'n sekere wyse opgetree het tydens 'n misdaadvoorval nie of hoekom hulle sekere emosies of sensasies ervaar het nie. So het een vrou tydens die navorsing die navorser meegedeel dat sy tydens 'n bankroof vir die rowers koffie aangebied het. Een verklaring vir haar gedrag is dan moontlik dat sy onbewustelik goed wou doen vir die rowers ten einde moontlike verdere negatiewe aksies van die rowers te verhoed. Ander misdaadslagoffers het weer ander liggaamlike sensasies ervaar (soos bewerigheid, versnelde hartklop, sweterige of klam hande) wat hulle nie kon verklaar nie.

Freud her verder aangeneem dat indien die onbewuste na die bewuste toe gebring word, dan kan probleme bewustelik opgelos word (Meier Et al 2003:238). Deur insig te verkry in die onbewuste, kan 'n persoon weer die werklike lewe of realiteit beter hanteer (Meier Et al 2003:301). Die navorser is van mening dat kuns moontlik effektief aangewend kan word om onbewuste probleme, wat misdaadslagoffers as gevolg van misdaad ervaar, ontbloot kan word en dit kan weer moontlik 'n bydra lewer in die herstel van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Die bewuste en onbewuste kan moontlik ook 'n groot rol speel ten einde misdaadslagoffers se gedrag te verklaar voor, tydens, en na 'n misdaadvoorval. Gevolglik sal die navorser in hoofstuk drie let op die rol wat die bewuste en onbewuste kan speel in misdaadslagoffers se kuns en hoe dit gebruik kan word vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. In hoofstuk vier sal die waarde van misdaaslagoffers se onbewuste wat in hul kuns tot uiting kom van uit 'n forensiese perspektief bespreek. In hoofstuk vyf sal sekere gevallestudies behandel word waar daar gedemonstreer sal word hoe misdaadslagoffers se onbewuste navore kom in hulle kuns deur middel van vrye assosiasie.

#### *2.5.2.3 Vrye assosiasie*

Freud het die bestaan van onbewuste denke en die bestaan van ’n betekenisvolle, innerlike wêreld van fantasieë en drome, aanbeveel (Malchiodi 2006:16). Hy het van vrye assosiasie gebruik gemaak as ’n middel om patrone van gedagtes te identifiseer wat moontlik innerlike konflik kon ontbloot (Glassman & Hadad 2004:162). Vrye assosiasie het behels dat ’n persoon alles uitspreek wat in sy/haar gedagtes opkom, maak nie saak hoe onbelangrik of onaangenaam dit is nie (Case & Dalley 2006:71). Deur middel van vrye assosiasie het Freud gesoek vir patrone in ’n persoon se gedagtes (Glassman & Hadad 2004:162). Volgens Freud kan innerlike konflikte ’n tipe van amnesia veroorsaak wat hy “repressie” noem. Repressie is ’n verdedigingsmeganisme waardeur impulse, herinneringe, of idees, doelbewus geblokkeer word, om sodoende deur te dring tot ’n persoon se bewuste (Glassman & Hadad 2004:162).

Die beskouing was dat assosiasie ’n permanente psigologiese konneksie was wat deur ervarings gevorm was (Glassman & Hadad 2004:230). Vrye-assosiasie is egter nie altyd ’n baie betroubare intervensie tegniek nie omrede sekere patrone van assosiasies baie individueel is. Die proses kan ook baie stadig wees en vereis nougesette aandag vanaf die terapeut. Soms moet daar ook geluister word na dit wat nié gesê word nie. In sommige gevalle kan die oorspronklike assosiasies ook verander word deur latere ervarings, wat impliseer dat vrye-assosiasie nie met sekerheid gebruik kan word om toegang tot die oorsprongklike gebeure (soos trauma) te verkry nie (Glassman & Hadad 2004:230).

Kuns verskaf ’n alternatiewe metode waardeur innerlike gevoellens ge-eksternaliseer kan word (Case & Dalley 2006:71-72). Die visuele beelde in mense se kuns kan, op dieselfde wyse as met vrye assosiasie, benader en verstaan word. Gebeure, gevoellens, en assosiasies van die verlede kan na vore kom in die visuele beelde wat ontstaan uit ons kuns (Case & Dalley 2006:71-72). Dit is juis dié aspekte wat moontlik van groot forensiese waarde mag wees vanuit ’n forensiese perspektief, omrede dit moontlik fynere detail en nuwe feite aangaande die misdaadvoorval kan ontbloot, wat weer daartoe lei dat die misdaad-ondersoekproses weer in ’n nuwe rigting gestuur kan word. Gevolglik sal die rol wat vrye assosiasies in misdaadslagoffers se kuns speel in die navorsing verder verken word. In hoofstuk 3 sal daar by die navorsingsdoelwitte aangesluit word deurdat daar ondersoek ingestel sal word na hoe misdaadslagoffers se onbewuste tot verskyning kan kom in die kuns wat hulle skep deur middel van vrye-assosiasie en hoe kuns dan kan dien as ’n nie-verbale kommunikasiemedium vir die onbewuste. In hoofstuk vyf sal daar met die gevallestudies getoon word hoe die onbewuste deur middel van vrye assosiasie na vore kom in misdaadslagoffers se kuns.

#### *2.5.2.4 Drome en archetipe-simbolisering*

Freud het gebruik gemaak van droomanalise en hy het tot die slotsom gekom dat drome op twee vlakke werk, naamlik op die gemanifesteerde inhoud en op die latente inhoud (Glassman & Hadad 2004:209-210). Die gemanifesteerde inhoud van drome behels dit waarvan 'n persoon bewus is gedurende slaap en tydens ontwakening. Die gemanifesteerde inhoud is egter die simboliese uitdrukking van die ware betekenis van 'n droom; die ware betekenis is die latente inhoud van drome (Glassman & Hadad 2004:209-210).

Volgens Freud het drome verskillende karaktertrekke (Glassman & Hadad 2004:210). Eerstens word drome gemotiveer deur droomvervullings waardeur fantasieë uitgeleef kon word wat nie aanvaarbaar (of selfs moontlik) is in die werklike lewe nie. Verder word die werklike natuur van 'n droom verander in iets wat minder bedreigend is vir die bewustelike verstand deur middel van 'n meganisme wat hy 'n "droomsensor" genoem het. Die funksie van die droomsensor is om te verseker dat die slaap nie versteur word deur die onbewuste uitdrukking van drange wat die basis van die drome vorm nie. Om dit te doen skakel die droomsensor die droom se inhoud om in 'n simboliese vorm (die gemanifesteerde inhoud). Dus, ten einde die ware betekenis van drome (die latente inhoud) te onthul, moet die simboliese inhoud (die gemanifesteerde inhoud) van 'n droom geïnterpreteer word (Glassman & Hadad 2004:210). Die persoon wat die droom gehad het moet dan ook die simboliese inhoud van die droom deur middel van vrye assosiasie interpreteer en ontbloot (Case & Dalley 2006:71-72). Freud het verder tot die slotsom gekom dat sekere simbole universeel in mense se drome voorkom (Glassman & Hadad 2004:210). Freud het ook gevoel dat die simboliese inhoud van drome hoogs persoonlik is en dat droomanalise 'n belangrike tegniek is ten einde insig te verkry in die onbewuste (Glassman & Hadad 2004:210).

Carl Gustav Jung (1875-1961), 'n medikus wat in Zürich gepraktiseer het, het in Freud se werk belang gestel nadat hy 'n boek gelees het oor Freud se droomanalise (Meyer Et al 1997:105). Jung en Freud was vir 'n tyd lank goeie vriende, maar die vrienskap was egter deur Freud verbreek, omrede Jung nie ten volle met Freud saamgestem het oor droomanalise nie (Meyer Et al 1997:105). So het Freud, met die gebruik van vrye assosiasie, gewoonlik net een droom op 'n slag ontleed (Meyer Et al 1997:129), maar Jung was van mening dat 'n aantal drome opeenvolgende ontleed moet word. Elke droom word opsigself ontleed, maar word in die konteks van die ander drome geplaas. Sy mening was dat die betekenis en simboliek van drome geleidelik vanself sou ontvou soos wat die drome ontleed word. Die korrektheid van die drome sou slegs in die konteks van die drome ontleed en geverifieer kon word (Meyer Et al 1997:129).

Die drome wat misdaadslagoffers ervaar, asook die simboliek wat dit vir die slagoffers inhou, kan (volgens die navorser) uitgebeeld word in kuns en dan aangewend word in die berading van

getraumatiseerde misdaadslagoffers. In hoofstuk drie sal die gebruik van kuns vir die simbolisering van drome verder bespreek word.

Volgens Jung het simbole (droom-inhoud) baie verskillende fasette en ten einde die ware betekenis van ’n simbool te ontbloot, moet verskillende metodes, wat aanvullend is, gebruik word (Meyer Et al 1997:128-129). Jung het die inhoud van drome gesien as archetipes van die kollektiewe onbewuste. Die drome openbaar die archetipe-inhoud van ’n persoon se psige. Hy het bevind dat die simbole van persone se drome presiese duplikate was van simbole wat deur die middeleeuse alchemiste gebruik was. Dit was vir Jung genoegsame bewys dat archetipes bestaan en dat archetipes hulle in drome openbaar (Meyer Et al 1997:128-129). Jung het geglo in die bestaan van universele archetipes en simbole, en hy het sy eie psige en die van sy pasiënte geëksploreer, deur middel van kunssinnige uitdrukking (Malchiodi 2005:16).

Vanuit ’n forensiese perspektief kan archetipe simbole moontlik ’n belangrike funksie vervul as ’n klagte-versterkingshulpmiddel in die forensiese kuns. Die rol wat archtipe simbole in misdaadslagoffers se kuns speel sal in hoofstuk drie verder bespreek word. Die uitwerking van archetipe simbole op misdaadslagoffers se kuns sal gedemonstreer word in hoofstuk vyf met die gevallestudies.

Jung het ook die waarde van fantasie (aktiewe verbeelding) erken as ’n metode om die kollektiewe onbewuste te bestudeer (Meyer Et al 1997:129-130). Hy het dit beskou as die versterking van sekere droominhoude. Die doel met aktiewe verbeelding is om deur die bewuste na die onbewuste te breek. Met aktiewe verbeelding moet die persoon op ’n vlugtige droombeeld, of enige ander visuele beeld wat spontaan by die persoon opkom, konsentreer en dan let op die veranderinge wat die beeld ondergaan. Die beelde kan tevoorskyn gebring word deur metodes te gebruik soos skilder, beeldhou, en visualisering. Met aktiewe verbeelding word daar deur die tegniek van “versterking” net op een simbool gefokus en alle assosiasies moet in terme van dié simbool gemaak word (Meyer Et al 1997:129-130).

Aktiewe verbeelding is ’n proses waardeur ’n persoon hom-/haarself kan ontmoet deur aandag te skenk aan fantasieë en affeksies, terwyl die bewuste verstand bly soos wat dit is (Meyer Et al 1997:130). Die onvermoë om ’n aktiewe verbeelding te produseer, kan aanduidend wees van ’n toestand van verdediging. Die toepassing van ’n aktiewe verbeelding hou egter die gevaar in dat indien verdedigingsmeganismes afgebreek word ’n toestand van psigose kan ontstaan (Meyer Et al 1997:130).

#### *2.5.2.5 Psigoanalise en kuns*

Kunssinnige uitdrukking behels, onder andere, die visuele uitdrukking van 'n traumatiese voorval (Garrick & Williams 2006:187) en word wyd aangewend deur beraders, sosiale werkers, sielkundiges, speelterapeute, en ander vorme van intervensie (Malchiodi 2005:17).

Freud het die bestaan van 'n simboliese kommunikasiesisteem voorgestel (Spring 2007:216-7). Volgens Freud word daar 'n magdom nie-verbale kommunikasie oorgedra wanneer 'n simboliese taal uitgevoer en oorgedra word deur verbale kommunikasie. Mense kan sekere simptome openbaar wanneer sekere herinneringe in hulle aangewakker word. So kan daar aangeneem word dat trauma herinneringe wat nog nie genees het nie en nog nie gesimboliseer was nie, geheg word aan 'n artistieke simboliese taal. Deur neurologiese funksionering word die trauma in 'n grafiese vorm gesimboliseer deur ge-eksternaliseerde beelde. So word die beelde die boodskap, kuns die boodskapper, en die kunstenaar die ontvanger, wat dan die artistieke boodskap uitdruk in 'n verbale vorm (Spring 2007:216-7).

Freud en Jung het beide die idee ondersteun dat artistieke uitdrukking 'n belangrike rol kan speel in psigiatriese evaluering en behandeling (Malchiodi 2005:16). Volgens Freud soek die id altyd na gratifikasie, maar in volwasse persone word die behoefte altyd simbolies en indirek uitgedruk (Glassman & Hadad 2004:229). Freud se beskouing van 'n simboliese kommunikasiesisteem deur middel van kuns sluit dan ook aan by die doelstellings van die navorsing, omrede die navorsing daarop gerig is om nie-verbale kommunikasie deur middel van kuns te eksploreer.

'n Psigo-analitiese benadering vir kuns as 'n terapeutiese hulpmiddel word ondersteun deur die siening dat die spontane tekeninge simboliese voorstellings (of projeksies) is van persone se onbewuste denke en gevoellens (Malchiodi 2005:23). In die opsig word die kuns, wat deur 'n persoon geskep is, gesien as 'n manier om dit te verstaan wat nie bewustelik erken word nie, deur verbaal assosiasies (of verbindinge) te maak met die prente. Artistieke uitdrukking dien ook as 'n bron vir die sublimasie van agressie en ander vorme van negatiewe gedrag, gedagtes en gevoelens. Artistieke uitdrukking is ook geskik om persone se verdedigingsmeganismes te identifiseer (Malchiodi 2005:23). Carl Jung se teorie aangaande archetipes en die kollektiewe onbewuste het verder ook die analitiese benadering in terapeutiese kuns uitgebrei (Malchiodi 2005:24).

Die voordeel van kuns bo droom-analise is dat die prente in kunswerke langdurig is terwyl drome na 'n tyd vervaag (Case & Dalley 2006:71). Wanneer 'n droom onderbreek word is die droom dikwels verlore, terwyl met kuns kan daar altyd weer teruggekeer word na die kunswerk. Die simboliese betekenis van 'n kunswerk kan egter oor tyd ook verander en, die insig in en die verstaan van probleme, verhoog. Die analise van kuns kan ook voortgaan waar die analise van drome opgehou het

(Case & Dalley 2006:71). Kuns kan dus moontlik 'n meer permanente rekord van die misdaadgebeure verskaf, as wat die drome (of terugflitse), van misdaadslagoffers se misdaadervaringe, verskaf.

Van die belangrikste psigo-analitiese konsepte, wat betrekking het in terapeutiese kuns, behels die volgende (Malchiodi 2005:24):

- *Oordrag:* Met terapeutiese kuns word 'n persoon se onbewuste gevoelens geprojekteer deur die terapeut-kliënt verhouding en deur artistieke uitdrukking.
- *Spontane uitdrukking:* Spontane artistieke uitdrukking is nie-rigtinggewend. Die persoon kies self wat hy of sy wil skep sonder enige leiding vanaf die berader of terapeut. Psigo-analitiese en analitiese benaderings in terapeutiese kuns word sterk verbind met die idee dat artistieke uitdrukking toegang verleen tot die onbewuste, soortgelyk aan vrye assosiasie.
- *Aktiewe verbeelding:* Atistieke uitdrukking word gesien as 'n vorm van aktiewe verbeelding omrede visuele beelde spontaan ontstaan in artistieke uitdrukking. Die beelde kan dan verder ondersoek word deur addisonele beelde te skep as 'n respons op die eerste beeld. Aktiewe verbeelding kan verder gebruik woord om die visuele beeld verder te ondersoek deur middel van verstandelike beelde.
- *Oorgangsspasies en oorgangsobjekte:* Die skepping van kuns word gesien as 'n oorgangspasie omrede dit 'n manier is om die subjektiewe en objektiewe realiteite te verbind en om gehegtheid en verhoudings te oefen. Artistieke uitdrukking word verder beskou as 'n "houer omgewing" waar binne objektiewe verhoudings tussen die terapeut en kliënt kan ontwikkel. Kuns produkte kan oorgangsobjekte word wat dieper betekenisse bevat as wat werklik bedoel was.

Hayley Berman is 'n psigotarapeut wat in Suid-Afrika werk met gemeenskappe wat getraumatiseerd is. Sy verskaf aan hulle terapeutiese kunsdienste (Kalmanowitz & Lloyd 2005:ix). Sy is ook die stigter en direkteur van "The Art Therapy Centre" in Suid-Afrika (Kalmanowitz & Lloyd 2005:ix). Volgens Berman het kunsterapie in Suid-Afrika deels ontstaan as gevolg van politieke geweld (Kalmanowitz & Lloyd 2005:172).

Berman vind die psigo-analitiese model belangrik in die gebruik van terapeutiese kuns (Kalmanowitz & Lloyd 2005:174). Dit is veral geskik om die ryk bronne, geloofstelsels, en organisasies, wat intrinsiek is aan Suid-Afrika, te ondersoek. Dit het verder gehelp om 'n unieke Suid-Afrikaanse manier te ontwikkel vir die gebruik van kuns as terapie (Kalmanowitz & Lloyd 2005:174).

Berman het in 2003 kuns gebruik as 'n tegniek om te help met krisis-ingryping na 'n brand waartydens een persoon gesterf het (Kalmanowitz & Lloyd 2005:178). Tydens die intervensie het sy van die materiaal van die brand gebruik ten einde individue te help om sin te maak van die trauma. In die proses het sommige individue 'n transformasie ervaar, van 'n gevoel van "algehele verlies" na "die ontdekking van lewendige fragmente". Met die ontdekking van die lewendige fragmente tussen die ruïnes, het die fragmente meer waardevol geword (Kalmanowitz & Lloyd 2005:178).

In die navorsing gaan daar gelet word op die archetipe simbole en vrye assosiasies wat misdaadslagoffers maak, deur te let op die kuns wat misdaadslagoffers skep. Vervolgens sal daar by die navorsingsdoelwitte aangesluit word deur te let op rol wat die skepping van die kunswerke asook die kunswerke self kan speel in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Daar sal verder by die navorsingsdoelwitte aangesluit word deurdat daar ondersoek ingestel sal word na die gebruik van kuns tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Die betekenis, assosiasies en gedagtes van die slagoffers wat bewustelik en onbewustelik simbolies ontbloot word, en in hul kuns gekommunikeer word, sal hier van belang wees; dit sal ook by die navorsingsdoelwite aansluit deur dat daar ondersoek ingestel sal word na kuns as 'n kommunikasiemedium.

Wanneer daar met kuns gewerk word, word inspirasie nie net getrek vanaf die persoonlike onbewuste nie, maar ook van die kollektiewe onbewuste of argetipes (Kalmanowitz & Lloyd 2005:17). Dit sal dus vir die doeleindes van die navorsing van kardinale belang wees om vas te stel wat die persoonlike onbewuste betekenisse van sekere simbole is, asook wat die archetipe betekenis van sekere simbole is. Laastens sal daar gelet word op die waarde van die simbole wat in misdaadslagoffers se kuns voorkom vanuit 'n forensiese perspektief.

### *2.5.3 Die simboliese interaksionisme*

Die simboliese interaksioniste is een van die hoof teoretiese perspektiewe in die sosiologie (McClelland 2000). Die werk van die twee sosioloë, George Mead en Charles Cooley, het die grondslag gevorm vir die ontstaan van die simboliese interaksionisme (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). Herbert blumer het na George Mead se dood Mead se teorie aangaande die simboliese interaksionisme gepubliseer (Williams 2009).

Die teorie fokus meer op die subjektiewe aspekte van die sosiale lewe as op die objektiewe, makro-strukturele aspekte van sosiale sisteme (McClelland 2000). In die teorie word die aandag gevestig op die wyse waarop die mens met ander in interaksie tree deur die gebruik van simbole (Williams 2009). Die simboliese interaksionistiese perspektief word gebasseer op die wyse waarop die mens 'n komplekse stel van simbole ontwikkel ten einde betekenis aan hulle wêreld te verskaf. Die betekenis van objekte ontwikkel deur middel van die interaksie van die mens met ander mense en die

omgewing. Die interaksies word subjektief deur die mens geinterpreteer deur gebruik te maak van simbole. Ten einde mense se gedrag te verstaan, is dit belangrik om die simbole te verstaan wat deur die mens gebruik word (Williams 2009). Die teorie is dus volgens die navorser belangrik om te verstaan hoe die slagoffer en die misdadiger mekaar wedersyds subjektief kan beïnvloed tydens ’n misdaad. Die teorie is verder van belang ten einde te bepaal hoe die slagoffers na ’n misdaadvoorval gebruik maak van simbolisasie ten einde sin te maak van die misdaadgebeurtenis.

Die sentrale tema van die simboliese interaksioniste is dat die mens leef in ’n simboliese wêreld (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). Simbole onstaan in ’n kulturele konteks; sosiale objekte het gedeelde betekenisse, wat geskep en onderhou word deur sosiale interaksie. Simboliese taal en kommunikasie verskaf die middele waardeur die realiteit gekonstrueer word. Realiteit is hoofsaaklik ‘n sosiale produk en alles wat menslik daaruit volg (soos die self, samelewing, en kultuur) ontstaan uit simboliese interaksie en simboliese interaksie onderhou ook die gevolge of sisteme (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009).

Die Simboliese interaksioniste gaan vanuit die volgende aannames:

#### *2.5.3.1 Die betekenis van dinge*

Mense tree op teenoor sekere “dinge”(voorwerp of objek) op gronde van die betekenis wat die mense aan die “dinge” toeskryf (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). Die dinge het nie inherente of onveranderbare betekenis nie (Williams 2009). Hoe die mens die dinge definieer of betekenis daaraan heg, vorm ook die wyse waarvolgens die mens op die dinge sal reageer. Die betekenis van dinge verander ook na gelang van hoe die mens die dinge definieer en daarop reageer. Dus, ten einde mense se gedrag te verstaan moet daar eers verstaan word hoe die dinge (objekte, gebeure, individue, groepe, strukture ensovoorts.) wat die mens teekom in sy of haar omgewing gedefinieer word (Williams 2009).

#### *2.5.3.2 Sosiale interaksie*

Die mens word nie gebore met die betekenis van dinge nie (Williams 2009); die betekenis van dinge word afgelei deur, en/of ontstaan uit, die sosiale interaksie wat ’n persoon het met ander mense en die samelewing (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). In hoofstuk vyf sal daar met die gevallestudies gekyk word na hoe die negatiewe sosiale interaksie, tussen misdaadslagoffers en die misdadigers, die misdaadslagoffers se gedrag na die misdaadvoorval beïnvloed, en hoe dit simbolies uitgebeeld word in die slagoffers se kuns.

#### *2.5.3.3 Gedeelde betekenisse*

Die betekenisse wat dinge het hang af van, en word verander deur, ’n interpretasieproses van mense wat met mekaar, en die wêreld, inter-reageer (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). So kan een kind die kwaai hond sien as ’n gevaar en weghardloop, terwyl die ander kind die hond weer sien as bang en dan probeer om maats te maak met die hond. Die fokus hier is op die betekenis van ’n objek en die aksies wat dit ontlok by ’n persoon (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). Die mens se interpretasie van die betekenis van ’n ding sal bepaal hoe die mens teenoor die ding optree (Williams 2009).

#### *2.5.3.4 Reëlvolging*

In die geval van simbole, hang die betekenis van die simbole af van die mate van ooreenstemming wat twee, of meer, persone het oor die simbool (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). As die meeste persone ooreenstem, is die betekenis van die simbool duidelik, maar as daar nie ooreenstemming is nie, is die betekenis van die simbool onduidelik en dubbelsinnig. In ’n samelewing of kultuur bestaan daar gewoonlik konsensus oor die betekenis van simbole en taal. In die werklike lewe, egter, bestaan daar groot individuele verskille en hang die betekenis van die simbole en taal af van die interpretasie en onderhandelingsproses van verskillende individue (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). Vir die doeleindes van die navorsing is die betekenis wat misdaadslagoffers aan sekere simbole heg belangrik ten einde te verstaan wat dit is wat die slagoffers deur hulle kuns kommunikeer. Dit sal ook verder ondersoek word in hoofstuk vyf met die gevallestudies.

Dit sal dus vir die navorser belangrik wees om homself in die skoene van die slagoffer te plaas; die proses word rol-aanneming genoem, en dit behels die kogniktiewe vermoë van ’n persoon om die perspektief van ’n ander persoon aan te neem (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). Dit is ’n kritiese proses in kommunikasie, omrede dit die deelnemende persone instaat stel om mekaar se response te interpreteer. Deur dit te doen, word daar groter konsensus bereik oor die simbole wat gebruik word.

Die bepaling van die betekenis van die simbole hang verder af van die onderhandeling wat plaasvind tussen die verskillende deelnemers. Die betekenis van simbole is gevolglik opkomend en problematies van aard, en hang af van die prosesse van rol-aanneming en onderhandeling (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009).

Simboliese kunstenaars kyk na binne vir hul inspirasie (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). Die essensiële doelwit van simboliese kunstenaars is om die subjektiewe objektief uit te beeld. Die simboliese kunstenaars gaan van die standpunt af uit dat hulle hul private subjektiewe

toestande die beste uitbeeld deur nie-naturalistiese rangskikkings van lyn en kleur (Mariage and family encyclopedia (Se-Ti) 2009). In hoofstuk drie sal daar gelet word op twee tipes kunstenaars, naamlik die sensoriesestyl en die verbeeldingstyl kunstenaars, en hoe die tipes kunstenaars vergelyk met die simboliese kunstenaars van die simboliese interaksionisme.

Kuns skep 'n simboliese taal vir trauma slagoffers wat kulturele grense oorsteek (Garrick &Williams 2006:184). In hoofstuk drie sal daar in meer diepte ondersoek ingestel word na hoe die mens op 'n simboliese vlak deur middel van kuns kan kommunikeer. Volgens die navorser kan kuns dus 'n belangrike rol speel ten einde misdaadslagoffers te bemagtig in 'n land met groot kulturele diversiteit, soos Suid-Afrika

Beelde/prente is die visuele vorm van die inhoud van 'n persoon se kognisies (gedagtes) (volgens Spring 2007:217). Deur artistieke uitdrukking word gefragmenteerde dele van die self na vore gebring vir observering en evaluering (Garrick &Williams 2006:184). In die konteks van traumatiese ervarings hou simboliese beelde/prente die krag in om die gevolge van die traumatiese ervarings te verminder en om die simptome, herinneringe, sensasies, gevoellens, kognisies en persepsies wat daarmee geassosieer word te simboliseer (Spring 2007:217). Dit is 'n proses waardeur kennis bekom word op 'n sensoriese vlak. Sensoriese kennis, wat gekombineer word met die skepping van beelde/prente, vorm dan die nie-verbale boodskap. Die slagoffer moet dan die beeld/prent wat nie-verbaal is nie, interpreteer en vertaal na 'n verbale boodskap, ten einde die essensiële betekenis van die beeld/prent te vind (Spring 2007:217). Die kunswerk skep dus 'n stem, om dit wat nie in woorde uitgedruk kan word nie simbolies te "sê" (Garrick &Williams 2006:187).

Vanuit 'n forensiese perspektief is dit volgens die navorser juis hierdie simboliese betekenis wat misdaadslagoffers aan hulle kuns heg wat van groot belang kan wees as 'n klagte-versterkingsmiddel, tydens 'n kriminele strafsaak. Dit kan moontlik slagoffers se getuieniswaarde verhoog wat weer die suksesvolle vervolging en skuldigbevindig van oortreders verhoog. Die verhoogde skuldigbevindige kan weer bydra tot die emansipasie van die misdaadslagoffer en sodoende misdaadslagoffers se vertroue in die strafregstelsel verhoog.

Dit wil voorkom of die skeppingsproses sensoriese kennis met simboliese logika verenig (Spring 2007:217). Patrone en verhoudings wat in artistieke uitdrukking bestaan word met mekaar verbind, sodat uiting gegee word aan die traumatiese ervarings (Spring 2007:217). Kreatiewe terapeutiese kuns kan gebruik word om uit te reik na slagoffers wat nie reageer op mondelingse terapie en berading nie (Garrick &Williams 2006:183).

Kuns verskaf ’n fokuspunt vir self-eksplorasie en verdere bespreking (Garrick &Williams 2006:187). Dit kan moeilik wees om ’n populasie in ’n gemeenskap te bereik wie se taal en kultuur verskil van ander gemeenskappe, maar deur ander kommunikasiemiddele te vind in kreatiewe projekte kan dit sulke individue help om veiligheid en begrip te vind in ’n vreemde kultuur of omgewing (Garrick &Williams 2006:183). Hierdie beskouing sluit dus aan by die navorsingsdoelstellings deur kuns te gebruik as ’n kommunikasiemedium ten einde getraumatiseerde misdaadslagoffers te emansipeer. Die rol van kuns as ’n kommunikasiemedium vir misdaadslagoffers sal in hoofstuk drie verder bespreek word en in hoofstuk vyf met die gevallestudies gedemonstreer word.

### *2.5.4 Die fenomenologie*

Die fenomenologie neig baie na psigo-analise omrede dit fokus op die rol wat visuele beelde speel in die vorming van die subjektiewe ervarings (Manghani, Piper & Simons 2006:125). Hierteenoor fokus die simboliese interaksionisme weer op die wyse waarop mense met mekaar op ’n simboliese vlak interreageer (Williams 2009). Volgens die Stanford Encyclopedia of Philosophy (SEP) (2008) het die fenomenologie ontstaan deur die werk van Edmund Husserl, Martin Heidegger, Mautice Merleau-Ponty, Jean-Paul Sartre en ander gedurende die eerste helfte van die 21ste eeu.

#### *2.5.4.1 Fenomene*

Die fenomenologie behels die bestudeuring van “fenomene” wat ervarings of die bewuste insluit (SEP 2008). Fenomene behels verder objekte soos wat hulle verskyn tydens mense se ervaring of soos wat die mens die objek self ervaar. Die fenomenologie bestudeer dus bewustelike ervarings vanuit ’n subjektiewe, eerste persoonsperspektief (SEP 2008).

Die fenomenologie stel hoofsaaklik belang in die struktuur van ’n ervaring en hoe onderwerpe of subjekte aan die mens voorkom, soos wat dit voorkom (Manghani et al 2006:125). Die verskillende tipes ervarings wat bestudeer word behels, onder andere, die volgende (SEP 2008): visie, denke, geheue, verbeelding, emosies, begeertes, liggaamsgewaarwordinge, en handelinge.

#### *2.5.4.2 Intensionaliteit*

Die struktuur van ’n ervaring behels “intensionaliteit”. Intensionaliteit behels dat die mens se ervaring van ’n objek gerig word deur sekere gedagtes, konsepte en idees aangaande die objek. So word die betekenis van die ervaring van die objek geskep en dit verskil van die werklike objek wat dit veronderstel is om te verteenwoordig of te beteken (SEP 2008). So kan ’n persoon wat deur ’n motorvoertuig raak gery was, motorvoertuie beskou as gevaarlike goed wat mense seer maak en vermink. Die persoon se ervaring van motorvoertuie verskil dus van die werklike betekenis van motorvoeruig wat bloot as ’n meganiese vervoermiddel beskou kan word.

Volgens die fenomenologie het fenomene 'n hoë graad van kognitiewe inhoud (Manghani et al 2006:125). Die kognitiewe inhoud word egter nie noodwendig geassosieer met bewuste denke nie (Manghani et al 2006:126). Verskeie gewaarwordinge bestaan volgens die fenomenologie in die stroom van bewustheid (SEP 2008). So wil dit byvoorbeeld voorkom asof emosies eers op 'n stil voorbewuste, of self-onbewuste, vlak van bewustheid voorkom voordat die persoon eers werklik bewus word van die emosie (Robbins in Fischer 2006: 184). Dit kom dus voor asof emosionele ervaringe voortspruit vanuit intuïtiewe gevoelens voor 'n persoon se eksplisiete gewaarwording (Fischer 2006: 184). Die gewaarwordinge behels, onder andere, ruimtelike gewaarwordinge ten opsigte van waarneming, gewaarwordinge aangaande 'n persoon se eie ervarings, selfbewusteheid, die bewustheid van ander, sosiale interaksie, alledaagse aktiwiteite in die omringende wêreld, ensovoorts (SEP 2008).

Sigbare fenomene word deur die fenomenologie bestudeer soos wat hulle voorkom sonder dat die navorser sy of haar eie teorieë of sisteme op die fenomene projekteer (Meyer et al 1997:381). Die mens begin om fenomene te ken deur eers 'n houvas op die fenomene te verkry binne hul bekende wêreld (Robbins in Fischer 2006: 184). Soos die fenomene hulself ontbloot, moet dit in hul volle werklikheid ervaar word (Meyer et al 1997:381). Die persoon se werklikheid, soos hy of sy dit sien, word deur hierdie werklikheid verteenwoordig (Meyer et al 1997:381). Fenomene wat dubbelsinnig, of ongedetermineerd is, neem 'n gedetermineerde vorm aan sodra die fenomeen verstaan word (Robbins in Fischer 2006: 184).

Die terapeut of berader moet dus die wêreld van die slagoffer betree en beleef ten einde te begryp wat die werklikheid van sekere fenomene vir die slagoffer is (Meyer et al 1997:381). In die verband is misdaad die fenomeen wat misdaadslagoffers ervaar en die navorser stel belang in hoe die fenomeen deur die slagoffers verstaan en ervaar word. Die navorser wil in die verband van terapeutiese en forensies kuns gebruik maak ten einde 'n beter begrip te ontwikkel van hoe misdaadslagoffers misdaad sien, ervaar en verstaan, vanuit die perspektief van die slagoffer. Vervolgens gaan daar nou by die navorsings doelwit aangesluit word deur te let op hoe kuns vanuit 'n fenomenologiese perspektief aangewend kan word as 'n terapeutiese tegniek ten einde misdaadslagoffers te emansipeer.

#### *2.5.4.3 Betensky se fenomenologiese benadering*

Volgens Martin Heidegger (in Manghani, Piper & Simons 2006:125) het kunswerke die potensiaal om die bewuste te emansipeer, omrede kunswerke verbeeldings en kreatiewe response ontlok in 'n wêreld wat onderdruk word deur die konvensionele. Betensky het 'n metode van terapeutiese kuns ontwikkel wat bekend staan as die "Fenomenologiese Benadering" (Hagood 2000:39).

Terapeutiese kuns is ideaal geskik (ten opsigte van filosofie en metodiek) vir mense om hulself te vind deurdat die klem geplaas word op die visuele en ekspressiewe selfprojeksie deur die gebruik van kunsmateriaal (Betensky 1995:13). Die fenomenologie bevestig die sentrale fokus van die mens se subjektiewe ervaringe, die doelbewuste karakter, en die toegangklikheid tot die bewuste (Betensky 1995:13). Die fenomenologie fokus op individuele ervarings en dit begin gewoonlik deur die gedetaileerde analisering van ŉ spesifieke kunswerk (Manghani et al 2006:125).

Met die gebruik van kuns as ŉ terapeutiese en beradingstegniek, moet die persoon wat die kunswerk geskep het die subjektiewe betekenis van die kunswerk bepaal; nie die berader of terapeut nie (Hagood 2000:39). ŉ Persoon kan slegs geëvalueer word indien sy of haar subjektiewe belewenisse gepeil kan word. Die navorser moet van metingstegnieke gebruik maak wat deur die oë van die respondent kyk (Meyer et al 1997:380-381). Die fenomenologiese metode is ook geskik vir die bestudering van persone se emosies omrede dit respondente toelaat om die betekenis van hul emosies te ontdek soos wat dit meer duidelik te voorskyn kom vanuit hulle dubbelsinnige gewaarwordinge (Robbins in Fischer 2006: 185).

Terapeutiese kuns verskaf ŉ mikro-wêreld ervaring, veilige risiko faktore, en probleme wat opgelos kan word, op eerstens ŉ skilderdoek of sketsboek, dan later in die daaglikse lewe (Betensky 1995:13). Deur kunsmateriaal te manipuleer, die kunsmateriaal se natuur en nut te leer ken deur die veranderinge van kleure te versoorsaak, deur besluite te neem in kunssituasies, deur keuses te moet maak, deur iets in die wêreld te bring wat die persoon self gemaak het en dan nuwe maniere te ondesoek om daarna te kyk, lei ŉ persoon tot ŉ hernieude vermoë om na sy of haar wêreld te kyk en hoe om daaroor te voel (Betensky 1995:13).

Betensky se fenomenologiese benadering vir terapeutiese kuns bestaan uit die volgende stappe (Hagood 2000:39-40):

- "Fenomenologiese waarneming" vind plaas nadat die kunswerk voltooi is. ŉ Fisiese afstand word geskep tussen die kunstenaar en die kunswerk, en ŉ periode van tyd word dan gespandeer waarbinne aandag gefokus word op die kunswerk. Die terapeut of berader nooi dan die kunstenaar uit om die kunswerk tot in die fynste besonderhede te verduidelik.
- ŉ Informele "fenomenologiese bespreking" word dan tussen die kunstenaar en die terapeut of berader gehou. Nadat die kunstenaar die betekenisse van die kunswerk volledig bespreek het, kan die terapeut of berader komentaar lewer aangaande dit wat hy/sy mag waarneem. Alle interpretasies word egter aan die kunstenaar oorgelaat.
- Laastens vind "fenomenologiese boekhouding" plaas waar die kunstenaar gevra word om die skeppingsproses te herroep. Daar word gelet op die verhouding wat die

kunswerk het met vorige werke van die kunstenaar en daar word ondersoek ingestel na die verband wat die kunswerk het met die kunstenaar se huidige, of vorige, lewensomstandighede.

Kuns kan gesien word as ʼn fenomenologiese verskynsel waarin psigologiese herstel in verskillende grade kan voorkom; dit word weerspieël in die direkte waarneming van die beelde wat individueel op ʼn permanente oppervlakte geplaas word (Spring 2007:10).

Die kuns wat misdaadslagoffers skep kan (volgens die navorser) ook ʼn belangrike rol speel om vas te stel hoe misdaadslagoffers ʼn misdaad subjektief ervaar het, wat hulle gesien het en wat dit vir hulle beteken het. Die emosies en ander feitlike besonderhede wat slagoffers reflekteer in hulle kuns kan ook van waarde wees, ten einde die psigologiese impak van ʼn misdaad op die misdaadslagoffers te bepaal. Vanuit ʼn juridiese, forensiese ondersoek, en kriminologiese perspektief kan die psigologiese impak van ʼn misdaad ook verder ʼn rol speel in die opstel van slagofferimpakverklarings en voorvonnis-evaluasieverslae en dit kan ook ʼn rol speel in die tipe vonnis wat die oortreder opgelê word.

In hoofstuk vyf sal daar vanuit ʼn fenomenologiese perspektief gekyk word na gevallestudies van hoe misdaadslagoffers hulle misdaadervarings subjektief uit beeld deur gebruik te maak van kuns en wat die fenomenologiese betekenis is wat die slagoffers aan die kunswerke heg. Vervolgens gaan daar kortliks gelet op word op hoe van die ander teoretiese benaderings in die geesteswetenslkappe gebruik kan maak van kuns as ʼn terapeutiese hulpmiddel vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

#### *2.5.5 Addisionele teorieë*

Die voorafgaande teoretiese perspektiewe wat bespreek was ter verklaring van menslike waarneming, kognisies, ervarings, reaksies, gedrag en handelinge op, en van, misdaad is egter nie die enigste teorië wat in die geesteswetenskappe van toepassing is vir die emansipasie van slagoffers van geweldsmisdade nie. Verskeie ander teoretiese benaderings speel ook ʼn belangrike rol ten opsigte van hoe die mens sin maak van sy/haar wêreld om gevolglik daarop te reageer en handel. Baie van die teoretiese benaderings kan dan ook effektief gebruik maak van kuns ten einde die slagoffers van misdaad te help om traumatiese misdaadgebeure te verwerk. Vervolgens gaan daar kortliks gelet word op van die ander beskikbare teoretiese perspektiewe wat effektief saam met kuns gebruik kan word in die hantering van slagoffers van geweldsmisdaad, insluitende die kognitiewe benadering, die behaviouristiese benadering, die logo-terapeutiese benadering.

#### *2.5.5.1 Die kognitiewe benadering*

Malchiodi (2003:141-142) wys daarop dat kuns effektief gebruik kan word in trauma intervensie. Malchiodi maak dan ook gebruik van (1) herblootstelling aan die trauma gebeure, (2) die vertel van die trauma narratief, asook (3) kognitiewe terapie en herstrukturering. Grafiese voorstelling deur tekeninge is hier 'n kritiese komponent vir herblootstelling en die vertel van die trauma-narratief (Malchiodi 2003:141-142).

Met die kognitiewe benadering in berading word outomatiese, irrasionele gedagtes aangespreek (wat gevoellens van angs, woede of depressie versoorsaak) (Hagood 2000:43). Met die benadering moet 'n slagoffer 'n outomatiese irrasionele gedagte identifiseer, waarna hy/sy dan 'n kunswerk moet skep wat sy/haar gevoellens uitbeeld wat die gedagte ontlok het. Die irrasionele gedagte moet dan vervang word met 'n rasionele gedagte, waarna die slagoffer dan die verandering van sy/haar gevoellens visueel uitbeeld in 'n kunswerk (Hagood 2000:43).

#### *2.5.5.2 Die behaviouristiese benadering*

Roth (in Hagood 2000:42) wys daarop dat psigo-dinamiese kunsterapeute gebruik maak van behavioristiese tegnieke, sonder dat dit die etiket van behavioristies kry. Wanneer 'n slagoffer wat geblokkeer of geinhibeer is, word hy/sy dan aangemoedig om 'n krabbel te maak ten einde die slagoffer betrokke te kry in die skepping van kuns, waarna die terapeut die slagoffer prys vir sy of haar poging; gevolglik maak die terapeut gebruik van die behavioristiese tegniek van versterking (Roth in Hagood 2000:42).

Hagood (2000:43) wys daarop dat versterking gebruik kan word met kinders deur dat hulle eers 'n swart en wit skets van 'n sekere onderwerp doen, met die verstandhouding dat as die kinders klaar is kan hulle 'n kleurprent teken van iets waarvan hulle hou.

#### *2.5.5.3 Die logo-terapeutiese benadering*

Die navorser is verder van mening dat kuns effektief ook gebruik kan word in logoterapeutiese tegnieke. Die essensie is die fokus van logo-terapie op die betekenis wat 'n persoon in die toekoms van sy of haar lewe moet vervul (volgens Frankl 2004:104). Met logo-terapie word 'n persoon gekonfronteer en geheroriënteer ten opsigte van die betekenis van sy of haar lewe. Deur 'n persoon bewus te maak van die betekenis van sy of haar lewe kan dit die persoon help om neurose te oorkom (Frankl 2004:104). In die verband kan die slagoffers (na die navorser se mening) aangemoedig word om byvoorbeeld hulle huidige lewensomstandighede en sieninge visueel uit te beeld. Daarna kan die slagoffer aangemoedig word om dít wat hulle graag in die lewe wil bereik, visueel uit te beeld. So kan die slagoffer moontlik dieper insig kry aangaande die doel en betekenis van sy/haar lewe.

Bogenoemde teoretiese benaderings is slegs enkele wat volgens die navorser van belang is vir die verklaring van hoe mense traumatiese misdaadgebeurtenisse ervaar, interpreteer, en op reageer. Sodanige teoretiese benaderings verduidelik hoe die mens sin maak van alles wat met hom/haar gebeur en wat die betekenis en waarde is wat die slagoffer heg aan die misdaadgebeure. Die navorser is dan ook van mening dat kuns saam met die voorafgaande teoretiese benaderings gebruik kan word ten einde die slagoffers van misdaad te help om die traumatiese misdaadgebeure te verwerk en daardeur die misdaadslagoffers te emansipeer. In die verband speel die terapeut of berader se ervaring en verbeeldingrykheid (volgens die navorser) 'n belangrike rol.

Nadat daar gelet was op die verskillende teoretiese perspektiewe ten einde 'n beter begrip te ontwikkel van die verskillende invloede op menslike gedrag en hoe dit die mens affekteer, gaan daar nou gelet word op die herstelproses waardeur 'n persoon gaan wanneer 'n persoon 'n ernstige krisis of trauma ervaar het. Dit staan bekend as die krisisreaksie en herstelsiklus en dit sal aansluit by bogenoemde teorietiese benaderings omrede dit 'n verklaring aanbied vir die manier waarop misdaadslagoffers optree na 'n ernstige geweldsmisdaad.

## 2.6 DIE KRISISREAKSIE EN HERSTELSIKLUS

Wanneer persone 'n krisis of trauma ervaar het, gaan hulle deur 'n proses om te hestel; dit staan bekend as die krisisreaksie en herstelsiklus. Die krisisreaksie en herstelsiklus bestaan hoofsaaklik uit drie komponente, naamlik, die impakfase, die terugvalfase en die herorganiseringsfase (Doerner en Lab 2002:127, Wallace 2007:82).

### *2.6.1 Die impakfase*

Die impakfase gaan gepaard met gevoelens van skok (Doerner en Lab 2002:128, Wallace 2007:82-83). Die slagoffer kan tydens die fase verskeie emosies ervaar soos ontkenning, selfblamering, woede, haat, vrees, ensovoorts. Slagoffers het dikwels op hierdie stadium 'n behoefte aan sekuriteit en sterk emosionele ondersteuning terwyl hulle hul gevoelens moet uitsorteer. Slagoffers voel op hierdie stadium ook baie kwesbaar en weet ook dat hulle beheer verloor het oor hulself en hulle omgewing. Die gevolg is dat slagoffers onsensitiewe en veroordelende kommentaar as sterk kondemnasie kan interpreteer. Dikwels word die blaam ook verplaas vanaf die oortreder na die slagoffer, en in plaas daarvan om die slagoffer se gevoelens en probleme te verlig, vererger dit net die slagoffer se toestand (Doerner en Lab 2002:128, Wallace 2007:82-83).

### *2.6.2 Die terugvalfase*

Tydens die terugvalfase, begin die slagoffer aanpas by die feit dat hy of sy getraumatiseer was (Doerner en Lab 2002:128, Wallace 2007:83). Die herstelproses help egter om die seer wat met die emosies gepaard gaan, te verlig. Alhoewel die gevoelens van tyd tot tyd deurdring na die oppervlakte, is dit minder intens en vernietigend. In sommige gevalle kan die slagoffer heen en weer beweeg tussen die impakfase en die terugvalfase. Baie slagoffers van misdaad en trauma, kan dan ook ʼn toestand ervaar wat bekend staan as post-traumatiese stres (Doerner en Lab 2002:129, Wallace 2007:83).

Post-traumatiese stres verwys na ʼn respons op groot en skielike tragedies in ʼn persoon se lewe. Slagoffers maak dikwels lewensstylveranderinge ten einde soortgelyke situasies te vermy wat aanleiding gegee het tot die traumatiese of misdaadvoorval (Doerner en Lab 2002:129). Die traumatiese of misdaadvoorval kan ʼn geweldige negatiewe impak hê op die slagoffer se selfbeeld, wat blywend van aard is en stadig verminder met die verloop van tyd, wat kan aanleiding gee tot depressie, wat daarna selfs kan lei tot selfmoord, ensovoorts. (Doerner en Lab 2002:129).

### *2.6.3 Die her-organiseringsfase*

Die laaste fase in die krisis-reaksie herstel siklus, is die her-organisering fase (Doerner en Lab 2002:129-130, Wallace 2007:84). Op die stadium het die slagoffers hulle emosies en gevoelens reeds uitgesorteer en beskik hulle oor die vermoë om die traumatiese gebeure in perspektief te plaas. Soos wat die intensiteit van hulle reaksies verminder, begin hulle om aan te gaan met ander aktiwiteite. Alhoewel die persoon steeds van tyd tot tyd aan die voorval dink, oorheers dit nie meer hulle gedagtes nie. Op hierdie stadium het die slagoffers die situasie gehanteer en daarby aangepas; hulle kom uit die krisis wat hulle ervaar het as gevolg van die trauma of misdaadvoorval. Die slagoffers word nooit werklik genees van die gebeure nie en gevolglik dra hulle die res van hulle lewens die emosionele letsels van die voorval (Doerner en Lab 2002:129-130, Wallace 2007:84).

Die slagoffers wat deur die krisis-reaksie herstelsiklus werk, kan wel aangaan met hulle lewens. Die persone wat nie daarin slaag om deur die krisis-reaksie herstel siklus te werk nie, kan in die toekoms voortdurend struwel met die vraag: Hoekom ek? (Doerner en Lab 2002:130).

Die navorsing is daarop gerig om tydens die verskillende fases van die krisis-reaksie en herstelsiklus misdaadslagoffers te bemagtig, soos uiteengesit in die navorsingsdoelwitte. Die navorser beplan om tydens die impakfase gebruik te maak van krisis-ingryping om die aanvangklike psigologiese impak van die misdaad op die misdaadslagoffers te verlig. Die navorser beplan verder om tydens die krisisingryping gebruik te maak van kuns ten einde kommunikasieprobleme uit te weg te ruim. In gevalle waar misdaadslagoffers probleme ondervind om hulle verhaal van die misdaadgebeure te

vertel, beplan die navorser om kuns te gebruik waar die misdaadslagoffer die gebeure moet skets of simbolies voorstel. Die aanwending van krissisingryping tydens die impakfase sal in hooftuk vier bespreek word en dit sal gedemonstreer word met behulp van gevallestudies in hoofstuk vyf.

Die navorser sal verder tydens die terugvalfase en die her-organiseringsfase trauma-berading aan misdaadslagoffers verskaf ten einde die misdaadslagoffers te help om die misdaadgebeure te verwerk. Die navorser wil in die beradingssessies weereens kuns as ’n hulpmiddel gebruik in die beradingsproses ten einde die misdaadslagoffers te bemagtig omdat kuns, onder andere, gebruik word om ’n uitleg van die misdaadtoneel, die kronologie van gebeure, en die slagoffer se emosionele toestand te verkry. Tydens trauma-berading wil die navorser dus gebruik maak van forensiese kuns ten einde die slagoffer te help om die verhaal van die misdaadgebeure te vertel, ’n uitleg van die misdaadtoneel te kry, gesigsamestellings van misdadigers te verkry,. asook om ander uitstaande kenmerke van oortreders te verkry ensovoorts. Die aanwending van kuns in die berading van misdaadslagoffers sal in hoofstuk drie bespreek word en met behulp van gevallestudies in hoofstyk vyf gedemonstreer word. Die forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns sal in hoofstuk drie en vier bespreek word en weereens in hoofstuk vyf gedemonstreer word met behulp van gevallestudies.

### 2.7 SAMEVATTING

In die hoofstuk was daar gefokus op verskillende die oorsake van trauma en die verskillende tipes slagoffers wat betrokke is by misdaad. Vervolgens was daar gekyk na die simptome wat gepaard gaan met trauma.

Vervolgens was daar gefokus op verskillende teoretiese perspektiewe ter verklaring van menslike gedrag. Die teoretiese perspektiewe verskaf ’n basis vir die navorsing omrede dit verklarings bied van hoe misdaadslagoffers misdaad ervaar en daarop reageer. Daar was eerstens gelet op die bio-psigofisiologiese sistemiese benadering ten einde die verskillende kontekste wat menslike gedrag en denke beïnvloed te verduidelik. In die verband was daar ’n onderskeid getref tussen biologiese, intra-psigiese, sosiale, en metafiese kontekste wat ’n invloed uitoefen op die mens se gedrag en denke.

Dit was opgevolg deur ondersoek in te stel na die teoretiese perspektiewe wat aangewend kan word ten einde te verstaan hoe die mens sin probeer maak van die wêrels waarin hulle leef. Die rol wat simboliek speel as kommunikasiemedium en in die mens se reaksie op daaglikse en traumatiese gebeurtenisse was uitgelig. Daar was veral klem gelê op die rol wat kuns kan speel ten einde insig te verkry aangaande mense handelinge, reaksies en denke. In die verband was daar gefokus op enkele

van die hoofstroomsielkundige benaderings wat onder andere die psigo-analise, simboliese interaksionisme, en die fenomenologie behels.

Laastens was die krisisreaksie en herstelsiklus bespreek en hoe die navorser beplan om kuns te gebruik vir die emansipasie van die misdaadslagofferstydens die krisisreaksie en herstelsiklus.

In die hoofstuk wat volg gaan daar ondersoek ingestel word na die gebruik van kuns as 'n terapeutiese hulpmiddel vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Daar sal ook 'n onderskeid getref word tussen terapeutiese kuns en forensiese kuns. Die uitwerking wat kuns en traumatiese ervarings op die brein het sal kortliks bespreek. Die uitwerking wat kleur op die brein het sal aangeraak word asook die effek wat breinskade op die slagoffers se kuns het. Laastens sal die gebruik van kuns as 'n beradingstegniek in besonderhede bespreek word. Daar sal ook gekyk word na hoe die verskillende teoretiese benaderings wat in die hoofstuk bespreek was, inskakel by die gebruik van kuns as 'n terapeutiese tegniek of hulpmiddel.

# Hoofstuk 3: DIE AARD VAN KUNS IN TERAPIE

## 3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee was daar, onder meer, ŉ uiteensetting gegee van die oorsake van krisistoestande en trauma en daar was ŉ onderskied getref tussen die verskillende tipes krisisse wat kan onstaan as gevolg van misdaad en ander traumatiese gebeurtenisse. Vervolgens was daar gelet op die verskillende tipes misdaadslagoffers, asook die rol wat die misdaadslagoffers speel tydens die viktimisasieproses. Dit was opgevolg deur te let op die biologiese en psigologiese simptome wat gepaard gaan met trauma en hoe dit misdaadslagoffers kan affekteer. In hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op hoe kuns aangewend kan word om misdaadslagoffers te help om die krisistoestande of trauma te help verwerk ten einde die simptome wat met die krisistoestande of trauma gepaard gaan te verminder.

Verder het die hoofstuk twee ŉ teoretiese grondslag gevorm vir die gebruik van kuns saam met ander bestaande sielkundige benaderings wat van belang mag wees vir krisisingryping en die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers ten einde die misdaadslagoffers te emansipeer. Daar was gelet gewees op die bio-psigofisiologiese perspektief ter verklaring van die reaksies wat mense kan ervaar tydens traumatiese gebeurtenisse en wat die impak daarvan op die mens as geheel kan hê. Verskillende teoretiese perspektiewe was verder bespreek ter verklaring van menslike gedrag en hoe die mens sin maak van die wêreld en misdaad. Laastens was die krisisreaksie en herstelsiklus bespreek ten einde die herstelproses te verduidelik waardeur misdaadslagoffer kan gaan na ŉ traumatiese misdaadgebeuretenis.

In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens ondersoek ingestel word na wat terapeutiese asook forensiese kuns alles behels en wie daarvan gebruik kan maak. Verder sal daar gelet word na die terapeutiese en forensies waarde van kuns en wat die voordele is wat terapeutiese en forensiese kuns inhou vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Daar sal aangesluit word by bio-psigofisiologiese benadering (wat in hoofstuk twee bespreek was) deur te fokus op die invloed wat kuns het op die neurologiese funksionering van die mens en hoe dit kan help in die neurologiese verwerking van trauma. Verder sal daar gelet word op die invloed wat breinskade op misdaadslagoffers se kuns kan hê.

Soos reeds vermeld kan traumatiese voorvalle enige aksie behels, vanaf misdade (soos moord, roof, verkragting, ensovoorts) tot egskeidings, werksveranderings, siektetoestande, ensovoorts Dit kan ook vir mense moeilik wees om oor hulle emosies en gevoelens te praat en dit kan verder bydra tot spanning en stres. Dikwels is mense as gevolg van skok ook nie daartoe in staat om oor hulle emosies of gevoelens te praat nie. Andersins kan die traumatiese voorval ook van so 'n aard wees dat dit die slagoffers van vooraf weer met afgryse en skok vervul word as hy/sy daaraan dink of daaroor praat en gevolglik wil hy/sy nie daaraan dink of daaroor praat nie. Die vraag kan dus gevra word: Hoe kommunikeer 'n berader, terapeut of sielkundige met 'n trauma of misdaadslagoffer wat psigologies nie daartoe instaat is om te praat oor wat met hom/haar, of selfs 'n ander party, gebeur het nie? Verder kan daar gevra word hoe kuns gebruik kan word in die proses om slagoffers van misdaad en trauma te beraad en te bemagtig? In die verband sal daar aangesluit word by die psigo-analitiese en simboliese interaksionistiese benaderings deur te fokus op hoe kuns gebruik kan word as 'n simboliese kommunikasiemedium vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Vanuit 'n fenomenologiese perspektief kan die gebruik van kuns ook daartoe bydra dat misdaadslagoffers, krisisingrypers of trauma beraders, 'n dieper insig verkry aangaande die misdaadslagoffers se ervarings.

Vanuit 'n fenomenologiese perspektief sal daar ook aandag geskenk word aan potensieële forensiese waarde wat misdaadslagoffers se kuns moontlik mag hê vir die strafregspleging-stelsel omrede die kunswerke ook moontlik baie kognitiewe inhoud mag bevat. Die kognitiewe inhoud mag moontlik aanduidend wees van die aard en erns van 'n misdaad en dit kan dus belangrike inligting bevat wat verlore kan gaan indien die inligting nie op die korrekte wyse ingesamel word tydens onderhoudvoering en ondervraging nie.

Dit is ook belangrik volgens die navorser om daarop te let dat kriminoloë, polisiebeamptes, sielkundiges, maatskaplike werkers, regsgeleerdes en ander belanghebbende persone dikwels met getaumatiseerde misdaadslagoffers in aanraking mag kom en dat die persone dus op hoogte sal moet wees van verskeie metodes en tegnieke wat aangewend kan word om met getraumatiseerde misdaadslagoffers te kan werk.

Verder word die praktyk en teorie van terapeutiese kuns al die laaste paar jaar geïnkorporeer in forensiese ondersoeke (Cohen-Liebman 2003:167). Die integrasie het plaasgevind as gevolg van die waarde wat terapeutiese kuns het vir persone in 'n posisie om evaluasies te doen. Kuns as 'n terapeutiese tegniek is ook al as pragmaties gegrond bewys in die forensiese konteks. Kuns-terapeute neem deel as deskundige getuies in die forensiese arena en lewer bewysmateriaal in die vorm van tekeninge aan beide siviele en strafhowe (Cohen-Liebman 2003:167).

Vervolgens gaan daar nou eerstens gelet word op wat die verskille is tussen terapeutiese kuns en forensiese kuns. Daarna sal daar aandag geskenk word aan wie gebruik kan maak van terapeutiese of forensiese kuns.

### 3.2 TERAPEUTIESE KUNS

Nadat daar gelet was op wie gebruik kan maak van terapeutiese kuns, gaan daar nou gelet word op wat terapeutiese kuns behels. Persone kan oorweldig word deur intense emosies en gevoelens, as gevolg van ŉ traumatiese voorval en die persone kan dikwels nie die emosies of gevoelens hanteer nie (Barber 2004:1). Kuns dien as ŉ kommunikasiemiddel in die psigologiese areas waar gewaarwordinge nog pre-verbaal is, of waar die inhoud van die ervaring te moeilik is om te verbaliseer (Thomashoff in Spring 2007:xi). Kunsmediasie maak dit moontlik om dit wat onmoontlik is om in woorde uit te druk in ŉ terapeutiese verhouding in te bring (Thomashoff in Spring 2007:xi).

Terapeutiese kuns is ŉ vorm van psigoterapie wat ontstaan het uit verskillende dissiplines soos medici, verpleeging, sielkunde, psigoterapie, sosiale wetenskappe, onderwys en die kunste (Thomashoff in Spring 2007:xi). Daar het hoofsaaklik twee hoofstrominge in terapeutiese kuns ontwikkel, naamlik die kognitiewe stroming wat breinaktivering ondersteun, teenoor die psigodinamiese stroming wat fokus op die dinamiese- en verdedigingsmeganismes (Thomashoff in Spring 2007:xi).

Die skepping van kuns behels die omskakeling van beelde wat deur die sensoriese komponente waargeneem word na die interpretasie van die simboliese vorm deur ŉ verbale narratief (Spring 2007:224). Met outobiografiese geheue word die gebeure deur kuns herrangskik en ingevul ten einde sin te maak uit die ervaring. Die resultaat is dat traumatiese effekte dikwels opgelos word deur visuele, nie-verbale narratiewe, wat verbaal vertaal word in ŉ koherente taalkundige narratief (Spring 2007:224). Die beskouing sluit dus aan by die bio-psigofisiologiese benadering (wat in hoofstuk twee bespreek word) waardeur ŉ persoon fisiologies bewus word van sekere sintuiglike ervarings wat deur biologiese strukture van die mens se liggaam waargeneem was. Die ervaringe word dan psigologies en kognitief verwerk en vertolk, dan weer deur die biologiese modaliteite, wat betrekking het op spraak, oorgedra in ŉ simboliese vorm deur middel van taal aan andere.

Dit wil voorkom asof die kunsproduk ŉ sintese tussen kognitiewe aktiwiteite en die skeppingsproses ontbloot in beelde of prente as "gekodeerde boodskappe" (Spring 2007:8). Die interpretasie van die individuele boodskappe is nodig sodat insig verkry kan word om die kunswerk te verstaan (Spring 2007:8). Ten einde kuns te kan verstaan moet die meta-verbale betekenis van ŉ kunswerk in woorde uitgedruk word (Moon 2003:129). Dit moet egter in gedagte gehou word dat woorde nooit werklik die betekenis of waarde van ŉ kunswerk kan beskryf nie (Moon 2003:129). In die verband was die fenomenologiese benadering van terapeutiese kuns ook in hoofstuk twee bespreek waarop daar gewys was op hoe kuns gebruik kan word ten einde ŉ persoon te help om die subjektiewe betekenis van sy of haar kuns te verstaan.

Kuns word verder gebruik in transpersoonlik-oriënteerde terapie (Spencer 1997:3). Met transpersoonlik-oriënteerde terapie, word dit belangrik geag dat die persoon ŉ veranderde bewussynstoestand ervaar omrede positiewe herstel van die psige plaasvind in sulke geaktiveerde toestande. Die gewysigde toestande van bewussyn kan verkry word deur artistieke uitdrukking, hipnose, asemhalingsoefeninge, en ander. Herinneringe kan geaktiveer word deur kuns en dit kan ŉ persoon instaat stel om in aanraking te kom met sy of haar liggaamlike of emosionele aspekte van sulke herinneringe. Kuns verskaf ŉ veilige plek waar gevoellens vry gestel kan word en dit vind plaas op ŉ soortgelyke wyse as in ŉ terapeutiese situasie (Spencer 1997:3).

Terapeutiese kuns behels die gebruik van ŉ wye verskeidenheid kunsmateriale en tegnieke soos verf, klei, en batik om ŉ visuele representasie te maak van ŉ persoon se gedagtes en gevoelens (Barber 2004:1). Inligting word sigbaar gemaak deur kreatiewe impulse wat aangedryf word deur die brein en sirkulêre prosesse van neurololgiese meganismes in die liggaam (Spring 2007:9). Hipoteties word een tipe energie oorgedra na ŉ ander; elektriese energie word oorgedra na kinestetiese energie, en andersom. Die oordrag van energie verander verstandelike beelde na visuele beelde (Spring 2007:9). In die verband sluit terapeutiese kuns ook aan by die simboliese interaksionistiese benadering waardeur die mens op ŉ simboliese vlak kommunikeer.

Kuns as terapie kan gebruik word in groepe, sowel as individuele sessies (Barber 2004:1). Nou dat terapeutiese kuns uiteengesit is, kan daar gevra word, Wat is forensiese kuns? In die afdeling wat volg gaan forensiese kuns bespreek word ten einde ŉ begrip te ontwikkel van wat dit behels.

## 3.3 FORENSIESE KUNS

Kuns is tans besig om te ontwikkel in 'n spesialiseringsterrein wat die tradisionele veld van evaluasie en behandeling uitbrei (Cohen-Liebman 2003:168). Forensiese kuns integreer die terapeutiese kunspraktyk met forensiese ondersoeke, prosedures en standaarde. Dit word gebruik in die soeke na feite en is eerder ondersoekend van aard as terapeuties. Forensiese kuns gebruik kreatiewe uitdrukking in die versameling van inligting wat sentraal staan tot die ondersoekproses. Forensiese kuns is 'n hulpmiddel in die oplossing van geregtelike dispute (Cohen-Liebman 2003:168).

In die kliniese proses is die idee dat 'n misdaad wel plaasgevind het voldoende, terwyl in die forensiese proses is detail inligting onontbeerlik (Cohen-Liebman 2003:169-170). In die forensiese konteks is die taak gefokus om inligting te versamel, asook om te onderskei tussen die waarheid en die valsheid van feite (deur feitlike bewysmateriaal te bekom). In die terapeutiese konteks verskaf die terapeut weer ondersteuning en intervensie, gewoonlik nadat die ondersoekproses afgehandel is. Die bevestiging van gedagtes en gevoelens is 'n integrale deel van die kliniese proses, terwyl die forensiese proses weer gesentreer word rondom objektiwiteit, feite, en 'n soeke na die waarheid. Forensiese praktyke word regeer deur etiese en geregtelike aspekte wat uitgebrei word tot die insameling en preservering van data (Cohen-Liebman 2003:169).

Forensiese kuns is die enigste kunsprofessie waar die kunswerk swak, onvoltooid, oppervlakkig en vol foute gedoen mag word (Gibson 2008:1-2). Die kunswerk word volmaak tot die mate waartoe dit'n  suksesvolle uitkoms genereer; dit maak nie saak hoe swak die kunswerk daaruitsien nie, as dit help om die oortreder te identifiseer dan word die kunswerk as volmaak gesien. 'n Forensiese skets het dus 'n utilitêre doel en die slagoffer-kunstenaar hoef nie bekommerd te wees oor die estetiese waarde van die kunswerk nie. Ondersoekers is bewus van die feit dat die kunswerk nie "perfek" hoef te wees om hulle te help om die oortreder te individualiseer nie (Gibson 2008:1-2).

Met forensiese kuns is die fokus dus hoofsaaklik gerig op die simboliese voorstelling van die slagoffer, oortreder, misdaadtoneel, ensovoorts. Forensiese kuns sluit dus verder aan by die simboliese interaksionistiese benadering waardeur sekere inligting op 'n simboliese wys tydens die strafregplegingsproses aan ander oorgedra word. Dit sluit ook verder aan by Freud se

beskouing dat die mens ook kan kommunikeer deur middel van ŉ nie-verbale kommunikasie-sisteem. In die verband kommunikeer die forensiese kuns deur middel van sketse en diagramme op ŉ nie-verbale vlak. Verder kan die forensiese kunswerke ook beskik oor hoë kognitiewe inhoud wat vanuit ŉ fenomenologiese perspektief van belang is ten einde die objektiewe en subjektiewe boodskappe te verstaan wat die slagoffer deur middel van die kunswerk wil oordra.

### 3.4 GEBRUIK VAN TERAPEUTIESE OF FORENSIESE KUNS

Die navorsing is daarop gerig om nuwe tegnieke te ondersoek vir die bemagtiging van misdaadslagoffers deur die gebruikmaking van forensiese kuns. Die vraag kan dus gevra word, Kan kuns effektief aangewend word tydens krisisingryping en die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers? Volgens Barber (2004:1) kan enige persoon gebruik maak van kuns as terapie, insluitend persone wat onder druk verkeer, persone wat algemene stres ervaar en oorwerk is, persone met verstandelike gesondheidsprobleme, persone met leer probleme, kinders wat probleme ervaar met die inskakeling in skole, kinders wat persoonlike huislike probleme het, asook persone wat geen probleme ervaar nie maar wat graag hulle eie innerlike self wil eksploreer (Barber 2004:1). Die kreatiewe proses van kuns kan regdeur ŉ persoon se lewe gebruik word om met ŉ persoon te werk; van die kinderjare af tot en met bejaardheid (Malchiodi 2005:35).

Terapeutiese kuns vereis nie ŉ kunstige agtergrond of talent vanaf die kliënt se kant af nie en gevolglik kan enige persoon gebruik maak daarvan (Barber 2004:2). Die kunsterapeut lei die persoon of groep en offer ondersteuning en leiding. Kliënte word ook die geleentheid gebied om met verskillende kunsmediums te werk, soos verf en klei (Barber 2004:2).

In teenstelling met terapeutiese kuns word forensiese kuns toegepas buite die grense van kliniese praktyke (Cohen-Liebman 2003:168-169). Kliënte word verwys deur ŉ sisteem wat betrokke is in geregtelike geskille, of hul betrokkenheid is deur ŉ ondersoekende proses saam met wetstoepassingsbeamptes, staatsaanklaers, ensovoorts. Die kliënte neem dikwels onwillekeurig deel aan die proses en hulle kan deur die hof of ŉ ondersoekende liggaam gedwing word om deel te neem aan die onderhoud of evaluasie. Die forensiese kunsterapeut neem nie die rol van die verdediging of die aanklaer aan nie, maar staan neutraal en objektief. Die proses en resulterende informasie word deurgegee aan die ondersoekspan en die bevindinge kan aan ŉ hof voorgelê word, wat kan vereis dat die persoon wat die inligting

versamel het moet getuig. Dit vereis weer die kennis van geregtelike prosedures, die wet, uitgewysde sake, en etiese aspekte (Cohen-Liebman 2003:168-169).

Hieruit kan dus afgelei word dat forensiese kuns, sowel as terapeutiese kuns, aangewend kan word tydens krisisingryping en die berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers ten einde inligting te bekom en dit kan ŉ bydrae lewer om die slagoffers van geweldsmisdaad te emansipeer. In hoofstuk vyf sal daar met behulp van gevallestudies gedemonstreer word hoe die navorser gebruik gemaak het van kuns tydens krisisingryping en trauma-berading ten einde die misdaadslagoffers te emansipeer.

## 3.5 DIE TERAPEUTIESE WAARDE VAN KUNS

Soos reeds vermeld, in hoofstuk een, bestaan daar tye wanneer persone so oorweldig word deur gebeure wat hulle ervaar het dat hulle nie daartoe instaat is om oor die gebeure te reflekteer of om dit te prosesseer nie, met die gevolg dat die persone die gebeure nie kan internaliseer in ŉ ervaring wat betekenis vir hulle het nie (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113). Die persone is in die toestand nie daartoe in staat om oor die gebeure te dink nie en gevolglik kan hulle die gebeure nie simboliseer nie. Hulle ervaar die wêreld op ŉ konkrete, twee-dimensionele en subjektiewe manier. Die gebeure kan dan herleef word as "ikoniese" beelde wat gepaard gaan met die fisiese sensasies van die oorsprongklike ervaring (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113).

Die sentrale tema van trauma terapie en berading is om ŉ basis te verskaf waarin traumatiese gebeurtenisse kognitief en emosioneel gesimboliseer kan word, sodat assimilasie kan plaasvind (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113). Terapeutiese tegnieke, wat simboliese realisering aanmoedig, help om alternatiewe sienwyses te ontwikkel en dit dra by tot die herstelproses (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113). In hoofstuk twee was die simboliese-interaksionistiese benadering bespreek en was daar dan ook daarop gewys gewees dat die mens op ŉ simboliese vlak dit kan kommunikeer wat hulle nie verbaal kan weergee nie. Daar was ook daarop gewys dat simboliese kunstenaars na binne kyk ten einde hulle subjetiewe ervarings objektief uit te beeld of te eksternaliseer. In hoofstuk vyf sal daar gelet word op die simboliese voorstelling wat misdaadslagoffers gebruik in hulle kuns ten einde die misdaadgebeure uit te beeld.

Steele (2003:141) wys verder daarop dat die eksternalisering van die narratief in ŉ visuele representasie van die elemente van die traumatiese ervaring en die kognitiewe herstrukturering van die ervaring in iets wat meer hanteerbaar is en dus die doelstellings is van

suksesvolle trauma-intervensie. Teken is 'n kritiese komponent van herblootstelling aan die trauma insident en die vertelling van die trauma narratief. Die belangrikste komponente vir trauma intervensie met kinders is dan ook (1) herblootstelling aan die trauma herinneringe en ervarings, (2) die vertelling van die trauma narratief en (3) kognitiewe herstrukturering (Steele 2003:141). Daar sal in hoofstuk vyf gelet word op hoe kuns gebruik kan word vir herblootstelling aan die trauma gebeure die vertelling van die trauma narratief en kognitiewe herstrukturering.

Die "oorgangspasie" word beskou as die bron vir die kreatiewe proses (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113-114). Dit is in dié spasie waar simboliek tel en kommunikasie mootlik is, en deur middel van dié interaksie word die vermoë geskep om self-refleksie te kan doen. Die verlies aan die vermoë om te kan reflekteer, simboliseer, of te speel, laat 'n persoon dikwels met gevoelens van akute eensaamheid. Hoë vlakke van angs en ongemak kan persone se verstandelike denke benadeel. Die verskaffing van 'n houer, kunsmateriaal, en die geleentheid om hulle denke weer te vind, kan persone help om die mees vreesagtige aspekte van 'n insident in die gesig te staar (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113-114). Die benadering toon hoe die psigo-analitiese perspektief aangewend kan word deur kuns te gebruik om interne angs en konflikte in 'n persoon se psige op te los.

Persone wat mishandel was tydens hulle kinderjare, het gevind dat die uitdrukking van hulle gevoelens deur kuns help om die pynvolle herinneringe op te los en te verlig, selfs al bly daardie herinneringe in die geheue (Spencer 1997:4). Hulle het dus nie nodig gehad om herhaaldelik te probeer om die persoon wat hulle mishandel het te laat erken dat hy of sy hulle mishandel het nie en die persone hoef ook nie om verskoning te vra vir hulle gedrag nie. Die skepping, aanskouing, asook gesprekvoering met hulle kunswerke het die slagoffers daartoe in staat gestel om persoonlike insigte te verkry wat hulle pyn laat verminder het. Wanneer 'n persoon inter- reageer met sy kuns is dit asof die pyn van die persoon se ervarings verminder word; die herinneringe verdwyn nie maar die pyn wat daarmee geassosieer word, verminder (Spencer 1997:4). Die benadering stem dan ook ooreen met die fenomenologiese perspektief waardeur kuns aangewend kan word om 'n persoon te help ten einde die subjektiewe betekenisse van sekere ervarings te verstaan. In hoofstuk vyf sal daar gelet word op hoe een slagoffer haar gevoellens ten opigte van mishandeling tydens haar kinderjare in haar kuns uitgebeeld het en hoe dit haar gehelp het om die pyn wat sy daarmee geassosieer het, te verminder.

Kreatiwiteit kan 'n persoon se innerlike wêreld weerspieël (Spencer 1997:5) en dit kan tot intensionele of nie-intensionele, bewustelike of onbewustelike konfrontasies lei in 'n persoon.

Wanneer dit gebeur vind heling of herstel plaas. Kuns laat 'n persoon toe om van 'n geïsoleerde krisismoment te beweeg na 'n staat van kuns as onderhouding. Met ander woorde, die persoon leer om deur kuns uiting te gee aan sy of haar gevoelens sodat wanneer die staat van innerlike spanning te hoog raak, kan hy of sy die staat van ekwilibrium bereik deur uiting te gee aan hulle gevoelens in kuns (Spencer 1997:5). In hoofstuk vyf sal daar gelet word op een gevallestudie waardeur die misdaadslagoffer haar persoonlike binnewêreld weerspieël het in haar kuns. Daar sal ook gelet word op hoe dit die persoon gehelp het om haar viktimisasie te oorkom en te herstel.

Kuns kan gebruik word om die hede, verlede en toekoms in konteks te plaas (Kalmanowitz & Lloyd 2005:114). Vir baie persone is dit moeilik en selfs onmoontlik om terug te kyk na die verlede of om vorentoe te kyk na die toekoms toe. Kuns kan 'n persoon help om daaroor na te dink en om ander alternatiewe te oorweeg. Dit verskaf ook 'n spasie waarin 'n persoon weer kan asemhaal (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113). Kuns kan dus moontlik ook met getraumatiseerde misdaadslagoffers aangewend word ten einde dit vir hulle makliker te maak om terug te kyk na die gebeure in hulle verlede of om vorentoe te kyk na hulle toekoms. In hoofstuk vyf sal daar gekyk word na 'n gevallestudie waar die navorser gebruik gemaak het van die tegniek waardeur die slagoffer haar verlede en haar toekoms simbolies moes uitbeeld en hoe dit die persoon gehelp het.

Kuns kan gebruik word om lewensprobleme soos 'n lae selfbeeld of aggressie op te los (Spencer 1997:5). Nuwe kundighede kan moontlik gemaak word deur kuns en kreatiwiteit en nuwe bronne van inligting en krag kan beskikbaar gestel word. Daar bestaan ook die geloof dat die donker aspekte van 'n persoon meer toeganklik gemaak word deur die simboliese interaksie in kuns (Spencer 1997:5).

Ten einde 'n beter begrip te ontwikkel van hoe kuns die herstelproses van trauma kan aanhelp, gaan daar vervolgens gelet word op die uitwerking wat kuns en trauma op die die brein het. Aandag sal geskenk word aan die rol wat die brein speel in die mens se ervaring van trauma en die breinstrukture wat betrokke is in die mens se verwerking van trauma.

Die invloed wat visuele beelde op die brein uitvoer sal bespreek word en daar sal ook aandag geskenk word op die wyse wat die brein eksterne stimulis kan uitbeeld in visuele beelde. Die invloed wat kleur op die brein uitoefen sal bespreek word ten einde te verstaan wat die rol van kleur kan speel in misdaadslagoffers se kuns. Aandag sal ook geskenk word aan hoe die brein traumatiese gebeure berg in die geheue.

Die gevolge van breinskade op kunstenaars se kuns sal bespreek word omrede dit moontlik ŉ invloed kan uitoefen in hoe misdaadslagoffers se kuns geinterpreteer word. Dit moet ingedagte gehou word dat misdaadslagoffers breinskade kan opdoen tydens ŉ misdaadvoorval en dat dit langtermyn gevolge vir die misdaadslagoffer kan inhou. Breinskade kan ŉ belangrike rol speel in die tipe intervensie wat so ŉ misdaadslagoffer ontvang en die wyse waarop so ŉ misdaadslagoffer uiteindelik bemagtig word.

## 3.6 DIE NEUROLOGIESE UITWERKING VAN KUNS OP DIE BREIN

In die vorige afdeling was daar gelet op die terapeutiese waarde van kuns vir getraumatiseerde misdaadslagoffers en hoe dit ineenskakel met van die geesteswetenskaplike benaderings. Die afdeling sal verder aansluit by die aanwending van kuns as ŉ terapeutiese of forensiese tegniek in die geesteswetenskaplike benaderings deur te fokus op die biologiese konteks van die biopsigofisiologiese benadering omrede die brein deel is van die biologiese strukture van die liggaam.

Die kunste het, histories gesproke, ŉ assosiasie met die sosiale wetenskappe teengestaan (Malchiodi 2003:16). Huidiglik bestaan daar debatte om die idees of kunstige talente ŉ refleksie van inherente biologiese kapasiteite is, en of kuns die gekombineerde gevolg is van inherente biologiese kapasiteite, opleiding en oefening (Zaidel 2005:18-19). Artistieke talente is nie universeel aan almal geskenk nie; in enige gegewe samelewing, regdeur die wêreld, is daar net enkele individue wat oor merkwaardige artistieke talente beskik. Dit impliseer dat talente ondergeskik is aan neorologiese sisteme wat ontstsaan het met geboorte (Zaidel 2005:18-19).

Onlangse wetenskaplike bevindinge aangaande hoe visuele beelde emosies, denke, gedagtes en algemene welstand beïnvloed en hoe die brein en liggaam reageer op die ervaring van om te teken, skilder, of om ander kunstige aktiwiteite te beoefen, verduidelik hoekom terapeutiese kuns effektief kan wees in ŉ groot verskeidenheid van populasies (Malchiodi 2003:16-17). Die neurowetenskappe wat die studie van die brein en sy funksies behels, is besig om vinnig die benaderings van psigoterapie en ander terapeutiese benaderings te beïnvloed. Soos wat nuwe tegnieke wetenskaplikes toelaat om die brein en ander neurologiese en psigologiese funksies in die liggaam te bestudeer, word al hoe meer geleer aangaande die verband tussen die brein en die liggaam. Die verwantskap tussen die neurowetenskap en kunsterapie is belangrik omrede dit wye implikasies tot gevolg kan hê. Die belangrikheid van wetenskaplik-orienteerde praktyke

in die gebruik van kuns as terapie, die invloed van die neurowetenskappe, en die belangrikheid van verstand en liggaameenheid betreffende verstandelike beelde en artistieke aktiwiteite, word onderskryf. Die wetenskap behoort uiteindelik te verklaar hoe kuns as terapeutiese tegniek eintlik werk en hoekom kuns 'n kragtige terapeutiese tegniek is (Malchiodi 2003:16-17).

Die brein verwerk sensoriese inligting wat vanaf die sintuie ontvang word en dit gee aanleiding tot die ontstaan van kognitiewe en emosionele response (Zaidel 2005:172). Hoe die brein funksioneer en hoe dit emosies, denke, en gedrag beïnvloed is dus belangrik om te verstaan in die behandeling mense se ervarings soos byvoorbeeld traumatiese gebeurtenisse, post-traumatiese stres, en ander fisiese siektes (Malchiodi 2003:18-22). In die visuele kunste is dit egter krities om die gesondheid van die kunstenaar se sensoriese organe soos die oë en visie in ag te neem, veral met die beoordeling van aspekte soos kleur en duidelikheid in die kunswerke van die kunstenaar (Zaidel 2005:19)

Sekere tipes navorsing is veral belangrik ten opsigte van kuns as 'n terapeutiese tegniek. Die areas wat van belang is, behels onder andere, beelde en beeldvorming, die fisiologie van emosies, die gehegtheidsteorie, en die plasebo-effek (Malchiodi 2003:18).

### 3.6.1 *Beelde en beeldformasie*

Die navorsing fokus in 'n groot mate op die simbole wat in misdaadslagoffers se kuns voorkom en gevolglik is dit belangrik vir die doeleindes van die navorsing om die invloed van visuele beelde op die brein te ondersoek. Die afdeling sal dan ook aansluit by die biopsigofisiologiese benadering in hoofstuk twee omrede dit fokus op die invloed wat eksterne beeld uit die omgewing op die mens se kognisies, emosies en denke kan hê. Verder sal die afdeling ook aansluit by Freud se psigo-analitiese benadering omrede daar gefokus sal word op die onbewuste uitwerking wat beeldformasie op die brein het.

Dit is logies dat visuele stimulis 'n invloed uitoefen op hoe 'n persoon voel en reageer (Malchiodi 2003:18). Hier kan gedink word aan die emosies wat ontlok word by 'n persoon wanneer hy of sy verby 'n ernstige motorongeluk ry of 'n mooi son ondergang sien. Visuele beelde kan sensasies van plesier, vrees, angs of kalmte veroorsaak en dit is ook reeds bevind dat beelde 'n persoon se gemoed kan verander en selfs 'n gevoel van gemoedsrus skep. Daar is ook bewyse gevind dat visuele beelde 'n geweldige biologiese, fisiologiese en psigologiese impak op mense se liggame kan hê. Eenvoudige eksperimente het getoon dat 'n aangename stimulus byvoorbeeld pasiënte se verblyf in hospitale kan verkort (Malchiodi 2003:18).

Kuns skep ŉ brug tussen die liggaam en verstand; tussen bewuste vlakke van inligting-verwerking en die onbewuste fisiologiese veranderinge in menslike liggaam (Malchiodi 2003:18). Eksperimentele begeleide verbeeldingsvlugte waartydens die persoon gelei word deur ontspanningsprosesse, opgevolg deur suggesties om spesifieke beelde te visualiseer, was al gebruik om sekere liggaamlike en verstandelike simptome te verminder, gemoedstemmings te verander, en om die liggaam se herstellingsprosesse te versnel. Die toepassing van die beginsels van verstandelike beeldvorming en begeleide verbeelding, was al in baie verskillende toestande gebruik om met mense te werk, soos onder andere, kanker pasiënte, trauma pasiënte, ensovoorts (Malchiodi 2003:18).

Die neuro-wetenskappe is tans besig om te verklaar hoe verstandelike beeldvorming en verbeelding in die brein werk en watter gedeeltes van die brein betrokke is by beeld vorming (Malchiodi 2003:18). Dit is reeds bevind dat die visuele korteks van die brein op die selfde manier ge-aktiveer word wanneer ons beelde sien en wanneer ons sekere beelde in ons verbeelding visualiseer; gevolglik reageer ons liggame op verstandelike beelde (verbeelding), asof dit werklike beelde is. Die verstandelike beelde (verbeelding) sluit ook al die ander sensoriese modaliteite in naamlik: die visuele, ouditoriese, olfaktoriese en somatosensoriese modaliteite. Verder word die beelde ook nie net in een gedeelte van die brein gestoor nie maar daar is verskeie areas van die brein betrokke by beeld formasie, berging en herwinning (Malchiodi 2003:18).

Die voortdurende uitbreiding van die kennis van hoe die mens se brein se verskillende hemisfere werk, asook hul interaksie met mekaar, het ook bygedra tot die verstaan van verstandelike beelde en die skepping van kuns (Malchiodi 2003:18-19). Dit was voorheen aanvaar dat die linker en die regterbrein verskillende funksies gehad het. So was die siening dat die linkerbrein die kern was van intuïsie en kreatiwiteit, terwyl die regter brein die kern was van logiese denke en taal (Malchiodi 2003:18-19). Dit is egter bevind dat beide hemisfere betrokke is by die skepping van kuns en dit is bewys deur persone wat skade aan sekere gedeeltes van die brein gehad het (Zaidel 2005:6). Die siening tans is dat die hele brein betrokke is by die skepping van kuns (Zaidel 2005:18).

Daar is ook verbande gevind tussen taal en sekere bewegings in die tekenproses (Malchiodi 2003:18-19). Eenvoudige tekeninge behels komplekse interaksies tussen verskillende gedeeltes van die brein (Malchiodi 2003:18-19). Van die neurologiese funksies wat gebruik word in die skepping van kuns behels onder andere beplanning, motoriese beheer, konseptualisering, hand en oog köordinasie, hippokambiese formasie, die pariëntale lobbe, lang- en korttermyn geheue,

semantiese kennis van die wêreld, emosie, globale en gedetaileerde waarneming, volgehoue aandag, die beheer van ruimte en betekenis, sowel as nog ŉ wye verskeidenheid van neurologiese netwerke (Zaidel 2005:6).

Verstandelike beeldvorming en fisiese beeldvorming is belangrik in alle vorme waar kuns gebruik word as ŉ terapeutiese proses, omrede dit die persoon toelaat om hulle gevoelens te herstruktureer, te reageer op ŉ ervaring of gebeurtenis, en om te werk aan emosionele en gedragsveranderinge (Malchiodi 2003:19). In kontras met verstandelike beelde, laat die skeppende proses die persoon toe om aktief iets uit te probeer, of om ŉ gedagte uit te toets deur dit te teken, skilder, of ŉ 'collage' (versameling prente of voorwerpe) daarvan te maak (Malchiodi 2003:19).

In hoofstuk vyf sal daar in die gevallestudies gekyk word na hoe misdaadslagoffers hulle verstandelike beelde uitdruk in die kunswerke wat hulle skep. Daar sal ook gelet word op die reaksies wat hierdie kunswerke by die slagoffers ontlok en hoe die kunswerke aangewend kan word om misdaadslagoffers se gevoellens te herstruktureer om emosionele en gedragverandering daarmee saam teweeg te bring.

### 3.6.2 *Die gehegtheidsteorie*

Soos reeds vermeld kan traumatiese misdaadgebeuretenisse die mens op verskeie maniere benadeel. Die moontlikheid bestaan ook dat traumatiese misdaadgebeuretenisse ouers en kinders se verhoudinge ernstig kan benadeel. Gevolglik is dit vir die navorser van belang om te let op maniere waarop ouer en kind verhouding herstel kan word deur gebruik te maak van kuns en vorm dit ook deel van die doelstellings van die navorsing omrede dit ook kan bydra tot die emansipasie van ouer en kind misdaadslagoffers.

Gehegtheid is ŉ ingebore sisteem van die brein wat ontwikkel op maniere wat ŉ invloed uitoefen op die organisering van die motiverings, emosionele en geheue prosesse met betrekking tot belangrike versorgingspersone (Malchiodi 2003:19). Na geboorte ontwikkel die versorger en die kind interaksies wat belangrik is in die proses van affektiewe regulering. Aangesig-tot-aangesig kontak en strelende aanraking is maniere waarop die kind leer om te reageer op stimulasie van ander persone en ervaringe (Malchiodi 2003:19).

Suksesvolle gehegtheid word gesien as krities vir die optimale ontwikkeling van sekere gedeeltes van die brein (Malchiodi 2003:19). Gesonde gehegtheid tussen die versorger en die kind, maak die pad oop vir die individu om sy kapasiteit vir selfregulering van stimulerende

ervaringe te ontwikkel. Vroeë kindergehegtheid word ingeprent in die brein en lê die fondasie vir verhoudingspatrone later in die lewe. Wanneer trauma teenwoordig is, word die inprenting op die brein verander, maar dit kan reggestel word deur die gepaste intervensie (Malchiodi 2003:19).

Die neurowetenskappe toon dat die kindertyd nie die enigste stadium is waar persone gesonde gehegtheid kan aanleer nie en dit lyk of daar sleutel maniere is waarop vroeë ervarings geherskep en herstel kan word (Malchiodi 2003:19-20). Kuns is een manier waarop gesonde maniere ondersoek kan word om gesonde gehegtheid te bewerkstellig, deur gesonde interaksie tussen die ouer en kind aan te moedig. Kuns word tans gebruik in kindergehegtheidsprogramme waar eenvoudige tekenoefening gebruik word om verhoudingsprobleme op te los en ouer-kind verbande te versterk. Die nie-verbale dimensie van kuns-aktiwiteite tap vroeë verhoudingstoestande, voordat woorde dominant was, en dit laat die brein toe om meer produktiewe verhoudingspatrone te bewerkstellig (Malchiodi 2003:19-20).

Dit word aanvaar dat die kind-versorger verhoudinge deur die regterbrein verwerk word omrede die regterbrein vinniger ontwikkel in die vroeë kinderjare (Malchiodi 2003:20). Die waarneming was ook gemaak dat die regterbrein emosionele stimulasie benodig vir ontwikkeling, en die linkerbrein benodig weer blootstelling aan taal. Verder word daar ook aangetoon dat die regterbrein uitgedruk word op nie-verbale metodes, soos om prente te teken of om prente te gebruik om emosies uit te druk. Gevolglik kan kuns 'n belangrike modaliteit wees ten einde te kan werk met verhoudingsprobleme, soos onder andere, emosionele versteurings en ervarings (Malchiodi 2003:20).

### 3.6.3 *Die fisiologie van emosies*

In hoofstuk twee was die kognitiewe, biologiese, gedrags en emosionele simptome wat met trauma gepaardgaan bespreek. Daar was daarop gewys dat traumatiese misdaadinsidente misdaadslagoffers biologies, psigologies en emosioneel ernstig kan benadeel. Die werking van die fisiologie vir die opwekking van emosies is dus volgens die navorser van belang ten einde te kan verstaan hoe die breintrauma verwerk en hoe dit misdaadslagoffers kan affekteer. Hoe die breintrauma verwerk kan weer verder belangrik wees wanneer misdaadslagoffers intervensie ontvang vir die simptome wat hulle ervaar as gevolg van die trauma van ernstige geweldsmisdade. Die verwerking van trauma deur die brein kan moontlik ook die emansipasieproses van slagoffers van geweldsmisdaad positief of negatief beinvloed.

Die liggaam is ʼn spieël is van ʼn persoon se emosies (Malchiodi 2003:20). Wanneer ʼn persoon angstig is, sweet sy, of haar handpalms sweet, en word die persoon wit in die gesig; wanneer ʼn persoon bloos, word die persoon rooi in die gesig, ensovoorts. Kuns reflekteer die innerlike toestand van die kunstenaar deurdat dit sy talent, ondervinding, kreatiwiteit, ervaring, psigologie, kognisies en emosies ten toon stel (Zaidel 2005:171).


Visuele beelde affekteer die mens se emosies en verskillende dele van die brein word aktief wanneer ʼn persoon byvoorbeeld kyk na aangename of onaangename prente, of wanneer ʼn persoon verbeeldingsvlugte ervaar (Malchiodi 2003:20). Die sensasies wat ʼn persoon ervaar wanneer hy of sy na ʼn prent kyk behels kogniktiewe en fisiologiese reaksies (Zaidel 2005:172).

Beide emosionele en kognitiewe response ontstaan in die brein wat die inligting verwerk wat ontvang word vanaf die sensoriese organe (Zaidel 2005:172). Die gewaarwording van innerlike response in die liggaam is moontlik omrede die mens se ingewande verteenwoordig word in die somatosensoriese korteks van die brein. Die gewaarwording van ʼn gevoel aangaande ʼn sekere gebeurtenis of stimules reflekteer die veelvoudige aksies van die algemene opwekkingssisteem, die retikulêre aktiveringsformasie, die sisteem wat berokke is by aandag, ensovoorts (Zaidel 2005:172). Daar vind ook ʼn verskeidenheid van hormoon, kardiovaskulêre en neurologiese veranderinge plaas op sensoriese stimulus (Malchiodi 2003:20).

Die fisiologie van die brein is so kompleks dat die brein bewus kan wees van ʼn emosionele opwekking, sonder dat ʼn persoon bewustelik weet wat die oorsaak daarvan is (Malchiodi 2003:20). Die aangename of onaangename ervaring wat ʼn persoon het aangaande ʼn skildery sonder dat die persoon weet hoekom hy of sy die ervaring het, beteken nie noodwendig dat die persoon ʼn emosionele reaksie op die skildery het nie; die afwesigheid van woorde kan beteken dat die persoon wel ook ʼn emosioneel reaksie het. Die "nie-weet-hoekom-nie" toestand kan ook die gevolg wees van intelektuele prosesse. Selfs met suiwer intelektuele dinge word alles nie noodwendig net verstaan in woorde nie, of kan dit uitgedruk word in woorde (Zaidel 2005:172).

Trauma het al hoe meer aandag in die neurowetenskappe begin geniet omrede trauma nou gesien word as ʼn psigologiese en fisiologiese ervaring (Malchiodi 2003:20). Die argument is dat trauma ʼn tol eis op beide die liggaam en die verstand en gevolglik word afwykende gedrag uitgedruk in beide psigologiese en fisiologiese gevolge. Daar word ook daarop gewys dat die kern van trauma psigologies is en dat die liggaam telling hou van ʼn persoon se emosionele ervarings (Malchiodi 2003:20).

Alhoewel verskeie gedeeltes van die brein belangrik is in trauma, is die limbiese stelsel veral belangrik ten opsigte van oorlewingsinstinkte en reaksies (Malchiodi 2003:20-21). Die limbiese stelsel wat die hipotalamus, die hippokampus en die amagdala insluit, is veral belangrik ten einde traumatiese herinneringe te verstaan. Die limbiese stelsel speel 'n belangrike rol in die sensoriese herinneringe van stresvolle en traumatiese gebeurtenisse. Dit toon waarom uitdrukking deur die kunste 'n belangrike deel is van terapie, trauma-ontlonting en die psigologiese herstel proses(Malchiodi 2003:20-21).




**Figuur 3-1 Die limbiese stelsel in die brein**

*Die ligging van die limbiese stelsel wat die hipotalamus, hippokampus en amagdala insluit, in die brein en 'n belangrike rol speel in die kodering van traumatiese ervarings.* (http://normandy.sandhills.cc.ns.us/psy150/limbic.gif).

Omrede die kern van traumatiese ervarings fisiologies is, is die uitdrukking en die verwerking van die sensoriese herinneringe van die traumatiese voorval essensieel vir suksesvolle intervensie en resolusie (Malchiodi 2003:20-21). Kuns is ’n natuurlike sensoriese middel van uitdrukking omrede dit sensoriese modaliteite, soos hoor, ruik en voel, insluit in die kuns-ervaring. Deur te teken en ander kunstige aktiwiteite te doen word die uitdrukking van die sensoriese herinneringe gemobiliseer op ’n wyse wat nie deur verbale onderhoude en intervensie gedoen kan word nie (Malchiodi 2003:20-21).

Kuns hou unieke voordele in deurdat dit die kapasiteit het om toegang te verkry tot ervarings, gedagtes en gevoelens wat deur ander tegnieke moeilik is om te bereik (Estrella in Malchiodi 2007:187). Daar hoef dus nie uitsluitlik gebruik gemaak te word van verbale taal of narratiewe gespreksvoering nie (Estrella in Malchiodi 2007:187).

Hoogs emosionele ervarings, soos trauma, word deur die limbiese stelsel gekodeer as ’n vorm van sensoriese realiteit (Malchiodi 2003:21). Vir ’n persoon om die traumatiese ervaring te verlig, moet dit gedoen word deur die sensoriese modaliteite. Die vermoë van die skeppende kunste om die sensoriese materiaal te tap, maak dit ’n doeltreffende middel in trauma intervensie. Spesifieke take, soos om dit te teken wat gebeur het (of ander onderwerpe), is effektief om die sensoriese modaliteite te tap en om verhale te genereer wat gewysig kan word deur kognitiewe herstruktureringstegnieke ten einde die langtermyngevolge van post-traumatiese stres te verminder (Malchiodi 2003:21).

### 3.6.4 *Traumatiese herinneringe*

Trauma was al beskryf as “die siekte van die geheue” (Kalmanowitz & Lloyd 2005:17). Indien ’n persoon nie daartoe in staat is om te onthou nie, of sy of haar verwysingsraamwerk verloor het, dan het daar ’n aanval op hulle geheue plaasgevind (Kalmanowitz & Lloyd 2005:17).

Herinneringe word gesien as ’n manier waarop vorige ervarings ge-enkodeer word in die brein en dit vorm ’n persoon se huidige en toekomstige funksionering (Kalmanowitz & Lloyd 2005:17). Areas van die brein wat betrekking het op geheue en emosionele response, kan beskadig word deur traumatiese ervarings. Die moontlikheid bestaan egter dat neuronale skade herstel kan word deur neuronale integrasie. Neuronale integrasie is ook fundamenteel tot emosionele herstel na ’n traumatiese voorval. Die neuronale integrasie kan plaasvind deur interpersoonlike verhoudings en deur speel (Kalmanowitz & Lloyd 2005:17).

Die wyse waarop geheue gestoor word, werp lig op die redes waarom kuns effektief aangewend kan word om getraumatiseerde persone te help (Malchiodi 2003:18-19). Daar bestaan twee tipes geheue naamlik eerstens, eksplisiete geheue wat bewustelik is en bestaan uit feite, konsepte en idees. Tweedens is daar implisiete geheue wat sensories en emosioneel is en verwant is aan die liggaam se geheue. Om 'n fiets te ry dien as voorbeeld van implisiete geheue terwyl die vermoë om die kronologiese volgorde van 'n gebeurtenis te vertel, weer 'n voorbeeld is van eksplisiete geheue (Malchiodi 2003:18-19).

Tans word daar gespekuleer dat post-traumatiese stres veroorsaak word wanneer herinneringe van die trauma uitgesluit word in die eksplisiete geheue (Malchiodi 2003:19-21). Traumatiese voorvalle veroorsaak ook probleme wanneer implisiete herinneringe wat uitgesluit word nie verbind word met eksplisiete herinneringe nie, en die individu het nie toegang tot die konteks waarin die emosies en sensasies ontstaan het nie. Kunstige uitdrukking kan help om 'n brug te skep tussen implisiete en eksplisiete herinneringe van 'n stresvolle voorval deur die fasilitering van 'n narratief. Hierdeur kan die persoon sy herinneringe eksploreer en ondersoek ten einde vas te stel hoekom dit so ontstellend is. Kunstige aktiwiteite kan die getraumatiseerde persoon help om gelyktydig te dink en te voel terwyl die persoon betekenis verskaf aan die traumatiese ervaring (Malchiodi 2003:19-21).

Van die navorsing se doelstellings is om ondersoek in te stel na die gebruik van kuns tydens krisisingryping en berading, ten einde misdaadslagoffers te emansipeer. Die navorsing sal in hoofstuk vyf met die gevallestudies ondersoek instel na die gebruik van kuns as 'n geheue aanwakkerings- en verfrissingstegniek. Kuns sal gebruik word om die misdaadslagoffers te laat dink aan die traumatiese gebeure en bewus te word van die gevoellens wat daarmee gepaardgegaan het, ten einde misdaadslagoffers te help om betekenis aan traumatiese misdaadervarings te verskaf.

Sensories-gebaseerde en beeldgebaseerde uitdrukking deur die kunste het dus iets unieks te offer (Estrella in Malchiodi 2007:187). Kuns kan as 'n nie-verbale tegniek gebruik word met persone vir wie dit nie moontlik is om verbaal te kommunikeer nie, byvoorbeeld as gevolg van 'n siekte toestand. Sensoriese/beeld-gebaseerde kommunikasie kan ook baie hulpvaardig wees in gevalle waar persone trauma ervaar het. Trauma herinneringe word nie georganiseer volgens 'n narratief nie, en getraumatieseerde persone kan aanvangklik nie die herinneringe rangskik in woorde of simboliese vorme nie. Die traumatiese ervarings word eerder gestoor as somatiese sensasies, emosionele swakhede, terugflitse, nagmerries, dissosiatiewe inklinasies en heruitlewing deur sekere tipes gedrag (Estrella, in Malchiodi 2007:187). In hoofstuk vyf sal daar

in die gevallestudies ondersoek ingestel word na hoe misdaadslagoffers se traumatiese ervarings simbolies in hulle kuns gekommunikeer word. Die gevallestudies sal aansluit by een van die doelwitte van die navorsing deur ondersoek in te stel na die gebruik van kuns as ŉ kommunikasiemedium vir getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Kreatiewe artistieke uitdrukking behels aksie (Estrella, in Malchiodi 2007:187). Deur die konkrete uitbeelding van beelde, simbole, verhoudings en gevoelens word eksplisiete simboliese verteenwoordigings van emosioneel-gelaaide idees gemaak. Die skakels tussen somatiese ervarings en affektiewe kennis word jare lank reeds benut deur kunsterapeute wat gebruik maak van kunstegnieke wat die affektiewe, kognitiewe en somatiese prosesse gelyktydig benut (Estrella, in Malchiodi 2007:188). Dit is juis die simboliese verteenwoordiging van emosionele gelaaide idees wat van belang is in ŉ forensiese konteks vir die navorsing. Die navorsing sal in hoofstuk vyf, in sekere van die gevallestudies die onderwerp van emosionele gelaaide idees wat simbolies uitgebeeld word, demonstreer. Daar sal by die navorsingsdoelwitte aangesluit word deur te let op die potensiële forensiese waarde van die emosioneel gelaaide simbole wat mag voorkom in misdaadslagoffers se kuns.

### 3.6.5 *Die plasebo-effek*

In die bio-psigofisiologiese benadering, wat in hoofstuk twee bespreek was, was die meta-fisiese konteks bespreek wat die belangrikheid van geloof of nie-geloof onderskraag het in die mens se soeke na sin in die wêreld. Die afdeling wat handel oor die plasebo-effek sal dus aansluit by bio-psigofisiologiese benadering omrede daar gefokus sal word op die krag van geloof. Die "krag van geloof" word dikwels na verwys as die plasebo-effek (Malchiodi 2003:21).

Die "krag van geloof" of die plasebo-effek is ŉ effektiewe verstands-liggaam intervensietegniek wat genesing kan verbeter (Malchiodi 2003:21). Terapeutiese kuns, net soos ander vorme van terapeutiese intervensie, kan die plasebo-effek aanhelp, omrede dit die individu se vertroue in die terapeut en die terapie behels. Dit verskaf verder ŉ plek vir herstel (die terapeut se spreekkamer of ateljee) en ŉ aktiwiteit (teken, skilder, ensovoorts) wat die persoon moet uitvoer. Die drie elemente (vertroue in terapeut, ŉ plek vir herstel en ŉ aktiwiteit) word oor die algemeen deur psigoterapie en medici erken dat dit die plasebo-effek aanhelp (Malchiodi 2003:21).

Dit is vir feitlik almal moontlik om die kalmte en vertroue te onthou wat hulle met geluk en gesondheid assosieer (Malchiodi 2003:21-22). Self wanneer ŉ persoon siek is, kan die persoon onthou van sy of haar herinneringe van gesondheid en dit kan die persoon se gevoel van gesond

wees verhoog alhoewel die persoon nog steeds ernstig siek is. Met trauma intervensie, kan die herroeping van 'n persoon se aangename herinneringe, die negatiewe herinneringe onderdruk en dit kan help om post-traumatiese stres te verminder, veral as 'n sensoriese herinnering van welstand ingesluit is. Eenvoudige kunsaktiwiteite, soos om gelukkiger tye te teken, wil voorkom om effektief te wees ten einde negatiewe herinneringe te verlig. Die sensoriese aktiwiteit van kuns dra daartoe by dat dieperliggende herinneringe en detail van die positiewe oomblik na vore kom (Malchiodi 2003:21-22).

Alhoewel die "krag van geloof" sentraal staan tot die plasebo-effek, kan daar ook ander faktore wees wat bydra tot genesing (Malchiodi 2003:22). Kuns fasiliteer genesing, omrede dit gebruik maak van nabootsing, 'n instinktiewe voor-verbale funksie van die brein, wat die basis vorm vir self-troosting en genesing. Kuns het 'n spesifieke potensiaal wat relatief is tot die selfgenesing van die liggaam as gevolg van die wyse waarop dit die brein affekteer (Malchiodi 2003:22).

Vir die doeleindes van die navorsing sal daar in die gevallestudies in hoofstuk 5 gewys word op hoe die plasebo effek aangewend kan word tydens krisisintervensie en die berading van getraumtiseerde misdaadslagoffers. Die navorsing sal verder wys op die potensiaal wat die plasebo effek kan hê ten einde misdaadslagoffers te emansipeer.

### 3.6.6 *Kleur en die brein*

Die afdeling sluit verder aan by die bio-psigofisiologiese benadering in hoofstuk twee wat handel oor die uitwerking wat die omgewingsfaktore op die mens kan hê. Kleure het hul eie unieke struktuur, eienskappe en uitdrukkingskwaliteite en dit staan in verhouding tot die mens se simboliese uitdrukking van die mens se ervarings (Betensky & Rubin 1995:68). Kleur kan emosies opwek en ontwrig, dit kan fassinerend, misterieus en kalmerend wees. Kleur dra en simboliseer emosies en gevoelsgelaaide gedagtes. Herinneringe en ervarings wat lank vergete was, kan weer na vore gebring word deur kleur en dit kan sekere gebeure weer rekonstrueer (Betensky & Rubin 1995:68).

'n Geweldige hoeveelheid visuele kuns word in swart en wit gedoen (Zaidel 2005:6-7). Verskeie kunstenaars is kleurblind gevolglik hoef daar nie met die gebruik van kleur gedink te word dat al die verstandelike modaliteite betrokke is by kleur soos wat die geval is by die skepping van kuns nie. Kleur het 'n uitlokkende effek by menslike persepsie, waardering en vestaan en dit het 'n groot betekenis in die natuur ook. Kleur dra by tot die kompleksiteit, abstraksie en skoonheid van die finale kunswerk. Kleur kan ook 'n subtiele aanduiding wees van die kunstenaar se begrip van die skildery (Zaidel 2005:6-7).

Dit is meer die verstand, as die oog, wat die visuele veld omvorm in koherente beelde (Zaidel 2005:7). Die gesondheid van ’n oog kan egter wel ’n impak hê op die algehele komposisie van ’n kunswerk. Die betekenis van ’n vorm word afgelei vanaf die langtermyngeheue waar inligting gestoor word, wat formeel en deur ervaring aangeleer was. Die realiteit word dus geskep vanuit die perspektief van die waarnemer (Zaidel 2005:7). Kunstenaars se kunswerke reflekteer hulle unieke persepsie van die wêreld en dikwels kan nie-artistieke waarnemers nie die kunswerk verstaan, waardeer of daarmee vereenselwig nie (Zaidel 2005:7). Die beskouing stem in die verband ooreen met die fenomenologiese benadering omrede die realiteit of betekenis van ’n kunswerk geskep word vanuit die perspektief van die waarnemer. Ten einde die ware betekenis van ’n kunswerk te verstaan, is dit nodig dat die persoon wat die kunswerk geskep het, die betekenis daarvan uitlê.

In die navorsing gaan die navorser in die gevallestudies in hoofstuk vyf ondersoek instel na die gebruik van kleur in misdaadslagoffers se kuns en wat die waarde van kleur vir die misdaadslagoffers is. Die navorser gaan verder ook let op die gebruik van kleur deur misdaadslagoffers wat moontlik aanduidend kan wees van die slagoffer se emosionele toestand na ’n traumatiese misdaadvoorval.

### 3.6.7 *Die uitwerking van breinskade op slagoffers se kuns*

Breinskade en ander liggaamlike skade kan die skeppingsproses van ’n misdaadslagoffer moontlik nadelig beinvloed. In die geval kan daar as voorbeeld gedink word aan ’n kunstenaar wat tydens ’n misdaadvoorval of enige ander trauamtiese gebeurtenis, ’n harde hou teen die kop gekry het en as gevolg van die hou is die kunstenaar dan verlam met die gevolg dat hy nie daartoe in staat is enige kuns te skep nie. Wanneer ’n berader of terapeut dan gebruikmaak van kuns in die beradingsproses, dan is dit volgens die navorser belangrik om te let op die invloed wat moontlike breinskade op ’n slagoffer se kuns mag hê.

Wat van belang is vir kriminoloë, sielkundiges en beraders ten opsigte van die berading en behandeling van getraumatiseerde misdaadslagoffers, is die invloed wat breinskade kan hê op die kunswerke van misdaadslagoffers. Vir die kriminoloog is dit van kardinale belang om te weet of ’n misdaadslagoffer moontlike breinskade opgedoen het as gevolg van ’n misdaad tydens die samestelling van ’n slagofferimpakverklaring of ’n voorvonnisevaluasie verslag. Verder moet die kriminoloog ook kan bewyse lewer van wat die gevolge is wat breinskade op ’n misdaadslagoffer gehad het. In die verband kan ’n misdaadslagoffer se kuns tesame met

sielkundige en neurologiese verslae ’n belangrike rol speel ten einde die effek van breinskade op ’n misdaadslagoffer te ondersoek, evalueer en te visualiseer.

Breinskade wat opgedoen was kan die waarnemingsproses en die aanleer van betekenis van visuele objekte of vorms benadeel (Zaidel 2005:6). Visuele agnosia kan onstaan as gevolg van breinskade en dit behels dat die individu die kennis van vorige bekende dinge verloor en gevolglik verloor die individu ook die betekenis van die dinge (Zaidel 2005:7). In die verband kan visuele agnosia dan moontlik veroorsaak dat ’n misdaadslagoffer die betekenis van sy of haar kuns voor ’n misdaadvoorval verloor en gevolglik kan waardevolle inligting verlore gaan wat van belang kon gewees het vir kriminoloë, sielkundiges, beraders en ander belanghebbende partye.

’n Persoon se talent en neurologiese chemikalieë in die brein kan ’n invloed uitoefen in die kreatiewe kuns van ’n persoon (Zaidel 2005:10). So moet dit in ag geneem word dat wanneer ’n persoon in ’n depressiewe gemoed is, waar die vlakke van die neurosender, serotonin, in die brein laag is, dan kan dit veroorsaak dat ’n persoon nie kreatief of produktief is nie. Verder is ’n wanbalans in neorosenders van die brein ook nie ’n voorvereiste vir kreatiewe uitdrukking nie (Zaidel 2005:10). Hieruit kan daar dus afgelei word dat ’n persoon se gemoedstoestand ’n groot rol kan speel wanneer kuns gebruik word in die beradingsproses. As ’n persoon dan uiters depressief is, dan kan dit veroorsaak dat die persoon se kunstigheid geïnhibeer word en dat die persoon onproduktief is. Hieruit kan afgelei word dat kuns moontlik nie met groot sukses aangewend sal kan word tydens krisisingryping en trauma berading as die misdaadslagoffers uiters depresief is nie.

## 3.7 KUNS AS ’n BERADINGSTEGNIEK VIR MISDAADSLAGOFFERS

In die vorige afdeling was daar gefokus op die invloed wat kuns en kleur op die brein speel en watter rol die brein speel in die hantering en verwerking van trauma. In die afdeling gaan daar gefokus word op die fasette van kuns wat aangewend kan word in die hantering van slagoffers van geweldsmisdaad ten einde die slagoffers te bemagtig en sluit dus aan by die hoof doelstelling van die navorsing.

Hierdie gedeelte sal verder aansluit by die navorsingsdoelwitte deur eerstens te let op die gebruik van kuns as ’n kommunikasiemedium. Vervolgens sal daar ondersoek ingestel word na die gebruik van kuns as ’n geheue-aanwakkerings tegniek omrede dit ’n belangrike rol kan speel

in herblootstelling aan die traumatiese misdaadgebeure wat nodig is vir die herstelproses van misdaadslagoffers. Kuns as geheue-aanwakkeringstegniek kan ook ’n belangrike rol speel in die forensiese kunste waar misdaadslagoffers sukkel om die misdaadgebeure te onthou. Verder sal daar ondersoek ingestel word na hoe kuns aangewend kan word in die selfaktualisering van misdaadslagoffers en hoe dit ’n bydrae kan lewer om misdaadslagoffers te bemagtig.

Soos reeds vermeld vind misdaad op ’n sensoriese vlak plaas en gevolglik is dit belangrik dat misdaadslagoffers op ’n sensoriese vlak gehanteer word. Gevolglik sal daar dan ook onderskei word tussen verbeeldingstyl en sensoriesestyl kunstenaars. Ondersoek sal ingestel word na die gebruik van simboliek in misdaadslagoffers se kuns en so sal daar aangesluit word by die simboliese-interaksionistiewe benadering wat in hoofstuk twee bespreek was. Wat van groot belang is in die konteks van simboliek is die rol wat argetipe simbole speel in misdaadslagoffers se kuns en watter rol dit kan speel as klagteversterkingshulpmiddel in ’n forensiese konteks. Deur te let op die rol wat argetipe simbole speel in misdaadslagoffers se kuns, sal daar ook aangesluit word by Jung se beskouing van ’n kollektiewe onbewuste wat gesimboliseer word deur argetipe simbole.

Die gebruik van kuns in die verwerking van krisistoestande, trauma, gevoellens van rou, dissosiasie en neurose wat misdaadslagoffers kan ervaar, sal ook bespreek word. Vervolgens sal daar gelet word op die algemene rol wat kuns kan speel in die herstelproses van misdaadslagoffers.

Die gebruik van kuns en verbeelding in die herstelproses kom voor in beide die Westerse en nie-Westerse kulture (Kalmanowitz & Lloyd 2005:6-8). Die geskiedenis van die geneeskunde wys daarop dat verbeelding nog altyd ’n integrale deel gevorm het van die herstelproses, ongeag van kulturele verskille of invloede. Kunspraktyke en -rituele is sentraal in die wyse waarop verskillende samelewings en kulture uiterste veranderinge en ontwrigtinge hanteer (Kalmanowitz & Lloyd 2005:6-8). Soos reeds vermeld in hoofstuk twee het Carl Jung ook bevind dat sekere simbole universeel voorkom; hy het dan ook daarna verwys as argetipe simbole. Die navorser beplan dan ook om ondersoek in te stel in hoofstuk vyf na die gebruik van argetipe simbole wat in misdaadslagoffers mag voorkom.

Deur artistieke uitdrukking kan gefragmenteerd dele van die self na vore gebring word om geevalueer en waargeneem te word (Baker in Garrick & Williams 2006:184). Deur die proses waar visuele dialoog geskep word deur kuns, kan die slagoffers van trauma konflikte oplos, persoonlike sterktes ontwikkel en onsigbare wonde genees (Baker in Garrick & Williams

2006:184). Volgens Spencer (1997:8) dien artistieke werk as ’n middel waardeur spanning of pyn uitgedruk kan word. Trauma kan ook dien as ’n inisieerder vir kreatiwiteit (Spencer 1997:8). Frued was ook soos reeds vermeld, ’n voorstaander daarvan dat innerlike konflikte na vore gebring kon word en opgelos kon word deur die gebruik van kuns in die psigo-analise.

Kuns as terapie, werk op verskillende vlakke, dit kan ’n bydra lewer tot self-aktualisering, dit is ’n vorm van artistieke uitdrukking, dit stimuleer kreatiwiteit, dit verlig psigiese spanning en trauma, kuns kan dissosiasie teëwerk, en dit kan ’n middel wees wat heling help bewerkstellig (Spencer 1997:8). Kuns skep ’n weg om slagoffers te bemagtig om oorlewendes te word (Baker in Garrick & Williams 2006:184), veral tydens trauma berading, word daar dus aangesluit by die doelstelling van die navorsing. Die benaderings sluit verder aan by die doelwitte van die navorsing omrede dit ’n alternatiewe benadering verskaf wat aangewend kan word saam met bestaande krisisintervensie en trauma beradingsmetodes.

Soos reeds aangedui werk kuns nie net op een vlak nie. Kuns werk, byvoorbeeld, op die bewuste en onbewuste vlak waar dit kan dien as ’n kommunikasiemedium, dit geheue kan aanwakker, dit selfaktualisering kan bevorder, ensovoorts. Die volgende afdeling sal die verskillende vlakke van menswees waarop kuns werk bespreek.

### 3.7.1 *Kuns verbeter kommunikasie*

Een van die doelstellings van die navorsing is om kommunikasieprobleme te oorbrug wat kan onstaan as gevolg van traumatiese gebeurtenisse, binne taal en kultuur verskille. Kuns reik uit oor verskillende kulture en skep ’n alternatiewe “taal” wat die effek van trauma verminder (Baker in Garrick & Williams 2006:184). Sigmund Freud was dan ook ’n voortsaander van die beskouing dat die mens kommunikeer deur ’n simboliese kommunikasiesisteem (soos uiteengesit in hoofstuk 2.2.2). Die siening bestaan ook dat die mens se behoefte om met die wêreld te kommunikeer ’n primitiewe motivering is vir kreatiwiteit (Spencer 1997:26).

Kunswerke kan dus ’n funksie wees van konstruktiewe aktiwiteite en nie net ’n funksie van regressie nie. Kreatiewe ervarings behels die vermoë om diep te kan voel en om dan die gevoelens los-staande te kan beskryf (Spencer 1997:26). Kuns verskaf ’n stem om dit te sê wat nie in woorde uitgedruk kan word nie (Baker in Garrick & Williams 2006:187).

Freud het (soos reeds vermeld in hoofstuk 2.2.1) in sy psigoanalise voorgestel dat simbole deur persone aangewend word om die onbewuste te ontbloot deur middel van vrye assosiasie. Kuns skep die geleentheid om “geheime” te vertel sonder vervolging en dit skep ’n veilige atmosfeer

waar persone kan herstel van hul traumatiese ervarings (Baker in Garrick & Williams 2006:184; Hagood 2000:158; Spencer 1997:8). Kunswerke kan persone help om te praat oor die probleme wat hulle ervaar (Hagood 2000:157). Terapeutiese kuns is veral geskik as'n vorm van nie-verbale kommunikasie met volwassenes om gevoellens, gedagtes en wêreldsienings oor te dra (Malchiodi 2007:35).

Die kunswerke kom na vore wanneer persone gereed is om verbale getuienis te lewer oor wat gebeur het (Baker in Garrick & Williams 2006:187). Die kunswerke toon die onbekende sy van 'n persoon se siel en dit genereer energie vir verandering. Kunswerke help om traumatiese gebeure te dokumenteer en dit valideer ook die gebeure vir die slagoffers. Deur die proses kan persone begin om te herstel van trauma (Baker in Garrick & Williams 2006:187)

Die kunstige ervaring is 'n waardevolle hanteringsmiddel vir individue, veral vir die wat normale gesondheid ontbreek (Spencer 1997:24). Persone met verswakte en/of nie-herstelbare fisiese beserings het kan soms hul ervarings nie verbaal uitdruk nie (byvoorbeeld persone met mond of keel beserings). Nie-verbale uitdrukking soos om te skryf of te teken kan die persone in staat stel om hulle gedagtes en gevoelens uit te druk. Kunstenaars is selde so ge-ïnkapasiteer dat hulle nie kan skilder nie, daar bestaan selfs 'n assosiasie vir mond en voet paraplegiese skilders wat hulle instaat stel om 'n inkomste te verdien (Spencer 1997:24).

Elke persoon het sy eie ervarings en gevolglik sien elke persoon 'n kunswerk op sy eie en unieke manier (Spencer 1997:29). Elke individu skep sy eie verhaal deur al sy lewenservarings saam te voeg op 'n betekenisvolle geheel. Mense beskik oor 'n wye verskeidenheid herinneringe van ervarings wat beide opwindend of traumaties kan wees. Sommige herinneringe kan persone gelukkig maak terwyl ander weer neerdrukkend kan wees (Spencer 1997:29). Dit is juis hierdie persoonlike ervarings wat volgens die navorser van groot belang mag wees vanuit 'n kriminologiese en juridies konteks. In hoofstuk vyf sal daar met die gevallestudies ondersoek ingestel word na hoe misdaadslagoffers hulle persoonlike ervarings kommunikeer deur hulle kuns.

### 3.7.2 *Kuns wakker geheue aan*

Die afdeling sluit aan by afdeling 3.6.3.1 van hierdie hoofstuk wat handel oor die manier waarop traumtiese gebeure in die brein gestoor word deur middel van implisiete en eksplisiete geheue. Daar was reeds melding daarvan gemaak dat kuns aangewend kan word om 'n brug te skep tussen die implisiete en die eksplisiete geheue en dat dit kan help om hulle geheue te verfris.

Die gebruik van kunsprosesse kan gevolglik slagoffers help om te onthou wat met hulle gebeur het (Hagood 200:157). Herinneringe stimuleer kuns en kuns stimuleer herinneringe (Spencer 1997:29). Die sensuele ervaring om te werk met kleur, tekstuur, reuke, klei en ander media, stimuleer kreatiwiteit. Die aktiewe betrokkenheid in beweging en observering stimuleer die kunstenaar en selfs die afspoel van ŉ verfkwas, kan ŉ herinnering stimuleer (Spencer 1997:29). Kuns bied verder ŉ permanente visuele rekord van ŉ persoon se bestaan in ŉ veranderende en onstabiele wêreld (Spencer 1997:8).

Tekeninge help ook kinders om emosionele voorvalle te verbaliseer deur angs te verminder, die kind gemakliker te laat voel, geheue herwinning te vergemaklik en narratiewe te organiseer (Malchiodi 2003:21). Kuns spoor kinders verder aan om meer inligting te vertel as met ŉ verbale onderhoud (Malchiodi 2003:21). Gevolglik kan kuns van groot waarde wees tydens onderhoudvoering en ondervraging van kinders.

Met kinders sowel as volwassenes, word trauma herinneringe deur middel van beelde ge-enkodeer omrede trauma op ŉ sensoriese vlak plaasvind (Steele 2003: 142-146); gevolglik is dit belangrik om op ŉ sensoriese vlak in te gryp. Verder moet die persoon wat die berading doen nie probeer om die tekening te analiseer nie; die persoon wat die prent geteken het, moet self die betekenis daarvan uitlê. Herblootstelling aan die trauma voorval kan by kinders en volwassenes bereik word deur kuns. Deur te teken wat gebeur het, kry die persoon ook die geleentheid om dit wat gebeur het visueel uit te beeld en dit help met die vertelling van die verhaal van wat gebeur het. Dit maak nie saak wat die persoon teken of hoe die persoon teken nie; wat van belang is dat die persoon teken, veral kinders. Dit is die psigomotoriese aktiwiteit van om te teken wat die sensoriese herinneringe van die trauma voorval ontlok (Steele 2003: 142-146). Trauma slagoffers se kuns kan ook gesien word as sensoriese styl-tipe kunstenaars. Daar sal later in die hoofstuk ŉ onderskeid getref word tussen sensoriese styl en verbeeldingstyl kunstenaars (in afdeling 3.7.4.1).

Elke persoon het sy eie ervarings en gevolglik sien elke persoon ŉ kunswerk op sy eie en unieke manier (Spencer 1997:29). Elke individu skep sy eie verhaal deur al sy lewenservarings saam te voeg op ŉ betekenisvolle geheel. Mense beskik oor ŉ wye verskeidenheid herinneringe van ervarings wat beide opwindend of traumaties kan wees. Sommige herinneringe kan persone gelukkig maak terwyl ander weer neerdrukkend kan wees (Spencer 1997:29). Gevolglik beklemtoon dit die beskouing van uitgangspunt van die fenomenologiese perspektief dat die persoon wat die kunswerk geskep het self die kunswerk moet ontleed en interpreter.

Vanuit ’n forensiese perspektief kan die gebruik van kuns om misdaadslagoffers se geheue aan te wakker van belang wees omrede dit moontlik daartoe kan aanleiding gee dat nuwe feite, of aspekte van ’n misdaad, aan die lig kom waarvan die slagoffer moontlik vergeet het. Dit kan weer daartoe lei dat die ondersoekproses in ’n nuwe rigting gestuur word of dat sekere inligitng bevestig of weerlê word.

### 3.7.3 *Kuns en self-aktualisering*

Self-aktualisering beteken om aan te pas by verandering deur gebruik te maak van ’n persoon se potensiaal, sy buigsaamheid, of om te kyk vir ander en nuwe maniere vir die persoon om hom/haarself te wees, en of te word wat sy/haar potensiaal is (Spencer 1997:29). Hoe meer kreatief ’n persoon se houding is, hoe meer aktualiseer ’n persoon sy potensiaal. Hoe meer self-aktualiserend ’n persoon word, hoe meer medelydend word die persoon (Spencer 1997:29). Selfbeeld kan verbeter word deur kuns te inkorporeer in groepsessies (Hagood:158). Kuns word gesien as ’n middel om lewenstake te hanteer en artistieke uitdrukking skep ’n balans vir ’n persoon se gedagtes, gevoelens en ervarings (Spencer 1997:8). Soos reeds vermeld kan geweldsmisdade slagoffers se lewens geweldig omver gooi en vêrrykende implikasies vir hulle inhou. Gevolglik kan self-aktualisering die slagoffers ook moontlik help om bo die probleme uit te styg wat hulle ervaar as gevolg van hul viktimisasie.

Deur ’n ervaring vas te vang in kuns, word die ervaring uitgelig uit ’n moeras van misverstande (Spencer 1997:8). Artistieke uitdrukking, fasilliteer hierdie uitligtings proses deur die persoon se innerlike gevoelens te projekteer in ’n simboliese representasie op ’n doek, papier of in ’n beeld. Die proses kan lei tot persoonlike transformasie en self-aktualisering (Spencer 1997:8). Selfaktualisering sluit gevolglik aan by die beskouing van die psigo-analiste dat kuns kan help dat innerlike konflikte opgelos kan word deur die gebruik van kuns.

Omrede kuns toegang tot die onbewuste stimuleer, kan kuns fasiliterend wees tot die eksplorasie van die persoon se innerlike wêreld (Spencer 1997:20 & 21). In suksesvolle kuns en meditasie, word die vraag, Wie is ek? geantwoord. Self-aktualiserende kuns is iets wat alle aspekte van die lewe kan binne dring. Die grootste waarde van kuns is self-aktualisering, persoonlike integriteit, en tevredenheid wat ervaar word, waarna dit lei tot ’n ervaring van eenheid binne in die kunstenaar (Spencer 1997:20 & 21).

Onvergelykbare geluk ontstaan uit die kreatiewe uitdrukking van die persoon self in sy of haar kuns (Spencer 1997:21). Dié ‘geluk’ is die sleutelfaktor in die kreatiewe ervaring. Die mens is die meeste gekonnekteer met die hoër self in kreatiewe uitdrukking en die lewe is meer

vervullend as dit gesien word as 'n skepping. Met die siening word daar weg beweeg vanaf die passiewe slagoffer na 'n aktiewe skepper; die persoon neem dan beheer oor sy lewe en wêreld en 'n tipe sterkte vergesel die persoon in sy deelname in die wêreld (Spencer 1997:21).

Daar word dikwels in kreatiewe persone die vermoë gesien om gewone grense of strukture van die bewuste te oortref (Spencer 1997:30). Dit is soms nie net 'n vermoë nie maar 'n werklike begeerte om deur die gewone grense van persepsie te breek, om dit wat konstant is in die bewuste te verpletter om verby die grense van die gegewe wêreld te gaan, om iets meer, of om iets anders, te vind as wat die intuïsie aandui (Spencer 1997:30). Die benadering neig weer baie na die eksistensialistiese benadering ten opsigte van motivering vir menslike gedrag.

Die eksistiensialiste gaan van die aanname af uit dat die lewe geen betekenis het nie behalwe dit wat die mens self daaraan toeken deur hulle handelinge (Glassman & Hadad 2004:282). Die eksistensialistiese benadering van Victor Frankl beklemtoon verder die mens se vermoë om bo haglike omstandighede uit te styg deur sin en betekenis in hul lewe te vind (Meyer, Moore & Viljoen 1997:377).

Vir die navorser kan self-aktualisering van groot waarde wees in die algehele bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Self-aktualisering moontlik dus ook aangewend word om misdaadslagoffers te help om bo misdaadgebeure uit te styg en nuwe sin en betekenis in hul lewens te vind. Self-aktualisering kan verder, na die navorser se mening, aanduidend wees van suksesvolle intervensie indien die intervensie lei tot die selfaktualisering van die slagoffer.

### 3.7.4 *Kuns as artistieke uitdrukking*

Vir sommige slagoffers is dit nodig om gehoor te word; deur middel van terapeutiese kuns word hulle verhale vertel en gehoor in die kunswerke wat hulle skep (Kalmanowitz & Lloyd 2005:26). Deur hulle verhale te sien en te hoor, word dit wat met die slagoffers gebeur het bevestig; dit is nie net 'n fragment van hulle verbeelding nie (Kalmanowitz & Lloyd 2005:26). Die beskouing stem ooreen met die simboliese-interaksionistiese benadering waardeur mense op 'n simboliese vlak kommunikeer (soos bespreek in hoofstuk twee). Die afdeling sluit verder aan by die navorsingsdoelwitte deurdat kuns aangewend kan word deur misdaadslagoffers wat gebruik kan maak van kuns om die trauma narratief te vertel.

Die vermoë van die mens om voorstellings en beelde in sy geestesoog te kan maak, is 'n sleutel element van alle perseptuele en houdings veranderings, gevolglik kan visualisering instrumenteel wees in alle vorme van rehabilitasie (Spencer 1997:11). Die mens dink in terme

van beelde en in kuns reageer die mens daarop. Dit is nie eenvoudig net ’n saak van beelde wat deur die oppervlakte van die onbewuste deurdring na die konkrete bewuste nie, soos in die geval van die psigoanalise nie; die eksternalisering van ’n idee (of gevoel) laat dikwels die kunstenaar toe om bewus te word van iets waarvan hy of sy nie voorheen nie bewus was nie, naamlik om insig te hê (Spencer 1997:11). Hierdie beskouing stem ooreen met die fenomenologiese benadering wat fokus op visuele beelde wat die mens se subjektiewe ervarings vorm en waardeur die mens uiteindelik sin maak van sy of haar wêreld..

Die kunstenaar neem aktief deel in die skepping van ’n beeld (Spencer 1997:11). Die kunstenaar maak staat op drie essensiële fases vir die skepping van kuns, naamlik die kolleksie en berging van beelde, die skepping van kuns self, asook die reaksie op die voltooide kunswerk. Wat van besondere belang is, is die manier waarvolgens die kunstenaar werk ten einde hulle verstandelike beelde met die eksterne produk te paar. Dit vind plaas deur die manipulering van kunselemente en die gebruik van artistieke beginsels tydens die skeppingsproses (Spencer 1997:11).

Tydens die skeppingsproses in kuns word ’n sekere stadium bereik wat beskryf kan word as ’n piek (of ’n staat) van eenheid (Spencer 1997:12). Tydens die stadium, voel die individu gekonnekteer met iets groter as die individu self. In die stadium is die persoon so betrokke met die aktiwiteit dat niks anders meer saak maak nie, die ervaring is so bevredigend dat die persoon sal voort gaan om dit te doen vir die plesier daarvan, ongeag die koste verbonde daaraan (Spencer 1997:12).

In die staat van eenheid, word die persoon tydelik een met hom- of haarself en is die skeidings, polariteite en dissosiasie in die persoon tydelik opgelos, die stryd in die persoon self, is in die stadium tydelik oorkom (Spencer 1997:12). In die stadium is die persoon meer oop vir ervaring en meer spontaan en funksioneer hy/sy ook ten volle (Spencer 1997:12). Die beskouing stem weer ooreen met die psigo-analitiese benadering waar kuns aangewend kan word om onbewuste innerlike konflikte te ontbloot; die geluk wat ’n persoon ervaar tydens en na die skeppingsproses kan moontlik toegeskryf word aan die opgeloste innerlike konflikte tussen die id, die ego en die super-ego.

Die vrystelling van energie vervul ’n behoefte aan genotvolle ervarings; dit vervul ’n diep gewortelde dryfkrag tot persoonlike eenheid van die liggaam en verstand (Spencer 1997:12). Die integrasie van die liggaam en verstand deur die projektering van die liggaam in beeld is ’n hoogs belangrike aspek van geïllustreerde uitdrukking. Wanneer ’n persoon dus ’n menslike

figuur, huis of boom teken, projekteer hy/sy 'n persoonlike liggaamsbeeld, met al sy somatiese en fisiese betekenisse, op papier (Spencer 1997:12).

Die verstaan van die kreatiewe proses is van besonderse belang omrede dit die mens kan bystaan in die bestuur van vinnige veranderinge in sy/haar lewe (Spencer 1997:29 & 30). Die kreatiewe proses is die proses van verandering, of ontwikkeling, of evolusie. Kreatiwiteit is 'n ekstensie van die lewe (Spencer 1997:29 & 30).

Volgens Spencer (1997:29) is die kreatiewe drange wat uitgedruk word in kuns irrasioneel en sal dit aan die einde alle rasionele ondernemings, om dit te verklaar, uitkoggel. Terwyl alle bewustelike psigiese prosesse met redelike gemak verduidelik kan word, sal die kreatiewe gedrag wat in mens se onderbewuste gewortel is, alle pogings om dit te verstaan, ontduik (Spencer 1997:29).

#### *3.7.4.1 Tipes kunstenaars*

Soos reeds vermeld in afdeling 3.6.6, vind trauma op 'n sensoriese vlak plaas en moet intervensie gevolglik ook plaasvind op 'n sensoriese vlak. Dit is dus belangrik om te let op twee tipes kunstenaars wat onderskei kan word naamlik, sensoriesestyl kunstenaars en verbeeldingstyl kunstenaars (Spencer 1997:9). Die twee tipes kunstenaars ervaar spanning op verskillende maniere deur hulle kuns (Spencer 1997:217).

Sensoriesestyl kunstenaars skilder dit wat hulle sien in 'n direkte verteenwoordigende styl (Spencer 1997:9). Die kunstenaar skilder dus dit wat hy/sy sien presies soos hy/sy dit sien. Die styl word gewoonlik na verwys as realisties. Daar bestaan 'n intense band met die mens in realistiese kuns wat direkte emosies en gevoelens uitlok (Spencer 1997:9). Die sensoriesestyl kunstenaar is geneig om spanning op te bou tydens die kuns skeppingsproses wat dan weer vrygelaat word met die voltooiing van kunswerk (Spencer 1997:217).

Verbeeldingsstyl kunstenaars skilder gewoonlik in 'n abstrakte, droomagtige, fantasiewe of nie-figuratiewe styl (Spencer 1997:9). Niks in nie-figuratiewe kuns herinner die toeskouer aan sy eie wêreld nie, daar is niks uit die normale lewe nie, ook geen mense of diere nie. Nogtans is daar 'n menslike band. Dit wil voorkom of nie-figuratiewe kuns die persoon die geleentheid bied om sy innerlike self te benader en te verstaan van wat of wie sy/haar innerlike self is. Dit kan die persoon help om sy sterk punte te herontdek en te versterk ten einde weer in aanraking met die werklike wêreld te kom (Spencer 1997:9). Verbeeldingstyl kunstenaars is geneig om spanning te ontlaai tydens die skeppingsproses van die kunswerk (Spencer 1997:217).

Sensoriesestyl kunstenaars voel dat hulle onderwerpe na hulle 'uitroep' om geverf te word (Spencer 1997:9). Verbeeldingsstyl kunstenaars gebruik 'n soortgelyke wyse om objekte of onderwerpe te selekteer; hulle is in 'n meer passiewe staat wanneer interne beelde na vore kom om geskilder te word (Spencer 1997:9). Die verbeeldingstyl kunstenaars neig (volgens die navorser) ook meer na die simboliese interaksionisme se simboliese kunstenaars, omrede die simboliese kunstenaars na binne kyk vir inspirasie en so hul subjektiewe ervarings simbolies uitbeeld (soos bespreek in hoofstuk twee).

'n Vorm van aktiewe passiwiteit blyk die mees geskikte staat te wees voordat daar met 'n kunswerk begin word vir beide sensoriese- en verbeeldings-styl kunstenaars (Spencer 1997:10). Dit wil voorkom asof beide groepe ook toelaat dat hulle gestimuleer word om te teken. Wanneer die finale besluit geneem word, gee die kunstenaar in vir 'n behoefte, die behoefte van die onderwerp, om geskilder te word, asook die kunstenaar se behoefte om te skilder (Spencer 1997:10).

Die navorser is van mening dat beide tipes kunstenaarstyle van belang is vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers, soos uiteengesit in die navorsingsdoelwitte. Sommige slagoffers kan dít teken wat hulle ervaar en gesien het (soos sensoriesestyl kunstenaars), soos wat hulle dit gervaar en gesien het tydens 'n traumatiese misdaad. Ander misdaadslagoffers kan weer (soos verbeeldingstyl kunstenaars) aangemoedig word om hulle emosionele en psigologiese ervarings op 'n meer fiktiewe wyse uit te beeld; dit kan moontlik aanduidend wees van die emosionele en psigologiese impak van 'n misdaad. Verder is die navorser ook van mening dat biede tipes kunstenaarstyle nodig mag wees tydens krisisingryping en trauma berading. Sensoriesestyl kuns kan die slagoffers help om die fisiese gebeure te simboliseer, terwyl die verbeeldingstyl kuns weer kan help om hulle innerlike gevoelens en emosies uit te beeld.

In hoofstuk vyf sal daar met die gevallestudies gedemonstreer word hoe misdaadslagoffers hulle ervarings uitbeeld as sensoriese- of verbeeldingstyl kuns. Daar sal ook gewys word op hoe die twee verskillende tipes kunstenaarstyle se kunswerke van groot belang kan wees in 'n forensiese konteks. Beide die twee tipes kuns kan ook van groot belang wees ten einde misdaadslagoffers se geheue aan te wakker ten einde onbekende feite en aspekte van 'n misdaad te ontbloot. Daar sal ook gewys word op die kommunikasiewaarde van beide die twee tipes kuns deur slagofferkuns.

#### *3.7.4.2 Simbolisering*

Die afdeling sal aansluit by die navorsingdoelwitte deur te fokus op die gebruik van kuns as ŉ nie-verbale kommunikasiemedium. Die objektiewe en subjektiewe simbole wat misdaadslagoffers gebruik in hul kunswerke kan uiters belangrik wees ten einde hulle kunswerke te verstaan en ŉ dieper insig te verkry aangaande die misdaadgebeure wat hulle ervaar het. Die simbolisering kan ook ŉ belangrike rol speel waardeur die misdaadslagoffers nie-verbaal dit kan kommunikeer wat hulle nie verbaal in woorde uit kan druk nie. Baie misdaadslagoffers weet byvoorbeeld nie wat die verskil tussen ŉ pistool of ŉ rewolwer nie; deur vir hulle te vra om ŉ prentjie te teken van hoe die vuurwapen gelyk het, kan daar bepaal word of die verdagte ŉ pistool of ŉ rewolwer gebruik het. Op ŉ soortgelyk wyse kan hulle moontlik ook hulle subjektiewe ervarings uitbeeld; so kan die slagoffer moontlik hartseer uitbeeld deur ŉ traandruppel, of ŉ gesiggie wat huil te teken, ensovoorts.

Dié afdeling sluit aan by hoofstuk 2 waar die verskillende teortiese benaderings van die mens wat op ŉ simboliese vlak kommunikeer, bespreek was. Die simboliese interaksioniste se benadering behels (soos bespreek in hoofstuk twee) dat mense ŉ sekere persoonlike en sosiale betekenisse heg aan simbole en daardeur kommunikeer. Verder bepaal sosiale interaksie ook die betekenis van sekere simbole in ŉ gemeenskap en word gedrag ook daardeur gereguleer. Kunswerke bevat simboliese betekenisse waarin persoonlike verhale en herinneringe in opgevang is (Kalmanowitz & Lloyd 2005:17). Die beskouing stem ook ooreen met die fenomenologiese benadering dat kunswerke persoonlike kognitiewe inhoud van die kunsskepper inhou en dat slegs die skepper van ŉ kunswerk weet wat die presiese betekenis van ŉ kunswerk is.

Wanneer ŉ persoon besig is om kuns te skep, trek hulle nie net inspirasie vanaf die persoonlike onbewuste af nie, maar ook van die kollektiewe onbewuste en herinnneringe (Kalmanowitz & Lloyd 2005:17). Die persoonlike en kollektiewe onbewuste wat uitgebeeld word deur kuns sluit egter weer aan by die psigo-analitiese benadering ter verklaring van die simboliek wat in kuns gebruik word. Dus ten einde die ware betekenis van ŉ simbool te verstaan, is die navorser van mening dat verskeie geesteswetenskaplike benaderings aangewend moet word.

In kuns is simbole bekend as ŉ spesifieke metode van uitdrukking (Betensky & Rubin 1995:89-90). Simbole word gekarakteriseer deur die feit dat dit nie heeltemal in pas by die kunswerk nie en dat dit ŉ private betekenis dra wat dikwels net aan die kunstenaar bekend is. Simbole bevat persoonlike gekondenseerde betekenisse. Die feit dat kunstenaars skynbaar onbesorgd is om die simbole in hulle kunswerke te gebruik, bevestig die kunstenaars se behoeftes om geheime spanning te verlig op ŉ geheime manier. Vertroosting word gevind deur ŉ kanaal te vind

waardeur die simbole uitgedruk kan word. Vir die waarnemer bly die simbole 'n intrinsieke vraagstuk wat in kuns bestaan omrede die betekenis van die simbool onbekend is (Betensky & Rubin 1995:89-90).

Vanuit die psigo-analitiese perspektief, simbole bevat bewuste en onbewuste elemente (Spencer 1997:21). Kuns verduidelik dan ook die simbole wat die mens gebruik. As die self dan ook die produk is van sy eie simboliek, terwyl daar geen kontemporêre simbole sisteem bestaan nie, kan dit problematies wees om die self te ervaar en dit kan lei tot die vervreemding of fragmentering van die self. Die mens kan slegs deur die gebruik van simbole bewus raak van sekere dimensies binne-in die persoon self (Spencer 1997:21). Hieruit kan afgelei word dat kuns dus tydens krisisingryping en trauma berading 'n belangrike rol kan speel ten einde misdaadslagoffers te help om bewus te raak van hulle innerlike gewaarwordinge en ervarings.

Mense se persoonlike mites en simbole lei hulle tot eenheid en die herstel van die psige (Spencer 1997:22). Simbole en mites bring primitiewe psigiese inhoud tot die bewuste, asook nuwe betekenisse met eksterne realiteite. Die doel is om eenheid te bewerkstellig; om al die dele van die persoonlikhede byeen te bring om in totaliteit te kan funksioneer. Dit is hier waar die bewuste en die onbewuste, deur die simbole van die self, verenig word. Mense is die mees gelukkigste wanneer hulle meer geheel en geïntegreerd voel, in sulke tye gebruik die mens al sy vermoëns tot die maksimum op gemaklike wyse. Mense is dan vreesloos, gedetermineerd, en vry van self-kritiek. Hulle is spontaan, reageer maklik en hulle voel kreatief op 'n harmoniese wyse. Die mense is teenwoordig in die moment, voel kompleet, is spelerig, opgewek en voel gelukkig dat hulle lewens so wonderlik is (Spencer 1997:22). Dus kan daar afgelei word kuns van groot waarde kan wees tydens krisisingryping en trauma berading ten einde die psigiese probleme wat misdaadslagoffers ervaar te herstel.

Die simbole wys na iets wat nie altyd maklik gedefinieer kan word nie en gevolglik is dit ook nie ten volle bekend nie (Spencer 1997:10). Van die kategorieë waarin die simbole ingedeel kan word is: introversie, daling, styging, uitbreiding, ontwaking, illuminasie, vuur, ontwikkeling, intensifisering, liefde, pad, transmutasie, hergeboorte en liberasie (vryheid) (Spencer 1997:10). In hoofstuk vyf sal daar met die gevallestudies ondersoek ingestel word na misdaadslafoffers se gebruik van simboliek in die kunswerke wat deur hulle geskep was. Vervolgings gaan daar nou gelet word op die gebruik van archetipe simbole en wat die voordeel is wat dit kan inhou tydens trauma berading en krisisintervensie.

#### *3.7.4.3 Archetipe simbole*

In kuns maak die persoon homself oop vir die voor-bewuste, dit word dan moontlik om die onbewuste binne te gaan, beide persoonlik en kollektiewelik (Spencer 1997:10). Op die kollektiewelike onbewuste vlak, word die verstand "oop" gemaak om aan te sluit by die onderliggende psigologiese en spirituele kragte wat onderliggend is aan die menslike ras. Dit wil voorkom of die kragte oorspronklike simbole is wat deur al die tye vir alle mense betekenis gehad het (Spencer 1997:10). Die beskouing sluit aan by Jung se psigo-analitiese gebruik van archetipe simbole.

Verskillende kulture beskik oor hulle eie argiewe, belangrike kulturele artifaktes sowel as sekere vorms van kuns wat sekere simboliese kulturele betekenisse hou (Kalmanowitz & Lloyd 2005:16). Die dinge is simbole wat ŉ kollektiewe geheue bevat van individue en nasies. Die simbole se kollektiewe betekenisse verskaf inligting aan individue aangaande hulself. Mense weet wie hulle is alleenlik deur middel van hulle geskiedenis, groepsherinneringe en objekte wat deur hulle opgeneem of gereflekteer word (Kalmanowitz & Lloyd 2005:16). Die kollektiewe betekenisse van simbole vorm die basis van Jung se teoretiese benadering aangaande archetipe simbole omrede die archetipe simbole die mens se kollektiewe onbewuste reflekteer soos bespreek in hoofstuk twee.

Soos reeds vermeld het Charl Jung die siening gehandhaaf dat die inhoud van drome archetipe simbole is en dat die archetipe simbole, simbolies is van ŉ kollektiewe onbewuste. Die mees belangrike simbole, is die simbole wat herhaaldelik in die menslike bewussyn voorkom en dit word beskou as argetipe (standaard) tipe simbole (Spencer 1997:10). Archetipes is instinkte wat gekoppel word met sekere beelde en dit voer ŉ direkte invloed uit op die mens se emosies en gedrag (Homeyer & DeFrance in Malchoidi 2007:151). Archetipes word universeel gevind in die kunste, volksverhale, mites en godsdiens. Dit skep by die mens ŉ psigologiese gevoel van verwantskap met ander mense met wie hy of sy die wêreld deel (Homeyer en DeFrance in Malchoidi 2007:151).

Archetipe simbole kan gesien word as patrone van energie wat bestaan binne in die kreatiewe wêreld (Spencer 1997:10). Deur opsetlik so ŉ simbool te visualiseer, vorm ŉ persoon ŉ patroon in sy/haar gedagtes, wat in lyn is met die kreatiewe wêreld en gevolglik kan die persoon se gedagtes daardeur gereflekteer word en kan energie daarvan getrek word. Reflektering word bewerkstellig deur te konsentreer op die gevisualiseerde beeld met sy dieper betekenis. Die simboliese beeld in ŉ mens se gedagtes, absorbeer dan ŉ gedeelte van die energie van die persoon se kreatiewe veld. Dit verlaag weer kreatiewe energie, en laat dan die oortollige energie vloei na ander naby geleë verstandelike elemente en uiteindelik na ons gevoelens. Die spesifieke

archetipe simbool of patroon wat gekies word sal die metode van reflektering bepaal en gevolglik ook die spesifieke kwaliteit van energie wat geabsorbeer word asook die gepaste gevoelens ontlok (Spencer 1997:10).

Die benadering sluit verder ook aan by die fenomenologiese perspektief (soos bespreek in hoofstuk twee). Fenomenologies gesproke is dit moontlik om meer as een betekenis, op verskillende vlakke, te heg aan ’n kunswerk (Betensky & Rubin 1995:86). Volgens die navorser kan kan hieruit afgelei word dat simbole ook meer as een betekenis vir ’n persoon kan hê. Gevolglik is dit weereens belangrik dat die persoon wat die simbool gebruik, die simbool interpreter.

Die archetipe simbole kan verder moontlik die misdaadslagoffers se getuienis juridies versterk omrede die archtipe simbole wat hulle in hul kuns gebruik, ooreen kan stem met ander slagoffers wat soortgelyke ervarings gehad het. Die moontlikheid bestaan dan ook dat daar ’n vorm van ’n kollektiewe onbewuste bestaan wat simbolies ontbloot word deur archetipe simbole onder misdaadslagoffers. Die arcehtipe simbole kan ook moontlik van groot forensiese waarde wees as gevolg van die universele gebruik daarvan. In hoofstuk vyf sal daar gelet word op hoe archetipe simbole deur misdaadslagoffer aangewend word.

### 3.7.5 *Kuns en psigiese spanning*

Wanneer misdaadslagoffers in ’n traumatiese misdaad ervarings is, dan kan dit daartoe lei dat hulle hoë vlakke van spanning ervaar (soos bepreek in hoofstuk twee). Gevolglik is die navorser van mening dat dit die uitwerking van kuns is wat die spanning verminder wat misdaadslagoffers mag ervaar.

Spanning laat ’n merk in die meeste visuele artistieke uitdrukkings (Betensky & Rubin 1995:90). Enige persoon wat uitreik na sekere kunsmateriaal bring onwetend voorafbestaande spanning in die kunsproses in (Betensky & Rubin 1995:90). Psigiese spanning is teenwoordig in ’n kreatiewe persoon vanaf geboorte en so ’n persoon het ’n tipe van ingesteldheid wat die persoon meer sensitief maak vir die wêreld (Spencer 1997:16). Die aanwending van psigiese spanning in die skepping van kuns sluit dus aan by die psigo-analitiese benadering waardeur gedrag aangedryf word deur psigiese spanning.

Die vraag kan gevra word of energie wat betrokke is by psigiese spanning, opgeneem of vrygestel word tydens die beoefening van kuns (Spencer 1997:16). Psigiese spanning kan gesien word as die heen en weer beweging van ongebonde energie wat in die proses van

vorming is en dit vorm die voor-stadiums van die kreatiewe proses. Deur sterk emosies soos woede, pyn en hartseer na die skilderdoek te neem, word die kunstenaar verlos van sommige van die spanning en dit kan die persoon se persoonlikheid verander deur die persoonlike insig wat hy verkry in die kuns proses (Spencer 1997:16).

Spanning word ŉ artistieke hulpmiddel wanneer dit gebalanseer word met ontspanning (Betensky & Rubin 1995:90). Dit kan waargeneem word in die komponente se lokaliteit, in spesifieke areas van ŉ kunswerk. Spanning word uitgebeeld in kontraste van vorm, grootte, rigting of tekstuur (Betensky & Rubin 1995:90).

Kuns kan gebruik word om die liggaam se ontspanningsresponse te tap (Malchiodi 2003:21). Spanning en ontspanning wissel mekaar af in die kreatiewe proses (Spencer 1997:16). Terwyl sommige terapeute voel dat die kreatiewe ervaring spanning verlaag, voel ander weer dat die kreatiewe proses spanning verhoog. Daar is bewyse dat kunstenaars spanning soek en gebruik in die skepping van hulle kunswerke (Spencer 1997:16).Spanning sal egter altyd bly bestaan indien dit nie ontbloot en opgelos word (Betensky & Rubin 1995:90-91).

### 3.7.6 *Kuns en krisistoestande*

Een van die doelstellings van die navorsing is om die gebruik van kuns te ondersoek tydens krisisintervensie ten einde misdaadslagoffers te bemagtig. ŉ Krisis kan gesien word as ŉ draaipunt in ŉ persoon se lewe (Spencer 1997:19). Die krisis kan ŉ persoon onder druk plaas om bewustelik te kies en te diskrimineer. Dikwels genereer die emosionele afbreking ook ŉ deurbraak. Tydens ŉ krisis kan ŉ persoon ook lei aan fisiese ongesteldheid en dit kamoefleer dikwels die persoon se krisis. Die krisis, die faktore wat aanleiding gegee het daartoe, die betekenis van die krisis en die onderliggende ontwikkelingsmoontlikhede wat daarmee gepaard gaan, kan dikwels net met moeite bereik word. Gevolglik moet die persoon betrokke raak deur werklike kontak te maak met sy innerlike krisis (Spencer 1997:19).

Met kuns kan ŉ terapeut of berader ŉ persoon help om ervarings te definieer, probleme te herstruktureer en daar kan ge-eksperimenteer word met moontlike oplossings deur tekeninge of ander kreatiewe aktiwiteite (Malchiodi 2007:35). Die gebruik van kuns as ŉ krisis-intervensietegniek of -hulpmiddel sal verder in hoofstuk vier bespreek word. In hoofstuk vyf sal daar gevallestudies bespreek word ten einde die gebruik van kuns tydens krisis-intervensie en traumaberading te demonstreer.

### 3.7.7 *Kuns en trauma*

Een van die doelstellings van die navorsing is om kunstegnieke te ondersoek wat gebruik kan word tydens trauma berading. Die impak van trauma op 'n persoon se siel en gees, kan van 'n vroeë ouderdom af gevoel word (Spencer 1997:17). Trauma beïnvloed 'n persoon die meeste op die ouderdom van 5 jaar. Trauma wat op die ouderdom voorkom, kan 'n kind meer benadeel as op enige ander ouderdom (Spencer 1997:17). In die verband kan daar afgelei word dat krisisingryping en trauma berading reeds van 'n vroeë ouderdom af noodsaaklik is. Gevolglik sal daar in die afdeling gelet word op die wyse waarop kuns aangewend kan word ten einde trauma wat met misdaad gepaard gaan, te verwerk.

Trauma kan dien as inspirasie of 'n aanstigter vir kuns (Spencer 1997:17). Soos reeds genoem, kan te min trauma veroorsaak dat 'n persoon nie inspirasie het nie, terwyl te veel trauma 'n persoon kan inhibeer om kuns te beoeffen. Genoegsame trauma word egter beskou as snellerfaktor vir persone ten einde kuns te beoefen. Die natuur van 'n persoon se kunswerk kan ook verander as gevolg van trauma (Spencer 1997:18).

Met te min trauma kan kreatiwiteit egter dormant lê; met te veel trauma kan die persoon egter weer disfunksioneel raak (Spencer 1997:19). Gevolglik kan dit afgelei word dat trauma noodsaaklik is vir kuns om plaas te vind, maar te veel of te min stres wat met trauma gepaard gaan kan die kunsproses egter nadelig beïnvloed.

Dit is ook bevind dat kunstige aktiwiteite 'n gerusstellende invloed het op getraumatiseerde kinders het en dat hulle aangetrokke is tot die gerusstellende kwaliteit van kuns wanneer hulle angsvol is of lei aan post-traumatiese stres (Malchiodi 2003:21). Die vraag kan dus gevra word of kunstige aktiwiteite ook 'n gerusstellende invloed op volwasse slagoffers sal hê tydens krisisingryping en trauma berading.

In die verband kan daar dus afgelei word dat die aanwending van kuns tydens krisisingryping en trauma berading sal afhang na die mate van stres wat 'n misdaadslagoffer ervaar na 'n ernstige misdaadvoorval. In hoofstuk vyf sal daar met die gevallestudies gekyk word na die rol wat kuns speel ten einde die trauma te verlig wat misdaadslagoffers as gevolg van geweldsmisdade.

### 3.7.8 *Kuns en gevoelens van rou*

Soos reeds vermeld, moet dit ingedagte gehou word dat misdaadslagoffers dikwels familie of friende verloor as gevolg van misdaad. Dit kan weer die misdaadslagoffers agterlaat in 'n staat

van wanhopigheid, depressie, ensovoorts. Die kunsproses kan ’n bemagtigingsproses wees wanneer ’n persoon oorweldig word deur gevoelens van hopeloosheid en hulpeloosheid wat deel uitmaak van die treur of rou-proses as die kunsproses die persoon help om deur die rouproses te werk (Spencer 1997:18).

Onopgeloste gevoelens wat geassosieer word met die treurproses, kan manifesteer op verskeie maniere soos byvoorbeeld die onvermoë om hegte verhoudings te vorm, lae selfbeeld, depressie, alkolisme en psigose (Spencer 1997:18). Wanneer ’n kind die verlies van ’n geliefde op ’n gesonde manier konfronteer, soos deur kuns, kan die kind die nodige vaardighede aanleer wat hom sal instaat stel om toekomstige trauma te hanteer. Intervensie vir kinders is krities omrede onopgeloste rou gevoelens dikwels lei tot patologiese of afwykende gedrag. Die kreatiewe proses bereik die kern van die rou gevoelens en die visuele kunste kan die gevoelens wat met rou gepaard gaan in ’n enkele beeld/prent uitdruk (Spencer 1997:18). Kuns kan dus kinders help deur hulle te help om hulle emosies simbolies te kommunikeer. Die beskouing sluit aan by die simboliese-interaksionistiese benadering van die mens wat op ’n simboliese vlak kommunikeer. Dit sluit ook aan by die psigo-analitiese benadering dat mens op ’n nie-verbale vlak hulle psigiese gewaarwordinge en ervarings kan kommunikeer.

Terwyl sommige persone kuns gebruik om slegs psigiese pyn uit te beeld, gebruik ander persone weer kuns om psigiese sowel as fisiese pyn, uit te beeld (Spencer 1997:18). Deur die skepping van kunswerke kan die balans in ’n persoon se psige herstel word deur die plaasvervanging van verlore persone, of objekte, met kuns. Die kreatiwiteitsaktiwiteite word dus gebruik as pogings om die angs van skeiding, as gevolg van die dood van ’n geliefde, op te los. Deur hulle skeppings kan die persone passiewe rou en hulpeloosheid omskakel na ’n aktiewe aktiwiteit. Deur die persone se kunswerke oor ’n periode dop te hou, kan die verhouding waargeneem word van die persoon se psigologie en traumatiese stres en hoe dit ’n persoon se persoonlikheid kan beïnvloed (Spencer 1997:18 & 19).

Deur kuns kan temas van verlies en dood saam met kreatiwiteit bestaan, indien die kunstenaar gebruik maak van sy/haar verbeelding, in sy/haar soeke na die self (Spencer 1997:9). Gevolglik kan hieruit afgelei word dat kuns misdaadslagoffers kan help om die rou gevoelens te verwerk wat hulle kan ervaar, wanneer hulle vriende of familie verloor, as gevolg van misdaad. Die aanwending van kuns tydens die rou proses kan dus van groot waarde wees vir die algehele emansipasie van ’n misdaadslagoffer wat iemand aan die die dood moes afstaan.

### 3.7.9 *Kuns en dissosiasie*

Die moontlikheid bestaan dat misdaadslagoffers dissosiasie kan ervaar, as gevolg van die trauma wat gepaardgaan met ernstige geweldsmisdade. Dissosiasie is ʼn aanpassingsrespons op akute trauma (Spencer 1997:19). Sue, Sue & Sue (1994:198) beskryf dissosiatiewe gedrag as gedrag waar ʼn persoon ʼn vorm van skeiding ondervind van die persoon se bewuste, geheue of identiteit. Dissosiasie kan ook omskryf word as ʼn proses waar ʼn persoon een ding van ʼn ander distansieer (Collins & Cobuild 1989:225). Dissosiasie kan ook meer gereeld voorkom as wat algemeen aanvaar word en dit kan of funksioneel of disfunksioneel gebruik word (Spencer 1997:20). Gevolglik gaan daar in die afdeling ondersoek ingestel word na die aanwending van kuns ten einde dissosiasie by misdaadslagoffers teë te werk.

ʼn Kind kan tydelik veilig voel deur dissosiasie te spyte van wat op daardie stadium met die kind besig is om te gebeur (Spencer 1997:19 & 20). ʼn Kind wat fisies blootgestel word aan, of gedreig word met, fisiese geweld, seksuele misbruik of ander ernstige trauma, sal sterk gemotiveer word om selektiewelik aspekte van die geweld of dreigemente wat vir hom/haar gevaar inhou, uit te skakel deur homself of haarself te skei van die oorsprong van die gevaar deur middel van dissosiasie (Spencer 1997:19 & 20). Dissosiasie kan ook gesien word as ʼn tipe skeiding van sekere aspekte van ons bewuste verstand (Spencer 1997:20).

Dissosiasie kan ook verantwoordelik wees vir kreatiwiteit (Spencer 1997:20). Die graad van dissosiasie kan so erg wees dat herinneringe van misbruik vir jare onderdruk word. Wanneer ʼn persoon dan weer in ʼn stadium van dissosiasie verval, dan kan beelde of simbole van die oorsprongklike trauma in hulle kuns verskyn. Persone wat seksuele, fisiese of verbale misbruik ervaar het, is meer geneig om dissosiasie te ervaar as persone wat fisiese siekte of gebreke ervaar het (Spencer 1997:20).

Kreatiewe mense word gekenmerk deur sekere eienskappe wat onder andere die volgende insluit, naamlik: aangetrokkenheid tot kompleksiteit, intuïsie, die vermoë om paradokse te verdra, hoë energievlakke, autonomiteit, buigbaarheid, spontaneïteit, ʼn bewustheid van die realiteit, ʼn siening van die self as kreatief, die vermoë om probleme op te los, en ʼn sin vir persoonlike kreatiwiteit (Spencer 1997:20).

Deur die skepping van ʼn kunswerk, word al die sintuie van die kunstenaar betrek en daardeur word die ontwikkeling van ander areas van intelligensie gestimuleer (Spencer 1997:20). Daar bestaan ook skakels tussen psigologiese stimulering en die ontwikkeling van intelligensie, asook emosionele en verstandelike welstand, omrede die aanraking, sien, ruik en proe ervarings van

die individu behels dat persoonlike deelname deur die individu plaasvind. Die aktiwiteit wat gepaard gaan met die skepping van kuns, kan ʼn ervaring wees van persoonlike ontdekking omrede toegang tot die onbewuste gestimuleer word. Onderdrukte emosies kan deur die oppervlakte breek en so help om intra-psigiese konflikte te identifiseer (Spencer 1997:20).

Die voorbewuste (eerder as die onbewuste) word gesien as verantwoordelik vir kreatiwiteit (Spencer 1997:21). Die aanpasbaarheid en buigsaamheid van die simboliese verbeelding is die gevolg van vrye, aanhoudende en opeenvolgende aksies van die voorbewuste. Kuns ontbloot, net soos drome, die onbewuste materiaal in ʼn taal van simbole (Spencer 1997:21). Vervolgens skakel die afdeling ook by die psigo-analitiese benadering in deurdat kuns aangewend kan word om die onbewuste op ʼn nie-verbale simboliese vlak te ontbloot.

Vanuit ʼn forensiese konteks kan dit van kardinale belang wees dat misdaad gebeurtenisse wat deur dissosiasie onderdruk word, ontbloot word deur kuns. Weereens kan dit daartoe aanleiding gee dat nuwe inligting onbloot word wat van kardinale belang mag wees in strafregtelike verrrigtinge.

### 3.7.10 *Kuns en die herstelproses*

Die hoof doel van die navorsing is om slagofers te bemagtig deur gebruik te maak van forensiese kuns en terapeutiese kuns. Vir die doeleindes van die navorsing, behels die bemagtiging van misdaadslagoffers ook die emosionele en psigologiese genesing van die slagoffers. Kuns se vermoë om emosies te ontlok, ontbloot die funksies van kuns om genesing te help bewerkstellig (Spencer 1997:22). Die kunsproses moet vertrou word om die alledaagse visueel te oortref en om die persoon in kontak te bring met sy innerlike self, ʼn plek wat heel en ongeskonde is, ongeag of dit die persoon ontsenu. Verder kan enige persoon die vrugte pluk van die voordele van kuns. Die inhoud of die kwaliteit van die werk is sekondêr tot die gevoelens en insig wat verkry word deur die proses van self uitdrukking en visuele observasie (Spencer 1997:22). Die stelling stem ooreen met die forensiese kuns in die opsig dat die waarde van ʼn forensiese kunswerk lê in die nut wat die kunswerk het om die misdaad op te los, of die misdadiger aan te keer. Hieruit kan dus afgelei word dat met terapeutiese kuns en forensiese kuns is die waarde van die kunswerk geleë in die terapeutiese of forensiese nuttigheid van die kunswerk, nie in die estetiese waarde van die kunswerk nie.

Kuns is ʼn natuurlike proses vir die aanleer van tranformatiese denke (Spencer 1997:22). Die kunstenaar begin met ʼn medium werk en skep dan iets daaruit. Soos die kunstenaar werk aan die beeld of prent, verander hy/sy dit deur iets daar by te voeg of weg te neem (Spencer

1997:22 & 23). Die belangrikheid vir die transformasie van slagoffers se denke tydens krisisingryping en trauma berading sal in hoofstuk vier verder bespreek word.

Artistieke uitdrukking is ŉ wyse waar volgens impulsiewe drange getem word en hoër ego funksies aangemoedig word om te ontwikkel (Spencer 1997:23). Die uitdrukking van gevoelens op papier, doek, of in klei, verlig gevoelens simbolies en negeer die noodsaaklikheid van die uitlewing van vyandige emosies; die simbole gee bewustelike uiting aan die onbewuste verstandelike inhoud. Kuns is ook ŉ effektiewe behandelingsmodaliteit omrede falsifikasie moeilik is. Onderwerpe wat ŉ kunstenaar dikwels moeilik vind om te konfronteer, verskyn dikwels in kunswerke in ŉ simboliese vorm. Kunstenaars word dikwels gekonfronteer deur probleme in hul kinderjare wat op ŉ verbloemde manier, simbolies te voorskyn kom. Dit wat verbloem was, word blatant uitgebeeld. Soos die kunstenaar sy/haar verlede aanvaar, so verminder die verbloemde simbole ook. Kunsterapie kan ook minder skrikwekkend wees as mondelingse terapie (Spencer 1997:23).

Dikwels het persone nie insig in kunswerke wat hulle geskep het nie, maar hulle verbeterde gedrag dui daarop dat hulle ŉ onbewuste innerlike konflikte uitgewerk het deur hulle kuns (Spencer 1997:23). Persone kan die terapeutiese proses ingaan deur observasie of pogings om die simboliese vorms in hulle kunswerke te verstaan. Persone en pasiënte wat egter die meeste voordeel trek, is die persone en pasiënte wie se terapeute en dokters elke stap volg in die skeppingsproses, en wat die integrasie van persone en pasiënte se psigiese inhoud van hul denke in hulle kunsprodukte bevorder het (Spencer 1997:23). Die navorser is van mening dat die beginsel ook sal geld vir misdaadslagoffers ten einde innerlike konflikte op te los wat hulle ervaar as gevolg van misdaad.

Die gevoel bestaan ook dat die herstelproses geaktiveer word deur die kreatiewe transformasie van pyn en konflik (Spencer 1997:23). Die kunstenaar projekteer sy subjektiewe toestand na sy kunswerk toe. Een van die lewensvrae is, Wie is ek? Deur te 'sien' wie die persoon is in die moment, om die vermoë te hê om dit van jou self te kan uitvind (soos in die kunsproses), bemagtig persone (Spencer 1997:23). Die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers deur die aanwending van forensiese kuns is dan ook die hoof doelwit van die navorsing. Deur misdaadslagoffers te help om deur middel van kuns te ontdek wie hulle is, is dus noodsaaklik vir die doeleindes van die navorsing.

Artistieke aktiwiteite skep ŉ arena waarin alle probleme hanteer kan word (Spencer 1997:23). Die kunstenaar beeld dreigende gevare uit, oorkom vrese en verkry rus en vrede deur die

ontmoeting van die opponente op doek eerder as in die werklike lewe. Die kunstenaar se besondere manier van waarneming en die vorming van die menslike ervaring is noodsaaklik, 'n belangrike deel van die kreatiewe pogings. Daar bestaan net soveel verskillende maniere waarop dieselfde ervaring op 'n artistieke wyse beskryf kan word as wat daar verskillende verf style is (Spencer 1997:23 & 24). Gevolglik kan kuns dus 'n veilige metode wees wat misdaadslagoffers kan gebruik om die vrese en gevare, wat hulle as gevolg van misdaad ervaar het, te trotseer en oorkom.

Kuns bied 'n struktuur vir die mens se bestaan, dit konfronteer negatiewe vermoëns, dit aanvaar onsekerhede, raaisels en twyfel, sonder enige irritasie in die soeke na feite en redenasies (Spencer 1997:24). As kuns nie fisies die stryd van ons lewens kan elimineer nie, dan kan dit belangrike nuwe betekenisse lewer, asook 'n sin vir die aktiewe deelname in die lewensproses verskaf. Kuns word gebied as 'n alternatief vir die passiewe aanvaarding van self-vervullende vorme van emosionele 'siektes', wat self die sterkste persoonlikheid kan laat struikel (Spencer 1997:24). Die beskouing sluit weer aan by die logo-terapeutiese benadering wat in hoofstuk twee bespreek was waar misdaadslagoffers gehelp kan word om 'n sin en doel vir hulle lewens te kry.

Die skepping van 'n sekere graad van sensuele kontak met die omgewing is 'n voorvereiste in kuns (Spencer 1997:24). Gevolglik laat die tekeninge die kunstenaar toe om sy/haar gevoelens te ervaar. Gevoelens van stres, vrees, skuld, woede en desperaatheid kan vry gestel word in kreatiewe uitdrukking. Wanneer die kunstenaar sy/haar werk sien, kan hy/sy die stres moontlik beter hanteer. Persone se gedrag verbeter gewoonlik wanneer hulle deel geneem het in die skepping van 'n kunswerk. Die moontlikheid bestaan dat ten spyte van die gebrek aan insig, los die persoon steeds onbewustelike konflikte op (Spencer 1997:24).

Skilder kan ook stres verlig deur kwessies op te los waarvan die persoon nog nie van bewus is nie (Spencer 1997:24 & 25). Wanneer kinders verhoed word om hulle hartseer of woede uit te druk, ervaar hulle eet- en slaapversteurings, afhanklikheid, regressie, rusteloosheid, en 'n onvermoë om te konsentreer. Ongeag 'n persoon se ouderdom, kuns kan 'n persoon help om die kondisies van sy lewe te aanvaar deur die persoon in staat te stel om 'n gevoel te ervaar van beheer en integrasie, gemanifesteer deur sy/haar gebruik van kunstige simbolisme. Artistieke uitdrukking word aangemoedig om 'n persoon se selfbeeld te laat groei en die kunswerk kan gesien word as 'n manier om emosionele spanning te verlig. Deur te kyk na 'n kunswerk, kan 'n onbewustelike wond geaktiveer word; die herstelling daarvan kan begin as gevolg van die bewuswording daarvan deur die kunswerk (Spencer 1997:24 & 25).

Alle emosionele simptome beskik dus oor kreatiewe aspekte (Spencer 1997:25). Simbole in ŉ kunswerk kan insig verskaf aangaande die onderliggende wortels van emosionele probleme. Spontane kreatiwiteit kan dus ŉ self-herstellende proses wees wat depressie kan afweer (Spencer 1997:25).

Volgens Maslow moet ŉ persoon homself in twee deel ten einde goed aan te pas in die realiteit van die wêreld (Spencer 1997:25). Dit beteken dat die persoon sy rug moet draai op dit wat in homself is, omrede dit te gevaarlik is. Deur dit te doen, verloor die persoon ook baie, omrede dit wat in die persoon is ook die bron is van sy of haar geluk, die vermoë om te speel, te lag en om kreatief te wees. Deur die beskerming van homself teen die hel in die persoon self, sny hy homself ook af van die geluk in homself (Spencer 1997:25).

Artistieke uitdrukking speel ŉ belangrike rol in die herstel proses, omrede wanneer siekte geassosieer word met die verlies van die persoon se siel, dan kan kuns spontaan optree as siels medisyne (Spencer 1997:25).

Die skepping van ŉ kunswerk laat affektiewe vrystelling toe en laat psigiese materiaal ook toe om meer konkreet na vore te kom; gevolglik is die observering van die ego meer toeganklik (Spencer 1997:25). Primitiewe affek kan moontlik ook uitgedruk word in simboliese vorm (Spencer 1997:25).

### 3.7.11 *Neurose en kreatiwiteit*

Freud het neurose om skryf as ŉ versteuring waar ŉ persoon hoë vlakke van angs ervaar (Glassman & Hadad 2004: 213). Die siening bestaan dat psigoterapeutiese behandeling inmeng met kreatiwiteit deur ŉ kortsluiting te veroorsaak met die kunstenaar en die essensie van sy werk (Spencer 1997:25 & 26). Alle teoretici is egter nie van mening dat kreatiwiteit afhanklik is van neuroses nie. Ondervinding het gewys dat neurotiese inhibisies van skeppingsaktiwiteite meer dikwels verwyder word deur analise as deur middel van kreatiwiteit. Dit het ook al hoe meer duidelik begin word dat die kreatiwiteitsproses nie bloot geïnterpreteer kan word as ŉ poging van die kunstenaar om ontslae te raak van spanning, angs, skuldgevoelens, of afwisselende depressie nie. Neurose laat kreatiwiteit uitbars, verdraai en blokkeer dit in alle opsigte. Geen persoon vrees dat om gesond te word ŉ wegkwyning van kreatiwiteit sal veroorsaak nie. Die illusionêre vrees berus op die aanname dat dit die dinge in ons onbewuste is wat ons kreatief maak, maar in werklikheid is dit ons onbewuste wat ons in toom hou; dit hou ons stereotiep, steriel en so herhalend soos neuroses self (Spencer 1997:25 & 26). In die

verband stem die beskouing ooreen met die psigo-analitiese beskouing van die ego wat die balans handhaaf tussen die id en die superego. Soos reeds bespreek reguleer die ego die mens se gedrag op ’n onbewuste vlak deur te voorsien aan die behoeftes van die id terwyl dit steeds gehoorsaam is aan die vereistes van die ego.

Neurotiese angs ontstaan wanneer daar ’n gevoel ontstaan dat daar iets onaangenaam gaan gebeur en dat daar stappe geneem moet word om die angs te verminder (Sue, Sue & Sue 1994:46). Neurotiese gedrag kan dan ook (volgens die psigo-analitiese teorieë) ontstaan deur ’n bedreiging wat oorweldigende angs veroorsaak en dit kan dan verder lei tot algehele paniek. Om paniek te voorkom, maak die ego dan ook gebruik van verdedigingsmeganismes om angs te verminder (Sue, Sue & Sue 1994:46). Een van die verdedigingsmeganismes is ‘*verplasing’* (Sue, Sue & Sue 1994:47). Met ‘verplasing’ word die emosies, soos vyandigheid en angs, gerig op ’n plaasvervangende teiken (Sue, Sue & Sue 1994:47). Gevolglik kan ’n persoon dan ook kuns gebruik as teiken om aan sy/haar angs en vyandige gedrag uiting te gee. Kuns kan dus weer misdaadslagoffers help om van onaangename emosies ontslae te raak wat hulle ervaar as gevolg van misdaad. Deur van die onaangename emosies ontslae te raak kan weer die slagoffer help om weer normaal te funkisioneer in die samelewing. Deur die slagoffer te help om normaal te kan funksioneer word die slagoffer weer geëmansipeer en word daar ook aangesluit by die doelstellings van die navorsing. In hoofstuk vyf sal daar in die gevallestudies gelet word op hoe misdaadslagoffers kuns kan gebruik om neurotiese angs te verwerk.

### 3.7.12 *Psigologiese aspekte van kreatiwiteit*

Freud se siening was dat konflik die oorsaak was van neurose en aggressie, ook dat kreatiwiteit onstaan deur die persoon se vermoë om konflik te verfyn, om seksuele energie te verander en te herlei na hoër sosiale aanvaarbare doelstellings (Spencer 1997:26). In die moderne samelewing word die sigwaarde van die seksuele/kreatiwiteitsteorie egter verander deur verskillende kulturele agtergronde en word kreatiwiteit eerder verfyn deur seksualiteit. Daar kan wel ’n verband bestaan tussen seksualiteit en kuns, maar die verband werk moontlik nie net in een rigting nie (Spencer 1997:26).

Verder kan kreatiwiteit ook gesien word as ’n manier om innerlike konflikte op te los (Spencer 1997:26). Een uitsluiting op die reël is egter die kreatiewe genie. Met die siening word daar meer gelet op die produk as op die kunstenaar; gevolglik word die kunstenaar se behoefte vir gesondheid en eenheid nie erken nie. Baie navorsers se waarneming is dan ook dat kreatiewe individue eerder gesondheid reflekteer as patalogieë. Kreatiewe persone is dan ook in staat om buigsaam, spontaan, verbeeldingryk, oop vir nuwe ervaring en gewaarwordinge te wees, bewus

te wees van die behoeftes van die realiteit en die probleme waarmee hulle struwel, en om suksesvol sy/haar produksies te kan evalueer, sonder om beperkend te wees (Spencer 1997:26).

Hoogs kreatiewe persone beskik ook oor die vermoë om teenoorgesteldes te integreer in hulle persoonlikhede en denke (Spencer 1997:26 & 27). Daar word ook geglo dat kreatiewe persone oor onverklaarbare vermoë beskik om probleme op te los en hulle is ook paradoksaal meer afhanklik of onafhanklik, ernstig of spelerig, skaam of uitspattig, en seker of onseker (Spencer 1997:27). Persone wat die spanning van teenoorgesteldes kan hanteer, wat die vermoë het om in die staat van paradokse te leef, word gesien as gesonder as persone wat gekarakteriseer word met polariteits denke (Spencer 1997:27).

### 3.7.13 *Die geestelike dimensie en kuns*

Misdaadslagoffers ervaar dikwels 'n geloofskrisis na 'n ernstige traumatiese gebeurtenis (soos reeds vermeld). Die slagoffers vra dikwels vrae soos, Waar was God toe ek seer gekry het? Bestaan God regtig? Het God my weggegooi? Die afdeling sal aansluit by die metafisiese konteks van die bio-psigofisiologiese benadering wat in hoofstuk twee bespreek was ter verklaring van menslike handelinge en gedrag. Die metafisiese konteks is (soos reeds vermeld) gemoeid met die mens se pogings om die bo-natuurlike te verklaar en die mens se geloof in 'n god of nie-godheid is hier van belang. Die geestelike komponent het te doen met die mens se religieuse beskouings en die mens se bewustheid van 'n godheid.

Die afdeling sal ook aansluit by die afdeling wat handel oor die plasebo-effek wat vroër in die hoofstuk bespreek was in die neurologiese uitwerking van kuns op die brein. Die plasebo-effek staan ook bekend as die "krag van geloof" en dit kan volgens die navorser 'n groot rol speel in die wyse waarop misdaadslagoffers traumatiese misdaadgebeurtenisse hanteer en sin van maak.

Vir sommige persone maak traumatiese gebeure slegs sin binne 'n religieuse of spirituele konteks (Kalmanowitz & Lloyd 2005:26). Sommige persone beskik oor die vermoë om die bo-natuurlike en die transpersoonlike te verbind en dit kan help om die mense te ondersteun. Oorlewendes herevalueer dikwels die betekenis van die lewe in eksistensieële en geestelike terme. Baie oorlewendes ervaar 'n verandering in hulle geloof, in die sin dat oorlewing 'n dieper begrip verg van die betekenis van lewe (Kalmanowitz & Lloyd 2005:26). Die benadering stem ooreen met die eksistensieële benadering en sluit aan by Victor Frankel se logo-terapie.

Persone kan relatief maklik ŉ konneksie maak met kuns deur "betekenis te vind" in ŉ religieuse konteks, omrede spirituele- en geloofstradisies dikwels kuns as ŉ ritualistiese en simboliese hulpmiddels gebruik (Kalmanowitz & Lloyd 2005:26). Rituele en simbole word gebruik om die innerlike en uiterlike geloofswêrelde ineen te skakel. Innerlike oortuigings, gevoellens en verstandhoudings ten opsigte van geloof word uiterlik uitgedruk deur rituele en simbole. Dit help om die innerlike beginsels van geloof meer toegangklik te maak (Kalmanowitz & Lloyd 2005:26).

Beide kuns en meditasie behels dat gedagtes gefokus moet word (Spencer 1997:27). Sulke konsentrasie kweek kalmte en rustigheid en dit het ook ŉ rustige uitwerking op die brein. Wanneer die rustigheid ervaar word, kan dit lei tot insig in ŉ probleem. Die betrokkenheid in artistieke aktiwiteite ondersteun die ontwikkeling van verstandelike en emosionele houdings wat geassosieer word met lewensveranderinge en persoonlike transformasie met geestelike doelstellings. Die belangrikheid van onversteurde aandag was alreeds sterk beklemtoon oor die eeue heen deur geestelike leiers (Spencer 1997:27).

As kuns beoeffen word as ŉ tegniek vir meditasie, lê die waarde daarvan in die proses en nie die produk nie en dit kan geestelike uitbreiding en persoonlike uitdrukking stimuleer (Spencer 1997:27). Die kunstenaar word dan self ŉ skepper. Kuns dien as ŉ vorm van meditasie, sentrering, of ŉ terugkeer na die oorsprong. Die kunstenaar se vertroue in die beelde wat hy skep, behels dan ook ŉ tipe geloof. Die geloof is dat die beelde verteenwoordigend is van sekere aspekte van die persoon se lewe (Spencer 1997:27).

In kreatiewe uitdrukking bereik kunstenaars dikwels ŉ oomblik van empatie en ervaar hulle ŉ groot hoeveelheid geluk en tevredenheid (Spencer 1997:28). Een van die grootste struikelblokke om volwasse persone te leer om deur middel van kuns te mediteer, is om hulle so vêr te kry om te laat gaan van hulle veroordelende houdings ten opsigte van hulle eie self-uitdrukkings. Die observasie hou direk verband met die herstelproses omrede die vrees vir kritiek hulle kreatiwiteit inhibeer en dan moet die herstel proses ŉ ander roete volg. Persone moet leer om die beelde wat hulle skep te vertrou, al skep dit verwarring en pyn. Die pyn wat die persone ervaar kan helend van aard wees wat nuwe verhoudinge met ander persone, plekke en dinge bewerkstellig. Dit lei uiteindelik dan ook tot oortreflikheid (Spencer 1997:28).

Skoonheid word herken en word gemeet ten opsigte van pyn en dit groei ook daaruit (Spencer 1997:28). Die konsep dat skoonheid kan ontstaan deur pyn, is operatief in die lewe van ŉ kunstenaar wat op soek is na skoonheid en die boodskap van siekte en lyding. Die siening

bestaan dat konstruktiewe en herkonstruktiewe kuns die kunstenaar sal bystaan om die persoon weer te lei tot 'n herbetowerende wêreld. Sulke kuns is diep universeel en weerspieël die elemente wat in alle kulture voorkom en terselfdertyd is dit ook 'n viering van diversiteite waardeur kulture wedersyds verryk kan word. Sulke kuns erken kreatiwiteit as asemrowend, iets wat beide goddelike en demoniese potensiaal het, terwyl dit ook erken dat kuns aanhoudend is soos die kreatiwiteit wat ons in die natuur vind (Spencer 1997:28). Die beskouing dat kuns universeel is en elemente weerspieël wat in alle kulture voorkom, sluit weereens aan by Jung se perspektief aangaande archetipe simbole wat universeel voorkom. Die verskynsel sal verder tydens die gevallestudies in hoofstuk vyf bestudeer en gedemonstreer word.

Kreatiewe transformasie is 'n totale proses waarin die kreatiewe prinsiepe manifesteer as 'n krag wat verwys na die self, die kern van die algehele persoonlikheid (Spencer 1997:28). Hierdie transformatoriese fases vind plaas op massiewe persoonlike vlakke en affekteer uiteindelik die wêreldgemeenskap as 'n geheel. 'n Moontlike effek is die groei na eenheid en gesondheid. Een idee is dat die gees van skepping wat in ons is, wakker gemaak en geniet moet word (Spencer 1997:29).

Ten slotte kan die vraag kan gevra word, Wat maak die kreatiewe ervaring so sinvol? (Spencer 1997:21). Wadeson (1980) se siening is dat kuns 'n tipe paradoks is; aan die een kant is daar 'n tipe manier waar volgens die persoon uit homself uit kom (uit sy dop kruip), asof die persoon deursigtig raak, dan kan dit gesien word as 'n gevoel van eenheid aan 'n universele ervaring wat meer is as die unieke kondisies van die persoon se eie lewe. Daar is 'n tipe van verligting en moontlike elevasie van pyn tydens so 'n gebeurtenis. Aan die ander kant is die stof waaruit die skepping gemaak is, baie diep persoonlik; dikwels plaas dit die persoon dieper in aanraking met hom of haar self. Dit is hier waar begrip bereik word. Integrasie is dan die gevolg van die inskakeling van die persoonlike en die universele. Laastens ervaar die persoon geluk wanneer die persoon terugstaan en die kunswerk wat hy geskep het admireer en besef dat hy na homself kyk (Spencer 1997:21).

Kunstenaars verbreed die menslike bewustheid deur deurlopend deel te neem aan die skepping van die wêreld (Spencer 1997:22). As die kreatiewe proses gesien word as die verteenwoordiging van die hoogste graad van geestelike gesondheid, eerder as die produk van siekte toestande, dan moet die kreatiewe proses gesien word as die uitdrukking van normale mense wat hulle self-aktualiseer. Selfs geringe ervarings met kunsobjekte kan toweragtig en tydelik, narsistiese wonde en skeure genees. Die skeppers en bewonderaars van kuns kan

intense verhoudinge met die kunsmedia en kunswerke ontwikkel deur identifikasie en projeksie, ’n tipe verbeeldingsideaal, ’n tydelike ervaring van die self as konflik vry en onverdeeld (Spencer 1997:22). Vir die navorser het die gebruik van kuns dus groot moontlikhede en potensiaal wat aangewend kan word tydens krisis-ingryping en trauma berading vir die algehele psigologiese, emosionele en geestelike genesing van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Die rol wat kuns kan speel in die plasebo effek sal verder ondersoek en gedemonstreer word in die gevallestudies in hoofstuk vyf. Daar sal veral aandag geskenk word aan hoe die mens se geloofstelsel hulle deur ’n krisis of traumatiese gebeurtenis kan dra en so bydra tot die algehele emansipasie van die misdaadslagoffer ten einde aan te sluit by die doelstellings van die navorsing.

### 3.8 SAMEVATTING

Die rol wat kuns speel as ’n terapeutiese tegniek ten einde misdaadslagoffers by te staan sluit aan by die navorsingsdoelstellings om alternatiewe tegnieke te ondersoek wat saam met bestaande krisis-intervensie en traumaberadingstegnieke aangewend kan word ten einde misdaadslagoffers te bemagtig. Daar was verder ’n onderskeid getref tussen die doelstellings van terapeutiese kuns en forensiese kuns en daar was gewys op die doel van misdaadslagoffers se kuns in ’n forensiese konteks soos uiteengesit in die navorsingsdoelstellings.

In die hoofstuk was daar verder gelet op die rol wat kuns speel in die mens se neurologiese verwerking van trauma. Die neuro-wetenskappe lewer ’n al hoe groter siening van hoe die brein en liggaam reageer op trauma, stres, siektes en ander gebeure (Malchiodi 2003:22). Die neuro-wetenskappe staan ook sentraal tot die verstaan van hoe beelde en prente ons emosies, gedagtes, algemene welstand beïnvloed asook hoe die visuele, sensoriese en ekspressiewe taal van kuns die beste met behandeling geïnkorporeer kan word (Malchiodi 2003:22).

Soos die neuro-wetenskappe verder ontwikkel, kan dit die wyse waarop kuns gebruik word vir die behandeling van emosionele en fisiese afwykings heeltemal verander (Malchiodi 2003:22). Met die verdere ontwikkeling van die neuro-wetenskappe en die verstand-liggaam paradigmas, sal meer geleer kan word aangaande hoe artistieke uitdrukking individue kan help met emosionele en fisiese ongemak en hoekom die vermoë om te skep, sentraal staan tot die verbetering van gesondheid en algemene welstand (Malchiodi 2003:22). In die afdeling was

daar laastens gefokus op die invloed wat kuns en kleur op die brein uitoefen asook wat die invloed is van breinskade op misdaadslagoffers se kuns.

Vervolgens was daar ondersoek ingestel na die terapeutiese waarde van kuns en watter voordele dit kan inhou vir misdaadslagoffers. Dit het aangesluit by die doelstellings van die navorsing waar kuns gebruik kan word vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Verder was daar by die navorsingsdoelwitte aangesluit deur te let op die gebruik van kuns as ’n kommunikasiemedium vir getraumatiseerde misdaadslagoffers as ook wat die rol is wat kuns kan speel en psigologiese en emosionele herstelproses van die misdaadslagoffers. Aspekte aangaande die gebruik van kuns vir geheue aanwakkering was bespreek en wat die voordele daarvan kan wees vir die misdaadslagoffer en die strafregsplegingstesel. Die rol wat kuns kan speel in die self-aktualisering van misdaadslagoffers was ook bespreek.

Daar was verder aangesluit by die navorsingsdoelwitte deur te let op die rol wat simboliek as kommunikasiemedium in misdaadslagoffers se kuns speel. Daar was ook onderskei gewees tussen sensoriesestyl en verbeeldingstyl kunstenaars omrede beide die tipes kunstenaars se style ’n bydrae kan lewer in die bemagtiging van misdaadslagoffers. Daar was ook daarop gewys gewees dat trauma op ’n sensoriese vlak plaasvind en dat sensoriesestyl kuns meer aangewese sal wees om misdaadslagoffers te bemagtig. Die navorsingsdoelwitte was verder bereik deur te let op die gebruik van kuns om spanning, krisis en trauma toestande asook gevoellens van rou te verlig.

Die voordele wat kuns inhou om dissosiasie teë te werk asook die wyse waarop kuns dissosiasie teëwerk was bespreek. Dit was opgevolg deur te let op hoe kuns die algehele herstelproses van misdaadslagoffers kan aanhelp. Dit was opgevolg deur kortliks te let op die uitwerking wat neurose op kreatiwiteit het en daar was ook aandag geskenk aan sekere psigologiese aspekte van kuns. Laastens was daar aandag geskenk aan die wyse waarop kuns geestelike aspekte kan beïnvloed en andersom. Daar was ook gewys op die potensiaal van die plasebo effek ten einde misdaadslagoffers te bemagtig.

In hoofstuk 4 gaan daar gelet word op die die rol wat kuns kan speel in krisisingryping en traumaberading en hoe dit misdaadslagoffers ’n gevoel van bemagtiging kan gee. Daar sal verder praktiese riglyne verskaf word ten opsigte van krisisingryping en trauma berading.

Die doel van forensiese ondersoeke asook die rol wat misdaadslagoffers speel in forensiese ondersoek sal bespreek word. Onderskeid sal ook getref word tussen forensiese onderhoudvoering en kliniese onderhoudvoering vir onderhoudvoering. Vervolgens sal daar ondersoek ingestel word na die gebruik van misdaadslagoffers se kuns in die ondersoek van misdaad. Die rol wat kuns kan speel in die assessering van misdaadslagoffers vir forensiese kriminologiese ondersoeke sal ook bespreek word. Die aanwending van tekeninge as ŉ onderhoudvoeringstegniek, klagteversterkings, en geregtelike hulpmiddel sal ook bespreek word. Daar sal ook gelet word op sekere belangrike geregtelike aspekte van forensiese kuns. Laastens sal die rol wat forensiese kuns speel in slagoffer en oortreder identifikasie ook bespreek word.

# Hoofstuk 4: BASIESE KRISIS-INGRYPING EN DIE WAARDE VAN SLAGOFFERS SE KUNS IN FORENSIESE ONDERSOEKE

## 4.1 INLEIDING

’n Uiteensetting was in die vorige hoofstuk gegee van wat terapeutiese en forensiese kuns behels. Daar was aangedui watter persone almal gebruik kan maak van terapeutiese en/of forensiese kuns. ’n Uiteensetting was gegee van hoe trauma en kuns die brein affekteer en die uitwerking wat breinskade op kuns kan hê. Vervolgens was daar ’n uiteensetting gegee van die terapeutiese waarde van kuns en hoe terapeutiese kuns aangewend kan word om getraumatiseerder misdaadslagoffers te bemagtig. Verder was daar ook gewys op die verskillende aspekte van ’n persoon se menswees wat aangeraak kan word deur terapeutiese kuns en watter voordele dit inhou vir getraumatiseerde individue.

Daar was ook gewys op die belangrikheid van kuns as ’n kommunikasiemedium in gevalle waar persone te getraumatiseerd was om oor sekere traumatiese gebeure te praat. Verder was daar gewys op die belangrikheid van kuns as ’n kommunkasiemedium in gevalle waar kommunikasie bemoeilik word deur taal en kulturele verskille asook om misverstande op te klaar. Hier was die belangrikheid van simbolisasie in misdaadslagoffers se kuns beklemtoon. Aandag was ook geskenk aan die uitwerking van die mens se religieuse oortuigings op kuns en hoe die mense se religieuse siening hy of haar wêreldbeskouing kan beinvloed.

Ten einde by die navorsingsdoelwitte aan te sluit gaan daar in hierdie hoofstuk gelet word op die wyses waarop misdaadslagoffers tydens ’n krisisinsident of trauma-insident bygestaan kan word deur te fokus op basiese krisis-ingryping en traumaberading ten einde die misdaadslagoffers van geweldsmisdade te emansipeer. Daar sal ook ondersoek ingestel word verskillende tegnieke om kuns aan te wend tydens krisis-ingryping en traumaberading ten einde die simptome van trauma te verminder.

Eerstens sal daar gelet word op die basiese doelstellings van krisis-ingryping en die assessering van ’n krisis, waarna daar ’n uiteensetting gegee sal word van die praktiese riglyne vir krisis-ingryping. Daar sal ook gelet word na wanneer ’n persoon verwys moet word vir verdere behandeling of berading. Vervolgens sal daar ook ag geslaan word op sekere praktiese probleme wat krisis-ingryping kan bemoeilik of benadeel.

In die hoofstuk sal daar by die navorsingsdoewitte aangesluit word deur te let op hoe terapeutiese en forensies kuns aangewend kan word as ŉ alternatiewe tegniek, of as ŉ hulpmiddel, tydens krisis-ingryping en trauma-berading en hoe dit kan bydra tot die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Forensiese kunstenaars werk verder ook op enige stadium na die misdaadvoorval met die misdaadslagoffers. Verkieslik moet sketse van misdaadtonele, gesigsamestellings, ensovoorts, direk na die misdaadvoorval gedoen word indien die misdaadslagoffers nie getraumatiseerd is deur die voorval nie (Gibson 2008:116). Met getraumatiseerde misdaadslagoffers moet daar verkieslik 24 tot 48 uur na die voorval gewag word voordat ŉ forensiese kunstenaar met die misdaadslagoffer werk omrede trauma die geheue van die slagoffer kan inhibeer (Gibson 2008:116). Dit kan egter gebeur dat die forensiese kunstenaar met die misdaadslagoffers werk terwyl die slagoffers nog in ŉ krisistoestand verkeer binne die eerste 72 uur na die voorval. Andersins kan die forensiese kunstenaar met die misdaadslagoffer werk tydens die herstelproses, wat etlike dae of weke na die voorval mag wees, terwyl die misdaadslagoffer nog getraumatiseerd is.

Dit is dus die navorser se mening dat forensiese kunstenaars die basiese beginsels van krisis-ingryping en trauma-berading moet kan toepas wanneer hulle met getraumatiseerde misdaadslagoffers werk. Indien die forensiese kunstenaar nie oor die nodige vaardighede beskik om met getraumatiseerde misdaadslagoffers te werk nie, dan kan dit die slagoffer verder traumatiseer. Dit kan ook daartoe lei dat waardevolle inligting verlore gaan en dit kan weer die juridiese proses en die slagoffers verder benadeel deurdat misdadiger onopgespoor bly of selfs vrygespreek word tydens die strafregtelike verrigtinge.

Dit moet ingedagte gehou word dat misdaadslagoffers nie net bemagtiging benodig om die traumatiese gebeure verwerk nie, maar dat hulle ook bemagtig kan word deur die suksesvolle vervolging van die oortreder. Dus is dit ook belangrik om te fokus op die manier wat juridiese beamptes kuns kan aanwend vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. In die verband sal daar ook by die navorsingsdoelwitte aangesluit word deur te fokus op hoe forensiese kuns aangewend kan word vir die bemagtiging van misdaadslagoffers vanuit ŉ juridiese perspektief. Verder sal daar ondersoek ingestel word na die gebruik van forensiese kuns tydens onderhoudvoering en ondervraging.

Daar sal voorts by die vorige hoofstuk aangesluit word deur te fokus op die wyses waarop forensiese kuns aangewend kan word tydens die misdaadondersoekproses. In die verband sal

daar ondersoek ingestel word na die aanwending van forensiese kuns ten einde onbekende of vermiste misdaadslagoffers en oortreders te identifiseer. Daar sal ook gelet word op hoe misdaadslagoffers se kuns gebruik kan word as ŉ geregtelike hulpmiddel ten einde ŉ dieper insig te verkry in die verloop van gebeure tydens die misdaadinsident. Verder sal daar gelet word op hoe kuns aangewend kan word tydens forensiese ondersoeke ten einde te bepaal wat die psigologiese en emosionele impak van die misdaad was en wat die potensiële waarde van misdaadslagoffers se kuns kan wees in die strafregplegingstelsel.

Dit is belangrik om daarop te let dat forensiese kunstenaars werk met ernstige getraumatiseerde misdaadslagoffers (Gibson 2008:3). Verder is die slagoffers ook soms negatief oor die vermoeëns van die forensiese kunstenaar om ŉ gesigsamestelling van die oortreder, sketse van gesteelde eiendom, of skedelrekonstruksie van misdaadslagoffer te kan doen (Gibson 2008:3). Dit kan moontlik selfs daartoe bydra dat die misdaadslagoffers verder getraumatiseer word indien die forensiese kunstenaar onsuksesvol is in sy/haar pogings om die misdaadslagoffer te help. Vervolgens gaan daar nou gelet word op die basiese beginsels en praktiese riglyne vir krisis-ingryping en trauma-berading.

## 4.2 WAT IS KRISIS-INGRYPING?

Daar was reeds daarop gewys dat misdaadslagoffers dikwels getraumatiseerd is na ŉ misdaadvoorval en dat hulle selfs in ŉ krisistoestand kan verkeer. Die misdaadslagoffers kan dus krisis-ingryping en trauma-berading benodig om die misdaadgebeure te verwerk. Vervolgens gaan daar ondersoek ingestel word na wat krisis-ingryping en trauma-berading behels.


Krisis-ingryping behels ŉ proses waardeur persone wat traumatiese insidente ervaar het, leiding ontvang van ŉ ervare persoon (Retief 2005:33). Gedurende die proses word die emosionele en kognitiewe ervarings en indrukke van die traumatiese insident hersien en georden. Dit verminder die moontlikheid van verlengde emosionele skade wat op traumatiese gebeurtenisse kan volg (Retief 2005:33). Deur die simptome van trauma deur middel van krisis-ingryping te verminder, kan dit ŉ bydra lewer tot die emansipering van getraumatiseerde misdaadslagoffers en gevolglik sluit die afdeling aan by die navorsingsdoelwitte soos uiteengesit in hoofstuk een. In hoofstuk twee was die emosionele simptome wat met trauma gepaardgaan bespreek en in hoofstuk drie was daar gewys op die wyses waarop terapeutiese en

forensiese kuns kan bydra tot die vermindering van die simptome van angs, trauma, depersonalisasie, dissosiasie, ensovoorts.

Volgens Collins (2005: 6) is krisis-ingryping ʼn manier om onmiddellike, tydelike, emosionele noodhulp toe te pas op die slagoffers van sielkundige en emosionele trauma. Die persoon wat ingryp, moet vinnig en met vaardigheid reageer, op gedrag wat dikwels ongeorganiseerd, verward en potensieel skadelik is. Die doelstellings van trauma ontlonting is om die slagoffers van misdaad by te staan om hulle gevoelens en emosies tydens, of net na ʼn noodsituasie, te verwerk en te verstaan, ten einde die slagoffers in staat te stel om weer normaal te kan funksioneer. Tydens krisis-ingryping moet daar gelet word op tekens van abnormale gedrag en/of post-traumatiese stres ten einde addisionele berading of verwysings te kan reël (Collins 2005: 6).

Volgens die navorser kan kuns in die verband aangewend word deurdat die misdaadslagoffers die misdaadgebeure skets en deurdat hul gevoellens en emosies kan laat uitbeeld. Dit kan moontlik daartoe lei dat die slagoffers en die berader dieper insig verkry in die misdaadgebeure en die misdaadslagoffers se emosioenele toestand. Byvoorbeeld, Figuur 4.1 was gemaak deur ʼn respondent wat aan die navorsing deelgeneem het. Die respondent was ʼn 19-jarige dame wat, saam met ʼn vriendin van haar, die slagoffers van ʼn gewapender roof, in ʼn kettingwinkel, was. Die skets wat sy gemaak het, het die navorser dieper insig verskaf aangaande die uitleg van die winkel tydens die misdaad, asook wat die ruimtelike posisie van die slagoffer, haar vriendin, die rowers en ander betrokke partye was tydens die gewapende roof. Deur dieper insig te verkry met betrekking tot die ruimtelike uitleg van die misdaadvoorval, kon die navorser ʼn beter begrip ontwikkel van die kronologiese gebeure wat die slagoffers verbaal verduidelik het, en dit het weer daartoe bygedra dat die navorser die slagoffer se ervaring beter kon verstaan.

Figuur 4.1 is verderʼn voorbeeld van hoe ʼn persoon volgens di e simboliese-interaksionistiese benadering simbole kan gebruik om te kommunikeer. Die voorbeeld kan ook van groot waarde wees tydens juridiese verrigtinge omrede dit die hof kan voorsien vaʼn sketsplan ten opsigte van die misdaadvoorval.




**Figuur 4-1 ’n Voorbeeld van hoe ’n persoon volgens die simboliese-interaksionistiese benadering simbole kan gebruik om te kommunikeer**

In figuur 4.2 moes dieselfde slagoffer haar emosies wat sy as gevolg van ’n traumatiese misdaadvoorval gehad het visueel uitbeeld. Dit het weereens die navorser gehelp om die emosionele toestand van die slagoffer beter te assesseer.




**Figuur 4-2 Die visueele uitbeelding van 'n slagoffer van haar emosies wat sy as gevolg van traumatiese misdaadvoorval gehad het**

Bo-genoemde geval sal tydens die gevallestudies (in hoofstuk 5) in meer diepte bespreek word. Die rol wat die psigo-analistiese benadering, ten opsigte van nie-verbale kommunikasie, en die simboliese-interaksionistiese se simboliek gespeel het in die slagoffers se kuns tydens krisis-ingryping, sal ook in detail spreek word. Daar sal ook gelet word op hoe kuns algemene gesprekvoering vergemaklik het tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Vervolgens gaan daar gelet word op wat die karaktereienskappe van 'n krisis is, of trauma, wat gepaard kan gaan met misdaad.

### 4.2.1 *Die karaktereienskappe van krisisse en trauma*

Ten einde te kan verstaan wanneer 'n misdaadslagoffer in 'n krisistoestand verkeer of trauma ervaar, is dit nodig om te weet wat die karaktereienskappe van 'n krisis of trauma is. Die karakteristieke eienskappe van 'n krisis behels volgens Dass-Brailsford (2007:94) die volgende:

- Die gebeure wat die krisis voorafgegaan het, was ervaar as 'n bedreiging deur 'n betrokke persoon.
- Daar bestaan 'n onvermoë by 'n persoon om die fisiese, emosionele of psigiese impak van die stresvolle gebeure te verander of te verminder.
- Daar is verhoogde ervarings van spanning, vrees en verwardheid by die persoon.
- Daar bestaan hoë vlakke van subjektiewe ongemak by 'n persoon.

- ’n Toestand van kognitiewe wanbalans word opgevolg deur ’n vinnige verandering na ’n aktiewe krisistoestand by die persoon.

’n Krisistoestand kan van ’n traumatoestand onderskei word deur hoofsaaklik die tydsverloop wat dit neem om die gevolge van gebeure op te los (Dass-Brailsford 2007:94-95). Gevolglik kan dit afgelei word dat krisistoestande en trauma-toestande dieselfde karaktereienskappe het. Die meeste krisisse kan ontwikkel tot traumas, en trauma ontstaan gewoonlik vanuit ’n krisis. ’n Persoon se ekonomiese status, die beskikbaarheid van emosionele ondersteuning, en die natuur van ’n krisis bepaal gewoonlik hoe vinnig ’n persoon ’n krisis kan oplos en weer normaal funksioneer (Dass-Brailsford 2007:94-95). Soos reeds vermeld kan onbehandelde trauma lei tot post-traumatiese stres en ander psigo-patologiese afwykende gedrag. Gevolglik is krisis-intervensie in sekere gevalle noodsaaklik, ten einde misdaadslagoffers te bemagtig. Vervolgens gaan daar nou gelet word op wat die doelstellings is vir krisis-ingryping en trauma-berading.

### 4.2.2 *Die doelstellings van krisis-ingryping en trauma-berading*

Krisis-ingryping vind gewoonlik binne 72-uur na die krisistoestand plaas (Dass-Brailsford 2007:157). Volgens Jonas (2003: 46-47) is die doelstellings van krisis-ingryping hoofsaaklik om emosionele ondersteuning te verskaf aan die misdaadslagoffers deur die volgende te doen:

- Luister na die slagoffers;
- Toon empatie met die slagoffers;
- Normaliseer die ervaring deur die slagoffer in te lig dat die persoon se gevoelens en emosies ’n normale reaksie is op trauma;
- Gee die slagoffers kans om hulle gevoelens te ventileer;
- Herverseker die slagoffers dat hulle veilig is en verskaf emosionele ondersteuning.

Collins (2005:34) wys op die volgende doelstellings van krisis-ingryping:

- Eerstens moet die persoon gehelp word om die krisissituasie doeltreffend te hanteer en terug te keer na sy/haar normale funksionering;
- Die vrees, angs en ander onsekerhede, wat tydens die krisis, en na die afloop daarvan, moet verminder word;
- Die slagoffer moet krisisbestuurstegnieke aangeleer word om die persoon beter voor te berei vir toekomstige krisisse, om dit te antisipeer en te hanteer;
- Laastens moet die persoon kan nadink oor die krisis ten einde daaruit te kan leer en as gevolg daarvan te kan groei.

Die navorser is van mening dat al die bogenoemde doelwitte van krisis-ingryping belangrik is ten einde die nodige hulp en ondersteuning te verskaf aan die slagoffers van geweldsmisdade ten einde die misdaadslagoffers te bemagtig. Volgens die navorser is die hoofdoel van krisis-ingryping om die slagoffer te help om voort te gaan met sy/haar lewe deur middel van emosionele, sosiale, ekonomiese en maatskaplike bystand en advies.

Soos reeds vermeld in hoofstuk 3 is die sentrale tema van trauma-berading om ŉ basis te verskaf waarin die traumatiese misdaadgebeurtenis kognitief en emosioneel gesimboliseer en verwerk kan word (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113). Deur kognitiewe en emosionele simbolisiasie, leer die slagoffer deur die traumatiese misdaadgebeurtenis en kan die slagoffer groei deur dit wat met hom of haar gebeur het (Kalmanowitz & Lloyd 2005:113).

## 4.3 PRAKTIESE RIGLYN VIR KRISIS-INGRYPING EN TRAUMA-BERADING

Ten einde te kan verstaan hoe om krisis-ingryping toe te pas op getraumatiseerde misdaadslagoffers, gaan daar in die afdeling gelet word op die verskillende fases waaruit krisis-ingryping bestaan. Vervolgens gaan daar gelet word op die komponte van trauma-berading.


Krisis-ingryping in die volgende fases opgedeel word (Jonas 2003: 48-52) nl:

### 4.3.1 *Die gemeenskaplike grondefase*

Tydens die fase moet die krisisbemiddelaar gemeenskaplike gronde met die slagoffers moet bewerkstellig voordat daar met die krisis-ingryping begin kan word (Jonas 2003: 48). Dit word gedoen deur die krisisbemiddelaar en die slagoffers aan mekaar voor te stel, basiese reëls vir die ontlontingsproses word neergelê en die slagoffers word gekalmeer (Jonas 2003: 48).

### 4.3.2 *Die narratiewe fase*

Die slagoffer word uitgenooi om hulle ervaring van die krisissituasie in volle besonderhede te vertel (Jonas 2003: 49). Die navorser beplan om tydens die narratiewe fase gebruik te maak van kuns om slagoffers te help om die verhaal van die krisis-insident te vertel. In figure 4.3 tot 4.5 vertel die slagoffer ŉ narratief van ŉ ongeluk waar die slagoffer en ŉ vriend ŉ hond met ŉ motorvoertuig op ŉ hoë spoed dood gery het.



**Figuur 4-3 Hond en aankomende voertuig in pad voor motor**


In figuur 4.3 is die slagoffer en haar vriend sigbaar in die motorvoertuig en besig om te ry. Voor die voertuig staan ŉ hond in die pad en kyk die hond na die aankomende voertuig.



**Figuur 4-4 Voertuig tref hond en hond tref voorruit, met persoon wat haar gesig beskerm**

In figuur 4.4 bots die voertuig met die hond en die hond tref die voertuig se voorruit. Op die stadium het die slagoffer gevrees dat die hond deur die venster sou gaan en hulle in die motorvoertuig gaan tref. In die prent kan daar ook gesien word hoe die persoon in die voertuig haar gesig beskerm deur haar hande voor haar gesig te hou.

In figuur 4.5 het die motorvoertuig tot stilstand gekom langs ŉ padstalletjie. Die slagoffer en haar vriend het ongedeerd uit die motorvoertuig geklim en die skade aan die motorvoertuig geïnspekteer. Die slagoffer het die skade wat die ongeluk veroorsaak het aan die motorvoertuig uitgebeeld. Op die voorgrond regs, onder, lê die hond dood langs die pad. (Die gevallestudie sal in hoofstuk vyf in verdere besonderhede bespreek word.)



**Figuur 4-5 Motor kom tot stilstand langs padstalletjie, met skade aan voertuig, en dooie hond**

### 4.3.3 *Die feitefase*

In die fase word die feite van die voorval verkry deur die slagoffers toe te laat om in detail te vertel wat gebeur het (Jonas 2003:49). Deur die mondelikse herhaling van die gebeure word die aanvanklike skokreaksies as gevolg van vrees verlig (Jonas 2003:49). In die verband kan slagoffers volgens die navorser aangemoedig word om ’n uitleg, of plan, van die misdaadgebeure te teken (soos in figuur 4.1).

### 4.3.4 *Die dinkfase*

Gedurende die fase word die slagoffer aangemoedig om sy gedagtes en indrukke van die situasie mee te deel ten einde die situasie te kan ontleed (Die SAPD Handleiding Vir Gyselaaronderhandeling en Ontlonting. Module 8. 1997:25). Daar word hoofsaaklik gefokus op die gedagtes van die slagoffer soos die insident ontwikkel het en wat die impak van die gedagtes op die slaoffers was (Jonas 2003:50). Figuur 4.4 sluit hierby aan omrede die slagoffer in haar skets haar vrese uitgebeeld het dat die hond deur die windskerm kon gaan en hulle in die motorvoertuig tref. In die skets beeld sy ook uit hoe sy en haar vriend gekeer het vir hulle gesigte.

### 4.3.5 *Die emosiefase*

Die emosionele reaksies van die slagoffer voor, tydens en na die voorval, word in die fase bespreek in ’n omgewing wat veilig is vir die slagoffer (Die SAPD Handleiding Vir Gyselaaronderhandeling en Ontlonting. Module 8. 1997:25). Die slagoffers word tydens die fase gehelp om hulle opgekropte emosies te ontlaai (Jonas 2003:50). Op ’n soortgelyke wyse soos in figuur 4.2 kan slagoffers aangemoedig word om hulle emosies visueel uit te beeld.

### 4.3.6 *Die stresreaksiefase*

Tydens die stresreaksiefase word daar gekyk hoe die slagoffer gereageer het op psigologiese stres tydens, en na, die voorval (Die SAPD Handleiding Vir Gyselaaronderhandeling en Ontlonting. Module 8. 1997:25). Verder kan inligting met betrekking tot die simptome van stresreaksies aan die slagoffers oorgedra word (Jonas 2003:51).

### 4.3.7 *Die onttrekkingsfase*

Aan die einde van die ontlontingsessie moet die areas wat nie aangespreek was nie, aangespreek word (Jonas 2003:52). 'n Opsomming word gemaak van die ontlontingsessie en terugvoering word aan die slagoffers verskaf. Die slagoffers word verder die geleentheid gegun om oor belangrike aspekte van die krisisingrypingsproses te gaan en dit kan die slagoffers in staat stel om te kan konnekteer met dit wat hulle ervaar het tydens die krisis(Jonas 2003:52).

Die navorser is van mening dat die model vir krisis-ingryping prakties implimenteerbaar is en dat dit met groot sukses aangewend kan word. Daar moet egter ook gelet word op die moontlikheid dat die stappe wat gevolg moet word tydens krisis-ingryping moontlik nie altyd presies op mekaar kan volg soos wat dit in die model uiteengesit is nie. Die rede hiervoor is dat die krisisingrypingsessie moontlik onderbreek kan word as gevolg van omstandighede wat buite die beheer van die krisisingryper is.

Steele (2003:141) wys daarop dit die proses van trauma-berading met misdaadslagoffers hoofsaaklik drie komponente behels:

- Die vertelling van die trauma narratief. Dit stem ooreen met die narratiewe fase (soos bo genoem) waartydens die slagoffer die gebeure in detail vertel.
- Herblootstelling aan die trauma insident. Dit stem ooreen met die feite fase (soos bo genoem). Dit is ook tydens die fase wat die navorser beplan om gebruik te maak van kuns ten einde sekere onduidelikhede uit die weg te ruim.
- Kognitiewe herstrukturering. Die fase stem ooreen met die emosie fase en die dink fase (soos bo genoem).

Die navorser is van mening dat dit belangrik dat die sketse en diagramme wat misdaadslagoffers teken tydens krisis-ingryping en trauma-berading aan die ondersoekbeampte in die saak oorhandig word, omrede dit van groot forensiese waarde kan wees en moontlik in 'n hof aangewend kan word as 'n klagteversterkingshulpmiddel tydens die strafregterlike verrigtinge. Die rol wat misdaadslagoffers se kuns kan speel in 'n forensiese konteks sal later in hierdie hoofstuk verder bespreek word.

In dié afdeling was daar aangesluit by die navorsingsdoelwitte deurdat daar basiese riglyne verskaf was vir krisis-ingryping en trauma-berading om misdaadslagoffers te emansipeer. Daar was verder by die navorsingsdoelwitte aangesluit deurdat daarop gewys was op maniere waarop kuns aangewend kan word tydens krisis-ingryping en trauma-berading Dit het ook getoon hoe sketse kan help om kommunikasieprobleme te oorkom met getraumatiseerde misdaadslagoffers. Later in die hoofstuk sal daar gefokus word op die potesiële forensiese waarde van die kuns wat misdaadslagoffers skep tydens krisis-ingryping.

## 4.4 BELANGRIKE ASPEKTE TEN OPSIGTE VAN KRISIS-INGRYPING EN TRAUMA-BERADING

In die vorige afdeling was daar gefokus op die bemagtiging van misdaadslagofers deur middel van krisis-ingryping. Hierdie afdeling sal aansluit by die vorige afdeling en die navorsingsdoelwitte deur te fokus op sekere aspekte wat van belang mag wees tydens krisis-ingryping en trauma-berading met getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Psigologiese en emosionele response op traumatiese gebeurtenisse is wêreldwyd soortgelyk aan mekaar (Headington Institute 2008). Individuele interpretasies van trauma en stres word egter beïnvloed deur faktore soos kultuur, sosiale konteks en persoonlike ervarings (Headington Institute 2008). Collins (2005:64) wys daarop dat persone of groepe nie almal op dieselfde manier gehanteer kan word nie. Daar moet gelet word op individuele verskille ten opsigte van persone se buigsaamheid, hulle normale manier van optrede, hulle vermoë om nuwe aanpassingstegnieke aan te leer, hulle fisiese- en sielkundige krag, asook hulle vlak van emosionele en sielkundige volwassenheid (Collins 2005: 64 & 65).

Sommige persone beskik oor die vermoë om tydens geweldige krisisse steeds optimisties te wees, terwyl ander individue plat geslaan word deur 'n geringe krisis (Collins 2005: 65). Van die persone kan heeltemal onafhanklik funksioneer tydens 'n krisis, terwyl ander persone weer oordrewe afhanklik kan wees van ander persone. Sommige slagoffers kan die krisis bespreek en die implikasies daarvan verstaan, terwyl ander slagoffers weer te ontsteld is om logies te dink en rasionele besluite te neem (Collins 2005: 65).

Met die verskille in gedagte, kan die krisisingryper of berader op verskeie maniere ingryp wanneer die krisis onstaan, of reeds plaasgevind het (Collins 2005: 65). Die volgende aspekte

moet egter ingedagte gehou word met krisis-ingryping en berading: maak kontak, verminder angs, en fokus op spesifieke kwessies.

### 4.4.1 *Maak kontak*

Die persone wat in nood verkeer maak nie noodwendig eerste kontak nie (Collins 2005: 65). Dikwels moet die krisisingryper of berader die mense nader met hartlikheid, begrip en opregte belangstelling. Die krisisingryper of berader moet aandagtig luister na die slagoffer se bekommernisse en uitgangspunte sodat die krisisingryper of berader presies kan verstaan wat die probleme en standpunte van die slagoffer is (Collins 2005: 65). Oogkontak, 'n warm glimlag en die betoning van belangstelling is kenmerke van ʻn goeie luisteraar en berader (Meier, Minirith, Wichern & Ratcliff 2003: 313). In die verband kan kuns ook moontlik aangewend word om kommunikasie met die slagoffer te verbeter (soos bespreek in afdeling 3.7.1).

### 4.4.2 *Verminder angs*

Indien die krisisingryper of berader 'n kalm en ontspanne houding het, dan kan dit help om die slagoffer se angs te verminder, veral as die kalmte gepaard gaan met herversekering (Collins 2005: 65). Die krisisingryper of berader moet geduldig en aandagtig na die slagoffer luister terwyl die slagoffer sy/haar situasie beskryf, en nie die slagoffer onderbreek wanneer hy of sy praat nie (Meier Et al 2003: 313). Die slagoffer moet aangemoedig word om oor onsekerhede en gevoelens te praat wat gepaard gaan met krisis (Collins 2005: 66). In hoofstuk vyf sal daar in die gevallestudies getoon word hoe misdaadslagoffers hulle gevoellens en emosies visueel deur middel van kuns kan uitbeeld.

Indien die slagoffer vrae het, moet die krisisingryper of berader poog om dit so eerlik as moontlik te beantwoord (Collins 2005: 66). Die krisisingryper of berader moet poog om die slagoffer gerus te stel sonder om die slagoffer valse hoop te gee of onnodig verder te ontstel (Collins 2005: 66). Indien die slagoffer in 'n situasie verkeer wat baie stresvol is, dan kan dit van groot waarde wees om die slagoffer uit die situasie te verwyder (Collins 2005: 66).

### 4.4.3 *Fokus op spesifiek kwessie*

Tydens 'n krisis kan die slagoffer maklik oorweldig word deur massas verwarrende feite, potensiële probleme en ingewikkelde besluite wat geneem moet word (Collins 2005: 66). As 'n buitestander, is die krisisingryper of berader in die regte posisie om in 'n sekere mate objektiewe besluite te kan neem. Die berader kan die slagoffer help om uit te sorteer watter kwessies eerste aandag behoort te kry ten einde die slagoffer se onmiddellike probleme op te los. Die krisisingryper of berader moet die slagoffer help om op die huidige situasie te fokus en

nie op dinge wat in die verlede gebeur het, of in die toekoms kan gebeur nie (Collins 2005: 66). Die krisisingryper of berader moet ook die slagoffers help om insig in hulle probleem of krisis te kry (Meier Et al 2003: 315).

Wanneer persone insig in die natuur van hulle probleem of krisis kry, dan kan dit baie van die probleme wat met die krisis gepaard gaan oplos (Meier Et al 2003: 315). Die navorser is van mening dat misdaadslagoffers ook aangeraai kan word om hulle probleme wat hulle ervaar as gevolg van geweldsmisdaad visueel deur middel van kuns uit te beeld, omrede dit ook moontlik daartoe kan bydra dat die slagoffers dieper insig in hulle probleme kry. In afdeling 3.7.6 was daar getoon hoe kuns kan help om die innerlike psigiese krisisse wat misdaadslagoffers kan ervaar, deur middel van kuns oorkom kan word. In hoofstuk 5 sal daar met die gevallestudies getoon word hoe innerlike krisse deur middel van kuns opgelos kan word.

### 4.4.4 *Evalueer beskikbare hulpbronne*

Die krisisingryper of berader is nie die enigste persoon wat bereid is om die slagoffers van misdaad te help nie (Collins 2005: 66-67). Daar moet gebruik gemaak word van sielkundiges, psigiaters of ander opgeleide personeel, indien die krisisingryper of berader nie daartoe in staat is om die persoon te help nie. Ander persone of instansies kan die werk, waarmee die krisisingryper of berader besig is, aanvul en gevolglik die krisis-ingryping meer suksesvol maak (Collins 2005: 66-67). Die navorser is van mening dat kuns juis 'n tegniek is wat aanvullend tot krisis-ingryping of trauma-berading gebruik kan word. Die onderwerp sal verder tydens die gevallestudies gedemonstreer word.

Van die hulpbronne wat gebruik kan word behels, onder andere, geestelike, persoonlike, interpersoonlike en addisionele hulpbronne (Collins 2005: 67).

#### *4.4.4.1 Geestelike hulpbronne*

Geestelike hulpbronne verwys na geestelike leiers van die persoon se geloof, of in die gemeenskap, en hulle kan bronne van groot geestelike krag wees (Collins 2005: 67).

#### *4.4.4.2 Persoonlike hulpbronne*

Persoonlike hulpbronne verwys na die karaktertrekke van die slagoffer self wat tot sy/haar eie voordeel kan strek (Collins 2005: 67). Die krisisingryper of berader moet die slagoffer op sy/haar sterk punte en suksesse in die verlede wys, omrede dit kan help om die slagoffer te herverseker (Collins 2005: 67).

#### *4.4.4.3 Interpersoonlike hulpbronne*

Interpersoonlike hulpbronne verwys na interpersoonlike verhoudinge wat die slagoffer het met ander persone soos gesinslede, vriende, kollegas, ensovoorts. (Collins 2005: 67). Hierdie is bestaande sosiale netwerke wat 'n groot bydrae kan lewer om die slagoffer te help indien hulle gekontak word (Collins 2005: 67).

Ondersteuningsnetwerke moet egter ook daarop gewys word dat hulle nie die slagoffer versmoor deur alles vir hom of haar te doen nie, omrede dit kan lei tot 'n 'niks-doen' houding van die slagoffer self se kant af, en dit kan verhoed dat die slagoffer groei deur sy/haar ervaring (Collins 2005: 68).

#### *4.4.4.4 Addisionele hulpbronne*

Addisionele hulpbronne verwys na bronne in die gemeenskap wat tot die slagoffer se beskikking is soos regshulp, mediese hulp, sielkundige hulp, en finansiële hulp (Collins 2005: 68). Dit gebeur dikwels dat slagoffers tydelike verblyf nodig het, of iemand benodig om na kinders of ander afhanklikes om te sien, ensovoorts. Hier kan die krisisingryper of berader help deur die nodige organisasies te kontak (Collins 2005: 68).

### 4.4.5 *Beplan die ingryping*

Wanneer die probleme geïdentifiseer en geëvalueer is, dan kan verskillende maniere oorweeg word om die probleme op te los en so kan bepaal word wat die beste plan van aksie sal wees (Meier Et al 2003: 317). Die krisisingryper of berader en die slagoffer kan op hierdie stadium op grond van die beskikbare feite tot hulle beskikking, verskillende planne van aksies formuleer, en saam besluit wat die belangrikste is wat eerste gedoen moet word (Collins 2005: 68). 'n Goue reël van krisis-ingryping is dat die krisisingryper of berader die slagoffers moet help met dit wat die slagoffer nie self kan doen nie, maar die krisisingryper of berader moet ook nie vir die slagoffers doen wat hulle nie vir hulself wil doen nie (Collins 2005: 68).

### 4.4.6 *Moedig optrede aan*

Mense kan dikwels besluit op 'n plan van aksie maar hulle is dikwels te bang of te onseker om dit tot uitvoer te bring omrede daar 'n mate van risiko is dat die plan dalk nie suksesvol gaan wees nie (Collins 2005: 68). Die krisisingryper of berader kan die slagoffer help om op 'n spesifieke plan van aksie te besluit en vir 'n tydperk by die plan te hou (Meier Et al 2003: 317).

Die trauma of krisis wat 'n persoon ervaar, sal in sommige gevalle nooit ten volle opgelos kan word nie (Collins 2005: 69). Indien 'n slagoffer byvoorbeeld 'n geliefde aan die dood afstaan tydens 'n ernstige misdaadvoorval, groot finansiële verliese gelei het, of ernstige liggaamlike

beserings opgedoen het wat permanente langtermyn gevolge inhou, dan kan die trauma of krisis wat die persoon ervaar lei tot permanente lewensveranderde omstandighede. In sulke gevalle moet die slagoffer gehelp word om sy/haar situasie eerlik in die oë te kyk en om erkenning te gee aan die emosies wat daarmee gepaard gaan. Verder moet die persoon gehelp word om by sy/haar nuwe lewensstyl aan te pas en om realisties beplanning te doen vir die toekoms, asook om te berus by sy/haar omstandighede (Collins 2005: 69). Weereens is die navorser van mening dat kuns ook aangewend kan word om gevoellens van rou te verwerk (soos bespreek in afdeling 3.7.8). In hoofstuk vyf sal daar weereens in die gevallestudies getoon word, hoe gevoellens wat met rou gepaard gaan, simbolies deur kuns uitgebeeld kan word en hoe misdaadslagoffers hulle lewensplan vir die toekoms visueel kan uitbeeld deur lewenskaarte en visieborde. Die navorser is van mening dat die visieborde en lewenskaarte ŉ groot rol kan speel in die emansipasie van misdaadslagoffers omrede dit die slagoffers kan help om hulle lewens meer doelgerig te beplan.

### 4.4.7 *Vestig hoop*

Indien ŉ slagoffer ŉ realistiese aanduiding van hoop vir die toekoms ontvang tydens of na ŉ krisis of trauma situasie, dan is daar ook ŉ groter kans vir positiewe vordering of herstel by hulle (Collins 2005: 69). Wanneer mense ly, bring hoop verligting omrede die hoop gebaseer is op die geloof dat dinge sal verbeter. Wanneer mense hoop het of ŉ positiewe uitkyk op die toekoms het, dan straal die hoop of positiewe houding energie uit wat persone in staat stel om hulle probleme te bowe te kom en om hulle krisis of trauma te oorkom (Collins 2005: 69).

In die verband stel die navorser voor dat die krisisingryper of berader die slagoffers moet aanmoedig om kuns te gebruik om vir hulself ŉ positiewe uitkoms simbolies voor te stel. Hier kan die slagoffers byvoorbeeld ŉ skets teken wat die slagoffers se lewenskaart in ŉ positiewe konteks vorentoe uitbeeld. Die slagoffers kan ook ŉ visiebord saamstel van koerant en tydskrif artikels van dit wat hulle graag in hulle lewens wil hê of bereik. Die onderwerp sal weereens verder aangespreek en gedemonstreer in hoofstuk 5 met die gevallestudies.

### 4.4.8 *Opvolging of nasorg*

Normaalweg is krisis-ingryping of trauma-berading van korte duur en kan die slagoffer na een of twee sessies aangaan met sy/haar normale lewenstake en roetines (Collins 2005: 69-70). Wanneer die berading verby is, kan die krisisingryper of berader kontak maak met die slagoffer ten einde vas te stel of die slagoffer iets uit die sessies geleer het, of hy of sy soortgelyke situasies in die toekoms beter sal kan hanteer, en of hy of sy daartoe in staat is om normaal te funksioneer nou dat die krisis verby is. Normaalweg ervaar slagoffers ook ŉ vloedgolf van

herinneringe op die herdenking van ’n traumatiese voorval. Dit is dan ook goed vir die krisisingryper of berader om op sulke geleenthede met die slagoffer kontak te maak omrede dit die slagoffer die gevoel kan gee dat daar nog iemand is wat omgee en dit kan die slagoffer weer van voor af bemoedig (Collins 2005: 69-70).

Soms is dit beter om ’n slagoffer te verwys na ’n ander professionele persoon wat meer opgelei is om sekere krisis of trauma situasies te hanteer of wat beter ervaring het ten opsigte van sekere traumatiese voorvalle (Collins 2005: 70-71). Verder moet die krisisingryper of berader ook sy/haar eie tekortkominge kan raak sien en weet wanneer dit vir die slagoffer beter sal wees om eerder ’n sielkundige, psigater of selfs ‘n ander berader te gaan sien (Collins 2005: 70-71).

Dit moet ook ingedagte gehou word dat persone met psigologiese gedragsafwykings soos eetversteurings, dwelm of alkoholafhanklikheid, emosionele versteurings, fisiese beserings of probleme, swangerskappe of bekommernisse oor aansteeklike siektes soos Vigs of Hipertitus, dikwels mediese hulp of sielkundige ingryping benodig in plaas van krisis-ingryping of trauma-berading (Collins 2005: 70-71). Dit is dus uiters belangrik dat die krisisingryper of berader weet waar mediese dokters, sielkundiges, psigiaters, hospitale of vrywillige organisasies soos die ‘Sunnyside Rape Crisis Center’ of ‘Inter-Trauma Nexus’ is ten einde slagoffers vinnig te kan verwys na die regte persone toe ten einde die beste behandeling vir die slagoffer te kan verkry (Collins 2005: 70-71).

Na die krisis-ingryping kan daar begin word met die berading van die getraumatiseerde misdaadslagoffers. Tydens die berading en behandeling van die misdaadslagoffers kan daar gebruik gemaak word van kognitiewe herstrukturering, ontspanningsopleiding, blootstelling, kunsterapie, narratiewe berading, Christelike berading, ensovoorts. (Die SAPD Handleiding Vir Gyselaaronderhandeling en Ontlonting, Module 8, 1997:27-30). Dit word gedoen ten einde die slagoffer te help om voort te gaan met die persoon se normale lewenstake. Daar word hoofsaaklik gefokus op die vermindering van stres, self-emansipasie, woede vermindering, die verbetering van familie en sosiale verhoudinge, probleemoplossing, en indien moontlik, rekonsiliasie met die oortreder (Die SAPD Handleiding Vir Gyselaaronderhandeling en Ontlonting. Module 8. 1997:27-30). In afdeling 3.7 was daar getoon hoe kuns kan help om misdaadslagoffers te emansipeer, trauma te verwerk, innerlike spanning te verlaag, ensovoorts. In die hoofstuk vyf sal daar met behulp van die gevallestudies getoon word hoe kuns oor die algemeen aangewend kan word tydens krisis-ingryping en trauma-berading.

Nadat daar gelet was op die rol wat krisisintervensie en trauma-berading speel in die bemagting van misdaadslagoffers, kan daar gekyk word na die rol wat slagoffers speel in die strafregstelsel.

### 4.5 MISDAADSLAGOFFERS IN 'n GEREGTELIKE KONTEKS

Die bemagtiging van misdaadslagoffers behels, onder andere, (volgens die navorser) dat die slagoffers se sake met sukses in 'n hof aangevoer en gehoor word, en dat die oortreder skuldig bevind word in 'n hof. Om dit te bewerkstellig, moet misdaadslagoffers se getuienis ook met suskses in 'n hof aangebied word. Met die insameling van getuienis in 'n geregtelike geskil, kan daar onderskei word tussen direkte en indirekte inligtingsbronne (du Preez in van der Westhuizen 1996:5).

Direkte getuienis is verbale getuienis van persone se werklike sintuiglike ervarings en waarnemings van 'n misdaadsituasie (du Preez in van der Westhuizen 1996:5). Direkte inligtingsbronne sluit getuienis in van persone wat die slagoffers was van misdaad, getuies wat gesien wat gebeur het, persone wat indirek betrokke was by 'n misdaad, of persone wat slegs 'n inligtingsbron is. Ander direkte bronne van inligting behels die oortreders en medepligtiges self (du Preez in van der Westhuizen 1996:5).

Indirekte bronne van inligting behels verwys na fisiese getuienis wat sogenaamde stomgetuienis is (du Preez in van der Westhuizen 1996:5-6). Die tipes getuienis behels onder andere, vastestowwe en vloeistowwe, wat as getuinis in 'n hof aangebied kan word. Dit sluit in moordwapens, voertuie, bloed en haarmonsters, ensovoorts, in. Hierby kan briewe en notas wat deur die slagoffer of oortreder op 'n misdaadtoneel agtergelaat is, ingesluit word (du Preez in van der Westhuizen 1996:5-6). Hieruit kan afgelei word dat slagoffers se kuns dan ook as indirekte bronne van inligting beskou en voorgelê kan word in 'n geregtelike geskil.

Slagoffers van misdaad kan dikwels probleme ervaar om hulle emosionele en sielkundige ervarings na 'n misdaadvoorval te verwerk (Doerner & Lab 2002:126-129). Gevolglik wil hulle dikwels ook nie verder betrokke raak by 'n saak nie uit gevoelens van skaamte, vrees vir herviktimisering, ensovoorts. Sommige verkragtingslagoffers sal byvoorbeeld nie 'n saak aanmeld omrede hulle bang is dat hulle self geblameer sal word vir die voorval, of dat dit kan lei tot verdere viktimisering deur die oortreder of sy vriende. Dikwels is daar ook nie sosiale of ander vorme van ondersteuning vir die slagoffer van misdaad nie en word die slagoffer aan sy/haar eie lot oorgelaat, ten einde die misdaad voorval te verwerk. Baie slagoffers van ernstige

geweldsmisdade vind die misdaadvoorvalle so traumaties dat hulle nie daaraan wil nie dink of selfs daaroor wil praat nie. Gevolglik kan die slagoffer dan nie uiting gee aan sy/haar gevoelens of emosies nie en dit kan weer bydra tot innerlike of sosiale spanning en stres. Indien die slagoffers van geweldsmisdade nie die regte behandeling ontvang nie, kan dit aanleiding gee tot Post-Traumatiese Stres, depressie en self selfmoord (Doerner & Lab 2002:126-129).

Soos reeds vermeld, kan die slagoffer deur middel van kuns moontlik uiting gee en sy/haar gevoelens en emosies. Kuns word dikwels gebruik in hofsake waar kinders seksueel gemolesteer was ten einde die storie te vertel van wat met hulle gebeur het en dit kan as getuienis in 'n hof gebruik word. Neveling (2004:30) meld dat slagofferimpakverklarings verskil van gewone getuienis, in die opsig dat dit die slagoffer toelaat om die misdaad te personaliseer en hulle die kans gun om hulle pyn, lyding en die vernietigende uitwerking van die misdaad, aan ander, te deel. Verder kan kinders aangemoedig word om prentjies te teken, stories te vertel of gedigte te skryf oor hoe hulle voel oor die misdaad, hulle self en die beskuldigde (Neveling 2004:30). Die vraag kan gevra word of dieselfde tegniek nie ook suksesvol gebruik kan word met volwasse slagoffers wat nie daar toe instaat is om oor 'n misdaadvoorval te praat nie. Neveling (2004:31) wys ook daarop dat deskundiges wat slagoffers beraad of slagofferimpakverklarings voorberei, 'n noodsaaklikheid is en om berading te doen met slagoffers voordat hulle getuig, 'n positiewe impak het op die getuies.

Traumatiese of stresvolle voorvalle kan ook daartoe lei dat 'n persoon Dissosiatiewe Amnesie ervaar (Sue, Sue & Sue 1994:199). Dissosiatiewe Amnesie behels die totale of gedeeltelike verlies van 'n persoon se persoonlike informasie. Die geaffekteerde persoon kan dikwels nie inligting herroep aangaande wie hy is nie, waar hy woon, of wie sy vriende is nie, maar die persoon is steeds daartoe in staat om noodsaaklike dinge van die daaglikse lewe te onthou soos hoe om te lees, skryf, bestuur, ensovoorts. Dissosiatiewe amnesie kan verder ook ingedeel word in gelokaliseerde amnesie (die persoon kan nie herroep wat in 'n sekere kort periode plaasgevind het nie), selektiewe amnesie (die persoon kan nie die besonderhede herroep van 'n sekere voorval nie), algemene amnesie (die persoon kan nie enige iets herroep wat in sy verlede plaasgevind het nie), of aanhoudende/deurlopende amnesie (die persoon kan nie herroep wat, vanaf 'n sekere punt, in sy verlede tot die hede plaasgevind het nie) (Sue, et al 1994:199-200).

Die vraag kan weereens gestel word, Kan persone wat aan dissosiatiewe amnesie ly meer besonderhede van 'n voorval onthou met behulp van kunsterapie (omrede kuns op die onderbewuste inwerk)? Kuns kan dus hier 'n belangrike rol speel in die geheue aanwakkering en verfrissing van getuies se geheue in die strafregplegingstelsel soos bespreek in afdelings

3.6.3.1 en 3.7.2. In afdeling 3.7.9 was daar ook reeds ’n bespreking gewees van hoe kuns aangewend kan word om dissosiasie tee te werk.

Soos reeds vermeld in hoofstuk drie, is misdaadslagoffers dikwels nie bereid om met die kriminele strafregplegingstelsel saam te werk nie, uit vrees vir herviktimisering deur die gemeenskap, polisie en howe. Deur kuns aan te wend tydens krisis-ingryping, trauma-berading en die misdaadondersoekproses kan dit daartoe bydra dat samewerking verhoog word tussen die slagoffers van misdaad en die kriminele strafregstelsel. Die rede hiervoor is dat die slagoffer meer in aanraking kan kom met sy innerlike gevoelens en emosies en gevolglik kan dit daartoe bydra dat die persoon die misdaadvoorval, asook ervarings met die polisie en howe, as minder traumaties ervaar en sien. Dit kan ook die slagoffer help om ’n beter selfbeeld van hom of haar te skep, wat weer samewerking met ander kan verhoog.

Kuns kan ook, soos in hoofstuk drie bespreek, aanduidend wees van misdaadslagoffers se emosionele en psigiese toestande, voor en na ’n misdaad, omrede die slagoffers dit wat hulle ervaar en voel, dikwels uitbeeld in hulle kunswerke. Gevolglik kan dit dan ook wees dat die impak van ’n misdaad op ’n persoon se lewe, uitgebeeld kan word in sy/haar kuns. Kuns kan dus aanduidend wees van die aard en erns van ’n misdaad, veral ten opsigte van kinders.

Die res van hierdie hoofstuk sal aansluit by die voorafgaande gedeeltes wat handel op trauma-berading en krisis-ingryping, deur te let op die invloed wat krisisse en trauma op forensiese kuns kan hê. Daar sal ook verder by hoofstuk twee en drie aangesluit word deurdat daar ondersoek ingestel sal word na hoe kuns as ’n simboliese kommunikasiemedium aangewend kan word in die forensiese kunste. Daar sal ook gelet word op hoe forensiese kuns ’n rol kan speel in die herstelproses van slagoffers van geweldsmisdade. Laastens sal daar by die hoofdoel van na die navorsing aangesluit word deur te fokus op hoe forensiese kuns ’n bydrae kan lewer in die emansipasie van slagoffers van geweldsmisdade.

## 4.6 KRIMINOLOGIESE FORENSIESE ONDERSOEKE

In die voorafgaande afdelings van hierdie hoofstuk was daar gefokus op krisis-ingryping en trauma-berading met slagoffers van geweldsmisdaad. Soos reeds vermeld, gaan slagoffers van geweldsmisdaad gebuk onder verskeie biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiale en

ekonomiese ongemak. Verder ervaar die slagoffers ook altyd 'n mate van verlies en bekik hulle nie altyd oor die nodige middele om die krisis of trauma as gevolg van misdaad te oorkom nie. In die afdeling gaan daar gefokus word op hoe forensiese kuns aangewend kan word in die emansipasie van die slagoffers van geweldsmisdaad asook watter rol forensiese kuns kan speel ten einde die trauma wat misdaadslagoffers ervaar het, te verlig. Vervolgens gaan daar gelet word op die doel van forensiese ondersoeke.

In hoofstuk drie was daar 'n onderskeid getref tussen forensiese kuns en terapeutiese kuns. Forensiese ondersoeke verskil verder ook van die standaard sielkundige evaluasies (Cohen-Liebman 2003:167). Forensiese ondersoeke word gerig deur feite en vereis deeglike en noukeurige ondersoeke, terwyl standaard sielkundige evaluasies gerig is op die sielkundige welstand van 'n klient. 'n Psigo-geregtelike oriëntasie word gevolg tydens die forensiese ondersoeke en daar word voldoen aan sekere standaarde. Forensiese onderhoude word verder gerig deur empiriese studies van die misdaadgebeure; voor, tydens en na die misdaadvoorval (Cohen-Liebman 2003:167).

Een van die sentrale komponente van 'n misdaadondersoek behels onderhoudvoering met die slagoffers van die misdaad deur 'n ervare onderhoudvoerder of geregsdienaar (Cohen-Liebman 2003:168). Die onderhoude voldoen dan ook aan sekere voorwaardes en vereis dikwels verskillende onderhoudvoerders van verskillende dissiplines ten einde die maksimum hoeveelheid inligting van die slagoffer te verkry (Cohen-Liebman 2003:168).

In sekere siviele gevalle (soos met kindertoesig) kan die hof versoek dat 'n forensiese ondersoek gedoen moet word ten einde 'n objektiewe en neutrale evaluasie te verkry. Vriende, familie, voogde, ensovoorts, kan by die ondersoeke ingesluit word (Cohen-Liebman 2003:168). Die doel van die ondersoeke wat deur die hof gelas word is om die hof by te staan om objektiewe en ingeligte besluite te neem. Die taak van die deskundige is om gedrags- en psigologiese bevindinge te verduidelik in 'n taal wat toepaslik is in 'n hof en bruikbaar is in die besluitnemings proses van die hof. Gespesialiseerde bevoegdheid en kennis van menslike gedrag en die reg is hier van belang (Cohen-Liebman 2003:168).

Die navorser is van mening dat kuns ook gebruik kan word in forensiese ondersoeke ten einde dieper insig te verkry in die omstandighede waaronder 'n misdaad plaasgevind het, die volgorde van die gebeure, die uitleg van die toneel waarin die misdaad plaasgevind het, asook die psige van die persoon wat geëvalueer word, en die impak wat die misdaad op die slagoffer gehad het. Daar was reeds in afdeling 4.2 en 4.4.2 getoon hoe kuns aangewend kan word om

misdaadslagoffers om die misdaad narratief visueel te vertel. Daar sal ook later in afdelings 4.12 en 4.13 meer aandag geskenk word aan die forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns.

## 4.7 FORENSIESE ONDERHOUDE TEENOOR KLINIESE ONDERHOUDE

Daar bestaan inherente verskille tussen die ondersoekende en die kliniese benaderings ten opsigte van onderhoudvoering (Cohen-Liebman 2003:169). In die kliniese opset word die onderhoud gerig deur vrae ten einde te bepaal of 'n misdaad wel plaasgevind het, of beskerming nodig is, en of behandeling benodig word, vir mediese, of emosionele probleme, ensovoorts. Met die assessering van misdaadslagoffers is die doel van die onderhoudvoerder om inligting op 'n nie-bedreigende manier te versamel en sonder om die slagoffer te herviktimiseer. Die terapeutiese verhouding is nie neutraal nie en berus om 'n simpatieke reaksie deur die terapeut ten opsigte van die kliënt (Cohen-Liebman 2003:169).

Forensiese prosedures addresseer weer geregtelike aspekte en verkry inligting ten einde bystand te verleen in geregtelike beslissings (Cohen-Liebman 2003:169). Die sentrale doelwit van 'n forensiese onderhoud is om te bepaal of 'n misdaad werklik plaasgevind het en om inligting te verskaf op 'n objektiewe, omvattende, ontwikkelingsensitiewe, en forensies verdedigbare wyse. Addisionele doelstellings van forensiese onderhoude is om inligting te bevestig, om alternatiewe hipoteses te ondersoek en om suggureerbaarheid, geloofwaardigheid, geskiktheid en toerekeningsvatbaarheid te assesseer. Geskiktheid verwys na 'n persoon se vermoë om op 'n betroubare en betekenisvolle manier in 'n hof te getuig terwyl geloofwaardigheid verwys na 'n persoon se vermoë om die waarheid weer te gee op 'n akkurate manier (Cohen-Liebman 2003:169).

In die forensiese proses neem die onderhoudvoerder 'n neutrale standpunt in en waak hy teen sydigheid (Cohen-Liebman 2003:169). Die onderhoudvoerder gee die feite weer en word gesien as 'n soeker na die waarheid. Die onderhoudvoerder word verplig om te hou by die forensiese prosedures ten einde die proses wettiglik in 'n hof te kan verdedig (Cohen-Liebman 2003:169).

Die gebruik van kuns met minderjarige slagoffers van misdaad word deur sekere onderhoudvoerders gebruik en in howe as getuienis aanvaar (volgens Cohen-Liebman 2003:170). Met jong kinders en volwasse persone wat breintrauma ervaar het, kan dit wees dat die breinprosesse wat nodig is om visuele inligting om te skakel na verbale inligting, afwesig is

of tydelik buite werking is (Gibson 2008:14). Soos reeds in afdeling 3.6 en 3.7 aangedui was, kan kuns in sulke omstandighede effektiewelik as 'n kommunikasiemedium aangewend word.

Indien die onderhoudvoerder verder ook ervaring en opleiding het ten opsigte van krisis-ingryping en trauma-berading, kan dit (na die mening van die navorser) die onderhoudvoerder in staat stel om krisisse, wat as gevolg van die traumatiese misdaadgebeure tydens die onderhoude ontstaan, met sukses die hoof te bied. In hooftsuk vyf sal daar met die gevallestudies getoon word hoe krisisse deur middel van kuns opgelos kan word.

### 4.7.1 *Tekeninge in forensiese ondersoeke*

Tekeninge is 'n waardevolle middel wat 'n ondersoeker kan gebruik ten einde sekere doelstellings te bereik tydens onderhoudvoering in die ondersoekproses (Cohen-Liebman 2003:170). Produktiwiteit word verhoog en verbeter tydens die onderhoudvoeringsproses as daar gebruik gemaak word van tekeninge. 'n Kind se ervarings kan deur prente uitgedruk word en die prente kan dan later weer gebruik word tydens die hofproses. Inligting wat verkry word van tekeninge kan die ondersoekspan lei, ten einde te bepaal watter addisionele metodes gebruik moet word tydens intervensie (Cohen-Liebman 2003:170).

Tekeninge word beskou as unieke wetenskaplike bewysmateriaal en is toelaatbaar as bewysmateriaal onder sekere omstandighede (Cohen-Liebman 2003:170-171). Tekeninge word gesien as 'n bruikbare hulpmiddel vir onderhoudvoerders en dit is 'n metode waardeur inligting ontlok kan word. Tekeninge help ook om rapport te bewerkstellig tussen die onderhoudvoerder en die slagoffer, veral in gevalle waar kinders by betrokke is. Dit is makliker vir kinders om te demonstreer wat hulle verstaan, as om dit verbaal te verduidelik. Onderhoudvoerders word egter daarteen gewaarsku dat hulle nie die tekeninge moet oor-interpreteer nie (Cohen-Liebman 2003:170-171).

In die forensiese konteks hou tekeninge die volgende voordele in (Cohen-Liebman 2003:171):

- As onderhoudvoeringstegniek, word tekeninge in 'n ondersteunende hoedanigheid gebruik tydens die ondersoek van geregtelike sake.
- Tekeninge verskaf kontekstuele inligting wat help om die klagte te identifiseer en dit kan addisionele areas vir ondersoek ontbloot.
- Tekeninge is juridiese hulpmiddels wat as bewysmateriaal toegelaat kan word tydens hof verrigtinge.

### 4.7.2 *Tekeninge as onderhoudvoeringstegniek*

Tekeninge is ’n onderhoudvoeringstegniek en dit speel ’n ondersteunende rol in die onderhoudvoeringsproses (Cohen-Liebman 2003:171). Tydens onderhoudvoering en hof-verrigtinge kan tekeninge gebruik word om die gebeure te help beskryf (Cohen-Liebman 2003:171). Figuur 4.1 is ’n voorbeeld van hoe ’n slagoffer kan aantoon hoe die misdaadtoneel gelyk het vanuit die slagoffer se perspektief. Figuur 4.3 - 4.5 vroeër in die hoofstuk bespreek, toon hoe sketse kan help om die volgorde van die misdaadgebeure te kan uitbeeld.

Tekeninge kan die ontwikkeling van gesprekvoering en vertroue fasiliteer tydens onderhoude (Cohen-Liebman 2003:171-172). Dikwels word ’n verskeidenheid van media vooraf geselekteer ten einde die slagoffer die geleentheid te gee om sy persoonlike keuse te maak van die tipe media wat hy/sy wil gebruik. Kunsmateriaal konnoteer ’n kinder-vriendelike proses en dit verskaf ook ’n gevoel van bemagtiging indien die kind sy eie keuse kan maak van die tipe materiaal wat hy/sy wil gebruik. Kuns stimuleer die onderhoudvoerder en die slagoffer om gemanifesteerde en latente onderwerpe te ondersoek. Inligting wat na vore kom uit tekeninge kan dien as ’n katalis om inligting te ontlok wat onderliggend mag wees vir die ondersoek van die voorval. Tekeninge kan dien as ’n stimulus, dit kan gesprekvoering fokus, struktuur verleen aan die onderhoudproses en dit kan gebruik word om verwante onderwerpe te ondersoek (Cohen-Liebman 2003:171-172).

Tekeninge dra by tot die volgende vyf fases in onderhoudvoering (Cohen-Liebman 2003:172) naamlik: gesprekvoering, die assessering van ontwikkeling by kinders, anatomiese identifikasie, feite vinding, en afsluiting. Ongeag hoe tekeninge gebruik word tydens die onderhoud, verbale verduideliking moet steeds deur die slagoffer gegee word. Die verbale verduideliking deur die slagoffer verlig die druk wat op die onderhoudvoerder geplaas word om ’n aanvarende houding in te neem. Tekeninge kan nie die plek van verklarings inneem nie maar dit kan help om sake om te helder en te verduidelik, indien sekere sake moeilik is om te verduidelik. Die slagoffer kan gevra word om die inhoud van dit wat hy geteken het, te verduidelik, of hulle kan gevra word om te wys wat gebeur het (Cohen-Liebman 2003:172).

### 4.7.3 *Tekeninge as klagte versterkings hulpmiddel*

Forensiese of klagteversterkings is detail (of elemente) van ’n voorval wat kan bydra tot die bepaling van die klagte wat teen ’n persoon gelê word (Cohen-Liebman 2003:173). Elemente wat kan dien as klagteversterkings kan geïdentifiseer word, byvoorbeeld dreigemente, omkopery, belonings, dwang, fisiese besering, beperking, forsering, abduksie (ontvoering), wapens, pornografie, fotografie, seksuele hulpmiddels, media (soos televisie, videos, tydskrifte),

kartering, getuies, deelnemers, en slagoffers wat voorkom in 'n misdaad. Die elemente kan 'n integrale deel vorm ten einde inligting te bekom, wat kan help om visenteringslasbriewe te verkry en om arrestasies te kan uitvoer (Cohen-Liebman 2003:173).

Die elemente wat 'n klagte kan versterk, kan in die konteks van slagoffers, oortreders of getuies se tekeninge voorkom (Cohen-Liebman 2003:173). Slagoffers kan die elemente van hulle slagofferervarings uitbeeld in hulle kuns. Dit kan ook situasie- en kontekstuele inligting bevat wat kan bydra tot die lê van addisionele klagte en selfs veroordelings. Die inligting wat onttrek word uit grafiese uitbeeldings, tesame met verbale bevestigings of verklarings wat die geloofwaardigheid van die uitbeeldings versterk, kan 'n invloed uitoefen op die klagtes wat gelê word (Cohen-Liebman 2003:173).




**Figuur 4-6 Skets van 'n vyf-jarige dogtertjie na aanleiding van 'n gewapende roof by hulle huis**

Figuur 4.6 was geteken deur 'n vyf-jarige dogtertjie, na aanleiding van 'n gewapende roof by hulle huis. In die skets het die dogtertjie die verdagte geteken dat hy glimlag. Toe sy gevra was hoekom sy die misdadiger geteken het met 'n glimlag, het sy geantwoord dat die misdadiger geglimlag het terwyl hy haar ma geslaan het. Die dogtertjie het toe die glimlag doodgetrek. Op die agtergrond het sy haar ma en haar pa geteken wat vasgemaak op die bed gelê het. Die

misdadiger het ŉ kombers oor die kind se ouers gegooi sodat hulle nie kon sien wat hy doen nie. Die skets kan na die navorser se mening van groot getuieniswaarde in ŉ hof wees, omrede dit aanduidend kan wees van die oortreder se houding en gesindheid tydens die misdaad. Dit kan verder ook aanduidend wees van die mate van geweld wat deur die oortreder gebruik was tydens die misdaadvoorval. Die gevallestudie sal in hoofstuk vyf verder in detail bespreek word. Die gevallestudie oor minderjariges se kunswerke is ingesluit ten einde te toon dat selfs jong kinders se sketse van groot forensiese waarde kan wees. Verder sal daar in die gevallestudies getoon word dat sommige volwasse slagoffers se sketse se kwaliteit soortgelyk is aan die van jong kinders.

Tekeninge kan ook aanduidend wees van die lokasie van die misdaadvoorval (Cohen-Liebman 2003:173). Die tekeninge kan self ŉ kaart, of diagram, van die misdaadtoneel verskaf (soos in die geval van figuur 4.1). Tekeninge wat inligting openbaar word gekarakteriseer deur opvallende en betekenisvolle inligting wat verband hou met die slagoffer se ervarings tydens die misdaadvoorval. Tekeninge kan die verbale weergawe van ŉ gebeurtenis verder ook ondersteun en uitbrei en so die klagte of inligting ten opsigte van ŉ misdaad staaf of versterk (Cohen-Liebman 2003:173).


### 4.7.4 *Tekeninge as geregtelike hulpmiddel*

Tekeninge word erken as bewysmateriaal en dit kan ook gebruik word as ŉ hulpmiddel om getuienis te ondersteun (Cohen-Liebman 2003:175). In Amerika het sekere state statute wat daarvoor voorsiening maak dat tekeninge gebruik kan word as ŉ hulpmiddel vir kindergetuies. Die kind se identifisering van sekere elemente in die tekeninge baken die tekeninge af as bewysmateriaal wat geregtelik en klinies toelaatbaar is in ŉ hof (Cohen-Liebman 2003:175). Soos reeds vermeld kan tekeninge ook gebruik word met misdaadslagoffers wat weens breinbeserings nie daartoe instaat is om verbale getuienis te lewer nie. Tekeninge wat deur misdaadslagoffers geteken was, kan ook waardevolle inligting bevat (Gibson 2008:20).

Tekeninge kan ŉ sterk en intense reaksie in ŉ hof ontlok (Cohen-Liebman 2003:175). Tekeninge is slagoffer georiënteerd, dus verskaf die tekeninge ŉ objektiewe en ontwikkelings-kongruente stelling wat verteenwoordigend is van die slagoffer se ervaring. Kinders se tekeninge word ook dikwels gekarakteriseer deur die emosionele reaksie van die kind en die vlakke van traumatisering wat die kind ervaar het. Feitlike bewysmateriaal en emosionele reaksies kan op hul eie, of gekombineerd, ŉ groot impak hê op geregtelike verrigtinge (Cohen-Liebman 2003:175). Ten opsigte van forensiese kuns besit die slagoffer al die kennis met betrekking tot die misdaadvoorval en die oortreder (Gibson 2008:20-21). Die forensiese

kunstenaar wat forensiese sketse maak, volgens die beskrywing van misdaadslagoffers, is slegs die medium wat die slagoffer gebruik. Die forensiese kunstenaar produseer slegs die visuele inligting waaroor die slagoffer beskik (Gibson 2008:20-21).

Figuur 4.7 was geteken deur ʼn elfjarige dogtertjie. Sy is die sussie van die dogtertjie wat skets 4.6 geteken het. Die voorval wat sy uitgebeeld het was dieslfde as die wat in figuur 4.6 uitgebeeld was. In die skets beeld die dogter haarself, haar suster, haar ma en een van die verdagtes uit. Die dogtertjie, haar suster en haar ma is vasgebind, terwyl die rower ʼn voorwapen teen haar ma se kop hou. In die skets toon die dogtertjie verder haar suster en haar ma se emosies waar hulle huil, terwyl sy die verdagte gesigloos geteken het.




**Figuur 4-7 Elfjarige dogtertjie, sussie van slagoffer in Fig 4.6, se misdaaduitbeelding met emosie**

Die skets is aanduidend van die emosionele toestand van die slagoffers tydens die voorval; dit kan ook aanduidend wees van die graad van trauma wat die misdaadslagoffers ervaar het tydens die kriminele insident. Die navorser is van mening dat die skets ook in strafregtelinge sessies aangewend kan word vir getuienislewering, omrede die tekening die gewig van die slagoffers se emosionele en fisiese ongemak met betrekking tot ʼn misdaadvoorval kan oordra.


Dit wil ook voorkom asof tekeninge as ʼn kommunikasie medium dien en dit verskaf ʼn uitlaatklep vir die gedagtes en gevoelens wat die slagoffer assosieer met die traumatiese misdaadvoorval (Cohen-Liebman 2003:176). Die benadering stem ooreen met die navorsing se doelwitte omrede die navorsing daarop gerig is om die moontlikheid te ondersoek vir die gebruik van misdaadslagoffers se kuns as ʼn kommunikasiemedium. Tydens die navorsing het die navorser verskeie sketse van misdaadslagoffers ontvang waarin hulle die misdadiger geteken het. Van die sketse toon die misdadiger soos die slagoffer die oortreder gesien het,

ander toon weer sekere uitstaande kenmerke van die oortreder soos die oortreder se profiel, tatoeëermerke, snymerke en self juweliersware.

In figuur 4.8 het ’n verkragtingsslagoffer die profiel van die oortreder van voor en van die kant af geteken. Volgens die slagoffer het die verdagte opvallende ronde gesig en het die oortreder se profiel ’n groot indruk op haar gelaat. Deur die skets het die slagoffer dus gepoog om die profiel van die oortreder aan die ondersoekbeampte te kommunikeer. Die navorser is van mening dat die tipe sketse grootliks kan bydra tot die identifisering van oortreders en dat dit ’n groot bydrae kan lewer om die misdaadslagoffer se getuienis in ’n hof te versterk.



**Figuur 4-8 Die profiel van die oortreder van voor en van die kant af geteken, deur ’n verkragtingsslagoffer**





**Figuur 4-9 Detail van misdadigers**

Figuur 4.9 was geteken deur ’n ander verkragtings- en gewapende roof-slagoffer. In die skets het die slagoffer uitstaande kenmerke van haar twee aanvallers geteken. Sy het ook addisionele inligting neergeskryf soos die verdagtes se ouderdom, lengte, liggaamsbou en gelaatkleur.

Tydens die onderhoud wat die navorser met die slagoffer gehad het, het hy addisionele inligting by haar gekry en dit ook op die skets in haar teenwoordigheid aangebring. Die inligting het bestaan uit snymerke wat op die een verdagte se wang was, die oorbelle wat hulle gedra het, asook sekere uitstaande gelaatstrekke wat die een verdagte gehad het. Volgens die navorser het die slagoffer kop gehou na die misdaadvoorval en het sy waardevolle inligting op papier vasgevang na die voorval.

Die slagoffer het nie net die misdadigers visueel gesimboliseer deur die sketse wat sy gemaak het nie, maar sy het ook addisionele waardevolle inligting neergeskryf. Figuur 4.10 bevat die uitstaande kenmerke van die verdagtes wat die slagoffer neergeskryf het.





**Figuur 4-10 Ekstra inligting van misdadigers**

Die inligting is volgens die navorser van kardinale belang in die ondersoekproses en dit kan moontlik ook in 'n hof aangewend word om die slagoffer se getuienis te versterk. Tydens die onderhoud wat die navorser met die slagoffer gevoer het, het die navorser ook twee gesigsamestellings van die verdagtes gemaak volgens die beskrywings wat die slagoffer aan haar gegee het. Die slagoffer het die sketse wat sy geteken het gebruik om haar geheue te verfris oor hoe die oortreders presies gelyk het.

Toe die navorser het gesigsamestellings klaar gedoen het, het hy dit aan die klaagster getoon. Die klaagster was erg geskok toe sy die gesigte gesien het en het baie emosioneel geraak en onbedaarlik begin huil. Nadat die navorser haar gekalmeer en gerus gestel het dat sy veilig is, het hy aan haar verduidelik dat die reaksie wat sy op die gesigsamestellings gehad het 'n goeie teken was, omrede dit aanduidend is van die akkuraatheid van die sketse. Hy het ook aan haar verduidelik dat die sketse baie sal help om die misdadigers aan te keer en dit was vir haar baie gerusstellend. Figure 4.11 en 4.12 toon die gesigsamestellings wat die slagoffer deurmiddel van die navorser "geteken" het.

Die navorser het die beskrywings en sketse wat die misdaadslagoffer gedoen het, baie handig gevind tydens die gesigsamestellings omrede dit hom gehelp het om fynere detail op die sketse aantebring. Dit het ook die kommunikasieproses tussen hom en die slagoffer verbeter omrede hy 'n beter begrip kon ontwikkel van hoe die verdagtes gelyk het.





**Figuur 4-11 Verdagte 1 geskets deur navorser**

**Figuur 4-12 Verdagte 2 geskets deur navorser**

Indien 'n ondersoek lei na 'n geregtelike verhoor, kan die onderhoudvoerder versoek word om sekere bewysmateriaal aan die hof voor te lê en om getuienis daaroor te lewer (Cohen-Liebman 2003:175-176). In die onderhoudvoerder se kapasiteit as getuie, kan die tekeninge as bewysmateriaal aan die hof voorgelê word ten einde die onderhoudvoerder se konklusies en bevindinge te ondersteun. Die neiging om tekeninge aan te wend as juridiese hulpmiddel kan dus oorweeg word.

Tekeninge kan die volgende inligting met betrekking tot die misdaad verskaf, naamlik:

- die gevolge van die misdaad;
- detail aangaande die situasionele faktore wat tot misdaad bygedra het;
- die inhoud/elemente van die misdaad met betrekking tot wie, wat, wat, waar, en hoe;
- die verskaffing van inligting aangaande die agtergrond, deelnemers, waarnemers en ander slagoffers van die misdaad.
- dit alternatiewe verduidelikings weerlê en
- dit kan verbale verklarings verduidelik en bevestig of weerlê (Cohen-Liebman 2003:175-176).

Tekeninge wat deur misdaadslagoffers geteken is en wat aan die polisie of ondersoekbeamptes oorhandig word, moet nooit teruggegee word nie (Gibson 2008:19). Die sketse bevat waardevolle inligting, ongeag hoe swak dit gedoen is. Die slagoffer kan dit ervaar as ŉ vorm van verwerping as die sketse teruggehandig word en dit kan die ondersoekproses benadeel. Die sketse kan eerder aangewend word om ŉ sterker lyn van kommunikasie met die slagoffers te bewerkstellig. Die sketse kan gesien word as pogings deur die slagoffers om die oortreders te onthou en selfs die grofste tekening kan sterk ooreenkomste met die oortreder toon (Gibson 2008:19).




**Figuur 4-13 Slagoffer se skets van verdagte**



**Figuur 4-14 Gesigsamestelling van verdagte**

Figuur 4.13 was geteken deur ŉ minderjarige skoolseun wat twee keer deur ŉ onbekende man agtervolg was. Die skets was baie rof gedoen maar dit het steeds belangrike karaktertrekke van die verdagte uitgebeeld. Die skets het ook sterk oorkomste getoon met die gesigsamestelling wat die seun gemaak het saam met ŉ forensiese kunstenaar. Die forensiese kunstenaar het die seun se skets ook baie behulpsaam gevind tydens sy onderhoud met die seun. Figuur 4.14 toon die gesigsamestelling.

As figuur 4.13 en figuur 4.14 met mekaar vergelyk word, kan die ooreenkomste duidelik gesien word. Die vorm van die gesigte, die vorm van die baard, mond en oë stem ooreen. Selfs die hare wat onder die verdagte se pet langs sy kop uitsteek, en die pet stem ooreen. Die belangrikheid van ŉ eenvoudige skets kan dus duidelik in hierdie voorbeeld gesien word. Gevolglik moet die

potensieële getuieniswaarde van so ŉ skets tydens strafregtelike verrigtinge nie onderskat word nie.

## 4.8 BELANGRIKE GEREGTELIKE ASPEKTE TEN OPSIGTE VAN FORENSIESE KUNS

Die uitsluitlike gebruik van kinders se kuns om te bewys dat ŉ seksuele misdaad plaasgevind het, is nie huidiglik toelaatbaar nie (Cohen-Liebman 2003:177). Kuns kan wel gebruik word as ŉ diensbare en toegevoegde hulpmiddel en kommunikasiemedium, met die assessering, evaluering en ondersoek, van sekere misdade. Dit kan ook hulp verleen met die assessering en evaluering van seksuele mishandeling vir forensiese doeleindes. Tekeninge wat geskep word in die konteks van ondersoekende onderhoude, verskaf data vir ondersoekende en geregtelike doeleindes, terwyl dit die onderhoudvoerder se persoonlike interpretasie verminder deur die integrasie met die feite-vindingsproses (Cohen-Liebman 2003:177).

Tekeninge wat gebruik word, in kombinasie met ander ondersoekende prosesse, kan addisionele inligting openbaar wat verdere eksplorasie vereis (Cohen-Liebman 2003:177). ŉ Ondersoekende onderhoud wat tekeninge insluit kan insig verskaf, aangaande ŉ slagoffer se hanteringstrategieë, vlakke van trauma, emosionele reaksies met betrekking tot die misdaad, asook sekere misdaad-spesifieke inligting (Cohen-Liebman 2003:177).

Ondersteuners van multi-dissiplinêre ondersoeke ondersteun die gebruik van tekeninge in die ondersoekende onderhoudskonteks (Cohen-Liebman 2003:177-178). Die feit dat tekeninge meer aanvaar word in ondersoekende onderhoude, is die gevolg van die feit dat kuns as terapie erken word en uitgebrei word om, in samewerking van ander dissiplines, gebruik te kan word. Die forensiese gebruik van tekeninge word uitgebrei om die inherente potensialiteite van kuns verby die tradisionele toepassing van kuns te neem; dit beteken integrering van terapeutiese kuns in die geregtelike area (Cohen-Liebman 2003:177-178). Forensiese kuns dring dikwels die hof binne in die vorm van visuele hulpmiddels ten einde belangrike aspekte te demonstreer op ŉ wyse wat die hof kan verstaan (MacKay 2009:78). Visuele hulpmiddels maak getuienislewering meer interessant en betekenisvol (MacKay 2009:80).

Volgens MacKay (2009:85) kan bewysmateriaal onder die volgende omstandighede nie in ŉ hof toegelaat word nie naamlik indien die bewysmatiaal:

- afkomstig is vanaf ŉ persoon wat nie ŉ deskundige is in sy/haar gebied nie.
- hoorsêgetuienis is.

- te onstellend is vir slagoffers of getuies.
- op 'n onwettige wyse versamel was.

Dit is dus noodsaaklik dat forensiese kunstenaars die nodige opleiding en ondervinding het ten einde erken te word as deskundige forensiese kunstenaars. Die afleiding kan verder ook gemaak word dat die slagoffer wie se beskrywings deur die forensiese kunstenaar uitgebeeld word in 'n forensiese skets, self moet getuig oor die forensiese skets. Indien die forensiese kunstenaar wel oor die forensiese skets sou getuig, dan kom dit neer op hoorsêgetuienis. Forensiese kusntenaars sit die herinneringe van getuies om in visuele representasies van die oortreder of die misdaadtoneel (MacKay 2009:82-83).

Forensiese kunstenaars kan wel 'n opinie aangaande 'n forensiese skets lewer omrede hulle beskou word as deskundige getuies (MacKay 2009:81). Daar kan ook van forensiese kunstenaars verwag word om die forensiese sketse wat hulle geteken het te verduidelik of te verdedig in 'n hof. Die forensiese kunstenaar kan ook gevra word om die proses te verduidelik van hoe hy of sy die forensiese skets geteken het. Dit is dus belangrik dat die forensiese kunstenaar boek hou van die proses waardeur hy of sy die forensiese skets saamgestel het (MacKay 2009:81).

Huidiglik maak die Suid-Afrikaanse wetgewing daarvoor voorsienning dat getuienis deur middel van fotos of sketse aan 'n hof voorgelê kan word as getuienis.

## 4.9 FORENSIESE KUNS EN SLAGOFFER/OORTREDER IDENTIFIKASIE

In die voorafgaande afdelings was daar hoofsaaklik gefokus op die kuns van misdaadslagoffers en die rol wat dit kan speel om die misdaadslagoffers te bemagtig deur kommunikasieprobleme te oorkom, visuele representasies van die misdaadgebeure te gee, die emosionele en psigologiese gevolge van die gebeure visueel uit te beeld, asook om die oortreders te identifiseer.

In die afdeling gaan daar gefokus word op hoe forensiese kuns aangewend kan word om onbekende oortreders en onbekende slagoffers van misdaad te identifiseer. Daar bestaan verskeie maniere waarop forensiese kuns aangewend kan word om misdaadslagoffers te identifiseer.

Ten einde misdadigers sowel as misdaadslagoffers te identifiseer, maak die forensiese kunste in die Suid-Afrikaanse polisiediens gebruik van gesigsamestellings, verouderingstegnieke, en skedelrekonstruksies. Die afdeling sluit by die navorsingsdoelwitte aan omrede die navorser van mening is dat die vasstelling van onbekende misdaadslagoffers se identiteit 'n belangrike rol kan speel in die emansipasie van direkte en indirekte misdaadslagoffers. Deur die identifisering van moordslagoffers word die slagoffer geëmansipeer, omrede die slagoffer nie nou net meer net 'n statistiek is nie, maar 'n persoon is met 'n naam, adres, familie, en vriende. Dit kan verder moontlik die familie en vriende van die slagoffer ook emansipeer, omrede hulle nou weet dat die slagoffer wat moontlik vermis was, oorlede is en dat hulle dus nou finaal afskeid kan neem van die slagoffer.

In gevalle waar persone ontvoer is, kan dit moontlik ook help om die ontvoerde persoon weer op te spoor; dit lei ook tot die emansipasie van die slagoffer. Selfs in gevalle waar die oortreder onbekend is, kan die forensiese kuns aangewens word om die oortreder te identifiseer en lei dit weereens tot die emansipasie van die slagoffers van misdaad.

Verder sluit die afdeling aan by die navorsingsdoelwitte omrede daar gefokus sal word op hoe die forensiese kunste aangewend kan word as 'n nie-verbale kommunikasiemedium, asook hoe slagoffers se kuns aangewend kan word om kommunikasie te verbeter. Daar sal verder ook aandag geskenk word aan die bewyswaarde van forensiese kuns vir die strafregplegingstelsel.


Vervolgens sal die afdeling ook aansluit by hoofstuk twee deur te let op hoe van die geesteswetenskaplike teoretiese benaderings toegepas kan word op die forensiese kunste. Daar sal by hoofstuk drie aangesluit word waar daar 'n onderskeid getref was tussen terapeutiese kuns en forensiese kuns, deur die doel en werking van forensiese kuns in fyner besonderhede te beskryf. Laastens sal daar ook gelet word op die potensieële terapeutiese waarde wat die forensiese kunste kan inhou vir krisis-ingryping en trauma-berading.

#### 4.9.1 *Forensiese gesigsamestellings*

Die navorser is huidiglik werksaam by die Suid Afrikaanse Polisiediens se Identi-Kit Afdeling, as 'n kriminalistieke deskundige en 'n forensiese kunstenaar. Van sy daaglikse take behels die samestelling van oortredes se gesigte met behulp van die beskrywings wat misdaadslagoffers gee. Huidiglik gebruik die Suid Afrikaanse Polisiediens 'n rekenaarprogram ten einde die gesigte van verdagte en vermiste persone saam te stel.

Die afdeling sluit aan by die simboliese-interaksionistiese benadering (wat in afdeling 2.5.3 in hoofstuk twee bespreek was). Soos reeds bespreek, maak die mens, volgens die simboliese-interaksionistiese benadering, gebruik van komplekse stelsels van simbole vir kommunikasie. Die gesigsamestelling wat deur misdaadslagoffers saamstel is, is 'n simboliese voorstelling van die oortreder deur die slagoffers. Gevolglik kan gesigsamestellings gesien word as 'n nie-verbale manier waardeur die slagoffer die oortreder se identiteit aan ander simbolies wil kommunikeer. Die gesigsamestellings kan ook beskou word as pogings waardeur misdaadslagoffers sin probeer maak uit dit wat hulle van die oortreders gesien het. Die gesigsamestellings verteenwoordig die oortreder vanuit die perspektief van die slagoffer en hang gevolglik ook baie af van die subjetiewe ervaring wat die slagoffer van die oortreder gehad het.

Die slagoffers moet tydens die gesigsamestelling, uit 'n katalogus, sekere karakter eienskappe van mense se gesigte kies waaraan sekere kodes geheg is. Die karakter eienskappe waaruit die slagoffers moet kies, bestaan uit: verskillende oë, neuse, monde, ore, hare, ensovoorts. Die kodes wat aan die karakter eienskappe geheg is, word dan op 'n rekenaar ingevoer en die rekenaar stel 'n voorlopige gesig saam volgens die kodes. Figuur 4.15 toon hoe so 'n voorlopige gesigsamestelling lyk.




**Figuur 4-15 Rowwe skets van oortreder**

Sodra die voorlopige skets saamgestel is, kan die forensiese kunstenaar (wat die samestelling gedoen het) fynere detail op die skets begin aanbring volgens die beskrywing van die slagoffers. Die detail behels onderandere: snymerke of littekens, velvoue, oorbelle, ensovoorts. Ander detail wat ook van belang behels onder andere die tipe vel wat die oortreder gehad het, soos akneemerke, sproete, gladde of growwe vel, ensovoorts.

Tydens dié fase van die gesigsamestelling kan die forensiese kunstenaar gebruik maak van foto's ten einde fyner detail te bekom en 'n meer akkurate skets te skep (Gibson 2008:16). As algemene riglyn, moet daar nie meer as 100 voorbeelde van 'n spesifieke gesigskomponente (soos oë, monde of neuse) aan die slagoffer of getuie getoon word nie, andersins kan die proses te uitputtend raak vir hulle (Gibson 2008:16).

ʼn Lêer met gesigssamestellings van sekere tipes verdagtes (soos verkragters en molesteerders) word deur die kantoor, waar die navorser werksaam is, bygehou en aan slagoffers getoon ten einde reeksmisdadigers te identifiseer. Soms kan die slagoffer ook nie die misdadiger se gesig beskryf nie maar is hulle wel daartoe instaat om die oortreder te identifiseer vanaf sketse of fotos van verdagtes aan hulle getoon. Verder kan die gesigsamestelling wat reeds saamgestel was ook gebruik word addisionele inligting te bekom, soos hoë wangbene, lae neusbrûe, vet vol wange, maer ingeduikte wange, ensovoorts.

Nadat die fynere detail van detial aangebring is, kan die forensiese kunstenaar begin met die afwerking van die gesigssamestelling. Die doel van die afwerking is om die gesigssamestelling so realisties as moontlik te laat lyk ten einde die ondersoekbeampte instaat te stel om die verdagte aantekeer. Figuur 4.16 toon hoe die gesigsamestelling lyk nadat die fynere afwerking gedoen is. Sodra die fynere afwerking gedoen is, word die skets aan die ondersoekbeampte oorhandig.



**Figuur 4-16 Verfynde skets van oortreder**

Die forensiese kunstenaar moet ʼn gesig teken van iemand wat hy of sy nie gesien het nie, op grond van die inligting van misdaadslagoffers of getuies, ten einde ondersoekbeamptes in staat te stel om die oortreder aan te keer (Gibson 2008:16).

Die forensiese kunstenaar moet verder deurentyd daarna streef om die skets so realisties as moontlik te laat lyk en om die estetiese waarde van die sketse te verhoog (Gibson 2008:16). Die rede hiervoor is dat die sketse dikwels in die pers gepubliseer word en dat realistiese en artistieke korrekte sketse dus die vertroue van die publiek sal verhoog in die forensiese kunste. Groter respek deur die publiek kan weer lei tot ʼn groter aanvraag vir forensiese sketse en dit kan weer lei tot verhoogde identifikasies van oortreders (Gibson 2008:16).

Die sketse van die verdagtes moet verkeislik direk na ʼn misdaadvoorval geteken word indien die slagoffer nie getraumatiseer was deur die voorval nie (Gibson 2008:116 &117). Indien die slagoffer egter getraumatiseer was deur die misdaadvoorval, is dit wenslik om 24 tot 48 uur na die insident die gesigsamestelling te doen. Indien slagoffers eers op ʼn later stadium genader

word om ’n gesigssamestelling te doen, is dit nie noodwendig ’n probleem nie. Die detail wat misdaadslagoffers na 72 uur onthou, bly by hulle vir ’n baie lang periode (Gibson 2008:116 &117). Die navorser het self bevind dat misdaadslagoffers selfs langer as ’n maand na die voorval steeds akkurate gesigssamestelling kan doen.

Die navorser het ook bevind dat sommige misdaadslagoffers slegs die oortreder vir ’n oomblik gesien het, maar dat dit hulle nog steeds die oortreder in die fynste besonderhede kon beskryf. In die die verband het die navorser ook bevind dat ander misdaadslagoffers nie die oortreders gesigte kan onthou nie, alhoewel hulle wel die die oortreders gesien het. Dit kan volgens die navorser moontlik toegeskryf word aan die proses van selektiewe amnesie, asook amnesie wat veroorsaak was deur breinbeserings (soos bespreek in hoofstuk drie).

Ander faktore, wat die navorser bevind het, wat ’n slagoffer se vermoë beïnvloed het om die gesigte van oortreders te onthou, behels: beligting, obstruksies en vrees. Indien die misdaad plaasgevind het in swak beligte omstandighede, het dit dikwels daartoe bygedra dat die slagoffers nie die oortreder se gesig duidelik gesien het nie omrede dit te donker was. In ander gevalle was die slagoffer se visie belemmer gewees deur fisiese obstruksie, soos komberse wat oor die slagoffers gegooi was, of gesigmaskers wat die oortreders gedra het. Sommige slagoffers het bloot net nie na die oortreder gekyk nie uit vrees omrede hulle bang was dat die oortreders hulle sou skiet. Sommige oortreders het selfs ook hulle slagoffers beveel om nie vir hulle te kyk nie.

Die gesigsamestellings kan gevolglik ’n groot rol speel in die emansipasie van sekere tipes misdaadslagoffers. Met gesigsamestellings moet die waarde van misdaadslagoffers se vermoë om oortreders se gesigste te onthou nie onderskat word nie. Die vermoë van sommige misdaadslagoffers om met redelike akkuraatheid hulle aanvallers te beskryf en gevolglik te simboliseer, kan grootliks daartoe bydra dat die slagoffers hulle selfvertroue en hulle vertroue in die strafregstelsel herwin. Dat kan ook die slagoffers help om weer ’n mate van beheer oor die situasie terug te kry.

Die beskrywing van die oortreder se gesig kan ook van groot belang wees tydens krisis-ingryping en trauma-berading omrede dit deel kan vorm van die misdaad of trauma narratief. Dit verskaf ’n manier waarop die slagoffer sy/haar geloofwaardigheid kan verhoog met betrekking tot die gebeure wat plaasgevind het, en so die krisisingryping of trauma beradingsproses bevorder. Verder kan die gesigsamestelling van die oortreder ook ’n aanknopingspunt vorm vir verdere gespreksvoering tydens krisis-ingryping en trauma-

berading. In hoofstuk vyf sal daar ook ondersoek ingestel word na die gebruik van forensiese kuns tydens krisis-ingryping en trauma-berading.

Die gesigsamestelling sluit verder by die navorsingsdoelwitte aan deurdat dit ŉ nie-verbale kommunikasiemedium is waardeur die misdaadslagoffer sy/haar gedagtes kan uitbeeld met betrekking tot die visuele voorkoms van die oortreder. Deur sy/haar gedagtes visueel uit te beeld, kan dit die slagoffer se denke, emosies en gevoelens bevestig. Dit is verder ŉ bevestiging vir die slagoffer dat die gebeure wat plaasgevind het ŉ werklikheid is en dat dit nie ŉ fragment is van sy/haar verbeelding nie.


Die gesigsamestelling kan verder ook gebruik word as ŉ nie-verbale kommunikasiemedium deur ondersoekbeamptes tydens die ondersoekproses. Tydens die navorsing het die navorser ook ondervind dat van die ondersoekbeamptes reeds arrestasies gemaak het met slegs ŉ gesigsamestelling as bewysstuk. In sulke gevalle het die ondersoekbeamptes dan van uitkenningsparades gebruik gemaak waartydens die slagoffer die oortreder moes uitwys tussen ander persone op ŉ parade, ten einde die oortreder positief te identifiseer.

Die gesigsamestellings kan volgens die navorser ook met sukses in ŉ hof gebruik word as die slagoffer wat die gesigsamestelling gedoen het, daaroor getuig. Die gesigsamestelling verteenwoordig dit wat die slagoffer gesien het en, alhoewel dit nie ŉ presiese representasie van die oortreder is nie, behoort daar steeds sterk ooreenkomste tussen die gesigsamestelling en die oortreder te wees. Verskille kan moontlik verduidelik word aan die hand van verskeie faktore, soos slagoffers met oogprobleme, beligting tydens die misdaadvoorval, die ruimtelike posisies van die slagoffer en die oortreder tydens die voorval, obstruksies wat die slagoffer se visie kon belemmer het, die tydsduur wat die slagoffer die oortreder waargeneem het, tydsverloop vanaf die misdaadvoorval tot die gesigssamestelling gedoen was, ensovoorts.

### 4.9.2 *Forensiese verouderings*

Verouderingstegnieke word aangewend om fotos van vermiste persone en onopgespoorde verdagtes ouer te laat lyk wanneer die persone vir etlike jare onopgesproor bly (Gibson 2008:213). Die misdaadspoor mag koud word waar die verdagtes die gereg vir etlike jare mag ontduik, maar die slagoffers verwag dat geregtigheid steeds sal geskied, of dat vermiste persone steeds opgespoor sal word. In sulke gevalle wend misdaadondersoekers hulle na forensiese kunstenaars met die verdagtes of vermiste persone se fotos. Die forensiese kunstenaar moet dan die gesig van die persoon op die foto teken sodat die gesig in verhouding ouer lyk met die aantal jare wat verloop het vandat die persoon ontvlug of verdwyn het (Gibson 2008:213).

In skets 4.17 is ’n foto van die navorser soos hy huidiglik lyk aan die linkerkant. Aan die regterkant is ’n digitale voorstelling van hoe die navorser oor ongeveer 10 jaar kan lyk. Figuur 4.17 dien as voorbeeld van hoe gesigsverouderings gedoen kan word ten einde ’n voorstelling te maak van hoe ’n persoon verouder het deur gebruik te maak van bestaande fotos. Soos in die geval van die gesigrekonstruksie, kan forensiese verouderings ook beskou word as simboliese voorstellings van slagoffers of oortreders ná ’n verloop van tyd. Gevolglik sluit die forensiese verouderings ook aan by die simboliese-interaksionistiese benadering waardeur die mens op ’n simboliese manier nie-verbaal kan kommunikeer.



**Figuur 4-17 Veroudering aangetoon op fotos**

### 4.9.3 *Gesigrekonstruksies van moordslagoffers*

Vermoorde misdaadslagoffers word dikwels gevind sonder enige vorm van identifikasie en in omgewings wat verlate is (Gibson 2008:237). Sommige misdadigers vermink vermoorde slagoffers ten einde die identifikasieproses van die slagoffer te bemoeilik. Verder kan die dekomposisie van ’n lyk die liggaam so laat agteruitgaan dat die hele liggaam naderhand onherkenbaar word. Ten einde die identiteit van die slagoffer vas te stel, word forensiese kunstenaars aangewend om, in sekere gevalle, gesigrekonstruksies te doen. Die sketse word geteken ten einde die geheue van familie of kennisse van die oorlede slagoffer te skok sodat ’n hulle moontlik die vermoorde slagoffer kan herken. Indien die familie of kennisse die slagoffer herken, dan kan die ondersoekbeampte die ondersoekproses verder voort sit om die slagoffer te identifiseer, deur DNA- of DNS-toetse, vingerafdrukke, ensovoorts (Gibson 2008:237).

Met gesigrekonstruksies word die forensiese kunstenaar gekonfronteer met ’n ontbinde of verminkte liggaam waarvan hy of sy dan moet sin maak. Om sin te kan maak van die oorledene

moet die forensiese kunstenaar ŉ gesig van die slagoffer se verminkte liggaam of skedel rekonstrueer ten einde te kan sien hoe die slagoffer gelyk het. Wanneer die oorlede slagoffer se gesig gerekonstrueer is, dan kan die polisiebeampte die gesig op ŉ simboliese vlak aan ander kommmunikeer met die hoop dat iemand die slagoffer sal kan identifiseer. In figuur 4-18 is die figuur aan die linker kant 'n foto van die slagoffer, die figuur aan die regter kant is 'n rekonstruksie wat die navorser gemaak het van die slagoffer.



**Figuur 4-18 Gesigrekonstruksie vanaf 'n verminkte liggaam**


Vanuit ŉ fenomenologiese perspektief moet die polisiebeampte dus eerstens sin maak van ŉ verskynsel (die ontbinde of verminkte liggaam van die slagoffer) wat hy of sy tee kom deur ŉ gesig vir die slagoffer te rekonstrueer. Die gesigrekonstruksie hang dus baie af van hoe die forensiese kunstenaar die skedel wat hy of sy moet konstrueer ervaar. Die forensiese kunstenaar kan die skedel ervaar as: manlik of vroulik, bejaard of jonk, afkomstig van ŉ sekere etniese groep, ensovoorts. Gevolglik speel die subjektiewe ervaring van die forensiese kunstenaar ook ŉ groot rol tydens skedelrekonstruksies. Sodra die misdaadslagoffer se gesigs gerekonstrueer is van die skedel, dan kan die gesig weer aan ander simbolies gekommunikeer word soos volgens die simboliese-interaksionistiese benadering.

#### 4.9.4 *Twee-dimensionele en drie-dimensionele skedel-rekonstruksies van moordslagoffers*



**Figuur 4-19 Skedel van die slagoffer**

Twee-dimensionele en drie-dimensionele skedelrekonstruksies van moordslagoffers word gedoen in gevalle waar die liggaam verrot het en die identiteit van die slagoffer onbekend is (Gibson 2008:252). ’n Russiese professor, Mighail M. Gerasimov, het begin om skedelrekonstruskies in 1924 te doen (Gibson 2008:252). Hy het in 1941 die eerste skedelrekonstruksie van ’n moordslagoffer gedoen ten einde die slagoffer se identiteit vas te stel. Dit het daartoe gelei dat die oortreder geïdentifiseer en vervolg was (Gibson 2008:252). ’n Simboliese voorstelling moet dus vanaf die slagoffer se skedel gemaak word ten einde vas te stel hoe die slagoffer gelyk het. Figuur 4.19 toon hoe so ’n skedel kan lyk wanneer dit deur ’n forensiese kunstenaar ontvang word. Karen T. Taylor het, in die Verenigde State van Amerika, begin om twee-dimensionele skedelrekonstruksies te doen (Gibson 2008:255). Met twee-dimensionele skedelrekonstruksie word weefsel-dieptemerkers op die skedel geplaas en ’n skets word dan van die slagoffer geteken op grond van die vorm van die skedel (Gibson 2008:255).




**Figuur 4-20 Skedels met diepte-merkers**

Twee-dimensionele skedelrekonstruksies is meer ekonomies ten opsigte van tyd, moeite en die middele en ruimte wat benodig word as drie- dimensionele skedelrekonstruksies (Gibson


2008:257). Figuur 4.20 toon 'n skedel met die dieptemerkers op. Figuur 4.21 toon waar die skets geteken word oor 'n foto van die skedel en Figuur 4.22 toon die skets kort voor dit voltooi is.



**Figuur 4-21 Skets oor 'n foto**




**Figuur 4-22 Skets voor voltooiing**



**Figuur 4-23 Amerikaanse metode met klei**

Met drie-dimensionele skedelrekonstruksies word'n beeld om die skedel gebou volgens die anatomiese metode of die Amerikaanse metode (Gibson 2008:254). Met die Amerikaanse metode word weefsel-dieptemerkers op die skedel geplaas (soos in figuur 4.20) en die gesig van

die slagoffer word dan om die skedel met klei gebou (soos in figure 4.23 en 4.24) (Gibson 2008:254).




**Figuur 4-24 Amerikaanse metode met klei, voltooi**

Met die anatomiese metode word die spiere onder die vel op die skedel eers opgebou en dan word die gesig bo-oor die weefsel en die skedel opgebou (Gibson 2008:254). Figure 4.25 en 4.26 toon van die fases tydens die anatomiese metode vir drie-dimensionele skedelrekonstruksie.




**Figuur 4.25 Fase 1 tydens die anatomiese metode vir drie-dimensionele skedelrekonstruksie**



**Figuur 4-26 Fase 2 tydens die anatomiese metode vir drie-dimensionele skedelrekonstruksie**

Figuur 4.27 toon die eindproduk van drie-dimensionele skedelrekonstruksies. Die twee persone wat in figuur 4.27 uitgebeeld word is dieselfde individu, die gesig aan die regterkant is net so gemaak dat sodat die slagoffer effens ouer lyk.




**Figuur 4-27 Eindproduk van die fases tydens anatomiese metode vir drie-dimensionele skedelrekonstruksie**


Skedelrekonstruksies verskaf aan die onbekende slagoffer wat gesterf het, as gevolg van'n misdaad, en wat vermink was, of in 'n gevorderde staat van ontbinding was , 'n stem ten einde hulle identiteit bekend te maak. Deur die identiteit van die slagoffer te ontdek, word die slagoffers geëmansipeer deurdat hulle erken word as mens en dit kan die beginpunt van die ondersoekproses wees.

Die identifikasie van die slagoffer kan lei tot die identifikasie van die oortreder. Deur die oortreder aan te keer omrede die slagoffer se identiteit bekend geword het, word nie net die slagoffer geëmansipeer nie, maar ook indirekte slagoffers, soos friende en familie, omrede hulle geregtigheid namens die slagoffer kan ontvang. Indirekte slagoffers word verder geëmansipeer omrede hulle nou hul soektog na 'n vermiste of vermoorde persoon kan staak en hulle finale afskeid kan neem van die vermoorde individu en begin met die rou proses.


Alhoewel die skedelrekonstruksies nie 'n presiese replika is van die oorledene nie, kan dit nogtans 'n redelike akkurate weergawe wees van hoe die oorledene gelyk het. Figure 4.28 tot 4.30 toon hoe akkuraat so 'n skedelrekonstruksie kan wees. Figuur 4.28 toon die skedel wat gevind was, figuur 4.29 toon die skedelrekonstruksie wat gedoen was en figuur 4.30 is 'n foto van die oorledene.



**Figuur 4-28 Skedel van oorledene**



**Figuur 4-29 Rekonstruksie van oorledene**




**Figuur 4-30 Foto van oorledene**

Twee-dimensionele en drie-dimensionele skedelrekonstruksies sluit gevolglik ook aan by die navorsingsdoelwit deurdat dit effektief aangewend kan word om misdaadslagoffers te emansipeer. Dit sluit verder by die navorsingsdoelwit aan omrede twee-dimensionele en drie-

dimensionele skedelrekonstruksies ook dien as ŉ nie-verbale kommunikasiemedium waardeur die forensiese kunstenaar poog om die uiterlike voorkoms van die slagoffer te kommunikeer.

### *4.9.5 Skedel en foto super-imposisie van moordslagoffers*

Volgens Kaptein Theuns Breërs (2009) maak die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) gebruik van skedel en foto super-imposisie ten einde te bevestig of ŉ skedel aan ŉ sekere moord-slagoffer behoort. Met die foto super-impososie word ŉ foto van die slagoffer oor die foto van die onbekende skedel geplaas ten einde te bepaal of die skedel en die foto ten opsigte van sekere aspekte ooreenstem. Indien die skedel en die foto ten opsigte van sekere anatomiese aspekte ooreenstem, dan kan daar afgelei word dat die skedel aan die persoon in die foto behoort het. Die proses kan deur middel van fotos of video's aan ŉ hof voorgelê word (Breërs 2009). Figuur 4.31 is ŉ foto van die skedel van ŉ moord slagoffer. Figuur 4.32 is ŉ portretfoto van die van die vermoedelike moordslagoffer.



**Figuur 4-31 Skedel van oorledene**



**Figuur 4-32 Foto van moontlike oorledene**

In figuur 4.33 word die foto van die skedel en die foto van die slagoffer elektroniese bo-oor mekaar geplaas sodat die foto en die skedel gesamentlik gesien kan word. Tydens die stap word daar gelet op sekere punte wat ooreenstem, of nie. In die foto kan daar gesien word dat die wenkbroue, oë, neus, mond en ander anatomiese aspekte ten opsigte van mekaar ooreenstem en kan daar dus afgelei word dat die skedel aan die slagoffer behoort.




In figure 4.34 en 4.35word die foto van die slagoffer en die foto van die skedel langs mekaar geplaas en kan daar gesien word hoe die foto van die slagoffer en die foto van die skedel proporsioneel ten opsigte van mekaar ooreenstem.

Volgens Kaptein Breërs (2009) is foto super-imposisie 'n relatiewe goedkoop manier ten einde die identiteit van 'n skedel vas te stel.

**Figuur 4-33 Proposionele plasing van skedel oor foto**




**Figuur 4-34 Proposionele plasing van skedel oor foto vertikaal**




**Figuur 4-35 Proposionele plasing van skedel oor foto horisontaal**

Nadat die slagoffer positief op bogenoemde manier geidentifiseer is, kan daar dan voortgegaan word deur die identiteit van die slagoffer te bevestig met behulp van DNA en DNS toetse, asook vingerafdrukke. Dieselfde geld ook ten opsigte van twee-dimensionele en drie-dimensionele

skedelrekonstruksies. Foto super-imposisie, twee-dimensionele en drie-dimensionele skedelrekonstruksies was ook al op verskeie geleenthede met sukses aan die Suid-Afrikaanse howe voorgelê, ten einde die identiteit van slagoffers te bewys (Breërs 2009).

Foto super-imposisie, twee-dimensionele en drie-dimensionele skedelrekonstruksies verskaf dus ʼn nie-verbale simboliese manier waarop die identiteit van ʼn onbekende moordslagoffer visueel gekommunikaar kan word aan belanghebbende partye. Deur die simboliese kommunikasie word nie net die slagoffer, maar ook die slagoffer se familie en vriende, geëmansipeer deurdat die moordslagoffer nou nie meer net ʼn onbekende statistiek is nie.

Soos reeds vermeld, kan die vasstelling van die identiteit van die slagoffer lei tot die identifisering van die moordenaar en dit kan weer daartoe lei dat die moordslagoffer geregtigheid ontvang deur die juridiese vervolging van die moordenaar. Familie en vriende word geëmansipeer deurdat hulle nie verder hoef te soek na ʼn vermiste persoon nie, maar dat hulle kan afskeid neem van ʼn geliefde, met die verwagting dat die oortreder opgespoor en vervolg sal word. In die verband kan forensiese kuns dus ʼn groot bydrae lewer ten einde misdaadslagoffers te emansipeer en sluit die afdeling aan by die navorsingsdoelwit.

Verder sluit die afdeling oor die forensiese kuns ook by van die ander die navorsingsdoelwitte aan deurdat forensiese kuns ook ʼn vorm van nie-verbale kommunikasie is wat sommige kommunikasieprobleme soos taal en kultuur kan oorbrug. Die forensiese kunste bemagtig ook moord slagoffers omrede dit help om die onbekende slagoffer te identifiseer. Dit kan weer lei tot die opsporing en vervolging van die oortreder wat uiteindelik geregtigheid aan die slagoffer en sy/haar familie verskaf.

## 4.10 SAMEVATTING

Die doelstellings van krisis-ingryping was aan die begin van die hoofstuk uiteengesit. Dit was opgevolg deur praktiese riglyne vir krisis-ingryping uiteen te sit waarna geselekteerde gevallestudies bespreek was. Daar was by die navorsingsdoelwitte aangesluit deur te let op tegnieke waardeur kuns effektief aangewend kan word as hulpmiddel tydens krisisintervensie en trauma-berading.

Die gebruik van kuns as ʼn kommunikasiemedium tydens krisis-ingryping en trauma-berading met misdaadslagoffers was bespreek en die waarde van die slagoffers se kuns was vanuit ʼn

geregtelike standpunt aangedui. Verder was sekere praktiese probleme uitgewys wat krisis-ingryping en traumaberading kan affekteer. Dit was opgevolg deur te let op die rol van slagoffers in 'n geregtelike konteks en wat die doel van forensiese ondersoeke is. Daar was vervolgens 'n onderskeid getref tussen forensiese prosedures en kliniese prosedures tydens onderhoudvoering.

Dit was opgevolg deur te let op die rol wat kuns kan speel tydens ondersoeke en onderhoudvoering. Daar was ook gefokus op hoe slagoffers se kuns aangewend kan word as 'n klagteversterkings- en geregtelike hulpmiddel. Sekere belangrike aspekte was bespreek ten opsigte van forensiese kuns. Vervolgens was daar gelet op die rol wat forensiese kuns kan speel in die identifikasies van misdaadslagoffers en oortreders. Hier was aandag geskenk gewees aan gesigsamestellings, verouderings van misdaaslagoffers en oortreders en skedelrekonstruksies.

Die hoofstuk het ook verder by die navorsingsdoelwitte aangesluit deurdat daar gelet was op die rol wat die forensiese kunste kan speel in die emansipering van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Daar was ook gewys op die rol wat forensiese kuns kan speel tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Vervolgens was daar ondersoek ingestel na die gebruik van forensiese kuns in die strafregstelsel. Laastens was daar ook gewys op die rol wat forensiese kuns speel as 'n nie-verbale kommunikasiemedium.

In die hoofstuk wat volg, gaan daar aandag geskenk word aan geselekteerde gevallestudies ten einde die belangrikheid van misdaadslagoffers se kuns tydens krisis-ingryping en trauma-berading te demonstreer. Daar sal ook by die hoofstuk aangesluit word deur te let op die forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns en hoe dit kan bydra tot die algemene emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

# Hoofstuk 5: GESELEKTEERDE GEVALLESTUDIES

## 5.1 INLEIDING

Hoofstuk 3 het gelet op terpeutiese kuns se gebruik in die behandeling en berading van getraumatiseerde misdaadslagoffers en ander persone, asook wie daarvan gebruik kan maak. Daar was ook gelet op die neurologiese uitwerking wat kuns op die brein het, en omgekeerd. Daar was verder gelet op die belangrikheid van kuns as 'n kommunikasiemedium. In hoofstuk vier was gefokus op praktiese riglyne vir krisis-ingryping en trauma-berading en hoe kuns gebruik kan word tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Verder was daar gelet op die belangrikheid van misdaadslagoffers se kuns tydens forensiese ondersoeke en wat die bydrae van forensiese kuns kan wees vir die emansipering van slagoffers van geweldsmisdaad.

In die afdeling wat volg, sal daar aangesluit word by die vorige hoofstukke deurdat sekere gevallestudies bespreek sal word ten opsigte van traumaberading en krisis-ingryping. Eerstens sal daar gelet word op die doel van gevallestudies asook die voordele en nadele van gevallestudies. Daar sal by die navorsingsdoelwitte aangesluit word deur 'n paar gevallestudies te bespreek en te ontleed om so die kriminologiese belangrikheid en terapeutiese waarde van misdaadslagoffers se kuns tydens krisis-ingryping en traumaberading uit te beeld.

In die gevallestudies sal aanleidende traumatiese misdaad gebeure telkens bespreek word om daarop te wys hoe die gebeure spontaan en simbolies in die slagoffers se kuns verskyn. Die doel hiervan is om te toon hoe misdaadslagoffers hulle emosionele toestand visueel na 'n traumatiese misdaadvoorval kan uitbeeld en hoe die persoon se kuns verander nadat die persoon die trauma verwerk het. Dit sal verder aangesluit word by die navorsingsdoelwitte deurdat daar gelet sal word op die boodskappe wat slagoffers deur hulle kuns uitstuur en gevolglik hul kuns gebruik as 'n nie-verbale kommunikasiemedium. Daar sal ook gelet word na die wyse wat sommige slagoffers spontaan van kuns gebruik maak na 'n traumatiese misdaadvoorval en wat die waarde van hulle kuns in die strafregstelsel mag wees.

Die gevallestudies sal verder in hoofstuk 6 bespreek word ten einde sekere afleiding en opsommings te kan maak aangaande die aanwending van kuns in die emansiepasie van slagoffers van geweldsmisdaad. Vervolgens gaan daar eers gelet word op die doel van gevallestudies.

## 5.2 DIE DOEL VAN GEVALLESTUDIES

Tydens die navorsing het die navorser gebruik gemaak van gevallestudies waar hy kuns tydens krisis-ingryping en traumaberading aangewend het ten einde misdaadslagoffers te help om die traumatiese misdaadgebeure te verwerk. Die gevallestudies sluit aan by die navorsingsdoelwit deurdat daar gefokus word op hoe forensiese kuns aangewend kan word vir die emansipasie van volwasse slagoffers van geweldsmisdaad.

Gevallestudies behels die indiepte bestudering van ŉ individu ten einde inligting aangaande die persoon se geskiedenis in te samel so dat die persoon se gedrag geïnterpreteer kan word (Glassman & Hadad 2004:25). In die verband het die navorser gevallestudies gebruik wat ŉ misdaadslagoffer geskiedenis gehad het ten einde te bepaal wat die effek van misdaad was op die kuns wat hulle skep. Met kwalitatiewe navorsing vorm gevallestudies die navorsing self en dit is daarop gerig om hipoteses en teorieë te ontwikkel (Sarantakos 1998:193). Mouton (2005:150) wys daarop dat gevallestudies induktief van aard is en dat die hipotese nie vooraf geformuleer word nie. Die navorsing word gerig deur algemene idees of verwagtinge (Mouton 2005:150).

Gevallestudies se doel is verder om die onderwerp se sosiale aksies op ŉ oop en buigsame wyse in sy natuurlike omgewing te bestudeer soos wat dit gebeur (Sarantakos 1998:193). Hier word daar gelet op die interaksie of kommunikasie van die respondente (Sarantakos 1998:193). In die verband het die navorser op sommige misdaadtonele, direk na die misdaadvoorval, krisis-ingryping gedoen met sommige van die misdaadslagoffers ten einde die misdaadslagoffers se reaksies in ŉ natuurlike opset te kan bepaal. Die navorser het veral ag daarop geslaan op hoe misdaadslagoffers op ŉ nie-verbale manier kon kommunikeer deur gebruik te maak van kuns.

Die gevallestudies help die navorser om die aksies van individue op ŉ mikro-vlak te verbind met die grootskaalse sosiale strukture en prosesse van die samelewing op ŉ makro-vlak (Neuman 1997:30). Die logika agter ŉ gevallestudie is om deur ŉ kousale argument te demonsteer dat algemene sosiale faktore se werking spesifieke resultate kan te lewer onder sekere omstandighede. Data van gevallestudies kan aanleiding gee tot goeie teorieë (Neuman 1997:30). Tydens die navorsing beskryf die navorser wat gebeur wanneer individue iets doen, of hulle beskryf en analiseer hoekom mense op ŉ sekere manier reageer (Rosnow & Rosenthal 1996:24). Die navorser maak dan ook gebruik van onderhoude, toetse en ander potensieële

metodes om inligting te versamel. Die inligting wat versamel word is dan ook beskrywend en relasioneel van aard (Rosnow & Rosenthal 1996:24).

Sarantakos (1998:192) en Mouton (2005:150) wys op die volgende redes waarom daar gebruik gemaak word van gevallestudies in kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing:

- dit is eksplorerend van aard;
- meer inligting kan bekom word aangaande die struktuur, proses en kompleksiteit van die navorsingsonderwerp, wanneer relevante inligting nie beskikbaar is of voldoende is nie;
- dit kan konseptualisering fasilliteer;
- dit kan help met die formulering van hipoteses;
- dit kan riglyne verskaf in die proses van die operasionalisering van veranderlikes;
- dit kan kwantitatiewe bevindinge illustreer, verduidelik, uitbrei, of meer inligting te verskaf;
- dit kan die uitvoerbaarheid van 'n kwantitatiewe studie te toets;
- dit kan 'n hoë konstrukgeldigheid verskaf;
- dit kan indiepte insigte gee;
- dit kan rapport bewerkstellig tussen die onderhouvoerder en die subjek.

Soos bespreek in afdeling 1.10, moet die navorsing ook aan sekere etiese beginsels voldoen, soos om, onder andere, die slagoffers se identiteit beskerm. Ten einde die misdaadslagoffers se identiteit te beskerm het die navorser besluit om met die bespreking van die gevallestudies nie die slagoffers se name te gebruik nie, maar om in sekere gevalle te verwys na 'n bejaarde man, of bejaarde vrou. In die in diepte gevalle studies het die navorser net die eerste letter van hul name gebruik, soos byvoorbeeld "A" vir "Anna" ensovoorts.

Vervolgens gaan daar gelet word op 'n paar illustrerende gevallestudies ten opsigte van die gebruik van suiwer krisis-ingryping met slagoffers van geweldsmisdade. Daarna sal daar gefokus word op die gebruik kuns tydens krisis-ingryping en trauma-beradings met getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die navorser het aanvangklik suiwer krisis-ingryping op misdaadtonele gebruik ten einde te kon vasstel wat die effek van die gebruik van kuns op krisis-ingryping en traumaberading is.

## 5.3 KRISIS-INGRYPING GEVALLESTUDIES

Tydens die navorsing, het die navorser krisis-ingryping met van die slagoffers van geweldsmisdaad gedoen. Van die krisis-ingryping sessies het plaasgevind op die toneel van die

misdaad, terwyl van die andere sessies gedoen was op afspraak, ’n paar dae na die voorval. Die afdeling sal aansluit by afdelings 4.2 tot 4.5, wat gehandel het oor die basiese beginsels aangaande krisis-ingryping en trauma-berading, deurdat daar met behulp van enkele gevallestudies getoon sal word hoe basiese krisis-ingryping aangewend kan word om misdaadslagoffers te bemagtig.

Sommige van die slagoffers van geweldsmisdade het probleme gehad om die emosionele en psigologiese ervarings en sensasies wat hulle ervaar het, tydens en kort na ’n ernstige traumatiese misdaad, te verwerk en te hanteer. Van die misdaad voorvalle het dan ook op afgeleë gebiede plaasgevind waar daar nie eksterne hulp beskikbaar was nie en die slagoffers was meer geneig om hulp te aanvaar. In die stedelike gebiede waar hulp van buite instansies meer toegangklik en beskikbaar was, het die persoonlike voorkeure van die slagoffers hulle keuse van hulp beïnvloed. Sommige wou geen hulp gehad het nie, ander het weer privaat instansies verkies, terwyl sommige weer hulle vertroue in die SAPD se lede gestel het ten einde hulle te help.

### *5.3.1 Gewapende rowe in Pretoria*

Die gevallestudies sluit aan by die afdeling wat handel oor krisis-ingryping en traumaberading wat in hoofstuk vier bespreek was. In twee van die gevalle waar die navorser krisis-ingryping gedoen het met die slagoffers van gewapende rowe, in die Pretoria metropolitaanse gebied, het die slagoffers gevoel asof hulle besig was om beheer te verloor in die situasie waarin hulle verkeer het.

Tydens krisis-ingryping het die navorser die slagoffers eers toegelaat om die volle verhaal van hulle misdaadervaring te vertel. Herblootstelling aan die trauma insident het geskied deurdat die slagoffers sekere feite aangaande die misdaadvoorval aan die navorser moes uitwys. Beide bogenoemde stappe het aangesluit by die normale prosedures wat die navorser moes volg tydens die ondersoekfase van die misdaadtoneel as lid van die Suid-Afrikaanse polisiediens.

In beide gevalle het die navorser die gebruik gemaak van kognitiewe herstrukturing, deur die liggaamlike simptome wat slagoffers as gevolg van misdaad kan ervaar, met die twee slagoffers te bespreek; dit het beide die slagoffers meer gerus laat voel. Dit het die slagoffers verder tot die besef gebring dat die liggaamlike ervarings wat hulle ervaar het soos sweet, angstigheid, verhoogde hartklop, ensovoorts, moontlik ’n skokreaksie was op die gebeure wat hulle ervaar het en dat die simptome normale reaksies was op traumatiese gebeure. In beide die gevalle het die slagoffers gekalmeer en het die liggaamlike sensasies verminder en het die persone meer op

hulle gemak gevoel. Dit het verder daartoe bygedra dat die slagoffers weer hulle beheer oor hulle situasie kon terugneem en so ook hulle selfvertroue kon terug kry.

Die navorser het nogtans die slagoffers aangeraai om 'n geneesheer te sien aangesien ernstige psigologiese en fisiologiese stressors aanleiding kan gee tot sekere ernstige mediese toestande, soos hartaanvalle, epileptiese aanvalle, asma aanvalle, ensovoorts. Die navorser het verder ook die slagoffers aangeraai om, indien hulle sekere emosionele, kognitiewe en/of gedrags versteurings ervaar vir langer as 72 uur, verdere berading of sielkundige hulp te ontvang. Die navorser het dit gedoen ten einde die misdaadslagoffers wat deur die impakfase van die misdaad beweeg het, te help met die verwerking van die trauma as gevolg van die misdaad. Verder het die navorser die slagoffers ook aangeraai om sou gou as moontlik 'n mediese geneesheer te spreek ten einde te verseker dat die fisiese beserings wat hulle as gevolg van die misdaad opgedoen het, die nodige mediese behandeling ontvang het.

### *5.3.2 Gewapende roof op 'n plot*

In een spesifieke geval was die slagoffer, van 'n gewapende roof op 'n plot, halfpad tussen Pretoria en Hartebeespoortdam, 'n bejaarde man gewees wat 'n hartpasaangeër gehad het. Die man was 'n toeris vanuit Amerika. Hy het by sy familie gekuier toe hulle beroof was van hul selfone, kontant, beursies, paspoorte, ensovoorts. Die man het met die navorser se aankoms op die toneel ernstige hartkrampe ervaar omrede sy hart vinniger geklop het as die pasaangeër. Daar was op daardie stadium ook geen personeel van die mediese nooddienste beskikbaar nie, as gevolg van ander noodgevalle. Alhoewel die slagoffer medikasie ontvang het vir sy hart was daar steeds 'n gevaar dat hy 'n hartaanval kon kry (indien hy nie sou kalmeer nie). Die navorser het die man gevra om hom te vertel wat gebeur het, wat hy ervaar het, en hoe hy voel oor die gebeure. Die man was veral onsteld, omrede een van die verdagtes 'n pistool teen sy kop gedruk het en hom herhaaldelik gedreig het met die woorde "I am going to shoot you".

Nadat die man sy verhaal vertel het van die gebeure en hoe hy daaroor gevoel het, het die navorser dit met die man bespreek en van sy vrae beantwoord betreffende die voorval. Die navorser het verder aan die man verduidelik dat die gevoelens en emosies wat hy ervaar het na die voorval 'n normale reaksie was op 'n traumatiese gebeurtenis.Weereens het die navorser die psigologiese en fisiologiese simptome van trauma met hom bespreek en dit het daartoe bygedra dat die man beter kon verstaan hoekom hy so angstig was en bevrees gevoel het. Dit het gehelp om die slagoffer emosioneel te kalmeer en so ook sy hartklop verlaag. Teen die tyd wat die navorser die toneel verlaat het, het die hartkrampe wat die man ervaar het, ook gestaak. In die verband was narratiewe berading en konitiewe herstrukturering aangewend om die persoon se

wanpersepsies aan te spreek; dit het die misdaadgebeure in perspektief te plaas en het dit die slagoffer gehelp om weer beheer oor sy emosies terug te neem.

Die man het die navorser verder meegedeel dat hy afkomstig was vanaf die V.S.A. en dat hy ’n afgetrede pastoor was. Die navorser het toe die man gevra of hy vir hom kan bid omrede die man te ontsteld gevoel het om self te bid. Met die man se toestemming het hy navorser vir hom gebid vir God se beskerming, ondersteuning, en leiding. Dit het die deurslag gegee; na die gebed was die man rustig en sy hatklop normaal. Toe die navorser die toneel verlaat het was die man se woorde “You know, when I get back to America, I am going back into my ministry.” In die verband het die plasebo effek ’n belangrike rol gespeel ten einde die misdaadslagoffer psigologiese en fisiologiese simptome van die trauma te verminder. Hieruit kan dus afgelei word dat die krag van ’n persoon se geloof ’n deurslaggewende rol kan speel in krisis-ingryping.

Bogenoemde gevalle wys daarop dat slagoffers van geweldsmisdade wel kan baat by krisis-ingryping; hulle kan die positiewe in die negatiewe sien. In die laaste geval was die traumatiese gebeure selfs ’n aansporing vir die slagoffer om met nuwe krag voort te gaan met sy lewe. Ongelukkig was die navorser nie daartoe in staat om vas te stel of die afgetrede pastoor wel terug gegaan het in sy bediening nie.

### *5.3.3 ’n Noodlottige motorvoertuigbotsing*

In ’n derde geval, was ’n bejaarde dame in ’n motorvoertuigbotsing betrokke waar ’n motorfietsryer met haar motorvoertuig gebots. Die motorfietsryer het op die toneel gesterf. Die bejaarde dame was erg geskok op die toneel; sy het verward en onseker van haarself voorgekom. Sy het self geen liggaamlike beserings opgedoen tydens die motovoertuigbotsing nie. Die dame se seun het op die toneel opgedaag en haar na ’n geneesheer geneem net om seker te maak dat alles wel was met haar.

Die navorser kon op daardie stadium nie krisis-ingryping met haar op die toneel doen nie, omrede hy self besig was om die botsingstoneel te ondersoek en te fotografeer. Verder het die ongeluk ook op ’n openbare pad plaasgevind en dit het gereën, wat ’n onmiddelike gevaar ingehou het vir sekondêre botsings. Die navorser was egter daartoe in staat om aan haar sy besonderhede te verskaf indien sy sou voel dat sy krisis-ingryping of traumaberading sou benodig.

Die bejaarde dame het die volgende dag die navorser geskakel vir trauma berading. Aanvanglik het die dame twee beradingsessies bygewoon; die eerste was die dag na die ongeluk en die

volgende sessie 'n week klater. Volgens die dame wou sy met die navorser gepraat het omrede hy op die toneel was en hy gesien het wat gebeur het.

Die dame het tydens die eerste beradingssessie geskok en angstig voorgekom en sy het gesê dat sy baie sleg gevoel het oor wat gebeur het. Wat haar verder ontstel het, was die feit dat haar seun saam met die vrou gewerk het wie se seun in die ongeluk gesterf het. Sy was veral ook geskok omrede sy tydens die botsing gevoel het dat sy oor iets ry; sy het eers nadat sy uit haar voertuig geklim het besef dat sy oor die oorledene gery het.

Die oorledene se broer het tydens die botsing agter die oorledene op 'n ander motorfiets gery en hy het als gesien wat gebeur het; dit het die dame nog verder ontstel dat die oorledene se broer alles gesien gebeur het. Sy was ook bekommerd omrede sy nie geweet het wat verder sou gebeur het nie.

Tydens die eerste sessie het die dame haar verhaal vertel van hoe sy die gebeure ervaar het, wat sy gesien het en gehoor het. Sy het ook aan die navorser vertel hoe sy oor die gebeure gevoel het. Die navorser het toe die dame ingelig aangaande die psigologiese fisiologiese uitwerking van trauma op 'n individu en wat die lang- en kort-termyn gevolge daarvan kan wees. Die navorser het ook die dame se gevoelens, emosies en denke, aangaande die ongeluk, met haar bespreek. Volgens die dame het dit haar gehelp om die gebeure meer in perspektief te plaas.

Die dame het tydens die twee beradingsessies dikwels van die onderwerp afgedwaal en die navorser moes haar dikwels terug lei na die redes waarom sy die beradingsessies wou bywoon. Sy was op daardie stadium ook onder mediese behandeling vir skok. Die dame het tydens die tweede beradingsessie melding gemaak dat sy sukkel om te slaap en dat sy nie soos normaalweg eet nie. Sy het egter minder gespanne voorgekom en sy was ook meer op haar gemak. Na die tweede beradingsessie het die dame gesê dat sy voel dat sy sterk genoeg is om nou op haar eie voort te gaan en dat God haar ook verder sal dra. Sy het ook verder gesê dat sy voel dat dit God se wil was dat die gebeure moes plaasvind en dat sy haar daarby berus. Die feit dat sy haar vertroue in God stel om haar te dra, beklemtoon die belangrikheid wat geloof in 'n persoon se lewe kan speel ten einde trauma te hanteer en te verwerk. Die geval lig weereens die belangrike rol uit wat die plasebo effek kan speel in krisis-ingryping en traumaberading.

Later, na ongeveer 'n jaar en vier maande, het die dame weer die navorser gekontak en hom meegedeel dat haar prokureer 'n slagofferimpakverklaring aangevra het van die navorser aangaande die psigologiese trauma wat die dame ervaar het na die ongeluk. Die navorser het

toe nog een beradingssessie met die dame gehad en hy het ook verdere onderhoude gevoer (met die dame se seun, haar dogter, haar geneesheer, en haar predikant). Na die onderhoude het dit aan die lig gekom dat sy steeds die volgende simptome ervaar het as gevolg van die motorvoertuigbotsing:

- Sy sukkel om te slaap
- Sy is permanent moeg
- Sy eet nie reg nie
- Sy is ondergewig
- Sy ervaar bloedsuiker en bloeddruk probleme
- Sy sukkel om te konsentreer
- Sy verkeer minder sosiaal
- Sy bestuur oorversigtig en is bang om te bestuur
- Sy praat steeds gereeld oor die gebeure
- Sy het opgehou om te werk omrede sy dink haar werk het verswak.

Die navorser het toe tot die gevolgtrekking gekom dat die dame moontlik aan Post-Traumatiese Stres kon lei en hy het die aanbeveling gedoen dat sy vir verdere sielkundige behandeling moes gaan aangesien die navorser van mening was dat sy nog nie die gebeure verwerk het nie. Volgens Doerner & Lab (2002:129) kan 'n persoon Post-Traumatiese Stres ontwikkel na 'n stressor wat 'n geweldige impak op 'n persoon maak. Die stressor kan enige iets wees, soos 'n traumatiese ongeluk, ontvoering, natuurlike rampe, ensovoorts. (Sue, Sue & Sue 1994:189). Post-Traumatiese stres is 'n angs-versteuring wat ontstaan as 'n respons op uitermatige psigologiese en fisiese trauma (Sue, Sue & Sue 1994:189).

Soos reeds uitgewys word die volgende kriteria gebruik om 'n persoon te diagnoseer met Post-Traumatiese Stres (Doerner & Lab 2002:129):

- Die stressor teenwoordig moet sterk genoeg wees om onderskeibare simptome in feitlik enige persoon te ontlok.
- Die trauma moet herleef word, byvoorbeeld deur drome, nagmerries of terugflitse.
- Die persoon moet verminderde interaksie ervaar met die samelewing (soos onttrekking, 'n gevoel van afstomping, skok, of inperkende gedrag).
- Ten minste twee van die volgende aspekte moet teenwoordig wees, naamlik:
  - oordrewe skrik response
  - slaapversteurings
  - 'n gevoel van skuld, aangaande die oorlewing van, of gedrag tydens, die voorval
  - vermydings gedrag

- herhalende simptome wat nie verband hou met die voorval nie (bv. hoofpyne, eetversteurings, gewigsverlies, ensovoorts.

Die simptome en gedrag wat die dame ervaar het, het dan ook ooreengestem met bogenoemde kriteria vir Post-Traumatiese Stres. In die verband het die navorser die slagoffer verwys vir verdere sielkundige behandeling. Dié spesifieke geval dui daarop dat krisis-ingryping en trauma-berading in sommige gevalle nie voldoende intervensie mag wees nie; dat die slagoffers soms verwys moet word vir verdere sielkundige behandeling.

Uit bogenoemde bespreking kan daar afgelei word dat krisis-ingryping op sigself van groot waarde kan wees vir getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die navorser het bevind dat die krisis-ingryping wel 'n positiewe uitwerking op getraumariseerde misdaadslagoffers gehad het en dit het ook aan die navorser dieper insig verskaf aangaande die bio-psigologiese gevolge traumatiese geweldsmisdadde. Die navorser se bevindinge en gevolgtrekkings aangaande die gebruik van krisis-ingryping sal dan ook verder bespreek word in hoofstuk ses. Vervolgens gaan daar gelet word op hoe forensiese kuns aangewend kan word tydens krisis-ingryping.

## 5.4 DIE GEBRUIK VAN FORENSIESE KUNS TYDENS KRISIS-INGRYPING

In die vorige afdeling was daar gefokus op gevallestudies waar daar gebruik gemaak was van krisis-ingryping na traumatise misdaadgebeurtenisse. Hierdie afdeling handel oor onderhoude wat die navorser met lede van die Forensiese kunsafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in Pretoria gevoer het. Die navorser het self ook, in Januarie 2009, by die Forensiese kunsafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in Pretoria begin werk; van die bevindinge wat hy ervaar het, sal hy ook in die afdeling bespreek. Deur by die Forensiese kunsafdeling te werk, het die navorser ook tot sekere afleidings en gevolgtrekkings gekom met betrekking tot gesigsamestellings se bydrae in die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die navorser sal gevolglik ook hierdie afleidings en gevolgtrekkings in hierdie afdeling bespreek.

Die navorser het die gedeelte wat handel oor die forensiese kuns by die afdeling wat oor die gevallestudies met betrekking krisis-ingryping bygevoeg, omrede van die forensiese kunste se werksaamhede normaalweg kort na die misdaadvoorval gedoen word; gevolglik kan dit behulpsaam wees tydens die krisisingrypings. Die afdeling sal dan ook aansluit by vorige afdelings (in hoofstuk vier) wat handel oor misdaadslagoffers se kuns en forensiese kuns.


Volgens die voormalige vroue-inspekteur, Naudé, van die SAPD se Forensiese kuns afdeling in Pretoria (2007: onderhoud), word die misdaadslagoffers tydens die gesigssamestellings in diepte uitgevra oor die gebeure tydens die misdaad; die slagoffer word dan weer gekonfronteer met die oortreder. Tydens die onderhoud het dit aan die lig gekom dat uitstaande liggaamlike kenmerke 'n belangrike rol speel met die slagoffers se identifisering van oortreders. Kleredrag, juweliersware, tatoeëermerke, ensovoorts was ook van die belangrikste eienskappe van oortreders wat die misdaadslagoffers onthou het van hulle aanvallers (Naudé 2007: onderhoud).

Naudé (2007) wys verder daarop dat misdaadslagoffers misdadigers se gesigte op verskillende maniere onthou. Een van die maniere behels vrye assosiasie; hiervolgens onthou die slagoffer byvoorbeeld die oortreder se ore, neus, oë, ensovoorts, omrede dit lyk soos iemand wat hulle ken; die slagoffers kan dus sekere uitstaande kenmerke onthou omrede hulle dit met iemand anders se uitstaande kenmerke kan assosieer. Misdaadslagoffers onthou dikwels ook ander uitstaande kenmerke, soos byvoorbeeld littekens, haarstyle, gesigs of liggaamlike gebreke. Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat forensiese kunste gebruik maak van vrye-assosiasie wat soortgelyk is aan die wyse waarop die psigo-analise gebruik maak van vrye-assosiasie (soos bespreek in afdeling 2.5.2.3). Die forensiese kuns maak egter gebruik van die verstandelike beelde wat die misdaadslagoffer assosieer met die misdadiger, waar die psigo-analise weer woorde of drome gebruik om innerlike konflikte op te los. In die verband kan die forensiese kuns moontlik ook 'n bydra lewer op misdaadslagoffers te help om psigologiese konflik wat hulle ervaar as gevolg van misdaad, op te los.


Verder het Naudé (2007) ook daarop gewys dat baie van die slagoffers slegs 'n paar sekondes nodig het wanneer hulle die oortreder sien ten einde 'n gesigsamestelling te kan saamstel. Die brein se verwerking en berging van traumatiese gebeure is (soos vermeld in hoofstuk drie) daarvoor verantwoordelik dat sommige misdaadslagoffers die misdaadgebeure in detail kan onthou, terwyl ander slagoffer se verstandelike prosesse weer die misdaadgebeure kan blokeer. Dit kan visuele inligting soos die gesigte van misdadigers insluit. Deur die misdaadvoorval en/of die oortreder deur forensiese kuns visueel voor te stel, kan die misdaadslagoffer moontlik gehelp word om beter fenomenologies sin te maak van die misdaadvoorval.

In onderstaande figure is die een 'n skets wat een van die slagoffers van misdaad geteken het vir die Gesigsamestellingsafdeling van die SAPD (2007). In die skets het die slagoffer die kenmerke van die oortreder geteken wat vir die slagoffer belangrik was. Alhoewel die skets eenvoudig

geteken is, het die slagoffer opvallende kenmerke van die oortreder uitgebeeld. In die geval het die slagoffer die gesigsvorm, groot oë, en haarstyl van die oortreder simbolies uitgebeeld.



**Figuur 5-1 Slagoffer se rowwe tekening met kenmerke van oortreder**



**Figuur 5-2 Gesigsamestelling deur die SAPD afdeling van die oortreder met opvallende kenmerke**


In die volgende figuur is die gesigsamestelling van die oortreder wat deur een van die lede van die SAPD se Forensiese kuns afdeling gekompileer was van die oortreder wat die slagoffer in figuur 5.1 geteken het. In die sketse stem die grootte en vorm van die oortreder se oë, die neus en die gesig se vorm en haarstyl ooreen. Die voorbeeld toon hoe ŉ eenvoudige skets deur ŉ misdaadslagoffer groot forensiese betekenis en nut kan hê. In die geval het die slagoffer dan ook gevoel dat sy ŉ mate van verligting verkry het omrede sy ŉ bydrae kon lewer tot die opsporing van die oortreder.

Figuur 5.3 is nog ŉ voorbeeld van ŉ slagoffer se visuele persepsie van ŉ oortreder wat hy met ŉ inkpen geteken het. Die skets is egter baie meer gedetaileerd as die skets in figuur 5.1 wat deur ŉ ander slagoffer gemaak was. Figuur 5.4 is ŉ gesigsamestelling wat deur een van die SAPD se forensiese kuns afdeling in Pretoria gemaak was (2007). Weereens is daar sterk ooreenkomste tussen die slagoffer se kunswerk in skets 5.3 en gesigsamestelling van die SAPD in figuur 5.4.

Figure 5.1 en 5.3 wys duidelik hoe belangrike rol slagoffers se sketse kan speel in die simbolisering van misdaadoortreders. Selfs elementêre tekeninge kan van groot simboliese en forensiese waarde wees vir die ondersoeker van ŉ misdaad, kriminoloë, sielkundiges



**Figuur 5-3 Slagoffer se tekening**




**Figuur 5-4 SAPD se gesigsamestelling**

ensovoorts. In die geval het die slagoffer weer gevoel dat hy beter beheer oor die misdaadvoorval verkry het omrede die skets wat hy geteken het, ook ŉ moontlik ŉ bydra kon lewer om die verdagte aan te keer.

Uit bo-genoemde gevalle kan daar dus reeds afegelei word dat forensiese kuns wel kan dien as ŉ vorm van krisis-ingryping of trauma-berading, omrede dit die misdaadslagoffer reeds ŉ gevoel van emasipasie verskaf het. Die afleiding kan verder ook moontlik gemaak word dat deur die oortreder te teken, het die slagoffers ook moontlik uiting aan van hulle emosies gegee in die kunswerke wat hulle geskep het. Dit kon weer moontlik daartoe bydra dat hulle psigiese spanning, wat hulle ervaar het as gevolg van die misdaad, aan kon uiting gee (soos bespreek in afdeling 3.7.5).

Die kunswerke van die slagoffers kan ook beskou word as ŉ produk van die trauma wat hulle ervaar het as gevolg van misdaadvoorval. (In afdeling 3.7.7 was daar reeds ŉ bespreking gegee gewees van hoe trauma kan dien as ŉ aanstigter vir kuns.)

Naudé (2007) het verder daarop gewys dat ŉ slagoffer somtyds een karaktertrek of sigbare kenmerk van ŉ oortreder waarneem, ŉ ander slagoffer weer iets anders. Wanneer die verskillende elemente wat verskillende slagoffers waargeneem het saamgevoeg word, kan ŉ baie akkurate en betroubare samestelling van ŉ oortreder gemaak word (Naudé 2007).



**Figuur 5-5 Saamgestelde skets van oortreder met handaangebringde letsels**

Figuur 5.5 is ŉ gesigsamestelling wat gemaak was van ŉ oortreder. Alhoewel die skets op ŉ rekenaar saamgestel was, was die slagoffer wel toegelaat om sekere letsels wat die oortreder gehad het op die skets per hand aan te bring. Op die skets kan die letsels duidelik waargeneem word op die oortreder se wang en voorkop. Die letsels het ŉ belangrike rol gespeel in die identifisering van die oortreder, omrede die letsels uniek is. Die slagoffer het ook daarop gewys dat die oortreder se regter oog skeel na buite gekyk het. Die slagoffer het ook ŉ gevoel verligting ervaar nadat die skets voltooi was omrede die skets die kanse verhoog het dat die oortreder aangekeer sal word.

Naudé (2007) het verder daarop gewys dat misdaadslagoffers dikwels ŉ gevoel van bemagtiging ervaar wanneer hulle ŉ gesigsamestelling doen, omrede die slagoffer voel dat die moontlikheid bestaan dat die oortreder geïdentifiseer en aangekeer sal word. Die slagoffers voel ook dat hulle ŉ mate van kontrole en beheer terug kry, met die samestelling van die ŉ oortreder se gesig, omrede die oortreder se anonimiteit van hom ontneem word deur die gesigsamestelling (Naudé 2007).

Sommige van die slagoffers ervaar die gesigsamestellings ook as traumaties, omrede hulle weer simbolies gekonfronteer word met die oortreder (Naudé 2007). In die verband kan daar dus afgelei word dat gesigssamestellings reeds 'n mate van verligting aan misdaadslagoffers kan verskaf; so kan dit ook die misdaadslagoffer help om die krisissituasie na 'n misdaadvoorval verwerk. Die gevaar bestaan egter ook dat die slagoffer getraumatiseer kan word deur die simbolisering van die oortreder deur middel van forensiese kuns.

In afdeling 3.7.4.1 was daar 'n onderskeid getref gewees tussen sensoriesestyl en verbeeldingstyl kunstenaars. Daar was daarop gewys dat sensoriesestyl kunstenaars teken wat hulle gesien het, soos hulle dit gesien het. Misdaadslagoffers teken dan ook dikwels dit wat hulle gesien het tydens 'n misdaadvoorval soos wat hulle dit gesien het. Gevolglik kan die misdaadslagoffers wat sketse maak van die oortreder of misdaadgebeure beskou word as sensoriesestyl kunstenaars.

Daar was in afdeling 3.6.3 daarop gewys dat traumatiese ervarings op 'n sensoriese vlak plaasvind en dat intervensie dan ook verkieslik op 'n sensoriese vlak gedoen moet word. Daar was verder daarop gewys dat kuns 'n sensoriese aktiwiteit is en dat dit ideaal aangewend kan word as 'n intervensie tegniek om trauma op te los. Die afleiding kan dus gemaak word dat misdaadslagoffers wat die oortreder of misdaadgebeure visueel deur middel van kuns uitbeeld, reeds op 'n onbewustelike vlak uiting gee aan hulle ervarings; dit kan beskou word as 'n vorm van self-intervensie deur die slagoffers.

Soos reeds vermeld is die vertel van die trauma narratief en herblootstelling aan die misdaadgebeure van kardinale belang tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Tydens gesigssamestelling word die misdaadslagoffer weer herblootgestel aan die oortreder en gevolglik word die slagoffer weer herblootgestel aan die traumatiese gebeure. Indien die gesigssamestellings gedoen sou word saam met 'n persoon, of deur 'n persoon, wat opgelei is in krisis-ingryping of trauma-berading, dan kan dit van onskatbare waarde wees. Die rede hiervoor is dat die krisisingryper of trauma-berader dan die misdaadslagoffer kan help om die traumatiese misdaadgebeure te verwerk deur die vertelling van die trauma narratief en kognitiewe herstrukturering in die proses te inkorporeer.

Die vertelling van die trauma narratief, herblootstelling en kognitiewe herstrukturering (soos vermeld in hoofstuk 4) vorm die kernelemente in die trauma-beradingsproses ten einde misdaadslagoffers te help om die traumatiese misdaadgebeure te verwerk. Omrede die slagoffer in 'n mate weer herblootgestel word aan die oortreder tydens gesigsamestellings, kan die

forensiese kunste moontlik ʼn belangrike rol speel tydens krisis-ingryping, of in die slagoffer se verwerking van trauma.

In die verband merk Van der Merwe (2007:37) op dat dit wil voorkom dat daar ʼn definitiewe voordeel in is wanneer daar van vryhandsketse gebruik gemaak word in plaas van rekenaars met die skepping van gesigsamestellings. Die rede hiervoor is dat met vryhandsketse is daar meer direkte oogkontak en interaksie tussen die onderhoudvoerder en die slagoffer. Dit dra dan daartoe by dat die slagoffer meer vertroue in die onderhoudvoerder het en dit lei weer tot beter samewerking vanaf die slagoffers (van der Merwe 2007:37).

Die afdeling het aangesluit by die doelstellings van die navorsing deurdat dit gefokus het op hoe die forensiese kunste as ʼn hulpmiddel wat aangewend kan word tydens krisis-ingryping. Daar was getoon hoe misdaadslagoffers gebruik kan maak van vrye-assosiasie wat soortgelyk is aan die wyse waarop die psigo-analiste gebruik maak van vrye-assosiasie. Daar was verder ook daarop gewys dat misdaadslagoffers deur middel van forensiese kuns op ʼn nie-verbale vlak kan kommunikeer, soos voorgestel deur die simboliese interaksionistiese benadering. Laastens was daar gewys dat die kunswerke wat misdaadslagoffers skep ook van groot forensiese waarde kan wees en so op hul eie manier ook ʼn bydra kan lewer in hulle bemagtiging. Vervolgens gaan daar verdere ondersoek ingestel word na die forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns.


### *5.4.1 Die kunswerk van ʼn selfmoordslagoffer*

In die vorige afdeling was daar gefokus op die rol wat forensiese kuns kan speel tydens krisis-ingryping. Hierdie afdeling sal aansluit by die vorige afdeling deurdat daar gefokus sal word op die forensiese waarde van misdaadslagoffer se kuns.

Die eerste gevallestudie beeld die psigologiese en forensiese belangrikheid van misdaadslagoffers se kuns uit. Die gevallestudie sluit by die navorsingsdoelwitte aan deurdat dit fokus op die nie-verbale kommunikasie van misdaadslagoffers deur middel van sketse, selfs na ʼn persoon se dood. Die geval toon ook die forensiese waarde van ʼn slagoffer se kuns van uit ʼn kriminologiese perspektief.

In die spesifieke geval het Dr. Kobus Jonker (voorheen verbonde was aan die Suid-Afikaanse Polisiediens se Okkulte eenheid) ʼn selfmoord saak ondersoek waar ʼn 16-jarige dogter selfmoord gepleeg het. Die dogter se ouers was verbysterd deur die voorval en kon aan geen rede dink hoekom hulle kind selfmoord gepleeg het nie. Tydens Dr. Jonker se ondersoek op die

misdaadtoneel, het hy 'n skets (met pen en ink op papier geteken) teen die dogter se slaapkamermuur gevind (Figuur 5.6 toon die skets).




**Figuur 5-6 Skets van 'n selfmoord slagoffer**

Die skets beeld die dogter se tragiese lewe uit; van onder na bo, in 'n zig-zag formaat, in die diagram. Die skets bestaan uit 'n reeks kleinere sketse; by elkeen van die kleinere sketse is daar 'n jaartal bygeskryf. Op die agtergrond is daar ook 'n simboliese voorstelling van wat lyk na twee dolfyne; die een dolfyn staan regop en die ander een is onderste-bo. Dit wil ook voorkom of sy die onderste dolfyn uitgebeeld het met 'n mes in sy stert. Die simboliese betekenisse van die dolfyne is onbekend. Die skets sal vervolgens in verdere detail bespreek word.

Die diagram begin met 'n skets waar die dogter haarself as 'n baba uitbeeld in 1982. Dit was dan ook die jaar waarin sy gebore was. Die volgende skets in die diagram toon 'n gebroke hart met haar ouers daarin. Die getal "1985" kom dan ook in die prentjie voor; die prentjie is 'n

simboliese voorstelling haar ouers se egskeiding in 1985. Die volgende skets toon ’n hartjie met ’n manlike en vroulike figuur daarin, met die getal “1987” in die skets; die skets simboliseer haar ma se huwelik in 1987 met haar stiefpa.

Die volgende skets toon ’n naakte vroue figuur in ’n man se hand met die getal “1991”daarby; daar is ook ’n skets by wat lyk soos ’n simboliese voorstelling van ’n nota. Dit is agter onbekend wat op die “nota” staan. Dit het tydens die SAPD ondesoek na haar selfmoord aan die lig gekom dat die dogter se stiefpa begin het om haar te molesteer in 1991 toe sy nege jaar oud was; die molestering het voortgeduur tot en met 1996, toe sy 14jaar oud was.

Die skets wat volg toon ’n botteltjie met die “skull & bones”-teken daarop, ’n pillehouer en pille met die getal “1996” daarby. In die skets het die dogter haar eerste selfmoord-poging in 1996 uitgebeeld, waar sy ’n oordosis pille geneem het. Sy het ook, volgens Dr. Jonker, in 1996 met okkultiese praktyke betrokke geraak.

In die diagram toon die volgende skets ’n ambulans met ’n stopteken daarby. Daar is ook ’n voorstelling van ’n persoon wat op ’n bed lê met ’n koorspen in die mond en ’n drup op die arm, die woord hospitaal, en die getal “1997” kom in die skets voor. Die skets toon waar die dogter weer in 1997 gepoog het om selfmoord te pleeg. Sy het weereens ’n oordosis pille geneem maar sy was die keer afgevoer hospitaal toe waar sy mediese behandeling ontvang het.

In die opvolgende skets beeld die dogter haarself uit waar sy staan en rook. Die getal “1997” kom weereens by die skets voor. In die skets het die dogter die stadium in haar lewe uitgebeeld toe sy begin rook het. Sy het op hierdie stadium ook begin om dagga en ander dwelms te gebruik. Die daaropvolgende skets toon ’n huisie met die woord “home” daarop met ’n vroue figuur wat wegstap vanaf die huisie met die getal “1997” weereens daarby. Daar is ook ’n vroue gesiggie by geteken met ’n traan op haar wang wat aanduidend kan wees van haar gemoedstoestand in die tydperk. In die skets het die dogter getoon dat sy in 1997 weggeloop het vanaf haar huis. Dit is egter nie bekend wanneer sy weer teruggekeer het nie.

Die laaste skets toon die ’n figuur met ’n geweer teen die kop en die getal “1998” daarby. In die laaste skets het sy haar eie selfmoord uitgebeeld. Volgens Dr. Jonker het hy op die toneel aangekom net nadat sy haarself geskiet het. Op die toneel het hulle drie ure gewag vir ’n ambulans; sy het op daardie stadium nog gelewe. Volgens Dr. Jonker het sy eers pille gedrink en toe haarself in die maag geskiet. Weens die feit dat sy haarself in die maag geskiet het, kon haar

maag nie uitgepomp word nie en het sy op die toneel gesterf. Dit is onbekend of sy dood is as gevolg van die skietwond, of die oordosis pille, of 'n kombinasie van beide die faktore.

Die skets toon egter wat se ernstige impak haar ouers se egskeiding, haar ma se huwelik met haar stiefpa, en haar stiefpa se molestering op haar gehad het. Uit die skets kan die afleiding ook gemaak word dat haar stiefpa se molestering moontlik die snellerfaktor was wat haar gedryf het om die eerste keer selfmoord te probeer pleeg. Die feit dat sy op twee vorige geleenthede probeer het om selfmoord te pleeg, getuig dan ook van die desperaatheid waarin sy verkeer het. Dit is egter nie bekend hoe lank voor die selfmoord die slagoffer die skets gemaak het nie.

Die slagoffer het haar onbewuste gevoellens en emosies ook nie-verbaal gekommunikeer deur die skets. Die nie-verbale uitbeelding van die onbewuste wat in die skets voorkom is ook in lyn met Freud se beskouing van die simboliese ontblooting van die onbewuste in sy psigo-analitiese benadering (soos wat bespreek was in afdeling 2.5.2). So kan byvoorbeeld die vertrekte gesig van die baba gesien word as die 'n voorbeeld van die emosionele pyn wat sy ervaar het, die skedel en gekruisde bene op die pille houer kan moontlik beskou word as haar onbewuste soeke na die dood of ontsnapping uit haar omstandighede, ensovoorts. Die skets kan ook beskou word as 'n poging waardeur die slagoffer haar onbewuste wou ontbloot en op 'n simboliese vlak na die bewuste toe te laat deurdring. Die skets kan ook verder beskou word as 'n poging waardeur sy haar innerlike konflik tussen die id en ego wou oplos, deur haar subjektiewe ervarings te ontbloot. In die skets het die slagoffer baie gebruik gemaak van vrye assosiasie om haar ervarings uit te beeld.

Die navorser het tydens die navorsing bevind dat sommige misdaadslagoffers hulle hartseer deur simbole van trane uitbeeld; die slagoffer het in dié geval moontlik haar eie hartseer met die traan geassossieer en dit simbolies so uitgebeeld. Die simboliese uitbeelding van die trane kan dan ook herlei word na Carl Jung se beskouing van argetipe simbole. Die trane simboliseer moontlik 'n vorm van 'n kollektiewe onbewuste wat ontbloot word op 'n simboliese manier. Daar sal in die hoofstuk gelet word op nog 'n geval waar die slagoffer haar hartseer deur middel van die traan simbool uitgebeeld het. Daar sal in die hoofstuk ook gelet word op soortgelyke argetipe simbolisasie wat in ander misdaadslagoffers se kuns tot uiting gekom het tydens die navorsing.

Die gevallestudie is 'n toonbeeld van hoe 'n persoon volgens die simboliese interaksionistiese benadering (wat in afdeling 2.5.3 bespreek was) op 'n nie-verbale manier sy of haar emosionele toestand kan uitbeeld. In dié geval, het die persoon haar subjektiewe ervarings vanaf haar

geboorte tot en met haar dood objektief uitgebeeld; aan ander gekommunikeer deur gebruik te maak van 'n komplekse stel van simbole. Die skets kan ook beskou word as 'n wyse waarop die slagoffer op 'n simboliese vlak gepoog het om sin te maak van haar lewe.

Volgens die fenomenologiese perspektief (soos bespreek in afdeling 2.5.4) moet die terapeut of die berader die wêreld van die slagoffer betree, ten einde die werklikheid van die slagoffer se ervarings te verstaan. Die slagoffer se skets kan gesien word as 'n poging waardeur sy die betekenis wat sy aan haar lewe geheg het, simbolies uitgebeeld het, ten einde fenomenologies sin te kon maak van haar lewe. Die skets beeld die slagoffer se ervarings uit, soos wat sy dit ervaar het; deur dit te doen stel sy ander instaat om haar belewenisse te ervaar.

Die vraag kan egter gevra word, Wat sou die uitkoms gewees het as iemand die skets vroegtydig raakgesien het en reg geïnterpreteer het? Indien sy die regte behandeling ontvang het, kon die voorval moontlik verhoed gewees het. Die vorige selfmoord pogings toon ook die belangrikheid daarvan om nie selfmoordpogings ligtelik op te neem nie, maar om dit te beskou as noodkrete tot hulp.

Vervolgens gaan daar gelet word op hoe nog 'n slag van mishandeling, ervarings in spontane kuns laat uitbeeld het.

### *5.4.2 Spontane kuns van 'n misdaadslagoffer*

Gevallestudie 2 handel oor 'n 35-jarige vrou wat mishandel was tydens haar kinderjare. Die gevallestudie sal aansluit by die doelstelling van die navorsing, deur te fokus op die slagoffer se kunsgebruik om haar emosies wat sy ervaar het, as gevolg van die mishandeling, aan andere simbolies te kommunikeer. Die gevallestudie sal aansluit by die verskillende teoretiese benaderings deur te poog om die slagoffer se kuns te verklaar. Die afdeling sal verder aansluit by die hoofstuk vier deur op die terapeutiese waarde wat die slagoffer se kuns vir haar ingehou het te fokus.

Vir die doeleindes van die gevallestudie sal daar na haar verwys as "J". J het groot geword in 'n huis waar gesinsgeweld algemeen voorgekom het. Daar was egter nie 'n voorkoms van alkohol- of dwelmmisbruik nie. Beide haar ouers het in die huis gewoon en daar was deurlopende konflik tussen haar pa en haar ma; verbaal en fisies van aard. Die konflikte het meestal gehandel oor ontrouheid binne haar ouers se huwelik. Volgens J se ma het haar pa saam met ander vrouens geslaap; dit het veroorsaak dat hy op 'n stadium onder die destydse Ontugwet

gearresteer was. Dit het verder daartoe gelei dat hy sy werk verloor het en uiteindelik sy huis ook. Hieroor was J se ma baie ongelukkig.

J kan goed onthou dat haar ma verskeie kere gedreig het om van haar man te skei, maar dit het nooit gerealiseer nie. Sy onthou steeds dat, toe sy klein was, sy en haar ma verskeie kere na die prokureurs toe gegaan het; veral die groot houtdeure van die prokureurskantore se ingang. Dit het op ŉ stadium so erg gegaan dat J se ma, met haar, verskeie geleenthede moes vlug uit die huis. Sy kan ŉ spesifieke geval onthou waar hulle moes vlug omrede haar pa haar wou doodslaan met ŉ besemstok omrede J nie volgens hom sy kind was nie. Alhoewel die gebeure reeds in J se kleuterjare plaasgevind het, kan sy steeds vandag nog onthou hoe sy op meer as een keer saam met haar ma moes vlug uit die huis uit.

J se ma was ook baie perfeksionisties van aard; sy was veral gesteld daarop dat haar huis skoon en netjies moes wees. Indien J se pa iets gedoen het volgens haar nie reg was nie, het dit gewoonlik daartoe gelei dat haar ma haar pa uitgeskel het, aangehou het met die geskellery, totdat haar pa sy humeur verloor het en dan het die argumente fisiese aanranding geword.

J onthou steeds dat haar ma haar baie keer deur die gesig geklap het of haar hare getrek het as sy iets verkeerd gedoen het. Haar ma het haar ook menige male verskree as sy iets verkeerd doen of sê. Haar ma het haar ook dikwels uitgeskêl as "useless", "jy kan niks doen nie", "jy is f_k_n stupid", "hoer", ensovoorts. Haar ma het steeds die neiging om mense uit te skêl, te vervloek of sleg te sê, indien hulle nie iets doen soos sy dit doen nie, of maak soos sy wil hê hulle moet nie. J se ma het ook die gewoonte om wanneer sy kwaad word oor iets, nie die probleem aan te spreek nie, maar om ŉ persoon se karakter aan te val.

Een van die vroegste insidente wat J kan otnhou wat ŉ impak op haar lewe gehad het, was toe sy klein was en haar ma haar hare gewas het. Volgens J was haar ma kwaad na ŉ argument met J se pa. J se ma het, terwyl sy besig was om J se hare te was, probeer om haar te verdrink deur J se kop onder die water te hou omrede sy geïrriteerd geraak het met J. J se ma se gedrag en geaardheid kan oor die algemeen as egosentries beskryf word en gaan dikwels gepaard met onbeheersde woede uitbarstings. Alhoewel J en haar ma huidiglik oor die weg kom, ervaar hulle steeds van tyd tot tyd probleme; hulle raak steeds in woordewisselings betrokke.

J se pa was stil van geaardheid gewees en het nie gepraat oor die dinge wat hom pla nie. Hy het dikwels ook kwaad van die werk af gekom en dan sou J se ma hom uitvra oor hoekom hy kwaad

is. Indien hy dan nie die daaroor gepraat het nie, het J se ma ook kwaad geword; dit het weer verdere argumente veroorsaak.

Wanneer J en haar pa in ’n argument betrokke geraak het, dan het hulle ook dikwels fisies geraak. Sy onthou een keer waar sy haar pa met ’n mes wou steek tydens een van die argumente, gedurende haar hoërskool jare. Volgens haar het haar pa en haar ma weer ’n rusie gehad, haar pa het fisies aggressief geraak en hy wou haar ma slaan. Sy het toe haar pa met ’n mes gedreig en haar pa het die aftog geblaas. Volgens J het haar pa haar nie beskou as sy kind nie en en dit het daartoe gelei dat sy baie verwerping deur hom ervaar het in haar kinderjare.

Oor die algemeen is J se pa vriendelik en hulpvaardig teenoor ander en sou ’n mens op die oog af glad nie vermoed dat daar huislike probleme bestaan het nie. Die laaste paar jaar het J en haar pa se verhouding verbeter en tans kom hulle goed oor die weg. Die emosionele en fisiese mishandeling het regdeur J se skooljare aangegaan. Die onderstaande skildery, in figuur 5-7, is een van J se skilderye wat sy op hoërskool gemaak het. Die skildery is getiteld “Ek en my Lewe”.



**Figuur 5-7 J se skildery “Ek en my Lewe”**

J het die skildery gemaak toe sy in Standerd 9 (of Graad 11) op skool was. Die skildery bestaan uit verskeie simboliese beelde wat J gebruik het om deur middel van vrye assosiasie haar emosies en ervarings uit te beeld. Deur dit te doen, het J ook haar onbewuste emosionele toestand en innerlike stryd simbolies uitgebeeld.

Sigmundt Freud en Carl Jung het, soos in hoofstuk twee bespreek, mense se drome en die simbole wat daarin voorkom ontleed, om toegang tot die persoon se onbewuste te verkry. Hulle was ook albei voorstaanders van die idee om artistieke uitdrukking te gebruik vir psigiatriese evaluering en behandeling, omrede die onbewuste ontbloot kan word deur kuns. Soos reeds vermeld maak sielkundiges, sosiale- en maatskaplike werkers, beraders, ensovoorts gebruik van artistieke uitdrukking vir evaluering en behandeling tydens intervensie vir ʼn wye verskeidenheid van emosionele toestande wat mense ervaar, insluitende trauma, as gevolg van misdaad.

J het haar kunswerke beskou as die bevestiging van haar ervarings en dat dit wat sy ervaar het nie net fragmente van haar verbeelding was nie. Dit stem ooreen met die beskouing dat kuns slagoffers se ervarings bevestig (soos bespreek in afdeling 3.7.4). In afdeling 3.7.4.1 was daar verder ʼn onderskeid getref tussen verbeeldingstyl en sensoriesestyl kunstenaars. J kan beskou word as ʼn sensoriese styl kunstenaar omrede haar kunswerke gebaseer is op wat sy ervaar het deur haar lewe.

J se kunswerke is verder ook verteenwoordigend van die fenomenologiese benadering, waardeur sy gepoog het om ander toe te laat om haar emosionele binnewêreld te betree. Deur haar kunswerke het sy gepoog om ander toe te laat om haar persoonlike ervarings te deel soos wat sy dit ervaar het. Haar kunswerke kan ook beskou word as pogings waardeur J probeer het om fenomenologies sin te maak van haar ervarings.

Volgens die simboliese interaksionistiese benadering kan J se kunswerke gesien word as ʼn manier waarop sy haar fisiese en emosionele ervarings aan ander simbolies kommunikeer het. Deur die simbole het sy haar subjektiewe ervarings objektief uitgebeeld in die kunswerke wat sy geskep het. Vervolgens gaan die skildery en ander skilderye van J bespreek word ten einde dieper insig te verkry aangaande die gebruik van simboliek in haar skilderye.

Die steenpad simboliseer haar lewenspad wat in twee rigtings kan beweeg. Aan die eenkant lei die pad vanaf gebrokenheid van haar ouerhuis af na standvastigheid in die onbekende. Aan die ander kant, lei die pad van standvastigheid af na gebrokenheid, hartseer en die verbreking van beloftes in haar ouerhuis. Die pad is dus simbolies van haar onbewuste ervarings en beskouings met betrekking tot die emosionele bande wat sy met haar huis geassossieer het. Die verbrokkelde pad is ʼn voorbeeld van vrye assoiasie wat J gebruik het om haar emosies en gevoellens uit te beeld en simboliseer die emosionele onstabiliteit wat sy ervaar het.

Haar ouerhuis is klein en op die agtergrond omrede sy op daardie stadium nie baie belangstelling in haar ouerhuis getoon het nie. J het op hierdie stadium, in die middae na skool, net haar skoolklere uitgetrek en ander klere aangetrek en dan die res van die dag by vriende gespandeer. Sy het net gesorg dat sy weer by die huis was voor haar pa van die werk af kom ten einde konflik te vermy. In die skildery is die ouerhuis ook blou van kleur omrede sy haar ouerhuis ervaar het as koud en liefdeloos; so het J deur middel van vrye assosiasie haar ouerhuis simbolies as blou uitgebeeld.

Die verwronge gesig aan die linkerkant van die skildery, asook die verwronge hande, druk volgens J haar frustasies uit wat sy op daardie stadium van haar lewe ervaar het. Weereens was die verwronge hande 'n vrye assosiasie wat J gemaak het om haar emosies simbolies uit te beeld. Haar ouers het op die stadium nie aandag geskenk aan die probleme wat sy self ervaar het nie; sy het op daardie stadium gevoel sy pas nie by haar ouerhuis of skool in nie, sy het min vriende gehad op skool, het nêrens tuis gevoel nie; en sy het haarself op daardie stadium gesien as geïsoleerd en alleen.

Op die voorgrond, aan die linkerkant, is daar 'n oor wat aan 'n horlosieband vas is. Vir J het dit beteken dat *"met tyd sal jy hoor"*. Wat presies sy sou hoor of wanneer sy dit sou hoor, was vir haar onbekend. Die oor het ook alles gehoor wat om haar aangaan; dit kon verband hou met die feit dat haar ouers steeds op daardie stadium aanhoudend gedreig het om van mekaar te skei. Die horlosie en die oor is verdere voorbeelde van vrye assosiasies wat J gemaak het om haar emosies en ervarings uit te beeld van dit wat sy gehoor het in die tydperk van haar lewe.

Die oë in die skildery simboliseer dan ook die oë wat alles sien of soos sy dit in haar eie woorde stel, *"Die oë sien die werklikheid, die kant wat mense geneig is om te vermy"*. Die oog aan die linkerkant se ooglid, links bo, is geskeur; vir J het dit gedui op die seer wat sy ervaar het as gevolg van dit wat sy gesien het. Verder was dit wat sy gesien het, geopenbaar; dit kon nie weer verberg word nie. Die blou kleur van die oë was volgens haar verder ook simbolies van die emosionele koudheid wat sy op daardie stadium gevoel het; die blou oë was dan ook meer sensitief vir dit wat sy gesien het.

Die oog op die regterkant is op 'n hout kas; die kas bevat alles wat die oog gesien het. Die hout kas was vir haar simbolies van haar siel; al haar emosies en gevoellens was vasgevang in haar siel, soos in 'n houtkas - alles kon inkom, maar niks kon uitgaan nie - J het op hierdie stadium al haar emosies en gevoellens vir haarself gehou omrede sy niemand vertrou het nie.

Die oë wat J uitgebeeld het stem ook ooreen met Carl Jung se beskouing van argetipe simbole wat spontaan ontstaan in slagoffers van trauma se kunswerke (soos bespreek in hoofstukke twee en drie). Spring (2007:218) wys daarop dat traumaslagoffers universeel dikwels oë teken in hulle kunswerke. Die oë wat voorkom in slagoffers se kuns kan dus beskou word as argetipe simbolisasie.

Die kleure wat J in die skildery gebruik het was verteenwoordigend van haar gemoedstoestand op daadie stadium; sy het meestal swart en bruin gebruik omrede sy baie neerslagtig, alleen en hartseer gevoel het. Die blou was ook simbolies van die koudheid wat sy gevoel het. Die kleure was dus ook simbolies van haar subjektiewe psigologiese toestand. J het dus gebruik gemaak van kleur, vorm en ruimtelike spasie om haar innerlike lewenswêreld aan ander nie-verbaal te kommunikeer.

In die stadium van haar lewe het J ook gepoog om selfmoord te pleeg, deur haar polse met 'n silwer mes te sny, in haar kamer. Volgens haar het sy egter nie diep genoeg gesny nie en het sy later self die wonde verbind. Sy het op hierdie stadium ook selfmutelasie toegepas deur haar arms op verskillende plekke met dieselfde silwer mes te sny. Sy het op 'n ander keer weer gepoog om selfmoord te pleeg deur pille te drink. Haar ouers was egter so met hul eie probleme besig dat hulle dit nie eers agtergekom het nie.

In Standard 7 het J begin om te rook en te drink. Sy sou ook gereeld stokkiesdraai by die skool en sy het gevoel asof haar kuns die enigste manier is waardeur sy met die wêreld kon kommunikeer. Sy het ook begin om baie roekeloos op te tree sonder om die gevolge van haar optrede in ag te neem; sy sou byvoorbeeld wegbly van die skool af om skelm te drink; sy sou met haar fiets roekeloos oor stoptrate gery het sonder om te stop, ensovoorts. Ten einde geld te bekom vir sigarette en drank het sy geld uit haar pa se beursie gesteel. Een van haar vriendinne het weer geld by haar ma se besigheid gesteel. J het regdeur haar skoolloopbaan die gedrag geopenbaar. Haar ouers was egter onbewus van alles.

Haar gedagtes was op daardie stadium met die dood besig; haar lewe het vir haar geen sin gemaak nie. Haar kuns het ook baie gehandel oor die dood en die groot vraag wat sy gevra het was, Wat maak ek hier? Sy het op hierdie stadium ook meestal landskappe geskilder wat oor haar lewe handel. Haar skilderye was op daardie stadium ook baie negatief en morbied. Die skildery in figuur 5.8 is verteenwoordigend van die tipe skilderye wat sy op die stadium gemaak het.

Die skildery in figuur 5.8 was 'n adaptasie van een van Salvador Dali se skilderye wat J in 1989 geskilder het. Sy het die skildery "Emosies" genoem. Die figuur in die skildery kom verwronge voor en die kleurgebruik is somber en koud. Sy het slegs rooi, wit en swart in die skildery gebruik. Dit was weereens aanduidend van J se gemoedstoestand en somber lewensuitkyk op daardie stadium in haar lewe. Die figuur se gesig is verwronge van pyn was simbolies was van die onderliggend emosionele pyn wat sy ervaar het. Die hand op die voorgrond kom krampagtig voor en die weefsel is oopgeskeur by die gewrig wat 'n onbewuste uitdrukking van die haar selfmutelasie kon wees. Die voet op die voorgrond is net kaal bene wat vir haar simbolies was van 'n onvermoë om aan te gaan en die dood.




**Figuur 5-8 J se skilderye "Emosies"**

Die skildery in figuur 5.8 kan gesien word as 'n ontbloting van die onbewuste (soos beskou deur die psigo-analiste). In die skildery het J haar onbewuste emosies en gevoellens nie-verbaal op 'n bewuste vlak uitgebeeld en gekommunikeer. Deur middel van vrye assosiasie het J ook sekere simbole gekoppel aan die emosionele ervarings wat sy gehad het. So kan die verwronge gesig gesien word as 'n vrye assoiasie wat J gemaak het met haar interne konflik en pyn wat sy ervaar het wat sy gevolglik nie-verbaal simbolies gekommunikeer het.

Die skildery is verder ook 'n voorbeeld van die simboliese interaksionistiese benadering waardeur mense simbolies met ander kommunikeer. In die skildery het J weereens haar ervarings, emosies en gevoellens gesimboliseer in abstrakte beelde en daardeur haar ervarings, gevoellens en emosies simbolies aan die buitewêreld gekommunikeer. So kan die verwronge gesig ook gesien word as die simboliese voorstelling van die innerlike pyn wat J op daardie stadium in haar lewe ervaar het.

Vanuit 'n fenomenologiese perspektief kan die skidery gesien word as 'n poging waardeur J gepoog het om betekenis te heg aan die fenomene wat teenwoordig was in haar lewe deur dit simbolies uit te beeld. Figure 5.9 tot 5.13 verteenwoordig voorbeelde van bogenoemde nie-verbale kommunikasie wat J deur middel van haar skildery gevoer het. Die skildery kan ook gesien word as 'n poging waardeur J gepoog het om haar innerlike pyn en stryd te verstaan. Deur haar innerlike gevoellens simbolies te ontbloot kon sy moontlik dieper insig kry aangaande emosionele toestand.



**Figuur 5-9 J se skildery "Inner thoughts"**

Die skildery (in figuur 5.9), is getiteld *"Inner Thoughts"* en handel oor die innerlike gedagtes wat J gehad het. Sy het die skildery in 1990 in haar Matriek-jaar geskilder. Die skildery is 'n landskap en stel twee hande en 'n brein voor. Die een hand hou 'n brein vas terwyl die ander hand die brein oopskeur en so die brein se gedagtes vrystel. Op die agtergrond is 'n skedel wat die brein moet beskerm.

Die brein is nie beskermd nie en is dus blootgestel aan die gevare buite. Die wit wat bo by die brein uitkom simboliseer drome en denke wat uit die brein uitkom. Vir J het 'n skedel die mens se innerlike denke gesimboliseer en dit het ook die sagte dele van die mens beskerm.

Die sagte dele het vir haar betrekking gehad op fisiese innerlike organe van die mens sowel as haar psigologiese eienskappe, soos haar selfbeeld, emosies, en denke.

Sy het die skildery geskilder omrede sy gevoel het sy word in twee geskeur deur haar lewe. Aan die een kant het sy haar eie behoeftes, begeertes en belange gehad wat sy opsy moes skuif vir ander. So moes sy byvoorbeeld Matriek geskryf het, maar by die huis was daar so veel probleme dat sy dit moeilik gevind het om te studeer. Oor die algemeen het die bene in haar skilderye die verlede gesimboliseer. As die die bene nie verrot was nie, het dit die mooi dinge in haar verlede gesimboliseer; volgens haar was al die bene in die skilderye verrot en gevolglik was al haar herrinneringe wat sy gehad het, onaangenaam gewees.




**Figuur 5-10 J se skildery "Ethiopia"**

Figuur 5.10 het J ook tydens haar matriekjaar in 1990 op skool gedoen en was getitteld *"Ethiopia".* Die skildery is 'n landskap stel die droogte en hongersnood gedurende daardie tydeperk in Ethiopia voor. Dit was vir haar simbolies van wat in haar lewe aangegaan het. Haar eie lewe het vir haar droog en leeg gevoel. Die oog sien volgens haar ook die werklikheid raak wat mense geneig is om te vermy. In die skildery word die oog deur 'n vinger wat uit 'n arm uitkom, oop geforseer om die waarheid raak te sien. Onder die oog sit 'n kleintjie wat alleen voel en smag na liefde. Die kleintjie sit in 'n fetus posisie en het 'n behoefte aan beskerming.

Op die voorgrond is weereens 'n skedel, maar hier kom die skedel aggresief voor. Die skedel was weereens 'n voorstelling van dit wat die onderbewussyn beskerm. Oor die algemeen is kom die landskappe op die agtergrond van J se skilderye verlate en onherbergsaam voor. Nêrens is enige tekens van lewe of plantegroei nie. Volgens J is die agtergrond ook simbolies van hoe sy gevoel het; dood, koud en verlate. Die meeste van haar landskapskilderye simboliseer haar emosionele ervaring van haar lewe op daardie tydstip van doodsheid, koudheid en verlatenheid.



**Figuur 5-12 J se potloot tekening met Egiptiese invloede**



**Figuur 5-11 J se potloot tekening van skedel**

Figuur 5.11 en figuur 5.12 is van die sketse wat J in matriek geteken het met potlood op papier wat verder aanduidend was van wat haar gemoedstoestand. Die sketse bevat baie fyn detail en skep weereens ŉ gevoel van doodsheid. Op skool het J ŉ voorliefde ontwikkel vir die Egiptiese kuns en die okkultiese betekenis daarvan. Vir haar was die wyse waarop die Egiptenare die dood beskou het en hoe hulle die dooies hanteer het belangrik. Die mistiek aangaande die Egiptiese mitologie was vir haar baie interessant en sy was aangetrokke tot die bo-natuurlike kragte wat sommige van die mitologiese karakters besit het. Sy het ook al hoe meer begin belangstel in die okkulte. Sy het haarself gesien as "Isis" , die godin van vrugbaarheid, wysheid en die towerkuns. "Isis" was ook ŉ heks en het baie magiese mag gehad. Dit was juis "Isis" se mag waartoe J aangetrokke was.

J het ook geglo dat sy die afgestorwenis kon hoor, ruik, sien, voel en proe. Sy het haarself ook beskou as ŉ heks. Een van haar grootste begeertes was om die persone wat ŉ probleem in haar lewe was, te kon "uithaal" op ŉ bonatuurlike wyse soos toorkrag. Met die woord "uithaal" het sy bedoel "om die persoon te dood of permanent skadeloos te stel".

Nadat sy haar matriek voltooi het, het sy kuns gestudeer by ’n tersiêre instansie in 1991. Haar pa het by die tersiêre instansie gewerk en gevolglik het sy toe afslag gekry vir haar studies. Toe sy begin studeer het, was haar ma se houding dan ook gewees dat J besig was om haar pa se geld te mors. J het gevolglik net haar eerstejaar by die tersiêre instansie voltooi omrede sy moeg was om te hoor dat sy net besig was om haar ouers se geld te mors.

Gedurende die tydperk het J en haar ma meer konflik begin ervaar. J was nie toegelaat om vriende huistoe te bring nie; volgens haar ma was vriende net ’n slegte invloed. Verder het J se ma geprobeer om vir J te forseer om alles te doen soos haar ma dit sou gedoen het. J se ma wou haar nie toelaat om haarself te wees nie of om haar eie persoonlikheid te ontwikkel nie.

In die tydperk wat sy gestudeer het, het sy ook kontak gemaak met sataniste wat haar uitgenooi het om by hulle aan te sluit, maar sy het daarteen besluit. Sy het haarself as ’n “lone witch” beskou. Sy het egter begin om teen haar ma se sin uit te gaan, saam met vriende. Volgens J was sy baie rebels in hierdie tydperk en het sy baie teen gesagsfigure geskop.

J se gemoedstoestand was steeds baie negatief en haar siening was dat mans net daar was om te gebruik. Volgens haar was mans “honde”; hoe meer jy hom skop, hoe meer kom hy terug. Sy het min vriende gehad en was meestal op haar eie. Sy het ook niemand vertrou met haar geheime nie.



**Figuur 5-13 J se skets in pen ink op karton, “Dead Bones Talking”**

Figuur 5.13 het J in 1991 gemaak met pen en ink op karton. Die skets is ’n portret en sy het dit *“Dead Bones Talking”* genoem. Die skets bestaan uit ’n menslike kopbeen op die agtergrond met ’n Egiptiese hoofbedekking op. Op die voorgrond is twee onderstebo mossie kopbene.

Vir J was die kopbene steeds simbolies gewees van die beskerming van die innerlike. Sy het ook meer genot geput uit dit wat dood was, as dit wat lewend was. Die pen en ink skets kom weereens leweloos en dood voor. Dit het ook ’n algehele morbiede gevoel; dit was hoe sy oor haarself gevoel het. Nogtans is die skets met baie

fyn detail gedoen en het sy baie tyd en moeite aan die skets gespandeer. Sy het haarself in haar kuns ingeleef en het haar kuns beskou as die enigste kommunikasieband wat sy gehad het met die wêreld daar buite. Sy kon met niemand praat oor haar gevoellens of wat sy dink nie en gevolglik het sy dit in haar kuns uitgebeeld.

Nadat J gestudeer het, het sy begin werk as ’n grafiese kunstenaar. In die tydperk het sy ook modelwerk gedoen en was daar ook sprake van ’n buitelandse modelkontrak. Gedurende 1993 het sy en ’n vriend een aand uitgegaan na ’n nagklub toe. ’n Bakleiery het ontstaan tussen haar vriend en een van die nagklub se uitsmyters omrede J nie met die uitsmyter wou dans nie. Toe sy haar vriend probeer help het, het die uitsmyter haar met die vuis in die gesig geslaan; in die proses is haar kakebeen gebreek en van haar tande uitgeslaan. Dit het die einde van J se modelloopbaan beteken en dit het haar selfbeeld baie nadelig aangetas. Sy het toe begin om baie haatdraend te wees teenoor mense, veral mans. Sy het mans in die stadium net gesien as instrumente om gebruik te word en dan oor hom te loop as jy klaar is met hom.

Die uitsmyter wat J aangerand het, was later tydens juridiese verrigtinge skuldig bevind aan aanranding, aangesê om aan J restitusie te betaal vir haar mediese onkostes, asook vir pyn en lyding. Die man was egter nie daartoe instaat om enige iets te betaal nie en die uiteinde van die saak was dat hy uit die hof stap het met net ’n opgeskorte vonnis. Dit het J baie ontstel en verbitterd gemaak dat die man so lig van die saak afgekom het. Sy het ook by haarself gesweer dat sy die man met haar kar sou doodry indien sy hom op straat sou kry.

In 1994 het sy getrou en kort daarna het sy ook haar eie grafiese besigheid begin. In haar huwelik en in haar besigheid was sy baie agterdogtig met geen vertroue in mense nie. Sy was ook baie humeurig en het baie woede uitbarstings gehad. In die stadium het sy en haar man ook baie alkohol misbruik en dit het gelei tot probleme in haar huwelik. In haar huwelik het sy en haar man baie finansiële probleme gehad; daar was nie geld vir enige luukshede nie en dit het haar baie gefrusteer. In 1997 het J en haar man hulle eerste huis gekoop. Dit het vir haar vir die eerste keer gevoel asof sou nou haar eie plek het waar sy kon maak soos sy wou. Sy was meer gelukkig, maar steeds depresief, wantrouig en agterdogtig. Dit het bygedra tot verdere konflik in haar huwelik.

Verder het sy ook probleme ondervind met haar skoonfamilie en sy het ook glad nie met haar skoonma oor die weg gekom nie. J het verder ook episodes gehad waar sy die een oomblik gelukkig en vrolik was, dan die volgende oomblik neerslagtig en aggresief. Sy het ook meer

begin eksperimenteer met okkultiese bedrywighede deur magiese rituele te hou, Tarrotkaarte te lees, ensovoorts.

Sy het egter 'n meer positiewe lewensuitkyk ontwikkel omrede sy nou uit haar ouerhuis uit was. Sy het haar egter steeds in haar kuns uitgelewe. Haar kunswerke was meer lewensgetrou en kleurvol. Haar gedagtes was minder gefokus op die hartseer van haar verlede en sy het meer begin fokus op haar toekoms. Figuur 5.14 kom dan ook uit hierdie era van haar lewe. Die skildery handel oor die Egiptiese Faraos se sarkofae waarin die Egiptiese konings begrawe was. Die skildery is 'n adaptasie van 'n prent uit die boek "Barbarian Tides 1987:50" (van Time Life Books).

Wat veral ook opmerklik was, was die verskillende maskers wat op die kiste was. Die een masker, of "kis", was oor die ander geplaas, en so het die Farao dan verskillende maskers gedra op sy reis van die lewe na die dood. Vir J was dit ook simbolies van die verskillende maskers wat mense dra met die gevolg dat niemand werklik is wat hulle voorgee om te wees nie. Volgens haar het mense net voorgegee om goed te wees maar agter af het die mense net teen jou gekonkel. Vir haar was mense net bedrieërs en was hulle net daarop uit om ander seer te maak en te misbruik.



**Figuur 5-14 J se skildery van die Egiptiese Farao's**

In die stadium was haar huwelik amper op die rotse. Nadat sy en haar man een aand baie gedrink het, het hulle twee weer in 'n argument betrokke geraak. Haar man het haar gestamp met die gevolg dat sy geval het en haar stuitjie gekraak het; dit het haar haat en bitterheid net verder aangevuur. Op die stadium was haar man ook baie depressief en het hy ook nie gepraat oor dit wat hom pla nie. Uiteindelike het hulle albei in ongeveer 2001 gegaan vir sielkundige behandeling maar vir J was dit nie die oplossing van haar probleme nie. Sy het die sielkundige daarvan beskuldig dat die sielkundige haar man se part vat en dit het gelei tot argumente

tussen haar en die sielkundige. Verder het die sielkundige volgens J net goed oopgekrap en niks daaraan gedoen nie. Uiteindelik het sy die sielkundige sessies gestaak en op haar eie trant aangegaan.

In 2003 het J se persoonlike en huweliksprobleme vir haar te veel geraak en het sy weer selfmoord oorweeg. Sy het haar man se pistool geneem en op die bed gaan sit om haarself te skiet. Een van haar hondjies het egter in die kamer ingekom, op die bed gespring en die pistool uit haar hande getrap. Sy het toe een van haar vriendinne geskakel en die het by haar gebly totdat haar man by die huis gekom het van sy werk af. Kort daarna het J en haar man ’n Christelike berader gaan sien ten einde ’n oplossing te vind vir hulle huweliksprobleme. Alhoewel hulle Christene was, het hulle op daardie stadium nie veel aandag aan godsdienstige dinge gegee nie. In die beradingssessie het sy en haar man tot bekering gekom en besluit om hulle lewens aan Christus toe te wy. Dit was ’n groot keerpunt in J en haar man se lewens gewees.

J moes eerstens ontslae raak van al haar okkultiese boeke en ander toebehore. Verder moes sy ook die mense wat haar seergemaak het vrygespreek en vergewe het. Waar sy voorheen geglo het dat sy in beheer moes gewees het oor alles, insluitende haar huwelik en besigheid, moes sy nou alle beheer oorgegee het aan Jesus. Sy het ook geleer dat mense oor die algemeen onbetroubaar is en dat die Here die enigste persoon is op wie sy ten volle kan vertrou. Sy en haar man het ook besluit om op te hou drink en hulle het ’n daadwerklike poging aangewend om hulle huwelik te red. Vir die eerste keer het J begin om kalmte, rus en vrede te ervaar. Sy kon laat gaan van dit wat haar seergemaak het. In die tydperk het sy die skildery in figuur 5.15 gemaak.



**Figuur 5-15 J se skildery “Othello”**

Figuur 5.15 is getitteld “Othello” en is nie een van J se gunsteling skilderye nie. Die skildery is ’n landskap en toon ’n kat wat rustig in ’n veld met pienk blomme lê, die hemel is blou, met wolke en die plantegroei is welig. Die skildery skep ’n gevoel van rustigheid en vrede. Die skildery is vol lewe en sy gebruik herlder kleure. Volgens J weet sy nie hoekom sy die skildery geskilder het nie.

Die skildery verskil drasties van haar ander



Figuur 5-16 J se tier

skilderye wat sy vroër geskilder het en dit bevestig haar beskouing dat daar ’n groot keerpunt in haar lewe plaasgevind het. Waar haar skilderye voorheen surrealisties en abstrak was, is die skildery nou realisties en lewensgetrou. Psigologies kan die skildery gesien word as ’n refleksie van haar emosies wat nou vol lewe en opgewek is. Dit is in skerp kontras van haar vroeër skilderye wat haar psige as somber en dood uitgebeeld het.

Figuur 5.16 is ’n skildery wat J gemaak het van ’n tier nadat sy tot bekering gekom het. Die skilderye wat J gemaak het nadat sy tot bekering gekom het en berading ontvang het is minder simbolies abstrak soos in haar vroë skilderye. Wat opmerklik is van Figure 5.14 tot 5.16 is dat die sketse meer lewensgetrou is en meer natuurlik voorkom.

’n Verdere uitstaande kenmerk van die skilderye in figure 5.14 tot 5.16 is dat die oë in die skilderye terug kyk na die waarnemer; dit skep die gevoel dat die skildery die waarnemer dophou. Hieruit kan moontlik afgelei word dat J steeds op ’n onbewuste vlak wantrouig is teen oor ander en dat sy ander steeds dophou. Gevolglik kan die psigo-analitiese beskouing van die onbewuste wat ontbloot word deur die persoon se kuns ook van toepassing wees op die skilderye.

Die oë wat dophou kan die gevolg wees van vrye assosiasie wat J met die oog simbool en haar wantroue in ander gemaak het. Die oë kan ook beskou word as archetipe simbole wat steeds in haar skilderye teenwoordig is omrede die oë steeds prominent voorkom en gevolglik simbolies kan wees van haar traumatiese ervarings. Die oë kan vanuit ’n simboliese-interaksionele benaderings ook beskou word as J se nie-verbale simboliese kommunikasie van haar wantroue in ander.

Vanuit ’n fenomenologiese perspektief kan J se skilderye ook gesien word as ’n refleksie van haar subjektiewe ervarings. Waar J in die verlede haar lewe subjektief as dood en leweloos ervaar het, weerspieël die laaste twee skilderye weer subjektief haar lewe as meer lewenslustig

en wil dit voorkom asof sy meer in voeling is met die wêreld om haar. Daar word steeds egter ’n mate van wantroue subjektief deur die oë in die skilderye gereflekteer.

Nadat J tot bekering gekom het, het sy en haar man ’n Christelike terapeutiese berading en bevryding kursus gedoen ten einde ander te kan help. Sy het verder gegaan en ook ’n kursus gedoen vir die berading van okkultiese slagoffers. J het ’n passie ontwikkel om mense te help wat uit soortgelyke omstandighede as sy uitkom.

Vandag doen sy self Christelike berading en strewe sy daarna om ander te help. Sy het nie vergeet wat in die verlede gebeur het nie, maar wel geleer om daarmee saam te leef en om te aanvaar dat mense nie altyd is wat hulle voorgee om te wees nie. Sy voel egter dat sy wel ’n doel in haar lewe gekry het deur eerstens vir God te leef en om ander te help om God te vind. Sy voel asof sy ’n gawe ontvang het om vir ander te kan bid. Sy beskou haar verlede as ’n leerproses en gebruik dit wat sy uit haar ervarings geleer het om ander te help tydens berading.

Huidiglik gaan dit goed met J. Haar huwelik is meer standvastig en sy kom beter oor die weg met haar ouers. Sy het geleer om mense te aanvaar soos wat hulle is en dat elke mens ’n geskiedenis het wat hulle vorm. Een van die moeilikste dinge vir haar was om te aanvaar dat sy mishandel was maar sy het geleer dat daar wel hoop is na alles wat sy deurgegaan het.

Tans beskou J haar verlede as ’n leerproses waardeur sy ander kan help. Volgens J het sy alles deurgegaan omrede God in haar ’n karakter nodig gehad het om ander te kan help wat uit soortgelyke omstandigehede as sy uitkom. Sy is tans besig met ’n meestersgraad in die natuurlike geneeskunde (homeopatie) ten einde te kan registreer as ’n natuurlike geneesheer.

Figuur 5.17 is ’n visiebord wat J op versoek van die navorser gemaak het. Die navorser het haar versoek om op die visiebord alles simbolies uit te beeld wat sy graag in haar lewe wil hê asook wat sy graag in haar lewe wil bereik. Sy moes die visiebord saamstel deur gebruik te maak van koerant en tydskrif uitknipsels. In die visiebord het sy materiële en emosionele behoeftes soos ’n vaste werk, karre, geld en liefde uitgebeeld wat sy graag wil hê. Haar geloof kom ook duidelik na vore in die visiebord en volgens haar wil sy graag ’n streker verhouding met God hê. Volgens haar simboliseer die kristalbal in die middel bo genesing en wil sy graag genesing aan ander verskaf.




**Figuur 5-17 J se visiebord**

Die visiebord het J ook gehelp om sekere doelstellings in haar lewe te stel waarvoor sy kan werk en waarop sy kan fokus. Volgens haar het die visiebord haar gehelp om 'n meer doelgerigte lewe

te lei en voel sy meer positeif oor die lewe. Die visiebord is positief van aard en J het tans 'n positiewe vooruitsig en beskouing van haar lewe. Die visiebord is meer in voeling met die werklikheid en gevolglik kan die afleiding gemaak word dat J psigologies gegroei het deur die ervarings wat sy gehad het. Die pyn van haar verlede is verby en sy kan nou bou op dit wat sy geleer het uit haar hartseer.

Dit is egter opmerklik dat die oog simbool weereens na vore kom in die visiebord deur die oog wat sy links bo in die visiebord aangebring het. Die oog kan dus aanduidend wees dat J steeds wantrouig is teenoor ander, alhoewel sy geleer het om haar wantroue in haar medemens beter te hanteer. Dit is verder opmerklik dat sy die woord "choose to live" op die bord aangebring en dit kan aanduidend wees van 'n spesifieke keuse wat sy gemaak het in haar lewe, om te lewe.

Die gevallestudie het getoon hoe 'n misdaadslagoffer se subjektiewe psigologiese ervaring spontaan tot uiting kan kom in hulle kunswerke. Verder wys die gevallestudie ook hoe kuns terapeuties 'n persoon kan help om deur die persoon se traumatiese ervarings te werk. Gevolglik sluit die afdeling dus ook aan by die vorige afdeling waar die terapeutiese waarde van kuns bespreek was. Die gevallestudie sluit ook aan by die navorsingdoelwitte deurdat die gevallestudie toon dat kuns effektief aangewend kan word traumatiese ervarings psigologies te verwerk. In die gevallestudie was daar ook getoon hoe verskeie geesteswetenskaplike benaderings aangewend kan word om die slagoffer se verwerking van trauma, deur middel van kuns, te verwerk. Daar was ook getoon hoe kuns kan dien as 'n nie-verbale kommunikasiemedium vir getraumatiseerde misdaadslagoffers. Vervolgens gaan daar gelet word op hoe kuns aangewend kan word tydenskrisisingryping en trauma berading.

### *5.4.3 Kuns tydens trauma-berading*

Die gevallestudie handel oor 'n negentienjarige vrou wat die navorser genader het vir berading omrede sy baie vreesagtig begin word het nadat sy en haar vriend in 'n ligte motorvoertuigbotsing betrokke was (soos gedeeltelik in hoofstuk 4 bespreek). In die gevallestudie het die navorser van kuns as 'n terapeutiese tegniek gebruik gemaak tydens traumaberading. Die gevallestudie sluit gevolglik verder aan by die navorsingsdoelwit deur te fokus op hoe kuns aangewend kan word om getraumatiseerde misdaadslagoffers te bemagtig. Daar sal verder in die gevallestudie aangesluit word by die navorsings doelwitte deur te fokus op hoe misdaadslagoffers nie-verbaal kan kommunikeer.

Verder sal daar met die gevallestudie ondersoek ingestel word na hoe die teortiese perspektiewe (wat in hoofstuk twee bespreek was) aangewend kan word in die interpretering

en verklaring van die misdaadslagoffer se kuns. Die gevallestudie sal verder aansluit by hoofstuk drie en vier deur te let op die forensiese en terapeutiese waarde wat die slagoffer se kuns inhou.

Vir die doeleindes van die navorsing sal die navorser na haar as "C" verwys in die gevallestudie. C en haar vriend het, op die aand van 19 Maart 2009, op die Hornsnek/Britspad buite Pretoria, gery. 'n Groot hond staan toe voor hulle in die pad, waarna hulle die hond teen 120km/p/h getref het. Die hond het die kar se voorruit getref en toe bo-oor die kar gegaan. C was tydens die ongeluk bang gewees dat die hond deur die windskerm sou gaan en hulle tref. Sy het direk na die ongeluk daaraan gedink dat hulle dood kon gegaan het as die hond deur die windskerm sou gegaan het en hulle direk getref het.

Die volgende dag na die ongeluk kon C nie eet nie en het sy bang en paniekerig gevoel. Sy het baie skuldig gevoel omrede hulle die hond dood gery het. Sy het toe besluit om die navorser te nader om haar te help ten einde te verstaan hoekom sy so gevoel het. Sy het baie angstig en senuweeagtig voorgekom toe die navorser haar na die ongeluk gesien het. Sy was ook baie emosioneel en het maklik begin huil as sy aan die insident dink.

Tydens eerste sessie het die navorser eerstens krisis-ingryping op haar toegepas en dit het haar gekalmeer. Daarna het die navorser daarop gefokus om C deur die trauma te help deur te fokus op die simboliese vertelling van die trauma narratief, herblootstelling aan die trauma gebeure, en die kognitiewe herstrukturering. Soos reeds in hoofstuk drie vermeld, is die hoof doelstellings van traumaberading die vertelling van die trauma narratief, herblootstelling en kognitiewe herstrukturering, ten einde die misdaadslagoffer te help om die misdaadgebeure te verwerk.

Dit was tydens die eerste beradingssessie wat die navorser krisis-ingryping met C gedoen het. Die krisis-ingryping het haar gehelp om te kalmeer en om die gebeure in perspektief te kan plaas. Die navorser het haar toe uitgenooi om deel te neem aan die navorsing waarop sy toe ingestem het. Die navorser het toe aan haar die kunsopdragte gegee wat sy op haar eie tyd na die beradingssessie by haar huis kon doen. Die navorser het vir C versoek om die gebeure toe sy en haar vriend die hond raak gery het visueel uit te beeld deur 'n skets te teken van die gebeure. Die navorser het C ook versoek om haar emosies aangaande die insident visueel uit te beeld. Verder het die navorser vir C versoek om twee lewenskaarte te teken. In die eerste lewenskaart moes C al die belangrikste gebeurtenisse van haar verlede visueel uitbeeld en in die tweede lewenskaart moes sy haar toekoms visueel uitbeeld soos sy dit graag sou wou hê.

Die navorser se doel met die kunsopdragte was om C te help met die nie-verbale vertelling van die trauma narratief omrede dit vir haar moeilik was om alles verbaal te vertel. Tweedens het die navorser die skets aangewend as ŉ metode vir sensoriese herblootstelling aan die trauma, deurdat C alles moes teken wat sy gesien en ervaar het tydens die insident. Soos reeds vermeld in hoofstuk drie, vind trauma op ŉ sensoriese vlak plaas en deur C te laat teken wat ŉ sensoriese aktiwiteit is, het die navorser op ŉ sensoriese vlak ingryping toegepas.

Vervolgens het die navorser C se tekeninge gebruik tydens kognitiewe herstrukturering as ŉ nie-verbale kommunikasiemedium ten einde haar asook die navorser te help om beter insig te verkry in haar ervarings en emosies. Die sketse het ook daartoe bygedra dat die kommunikasieproses tussen die navorser en C baie vergemaklik was en misverstande kon maklik uit die weg geruim word.


Vanuit ŉ fenomenologiese perspektief, het die navorser die simboliese interaksie van C se kuns gebruik om haar te help om beter insig te verkry in die fenomene wat simbolies in haar kuns voorkom. Sy moes tydens die beradingsessies die fenomene wat in haar kuns voorkom se subjektiewe betekenis aan die navorser verduidelik, omrede sekere van die fenomene moontlik ander betekenis vir die navorser kon gehad het as wat C se betekenis was. Dit het haar ook gehelp om nie net meer sin van haar kuns te maak nie maar ook om meer sin van haar eie lewe te maak. Dit het ook die navorser gehelp om meer sin van haar kuns te maak en beter insig en begrip vir haar ervarings te ontwikkel.

Met die opdrag waar C ŉ lewenskaart van haar verlede simbolies moes uitbeeld deur haar verlede te teken, kon die navorser beter insig verkry in haar verlede en ondersoek instel na ander gebeure wat sy as traumaties ervaar het wat moontlik bydraend was tot haar emosionele toestand. Sy moes ook haar emosies simbolies uitbeeld en dit het gedien as ŉ vorm van nie-verbale kommunikasie. Deur dit te doen kon die navorser sekere onopgeloste onbewuste psigologiese probleme wat sy ervaar het as gevolg van die ongeluk, geïdentifiseer en aanspreek. Gevolglik het die navorser ook aangesluit by die psigo-analitiese benadering wat gedrag toegeskryf het aan onbewuste psigologiese prosesse.

Ten opsigte van kognitiewe herstrukturering het die navorser ook vir C versoek om ŉ lewenskaart van haar toekoms te teken. In die lewenskaart moes sy alles simbolies uitbeeld wat sy graag in haar lewe wil bereik en doen. Die navorser het haar die opdrag gegee ten einde haar aandag te laat fokus op haar toekoms met die gevolg dat haar aandag moontlik van die

traumatiese gebeure afgelei sou word. Dit het C gehelp om doelstellings vir haar lewe te identifiseer en deur dit met die navorser te bespreek, kon sy identifiseer watter lewensdoelstellings realisties en gesond is, asook watter doelstellings moontlik problematies mag wees.

Alhoewel die insidente van om 'n hond dood te ry nie ernstig klink nie, moet dit ingedagte gehou word dat die ongeluk op 'n hoë spoed, op 'n donker pad, in die nag, plaasgevind het. Verder was die hond ook groot gewees met die gevolg dat die ongeluk baie ernstiger kon gewees het as die hond byvoorbeeld deur die kar se windskerm sou gegaan het.




**Figuur 5-18 C se skets in die motor, met die hond in die pad**

In figuur 5.18 is C en haar vriend besig om te ry en vermoed hulle niks. Skielik staan 'n hond in die pad en kyk die hond terug na hulle wat besig is om aantekom. Wat C ontstel het was dat die hond in die rigting van die voertuig gestaan en kyk, terwyl hulle aangekom het, maar die hond het geen poging aangewend om uit die pad te kom nie. Haar vriend het op hierdie stadium rem getrap maar dit was reeds te laat.




**Figuur 5-19 C se skets toon hoe die motor die hond tref en emosie**

In figuur 5.19ots die voertuig met die hond en tref die hond die voertuig se venster. Die slagoffer en haar vriend kan in die motorvoertuig gesien word waar hulle op daardie stadium hulle gesigte toegehou het in 'n poging om hulle gesigte te beskerm indien die hond deur die windskerm sou gaan. Voor en tydens die impak stadium, waar die hond die kar getref het, het C gevrees dat sy en haar vriend moontlik kon sterf as die motorvoertuig buite beheer sou raak, of as die hond deur die venster sou gaan.

In figuur 5.20 het die motorvoertuig tot stilstand gekom langs 'n padstalletjie. C en haar vriend het ongedeerd uit die motorvoertuig geklim en die skade aan die motorvoertuig geïnspekteer. In skets 5.20 het C die skade wat die hond aan die voertuig veroorsaak het uitgebeeld. Op die voorgrond regs, onder, lê die hond dood langs die pad. Op die agtergrond is die padstalletjie.

Na die insident het C se vriend se pa hulle kom haal. Toe hulle weg gery het, het C daaraan gedink dat, indien die motorvoertuig waarin hulle gery het sou ontplof en hulle almal dood sou gaan, dan sou net haar vriend se pa hemel toe gaan. Dit het haar baie bekommerd gemaak en sy was baie ontsteld oor die gebeure.



**Figuur 5-20 C se skets toon die beskadigde motor en die dooie hond**

Die volgende dag na die insident, kon sy nie eet nie. Vir ongeveer twee weke na die insident kon sy nie slaap in die aande nie en was sy bang dat sy gaan droom oor die insident. Sy het ook intens bang en angstig geraak as sy aan die insident gedink het. Sy het ook telkens hoendervleis gekry as sy aan die insident gedink het. Sy het toe obsessief begin raak om orals saam met haar familie te gaan as hulle gaan ry, omrede sy gevrees het dat hulle sal doodgaan en dat sy hulle nie weer sal sien nie.




**Figuur 5-21 C se emosies uitgebeeld**

In figuur 5.21 moes C haar emosies en gevoellens visueel uitbeeld wat sy as gevolg van die ongeluk ervaar het en wat sy ook oor die algemeen mee gestruwel het. Die gevoelens het hoofsaaklik woede, vrees en hartseer behels.

Volgens C het sy kwaad gevoel oor die ongeluk en dit gesimboliseer met 'n weerligstraal in die kleure, rooi en swart. Sy het woede beskryf as iets wat skerp is, haar emsioneel tref en haar dan fisies laat huil het. Verder het sy gesê haar woede word ook aangehits deur haar pa se alkohol misbruik en haar ma se onbeheersde woedebuie. Sy was ook kwaad as haar suster haar verbaal seermaak deur haar name te noem en as haar suster haar spot. Sy word ook vir haarself kwaad omrede sy nie vir haarself opstaan nie.

Sy het hartseer gevoel oor die hond wat dood is en dit het sy gesimboliseer met 'n traandruppel. Sy sien hartseer as 'n blou kleur met 'n stukkie swart in. Haar familie se interne verhoudings maak haar ook hartseer en sy ook graag eerder ander se hartseer wou wegneem as om ander hartseer te maak.


Sy het ook vrees vir die dood ervaar na die ongeluk; dit het sy gesimboliseer deur die engel van die dood in swart te teken. "Dood" is gesigloos en daar is bloed aan sy sekel. Sy was veral bang dat haar familie skielik dood sal gaan en dat sy alleen sal agter bly. Volgens haar haat sy dit om alleen te wees. As sy alleen is by die huis, dan is sy bang; sy bly op een plek totdat daar iemand by die huis aankom, so sal sy as sy op die bank sit, dan sal sy daar bly sit; as sy in die kamer is, dan sal sy in die kamer bly totdat iemand by die huis aankom.

Die navorser was van mening dat C se reaksie op die ongeluk moontlik oordrewe was omrede die ongeluk eintlik gering van aard was en dat haar reaksie moontlik die gevolg kon wees van moontlike onopgeloste trauma as gevolg van iets anders wat sy voorheen in haar lewe ervaar het. Toe die navorser C daaroor gekonfronteer het, C hom meegedeel dat sy in 2004 die slagoffer van 'n gewapende besigheidsroof was en dat dit moontlik was dat sy nog nie deur haar

emosies van die gewapende roof gewerk het nie. Sy was ook nooit vir berading na die gewapende roof gewees nie en sy vermy die onderwerp.

Volgens C het sy en ʼn vriendin inkopies gedoen by ʼn kettingwinkel toe vyf swart mans die winkel beroof het met vuurwapens. Sy kon onthou dat sy vreesbevange was tydens die insident omrede sy geen beheer gehad het oor die situasie nie. Sy was ook bang dat hulle haar sou dood maak. Die rowers het op hulle geskree en hulle moes op die grond gelê het.

Die navorser het C toe versoek om ʼn skets van wat sy gehoor en gesien het tydens die roof te teken. Die navorser het haar ook versoek om ʼn uitleg van die winkel te teken soos sy dit kon onthou het. Die navorser het dit gedoen ten einde beter te kon verstaan wat aangegaan het tydens die rooftog. Alhoewel die rooftog reeds ʼn paar jaar gelede plaasgevind het, kon C steeds in die fynste besonderhede onthou het wat alles daardie dag gebeure het. Die skets het die navorser ook gehelp om dieper insig te verkry in die misdaadervaring wat sy gehad het,




**Figuur 5-22 C se skets, met rower met geweer**

In skets 5.22 het C ʼn skets gemaak van hoe een van die rowers ʼn sekuriteitswag aangehou het. In die skets, hou die rower een van die sekuriteitswagte vas en hou hy ʼn vuurwapen omhoog terwyl hy besig is om te skree dat hulle moet plat lê. Sy kan ook onthou dat die sekuriteitswagte van “Fidelity Guards” was en dat sy bang was dat die rower die sekuriteitswag gaan dood maak. Sy was ook bang dat die rowers haar en haar vriendin sou dood maak.

In skets 5.23 het C ʼn skets van die uitleg van die winkel geteken en het sy haar en haar vriendin se posisies asook die posiese van die rowers en sekuriteitswagte tydens die insident aangedui. Sy het ook die plek waar die kluis en kasregisters gestaan het aangedui. Dit het die navorser gehelp om nie net beter insig te verkry van wat presies gebeur het tydens die gewapende roof maar dit het die kommunikasie tussen die navorser en C verbeter.

Kort na die insident het C obsessief bekommerd begin raak dat haar familie sou dood gaan as hulle iewers heen sou gaan. Haar optrede het haar familie bekommerd begin maak omrede sy nie wou gehad het dat een van hulle alleen moes uitgaan nie. As iemand wou ry, dan moes sy saam ry vir ingeval daar iets sou gebeur. Die situasie het vererger na die ongeluk met die hond. Na die voorval het C nog nie weer terug gekeer na die winkel toe nie omrede die winkel




**Figuur 5-23 C se skets van die uitleg van die winkel, met plasings van rowers en slagoffers**

herinneringe aan die insident terugbring. Huidiglik vermy sy steeds die winkel, asook winkels waar 'n sekuriteitsgeldwa staan. Sy word ook steeds bang as sy aan die insident dink.

Die navorser het hieruit afgelei dat die slagoffer nog die gebeure tydens die gewapende roof verwerk het nie en dat dit aanleiding daartoe gegee het dat die slagoffer steeds obsessiewe en vermydingsgedrag openbaar.

In 2005 het sy 'n operasie ontvang waartydens een van haar longe afgeblaas moes word ten einde 'n vergroeisel te verwyder. Sy onthou dat sy baie bang was voor die operasie en dat sy na die operasie vir twee dae in die intensiewe eenheid was. Dit het haar obsessie met die dood verder versterk.

Huidiglik was sy steeds selfbewus oor 'n letsel op haar rug wat versoorsaak was deur een van die dreineringspype wat na die operasie verwyder was. Die dreineringspyp het 'n knop op haar rug veroorsaak. Sy is verder ook van plan om die letsel te laat verwyder omrede dit haar steeds herinner aan die operasie. Sy voel sy het letsels; die letsels herinner haar ook aan die magtelose gevoel wat sy gehad het omrede sy niks kon gedoen het toe sy die pype ingehad het nie. Dit het ook vir haar bevestig dat die lewe kort is en dat sy alles moes doen wat sy graag wil doen voordat sy doodgaan. Toe die navorser haar gevra het of sy al enige van die dinge gedoen het, het sy geantwoord "Nee, sy het nog nie een van die dinge gedoen nie."

Die navorser het toe vir C daarop gewys dat sy moontlik aan Post-Traumatiese stres gely het as gevolg van die gewapende roof en die operasie. Die navorser het C verder daarop gewys dat sy Post-Traumatiese stressimptome openbaar wat vemydingsgedrag, obsessiewe en harhalende gedrag en denke, asook slaap en eetversteurings insluit. Verder ervaar sy ook vrees aangaande die dood en dreigende gevaar. Die navorser het haar toe daarop gewys dat sy gevolglik nog nie die psigologiese impak van die gewapende roof en die operasie verwerk het nie en dat die ongeluk met die hond net haar emosionele toestand vererger het.

Die moontlike gevolg was dat toe sy in die ongeluk met die hond betrokke was, het sy die volle impak van die skok en trauma van die gewapende roof, die operasie en die ongeluk op een slag ervaar. Dit 'n oordrewe skokreaksie tot gevolg gehad wat haar in 'n krisistoestand laat verval het waar alles vir haar buite beheer begin raak het.


Ten einde dieper insig te verkry aangaande C se lewensbeskouing en agtergrond, het die navorser haar toe versoek om 'n skets te maak van haar verlede van haar geboorte af tot en met die hede. Op die skets moes sy al die belangrikste gebeurtenisse in haar lewe aangedui het wat 'n impak op haar lewe gemaak het.

Skets 5.24 toon C se lewensverhaal van haar geboorte af. Die prent loop in 'n "S"-vorm van links bo na onder. Dit begin waar sy in 1990 gebore was en waar sy haarself uitgebeeld het as 'n babatjie wat soos 'n koekon toegedraai was in doeke. Die doeke is vasgespeld met 'n haakspeld en die baba het 'n suigding in die mond. Die baba is in grys geteken met oë wat toe is. Dit skep 'n gevoel van doodsheid by die prentjie en gevolglik kan dit 'n refleksie wees oor haar eie obsessie met die dood.

Die volgende prentjie toon die kleuterskool waar sy haar eerste beste vriendin Lorinda ontmoet het. Sy het die kleuterskool se naambord in helder kleure geteken wat aanduidend is van gelukkige tye wat sy ervaar het by die kleuterskool.

In die opvolgende prentjie het C haar kleuterskoolonderwyseres geteken wat op haar skreeu omrede sy 'n slegte liedjie gesing het. C het toe in 'n tonnel op die speelgrond weggekruip omrede sy bang was. Volgens C was die onderwyseres ekstra streng met C gewees omrede die onderwyseres C se pa as aantreklik gesien het. Sy het dan ook die onderwyseres in grys geteken terwyl sy besig is om op C te skree.

Die opvolgende prentjie is 'n uitbeelding van haar vriendin wat verhuis. Die vriendskap tussen C en Lorinda was beëindig toe haar vriendin verhuis het. Vir C het dit gevoel of sy 'n deel van haar self verloor het toe haar vriendin weg is. Sy mis ook steeds haar vriendin en voel dit is haar eie skuld die vriendskap het doodgeloop.




**Figuur 5-24 C se skets oor haar lewe**

Die volgende prent toon waar sy hospitaal toe moes gaan om gewasse op haar hande, voete, bene en keel moes verwyder. Dit is opgevolg met 'n prentjie van 'n keer waar sy in die gesig

geslaan was met ŉ tennisraket toe sy en ŉ vriendin in die tuin gespeel het. Haar gesig was blou gewees as gevolg van die hou met die gevolg dat die kinders op skool en by die kerk met haar gespot het. Volgens C het sy gevoel sy is lelik en die gespottery het haar gevoel bevestig. Sy was vet gewees op skool en die kinders het haar daaroor ook gespot. Sy voel dat sy egter oor die spottery gekom het, maar sy voel soms steeds lelik as sy haar met ander vergelyk. Sy eet ook baie as sy emosioneel voel en beskou haarself as ŉ emosionele eter.

Een van die hoogte punte in haar lewe het sy volgende uitgebeeld toe sy prefek en spanleier geword het en dit het haar baie goed laat voel. Sy was egter een keer verneder omrede een van die onderwyseresse op haar geskreeu het op die skool se verhoog in die saal voor die hele skool omrede haar rok effens te kort was. Volgens haar het een van die onderwyseresse by haar huis aangekom en haar meegedeel dat een van die ander onderwyseresse gesê het dat sy nie kon glo dat C spanleier geword het nie; dit het vir C laat voel dat sy nie goed genoeg was nie. Huidiglik voel sy steeds onseker oor haarself en is sy bang om iets te doen omrede dalk nie suksesvol daarmee mag wees nie. Sy is ook baie bekommerd oor wat ander mense van haar dink en internaliseer verwerping deur ander.

In 2002 is haar oom, vir wie sy baie lief was, oorlede. Sy het dit uitgebeeld deur die grafsteen en die kis in die volgende prentjie. Sy het baie hartseer gevoel oor haar oom se dood en dit was die eerste keer wat sy met die werklikheid van die dood in aanraking gekom het. Dit het vir C laat besef hoe kort die lewe is en hoe maklik dit weggeneem kan word.

Die volgende prentjie toon waar C in die gewapende roof betrokke was en toon waar sy op die grond moes kniel in die winkel. (Die geval was by skets 5.22 en skets 5.23 in die afdeling bespreek.) Dit was tydens die insident waar sy ŉ vrees ontwikkel het dat iets met haar familie gaan gebeur.

Die prent wat volg toon toe C in September 2005 vir ŉ operasie moes gaan om ŉ gewas op haar rug te verwyder, waartydens haar een long afgeblaas moes word, en sy in die intensiewe sorg was met die dreineringspype. (Die geval was ook reeds vooraf in die afdeling bespreek.) Die insident het haar siening van hoe kort die lewe is, bevestig.

Na die operasie het C simbolies die tydperk uitgebeeld toe sy na die operasie aan die begin van 2006 tot einde 2007 aan bulimia gely het. Volgens haar was sy moeg gewees om vet te wees en het sy gevoel haar vriende vat haar net uit omrede hulle vir haar jammer gevoel het. Sy het beter gevoel as die kos uit haar uit was as wanneer die kos in haar was. Deur te vomeer kon sy beheer

toepas oor haar gewig. Gedurende die daaropvolgende Desember vakansie kon sy haarself nie forseer om te vomeer nie, omrede daar altyd iemand teenwoordig was. Sy het toe begin om minder te eet en sy het toe een keer ’n week gevomeer, wanneer sy skuldig gevoel het. Sy het uiteindelik opgehou om haarself te laat vomeer omrede dit te veel moeite geword het en omrede sy moeg was om vir almal weg te kruip. Sy het toe begin om ernstig te oefen, maar dit het teen die begin van 2008 dit ook gestaak. Sy kry nog met tye ’n hunkering daarna om haarself te laat vomeer, wanneer sy aan haar gewig dink. Wanneer sy daaraan dink, dan dink sy weer daaraan dat dit te veel moeite is en dat dit haar sooibrand gee. Wanneer sy dit doen, dan gaan haar hunkering om te vomeer weer weg.

Die volgende prent toon waar sy in die motorvoertuigbotsing met die hond betrokke was, op die 19de Maart 2009, en waarvoor sy die navorser kom sien het. Die prentjie toon simbolies hoe die hond bo-oor die motorvoertuig getrek het toe hulle die hond doodgery het. (Die insident was vroeër in die afdeling volledig bespreek.)

Die laaste prentjie handel oor die beradingsessie toe sy die navorser gaan sien vir trauma berading, op 20 Maart 2009, omrede sy nie oor die skok van die motorvoertuigbotsing met die hond kon kom nie. Sy was op daardie stadium baie hartseer, angstig en senuweeagtig. Die navorser se vrou het toe vir haar tydens die berading gebid; dit het ’n groot indruk op haar gelaat en haar gemaklik laat voel. In die prentjie het sy haarself geteken terwyl die navorser se vrou vir haar bid.

As deel van die navorsing, het die navorser vir C versoek om lewenskaart te teken van hoe sy haar lewe in die toekoms sien. Skets 5.25 is ’n lewenskaart waar C haar toekoms simbolies uitgebeeld het soos wat sy dit graag sou wou hê. Die lewenskaart is hoofsaaklik gesentreerd om haar eie toekomstige loopbaan, huwelik en gesin. Die lewenskaart begin links bo waar sy haar self uitgebeeld het, besig om te studeer om te kan kwalifiseer as ’n kindersielkundige. Daarna sal sy graag verloof wil raak en verhuis na die see. Sy sal graag by die see in die huwelik wil tree en huis opsit. Vervolgens wil sy dan werk as ’n kindersielkundige. Sodra sy gevestig is in haar beroep wil sy begin met ’n familie. Volgens C wil sy graag vier kinders en ’n gelukkige huwelik hê.

Oor die algemeen is die lewenskaart wat C se toekoms uitbeeld meer kleurvol en kan haar kleurgebruik beskou word as simbolies daarvan dat sy meer positief is oor haar toekoms as oor haar verlede. Die lewenskaart wat sy oor haar verlede geteken het, se kleurgebruik was meestal grys; dit kan aanduidend wees dat sy ’n negatiewe beskouing van haar verlede het. Die

gesigsuitdrukkings van die figure in die toekoms-lewenskaart is ook vrolik; dit wil voorkom of sy positief is oor haar toekoms. Dit kan ook aanduidend daarvan wees dat sy nou vrede gemaak het met haar verlede.




**Figuur 5-25 C se toekoms-lewenskaart**

Die navorser is van mening die lewensverwagtinge wat sy vir haar toekoms uitgebeeld het realisties is en hy hy haar ook aangemoedig om dit na te streef. Volgens C, het die lewenskaart oor haar toekoms haar ook gehelp om meer gefokus op haar toekoms vorentoe te beweeg, verby die dinge van die verlede. Deur die stelling het C aan die navorser bevestig dat hy in sy doel met

die lewenskaart geslaag het deur die fokus van haar aandag te verskuif van die ongeluk en ander negatiewe gebeure in die verlede af na haar toekoms en meer positiewe dinge.

Op die vraag van of sy voel dat die berading vir haar gehelp het, het sy geantwoord dat die berading haar gehelp het om oor die aanvangklike skok van die ongeluk te kom. Sy het ook gevoel dat om deur die ander traumatiese gebeurtenisse in haar lewe te werk, haar gehelp het om beter te verstaan hoekom sy so vreesagtig was en hoekom sy so erg geskok was na die ongeluk met die hond.

Die berading het haar verder gehelp om oor haar vrees te kom dat iets met haar familie gaan gebeur; sy aanvaar nou dat as iets moet gebeur, dan sal dit gebeur. Sy kan niks daaraan doen om te keer dat slegte goed moet gebeur nie. Sy het ook aanvaar dat sy ook nie altyd daar kan wees om ander te help of te beskerm nie. Dit het haar ook gehelp om haar vrees te oorkom as sy alleen is in die huis. Sy beweeg nou rond as sy alleen is in die huis en vertrou op God dat God haar sal beskerm as sy alleen is. Sy voel ook dat die berading haar gehelp het om nader aan God te beweeg en om meer op God te vertrou vir haar en haar familie se beskerming.

Ten opsigte van haar huislike probleme het C gesê dat die berading haar gehelp het om haar pa se alkoholprobleem en haar ma se geïrriteerdheid beter te hanteer. Sy en haar suster kom ook nou beter oor die weg en sy neem ook nie meer haar suster se gespottery meer so ernstig op nie. Dit het daartoe gelei dat haar suster haar minder spot, met die gevolg dat hulle verhouding verbeter het.

Oor die algemeen het C gesê sy was bly dat sy gekom het vir die berading en dat sy die kunsopdragte geniet het. Sy het die kunsopdragte aanvangklik moeilik gevind omrede sy nie geweet het hoe sy die onderwerpe moes uitbeeld nie maar toe sy eers begin het, het dit makliker geword en het sy begin om dit te geniet. Sy het ook gevoel dat die kunsopdragte haar gehelp het om te fokus op probleme wat sy in haar lewe ervaar het en die kunswerke het haar ook gehelp om makliker te praat oor haar probleme. Die berading het haar ook gehelp om te besluit op ’n loopbaan as ’n kindersielkundige omrede sy graag ander wil help en met kinders werk.

Die navorser voel self dat die beradingsessies met C ’n sukses was en dat hy in sy doel geslaag het om kuns as ’n nie-verbale kommunikasiemedium aan te wend. Die navorser het ook bevind dat die gebruik van kuns tydens traumaberading en krisisintervensie die kommunikasieproses vergemaklik het en daartoe bygedra het dat misverstande en wanopvattings tot die minimum

beperk was en maklik opgelos kon word. Die misdaadslagoffer se kunswerke was ook van groot waarde vir die navorser gewees om ’n dieper insig te verkry in die slagoffer se emosionele en psigologiese toestand en ervarings en dit het ’n groot bydrae gelewer ten einde die slagoffer te emansipeer.

Vanuit ’n teoretiese perspektief het die gevallestudie getoon hoe kuns nie-verbaal aangewend kan word ten einde psigiese inhoud waarvan ’n persoon onbewus is, na die bewuste te bring wat in ooreenstemming is met die psigo-analitiese benadering. Deur die slagoffer haar lewens-geskiedenis te laat teken, het sekere onopgeloste onbewuste psigiese konflikte na vore gekom en kon die navorser die onopgeloste psigiese inhoud met die slagoffer bespreek. Dit het daartoe gelei dat die slagoffer beter begrip ontwikkel het vir haar reaksies en kon die navorser haar help om die konflikte op te los.

Simbolies gesproke, toon die gevallestudie hoe ’n persoon sy of haar fisiese en psigologiese ervarings kan simboliseer en kommunikeer deur middel van kuns. Dit sluit aan by die simboliese-interaksionistiese perspektief waardeur die mens kommunikeer deur middel van simbolisering. Deur simbolisering kan ’n misdaadslagoffer die betekenis, wat hulle aan ’n objek of situasie heg, nie-verbaal kommunikeer. Die slagoffer moes ook self die betekenis van die simbole aan die navorser verduidelik. Deur simbolisasie kon die slagoffer haar subjektiewe ervarings (soos angs, woede en vrees) simbolies uitbeeld en aan die navorser verduidelik. Verder kon die slagoffer ook haar lewensgeskiedenis, trauma en misdaadervarings, asook toekomsvisie, kommunikeer. Dit het die navorser gehelp om beter insig te verkry in die ervarings van die slagoffer wat die navorser weer in ’n beter posisie geplaas het om haar te help om deur haar trauma-ervarings te werk

Vanuit ’n fenomenologiese perspektief het die kunswerke die slagoffer gehelp om beter sin te maak van haar ervarings. So het die kunsprojek wat sy geteken het van haar lewensgeskiedenis, haar gehelp om te verstaan hoekom sy so in vrees geleef het. Deur insig in haar probleem te kry, kon sy haar vrees oorwin en die lewe weer met gemoedsrus aanpak. Die kunsprojek wat sy moes teken van haar toekoms, het haar weer gehelp om betekenis in haar lewe te vind deur te fokus op dit wat sy graag eendag wil bereik.

Die gevallestudie het verder getoon dat kuns in sekere gevalle met sukses aangewend kan word tydens krisis-ingryping en trauma berading. Die gevallestudie toon ook die terapeutiese waarde van kuns en toon hoe ’n slagoffer beheer kan terug neem oor hul lewens deur die fokus van die slagoffers vanaf die traumatiese gebeure te verskuif na iets wat meer positief is. Verder het die

gevallestudie by die navorsingsdoelwit aangesluit deurdat dit toon hoe kuns aangewend kan word ten einde misdaadslagoffers te bemagtig.

Die gevallestudie sluit ook aan by van die ander navorsingdoelwitte deurdat dit ook toon hoe kuns suksesvol aangewend kan word as ’n nie-verbale kommunikasiemedium. Dit toon verder dat misdaadslagoffers se kuns ook van groot forensiese waarde mag wees.

Vervolgens gaan daar gelet word op navorsing wat deur die Universiteit van Kaapstad gedoen was waar daar gebruik gemaak was van kuns ten einde Vigs-slagoffers te bemagtig.


### *5.4.4 Liggaamskaarte vir Vigs-slagofferbemagtiging*

Tydens die navorsing het die navorser ook ondersoek ingestel na ander instansies wat kuns gebruik het vir die emansiasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Tydens die ondersoek het hy afgekom op die navorsing wat deur die Universiteit van Kaapstad se Vigs en Gemeenskapsnavorsingseenheid gedoen was, wat gehandel het oor Vigs-slagoffers wat liggaamskaarte moes teken.

Die navorsing het gehandel oor “Body Maps” (liggaamskaarte) wat in 2002 deur die “AIDS and Society Research Unit” (ASRU) van die “Centre for Social Science Research” (CSSR) vir die Universiteit van Kaapstad uitgevoer was, ten einde Vigs-slagoffers te help om hulle diagnose van VIGS te aanvaar (CSSR: 2002). Die navorsing het sterk berus op die werk van Beatrice Ware, in Uganda, toe anti-retrovirale behandeling nie beskikbaar was nie. Die skepping van liggaamskaarte was deel van ’n proses waardeur slagoffers hulle lewensverhale moes vertel (CSSR: 2002).

Die doel van die liggaamskaart was om mense te help om te sien hoe hulle liggame geaffekteer word deur hulle wêreld (CSSR: 2004: 12). Die liggaam was gesien as ’n museum wat die mens se lewensverhaal opneem deur beserings, letsels, geboortemerke, siektes ensovoorts (CSSR: 2004: 12).

Skets 5.26 is ’n voorbeeld van een van die liggaamskaarte. Die skepping van liggaamskaart het onder andere behels dat die slagoffer op ’n kartonbord moes lê en dan het ’n ander persoon die slagoffer se liggaam se buitelyn met ’n inkpen aftrek op die kartonbord (CSSR: 2004: 13). Die slagoffer het dan weer ’n ander persoon se buitelyne op die kartonbord afgetrek, bo-oor sy of haar eie buitelyne. Die ander persoon se buitelyn was dan later gebruik om ’n skaduwee te vorm vir die slagoffer se liggaamskaart (CSSR: 2004: 13).




**Figuur 5-26 Liggaamskaart van Vigs-slagoffer**

Die slagoffers moes op die liggaamskaarte belangrike aspekte van hulself teken soos hulle gesigte, organe wat deur siektes beskadig was, merke of letsels op hulle vel, simbole wat hulself simboliseer, ensovoorts (CSSR: 2004: 13-14).

Wat van belang is vir die studie is veral die feit dat die slagoffers enige letsels van wonde op hulle vel moes teken.

In skets 5.26 kan een van die slagoffer se wonde langs die linker-oog van die figuur in die skets gesien word. Volgens Bongiwe, die slagoffer wat die kunswerk geteken het (in skets 5.27), was sy op pad huis toe, nadat sy by 'n vriend se 21ste verjaardagpartytjie was (CSSR 2002). 'n Motorvoertuig met ses persone in, het haar genader en in die motorvoertuig geforseer. Hulle het haar haar na 'n verlate area geneem waar hulle haar verkrag het. Een van die persone in die voertuig het haar toe met 'n bierbottel oor die kop geslaan sodat daar bloed uit haar kop uitgekom het. Die persone het haar toe net so in die veld gelos (CSSR 2002).

Die navorser is van mening dat die navorsing ook van belang is vir die doeleindes van hierdie navorsing omrede die liggaamskaart ook moontlik aangewend kon word vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Verder is die navorser ook van menining die liggaamskaart moontlik van groot forensiese waarde mag wees omrede dit 'n nie-verbale simboliese voorstelling is wat die slagoffer gemaak het van hoe trauma of misdaad hulle fisies

en psigologies geraak het. Die navorser is van mening dat die liggaamskaarte as dokumentêre getuienis in ŉ hof voorgelê kan word ter stawing van die slagoffer se getuienis en as klagte versterkingshulpmiddel.

## 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk was daar by die navorsingsdoelwit aangesluit deur enkele gevallestudies te gebruik om te demonstreer hoe krisis-ingryping en traumaberading gebruik kan maak van forensiese kuns asook kuns wat meer terapeuties van aard is ten einde misdaaslagoffers te emanispeer. Daar was ook getoon hoe krisis-ingryping direk na ŉ traumatiese misdaadvoorval aangewend kan word ten einde die misdaadslagoffers die nodige ondersteuning te bied om aanvanklike biologiese, psigologiese en fisiologiese impak van die misdaad te verminder.

Die navorser het met die gevallestudies verder aangesluit by die navorsingsdoelwitte deur te toon hoe kuns aangewend kan word vir die emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Daar was aangetoon hoe kuns effektief aangewend kan word as ŉ nie-verbale kommunikasiemedium, tydens krisis-ingryping en traumaberading met getraumatiseerde misdaadslagoffers. Die gevallestudies het ook getoon dat kuns ook aangewend kan word as ŉ alternatiewe beradingstegniek vir getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Vervolgens was daar getoon dat die kuns van getraumatiseerde misdaadslagoffers van groot forensiese waarde mag wees, weens die simboliese en kognitiewe inhoud wat die kunswerke mag inhou. Dit wil voorkom dat die slagoffers van misdaad dikwels hulle eie, sowel as oortreders se, wonde, letsels en uitstaande kenmerke uitbeeld in hulle kuns. Die navorser is van mening dat sulke grafiese voorstelling van groot nut kan wees vir slagoffer- en oortreder-identifikasie. Verder kan sulke grafiese voorstelling ook dien as klagteversterkingshulpmiddels omrede dit die aard en erns van die misdaad uitbeeld vanuit die slagoffers se perspektief.

Die afdeling het by die teoretiese benaderings aangesluit deur te toon hoe kuns aangewend kan word as ŉ nie-verbale tegniek ten einde psigiese inhoud te ontbloot vanuit ŉ psigo-analitiese perspektief. Daar was getoon hoe kuns aangewend kan word as ŉ simboliese kommunikasie medium vanuit ŉ simboliese-interaksionistiese perspektief. Verder was daar getoon hoe slagoffers fenomenologies sin kan maak van hulle ervarings deur middel van kuns. Laastens was die terapeutiese waarde van kuns ook gedemonstreer in die gevallestudies.

In die hoofstuk wat volg gaan die navorsing fokus op sekere bevindinge wat uit die navorsing voortgespruit het. Daar sal ook sekere aanbevelings gemaak word ten opsigte van die gebruik van forensiese kuns in die bemagtigingsproses van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Laastens sal daar tot 'n konklusie gekom word aangaande die gebruik van forensiese kuns in die emansipering van getraumatiseerde misdaadslagoffers ten einde by die navorsingsdoelwit aan te sluit.

# Hoofstuk 6: BEVINDINGE, AFLEIDINGS, AANBEVELINGS EN OPSOMMINGS AANGAANDE MISDAADSLAGOFFERS SE KUNS

## 6.1 INLEIDING

Die navorsing het ontstaan uit 'n toevaliige ontdekking wat die navorser gemaak het van ' n selfmoordslagoffer wat haar lewensverhaal visueel op 'n simboliese vlak uitgebeeld het. In 'n skets van haar lewensverhaal het sy die misdaad en ander gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot haar selfmoord simbolies uitgebeeld. Die navorser het toe verder gaan ondersoek instel na hoe misdaadslagoffers hul misdaadervarings visueel uitbeeld deur middel van kuns en hoe kuns aangewend kan word om misdaadslagoffers te help om die trauma wat hulle ervaar het te verwerk.

Die navorser het toe eerstens ondersoek ingestel na die gebruik van krisis-ingryping en trauma-berading om misdaadslagoffers te help om die psigologiese gevolge van geweldsmisdaad te verwerk. Die navorser het ook die moontlikheid ondersoek dat kuns aangewend kan word tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Die navorser het veral belanggestel in hoe trauma as gevolg van misdaad in misdaadslagoffers se kuns gereflekteer word. In die verband het die navorser 'n misdaadslagoffer gevind wat as kind mishandel was en die navorser het toe ondersoek ingestel na hoe die mishandeling in die misdaadslagoffer se kunswerke gereflekteer was en hoe kuns die slagoffer gehelp het om die trauma van haar verlede te verwerk.

Vervolgens het die navorser toe ondersoek ingestel na hoe misdaadslagoffers oor die algemeen gebruik maak van kuns om rekord te hou van die oortreders wat hulle benadeel het en wat die forensiese waarde van die misdaadslagoffers se kuns mag wees. Hierna het die navorser ondersoek ingestel na hoe forensiese kuns aangewend kan word om die narratief van die misdaadgebeure visueel uit te beeld en so die ondersoekproses van die misdaad en die herstelproses van die die slagoffer te vergemaklik. Laastens het die navorser dan ook 'n ondekking gemaak van 'n soortgelyke studie wat gedoen was met VIGS-slagoffers wat hulle traumatiese ervarings visueel uitgebeeld het en het die navorser bevind dat die VIGS-slagoffers se kuns sterk simboliese ooreenkomste getoon het met die van die misdaadslagoffers wat hy gebruik het in die navorsing. Vervolgens kon die navorser toe sekere afleidings maak aangaande die gebruik van forensiese kuns vir die emansipasie van slagoffers van geweldsmisdade.

In Hoofstuk 1 is daar gewys, ter inleiding van die navorsing, op die aard en omvang van slagofferdienste vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad in Suid-Afrika, asook watter tekortkominge tans bestaan. Daar was gewys op die noodsaaklikheid vir navorsing ten opsigte van nuwe of alternatiewe metodes en tegnieke wat aangewend kan word saam met, of in plek van, bestaande tegnieke en metodes vir krisis-ingryping en trauma-berading.

Vervolgens was daar onderoek ingestel na die insidensie van geweldsmisdaad in Suid-Afrika ter stawing van die behoefte vir addisionele en aaneenlopende navorsing vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad. ’n Begripsomskrywing was gegee ter verduideliking van sekere belangrike terme wat van toepassing was vir die navorsing.

Na hierdie inleidende aspekte, was die navorsingsprobleem geformuleer; die vraag was gevra of forensiese kuns aangewend kan word vir die bemagtinging van slagoffers van geweldsmisdaad. Die navorsingsdoelwit was dan ook gemik om te bepaal of forensiese kuns aangewend kan word vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad.

Addisionele doelstellings van die navorsing was om:

i. bestaande en alternatiewe benaderings te ondersoek vir die behandeling van misdaad-slagoffers, deur kunstegnieke en metodes te inkorporeer met bestaande teoretiese perspektiewe, ten einde slagoffers van geweldsmisdaad te emansipeer.
ii. die bestaande kennisbasis vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad uit te brei.
iii. ondersoek in te stel na die gebruik van forensiese kuns as ’n kommunikasiemedium.
iv. die rol wat forensiese kuns kan speel te ondersoek tydens krisis-ingryping en traumaberading vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad.
v. die potensieële forensiese waarde te ondersoek van volwasse misdaadslagoffers se kuns in die Suid-Afrikaanse strafregstelsel.

Die rasionaal vir die navorsing was vervolgens uiteengesit en daar was gewys op die psigologiese en fisiese impak wat misdaad het op slagoffers van geweldsmisdaad. Daar was ook gewys op die noodsaaklikheid om die forensiese kunste as vakwetenskap uit te brei deur voortdurende navorsing. Die navorsingsingsmetodologie was uiteengesit en daar was daarop gewys dat daar van ’n kwalitatiewe navorsingsmetodes en tegnieke gebruik gemaak gaan word omrede die navorsing in die werklike lewensopset sal geskied. Die steekproeftrekking en die afbakening van die navorsingsterrein was vervolgens bespreek asook die metode van onderhoudvoering. Dit was opgevolg deur die metodiek vir data-analise en interpretasie te bespreek en laastens was sekere etiese aspekte wat van belang mag wees vir die doeleindes van die navorsing bespreek.

In hoofstuk twee was daar eerstens gelet op die verskillende oorsake van trauma, die verskillende tipes misdaadslagoffers en die rol wat hulle speel in misdaad omrede dit moontlik 'n verskil kon maak tydens krisis-ingryping an trauma-berading. Dit was opgevolg deur sekere teoretiese benaderings te bespreek ten einde 'n dieper insig te verkry aangaande hoe die mens sy lewenswêreld ervaar deur te fokus op die mens as geheel wie se gedrag beïnvloed word deur verskillende kontekstuele invloede. Vervolgens was teoretiese perspektiewe bespreek wat die teoretiese basis vir die navorsing gevorm het. Die rol van die psigo-analise, vrye-assosiasie, simboliese-interaksionistiese en fenomenologiese benaderings was bespreek ter verduideliking van die mens se gebruik van nie-verbale simboliese kommunikasie. Vervolgens was die krisisreaksie en herstelsiklus bespreek ten einde insig te verkry in die psigologiese herstelproses van die mens. Laastens was 'n aantal addisionele teorieë bespreek wat van kuns gebruik kan maak vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Hierna was daar ondersoek ingestel na verskillende tegnieke en metodes om slagoffers van geweldsmisdade te emansipeer deur die gebruik van forensiese kuns. Die rol van kuns tydens krisis-ingryping en traumaberading was bespreek; daar was gewys hoe kuns aangewend kan word na 'n traumatiese misdaadervaring om slagoffers van geweldsmisdade te bemagtig. In die verband was daar vermeld dat krisis-ingryping traumaberading nie net beperk word tot misdaad nie, maar dit kan gebruik word om persone te help met 'n verskeidenheid van lewensveranderende gebeurtenisse (soos ernstige siektes, woon of beroepsveranderinge, finansiële krisisse). Daar was daarop gewys dat traumaberading gebruik word in feitlik enige scenario waar 'n persoon 'n ernstige lewenskrises ervaar.

Nadat 'n persoon 'n ernstige krises ervaar het, kan sommige individue probleme ervaar om voort te gaan met hulle normale lewenswyse en take. Vervolgens het die studie verder gelet op maniere om persone by te staan deur middel van die kuns, as 'n beradingstegniek, ten einde die persoon in staat te stel om weer sy of haar volwaardige rol in die samelewing te kan vervul.

Bogenoemde was opgevolg deur die ondersoek na die waarde van slagoffers van misdaad se kuns vir die kriminologiese vakwetenskap. Die forensiese en kliniese onderhoudvoeringstegnieke was uiteengesit. Daar was veral gelet op die ontwikkeling van Forensiese Kunsterapie en die rol wat tekeninge speel in 'n juridiese konteks.

Uit die navorsing het daar sekere belangrike aspekte en inligting na vore gekom wat verder bespreek gaan word. Eerstens gaan daar gelet word op sekere probleme wat die navorser ondervind het tydens die navorsing.

## 6.2 HINDERNISSE TYDENS DIE NAVORSING

Tydens die navorsing het die navorser sekere hindernisse ervaar wat die navorsing bemoeilik het. Een van die probleme was ŉ gebrek aan literatuur aangaande forensiese kuns. In die verband kon die navorser net een boek, Forensic art essentials (2008) deur Gibson, in die UNISA biblioteek, opspoor wat handel oor die forensiese kuns. Hy was egter instaat om nog ŉ boek van K. T. Taylor (Forensic art and illustration 2001), wat in ŉ persoon se private besit was, te vind wat hy kon gebruik vir sy literêre navorsing. Verder was daar ook net een bron op die internet beskikbaar wat die forensiese kunsprosesse en tegnieke indiepte verduidelik; die sekondêre bron het egter ook baie gesteun op die werk van die bogenoemde outeure. Die meeste internet bronne het slegs oorsigtelike kennis aangaande die toepassing van forensiese kuns verskaf.

Die navorser kon egter nie enige bronne vind wat handel oor hoe forensiese kuns aangewend kan word om misdaadslagoffers te help om deur ŉ krisis of trauma te werk nie. Die literatuur wat handel oor die forensiese kuns het meestal gefokus op hoe kuns aangewend kan word om vermiste misdaadslagoffers, onbekende liggame van misdaadslagoffers, en onbekende oortreders op te spoor, deur die visuele voorstellings van die slagoffers of oortreders. Die literatuur verskaf min inligting aangaande die psigologiese uitwerking van forensiese kuns op misdaadslagoffers.

Daar is wel ŉ beperkte aantal bronne gevind wat handel oor die gebruik van die groter veld van visuele kunste, ten einde misdaadslagoffers te help om deur die trauma as gevolg van misdaad te werk; die meeste van die bronne het dan ook meer gefokus op slagoffers van spesifieke misdade (soos seksuele misdrywe en kinderslagoffers). In die verband kon die navorser ook net een bron opspoor, "Heal abuse and trauma through art" (1997) deur Spencer, wat in diepte die psigologiese werking van kuns verduidelik het ten einde trauma wat met misdaad gepaard gaan te verwerk. Alhoewel die bron relatief oud is, was die navorser egter genoodsaak om die seminale bron te gebruik. Van die ander bronne het wel brokkies inligting bevat betreffende die onderwerp.

Vanuit 'n kriminologiese konteks bevat bestaande bronne geen inligting aangaande hoe die forensiese kunste aangewend kan word in reeksmisdade vir die samestelling van slagofferprofiele of oortrederprofiele nie. Verder bestaan daar ook nie veel inligting aangaande die aanwending van die forensiese kunste om verskillende misdade te koppel nie. Min inligting is ook beskikbaar oor die geregtelike aspekte en bewyswaarde van forensiese kuns in Suid-Afrika.

Die navorser het gevolglik tot die slotsom gekom dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van hoe die forensiese kunste aangewend kan word om misdaadslagoffer te ondersteun in die strafregplegingstelsel en om die trauma wat met misdaad gepaard gaan te verwerk. Die navorser is van mening dat meer navorsing benodig word ten einde sekere behoeftes aan te spreek wat hy as noodsaaklik ag om die wetenskaplike veld van die forensiese kunste uit te brei.

Behoeftes en leemtes wat tans bestaan in die forensiese kuns met betrekking tot bestaande literatuur behels, onder andere, die rol wat elektroniese hulpmiddels (soos video kameras, rekenaars, televisie) speel in die forensiese kunste. Groter fokus kan geplaas word op die kuns van misdaadslagoffers in die strafregplegingstesel omrede dit geweldige potensiële bewyswaarde kan hê. Die forensiese kunste kan ook met groter sukses tydens onderhoudvoering en ondervraging aangewend word, om fynere detail te bekom aangaande die misdaadvoorval. Die forensiese kunste kan ook met groot sukses aangewend word tydens krisis-ingryping en traumaberading (soos reeds getoon in hoofstuk vyf) ten einde die psigologiese negatiewe aspekte, wat met misdaad gepaard gaan, teë te werk. Kuns kan moontlik selfs nuwe bronne van inkomste vir misdaadslagoffers word en so die slagoffers finansieël emansipeer.

Die forensiese kunste ondersteun wel misdaadslagoffers, byvoorbeeld deur die opsporing van vermiste persone en oortreders, of die voorstelling van misdaadtonele. Die navorser is egter van mening dat die forensiese kunste die potensiaal het om 'n baie groter rol te kan speel in die lewens van misdaadslagoffers. Tydens die navorsing het die navorser dan ook gepoog om sekere van die leemtes aan te spreek te einde die bestaande literatuur aangaande die gebruik van forensiese kuns vir die ondersteuning van misdaadslagoffers uit te brei.

Die navorser het baie van die veldnavorsing gedoen onder uiterse moeilike omstandighede. Met die krisisingrypingsessies was van die sessies gedoen op die toneel waar die misdaad gepleeg was. Die rede daarvoor was dat die navorser in diens is van die SAPD as 'n kriminalistieke deskundige waar hy verantwoordelik is vir die forensiese ondersoek, fotografering en boekstawing van misdaadtonele, vingerafdrukondersoeke, en gesigssamestellings; van die veldnavorsing was gevolglik gedoen terwyl die navorser besig was met sy amptelike ondersoek pligte. In die verband het faktore soos die weersomstandighede, die tyd van die voorval, en die plek waar die misdaad gebeur het die navorsing in sommige gevalle benadeel.

Verder moes die navorser die navorsing inpas tussen werksverpligtinge en verantwoordelikhede met die gevolg dat die navorser die respondente op 'n afspraak basis moes sien indien hy nie self op die misdaadtoneel was nie, of indien omstandighede dit nie toegelaat dat die navorser die

navorsing op die misdaadtoneel kon doen nie. Dit het daartoe gelei dat hy van die respondente slegs na-ure (in die aande) kon sien, of oor naweke, met die gevolg dat hy sommige respondente nie onmiddelik kon help terwyl hulle 'n krisis ervaar het, of hulp benodig het, nie.

In die gevalle van ernstige en geweldsmisdade waar die navorser self die misdaadtoneel besoek het, het die navorser hom eers self aan die slagoffers bekend gestel en hulle ingelig dat hy daar is om die misdaadtoneel te ondersoek. Die navorser het die misdaadslagoffers ook ingelig dat hy traumaberading en krisis-ingrypingsnavorsing doen; dat hy daar is om hulle te help indien hulle voel dat hulle traumaberading of krisis-ingryping benodig. Die gevolg was dat die navorser self eers die misdaadtoneel moes ondersoek as deel van sy amptelike pligte voordat hy aandag aan die misdaadslagoffers kon skenk. Dit het daartoe gelei dat sommige misdaadslagoffers die misdaadtoneel verlaat het voordat die navorser die geleentheid gehad het om met hulle te kon werk.  Ten einde die probleem in die toekoms te vermy sal die navorser aanbeveel dat ekstra personeel saam ontplooi word na misdaadtonele toe ten einde die nodige navorsing te kan doen. Reëlings kan ook met die slagoffers getref word om die navorsing te doen op ‘n stadium wanneer dit meer gepas is vir die slagoffers en die navorser.

Die graad van erns van die misdaad met fisiese beserings of dood het verder 'n negatiewe invloed op die navorsing uitgeoefen. In gevalle waar persone gedood was op 'n misdaadtoneel, was van die misdaadslagoffers baie geskok. In sulke gevalle moet hulle eers mediese behandeling ontvang vir skok en trauma. In ander gevalle was van die misdaadslagoffers se fisiese beserings ook van 'n ernstige aard. In sulke gevalle moet hulle ook eers mediese behandeling ontvang.

In sekere gevalle het van die slagoffers wel die navorser op die toneel genader vir advies en/of emosionele hulp, of sommige slagoffers het weer 'n dag of wat later die navorser gekontak. Tydens die navorsing het die navorser dit self ook ervaar dat persone wat hulp benodig na 'n traumatiese voorval, dikwels self sal vra vir hulp, veral wanneer dit aangebied word. In die meeste gevalle waar hulp nie aangebied was nie, het die slagoffers nie hulp gevra nie.

Verder het sommige van die misdaadvoorvalle kort na mekaar plaasgevind en kon die navorser nie altyd krisis-ingryping op die toneel doen nie as gevolg van die dringendheid van ander ernstige misdaadtonele. In sulke gevalle het die navorser dan ook reëlings met die slagoffers gemaak ten einde krisis-ingryping of traumaberading op 'n latere stadium te doen. Die navorser het in al die gevalle ook die telefoonnommers van privaat slagofferbystanddienste aan die slagoffers verskaf ten einde die slagoffers te ondersteun om die nodige ondersteuning te kry.

## 6.3 PRAKTIESE PROBLEME TEN OPSIGTE VAN DIE AANWENDING VAN FORENSIESE KUNS TYDENS KRISIS-INGRYPING EN TRAUMA-BERADING

Die aanwending van forensiese kuns tydens krisis-ingryping op traumatiese misdaadtonele het sekere praktiese probleme oplewer. Volgens die navorser speel die volgende faktore ’n belangrike rol in krisis-ingryping op traumatiese misdaadtonele, soos die tyd, plek, en aard van die voorvalle, geslagsverskille, toestand van die slagoffer, die berader se opleiding en ondervinding, en die emosionele toestand van die berader of forensiese kunstenaar.

### *6.3.1 Die tyd van die voorval*

Tydens die navorsing het die navorser bevind dat misdadigers nie tydsgebonde is nie en dikwels word misdade gepleeg in die vroeë oggend-ure wanneer die meeste mense slaap. Wanneer slagoffers van misdaad ’n traumatiese voorval ervaar gedurende die nag is hulle dikwels moeg; die SAPD en nooddienste verwag van die slagoffers om wakker bly totdat hul die nodige mediese behandeling ontvang het en die SAPD die misdaadtoneel klaar ondersoek het. Dit daartoe gelei dat die sommige slagoffers gevoelens van frustrasie ontwikkel, nie net ten opsigte van die oortreders nie, maar ook ten opsigte van die SAPD personeel omrede die ondersoekprosesse op die misdaadtonele soms baie lank neem. Die navorser het dan bevind dat dit soms beter is om met die slagoffers reëlings te tref ten einde ’n krisis-ingryping of traumaberading op ’n latere stadium te doen wanneer die slagoffers meer uitgerus is en die tyd hulle meer pas. Indien die misdaadslagoffers op die misdaadtoneel gevra het vir traumaberading of krisis-ingryping wanneer dit aangebied was, het die navorser traumaberading of krisis-ingryping op die misdaadtoneel gedoen. So, in die gevallestudie waar die navorser gebruik gemaak het van kuns tydens krisis-ingryping en trauma-berading, het die navorser dit gedoen op afspraak en het die sessies begin die dag na die voorval. Die rede hiervoor was dat die voorval laat die vorige nag gebeur het en gevolglik was dit vir die slagoffer meer geleë op ’n latere tyd, wat haar gepas het.

### *6.3.2 Die plek van die voorval*

Sekere misdade vind onder gevaarlike omstandighede plaas, of dit kan lei tot gevaarlike omstandighede. Met bom-ontploffings, brandende geboue, ensomeer, bestaan daar fisiese gevare van geboue of ander strukture wat inmekaar kan stort of verdere bomme wat nog versteek is. Die die berugte September 11- vliegtuigaanvalle op die World Trade Center in New York, het persone wat slagoffers wou help daartoe gelei dat duisende polisiebeamptes, brandweermanne, paramedici en siviele persone gesterf het toe die geboue op die reddingswerkers inmekaar gesak het. Ander tipes misdade soos noodlottige voertuig ongelukke hou weer die gevaar van sekondêre botsings in. Die omgewing en persone moet in alle gevalle beveilig en gestabiliseer word voordat traumaberading toegepas kan word.

Somtyds vind die misdade ook in openbare plekke plaas, soos winkelsentrums of op straat. Onder sulke omstandighede is dit wenslik om die slagoffers van die misdade van die toneel af te verwyder tot op 'n veilige plek vir traumaberading of krisis-ingryping. Collins (2005:66) wys ook daarop dat dit dikwels nodig is om slagoffers uit alle stresvolle situasies te verwyder. Dieselfde geld ook vir die aanwending van forensiese kuns ten einde misdaadslagoffers te ondersteun.

### *6.3.3 Die aard en erns van die voorval*

Somtyds is die aard en erns van die misdaad so geweldig dat dit die slagoffers in algehele skok laat en met afgryse vervul; dikwels reageer sulke slagoffers dan ook glad nie op dit wat vir hulle gesê word nie, hulle kan fisies soos zombies rondloop, of op een plek stilstaan. In die gevalle is die navorser van mening dat dit beter is om die persone na 'n geneesheer te neem ten einde vir hulle 'n kalmeermiddel te gee sodat hulle oor die aanvanklike skok kan kom. Dan eers kan daar begin word om met hulle krisis-ingryping te doen.

In die verband wys Mutton (2005) daarop dat in sekere traumatiese gebeurtenisse spreek die mens eers sekere basiese oorlewingsbehoeftes aan soos kos, skuiling en skoon water. In sulke gevalle sluit die mense hulle psigologiese reaksies op die trauma af omrede dit andersins kan inmeng met hulle fisiese oorlewingsdrange. In die oorlewingstoestand kan trauma-intervensie die slagoffers se toestand vererger omrede hulle nou hulle emosionele toestand saam met hulle oorlewingsdrange moet hanteer. Deur te vroeg te fokus op die slagoffers se emosionele toestand, kan dus nadelig wees vir die slagoffers van trauma (Mutton: 2005).

Die navorser het ook bevind dat die aanwending van forensiese kuns vir gesigsamestellings meer effektief is wanneer die slagoffers die impak van die trauma verwerk het. Gevolglik het hy gevind dat dit beter is om gesigssamestellings te doen nadat die 72-uur impakfase van die trauma insident verby was; wanneer die misdaadslagoffers minder getraumatiseerd was. Die rede hiervoor was dat misdaadslagoffers tydens die impakfase dikwels verward voorkom en hulle sukkel om op die oortreder te konsentreer. Sommige van die slagoffers was ook onder medikasie gewees ten einde hulle te kalmeer kort na die voorval. Na die 72-uur impakfase het die slagoffers oor die algemeen tot verhaal gekom in was hulle beter daartoe instaat om 'n beskrywing van die verdagtes te gee.

### *6.3.4 Geslagsverskille*

In gevalle van verkragting en seksuele misdade het die navorser dit bevind dat die vroulike slagoffers eerder van vroulike Krisis-ingrypers  of trauma beraders gebruik wou maak. Slagoffers van verkragting was dikwels ongemaklik as hulle kort na die misdaadvoorval alleen met 'n man

gelaat was. Die gevaar bestaan ook dat, in gevalle waar vroulike slagoffers met manlike hulpverleners agtergelaat word, dit die psigologiese trauma wat die slagoffer ervaar het tydens die misdaad, weer aanwakker. In die geval van forensiese kuns is het die navorser dit ook bevind dat vroulike slagoffer van seksuele misdrywe meer op hulle gemak was indien 'n vroulike lid van die SAPD die gesigsamestelling gedoen het.

### *6.3.5 Die toestand van die slagoffer self*

Slagoffers van trauma het dikwels ernstige fisiese beserings wat dringende mediese behandeling vereis. Soms is die psigologiese skokreaksie wat die slagoffers ervaar het van so 'n ernstig aard dat hulle eers mediese behandeling moet ontvang om die skokreaksies te verminder. Weereens is dit beter om toe te sien dat die slagoffers eerstens die nodige mediese behandeling ontvang voordat hulle krisis-ingryping of traumaberading ontvang, of voordat die forensiese kunste aangewend kan word vir die gesigsamestelling van die oortreder.

### *6.3.6 Die berader se opleiding en ondervinding*

Die berader se opleiding en ondervinding is van kardinale belang. Indien die berader nie die nodige opleiding of ondervinding het om 'n sekere situasie te hanteer nie, is dit die berader se plig om die slagoffers te verwys na 'n persoon of organisasie wat aan die slagoffer die nodige berading of behandeling kan verskaf (Collins 2005: 70-71). Indien die berader nie die nodige opleiding of ondervinding het nie, kan dit meer kwaad as goed doen indien hy of sy sou voortgaan om die slagoffer te behandel. Die berader moet egter poog om steeds die slagoffer sover as moontlik by te staan sonder om die grense van sy of haar opleiding of ondervinding te oorskry (Collins 2005: 70-71). Die navorser het dit ook bevind dat dit in sommige gevalle nodig was om die misdaadslagoffers te verwys na ander persone of instansies omrede hy nie self die nodige ondervinding gehad het om sy/haar te help om die trauma van die misdaad te verwerk nie.

Ten opsigte van forensiese kuns is dit ook noodsaaklik dat die persoon wat die gesigsamestelling die nodige opleiding en ervaring het om dit te kan doen. Indien die forensiese kunstenaar nie daarin slaag om die gesigsamestelling te doen soos wat die slagoffer die oortreder beskryf het nie, dan kan dit die slagoffer verder traumatiseer.

### *6.3.7 Die emosionele toestand van die berader of forensiese kunstenaar self*

Soms gebeur dit dat die aard en erns van die misdaad die berader of forensiese kunstenaar self emosioneel onstabiel maak. Die navorser het dit ook bevind dat selfs geharde polisielede soms met uitermate woede, agressie en selfs hartseer, reageer wanneer hulle op misdaadtonele aankom en sien wat met die misdaadslagoffers gebeur het. Dit kan veral gebeur in gevalle waar

kinders, vrouens of bejaarde mense erg vermink, vermoor of verkrag was. Somtyds gebeur dit ook dat die berader of forensiese kunstenaar self in 'n soortgelyke situasie betrokke was en hom of haar self weer in die situasie inleef.

Indien die berader of forensiese kunstenaar voel dat hy of sy emosioneel ingetrek of betrokke raak, is dit ook beter dat hy/sy ontrek, totdat hy/sy emosioneel gestabiliseer het, of die hulp van 'n ander berader of forensiese kunstenaar kan verkry om die aangeleenteheid oor te neem. Collins (2005:66-67) wys daarop dat ander persone dikwels die werk van die krisisberader wat in die krisissituasie ingegryp het, kan aanvul, en gevolglik moet daar gebruik gemaak word van beskikbare hulpbronne.

## 6.4 BEVINDINGE AANGAANDE KRISIS-INGRYPING

Wanneer 'n krisis ontstaan, het die navorser bevind misdaadslagoffer dikwels ondersteuning en leiding van andere benodig. In sekere gevalle kan die ondersteuning en dienste wat aangebied word vir trauma slagoffers egter nadelig wees (Mutton 2005). Volgens Mulder (2005) bestaan daar bewyse dat 'n enkele sessie se krisis-ingryping nie werk nie; dit kan selfs meer skade aanrig. Hy gaan voort deur verder daarop te wys dat daar 'n soort slagoffermentaliteit bestaan. "Die idee is dat indien daar iets slegs gebeur, dan het 'n persoon professionele hulp nodig." Mulder (2005) se siening is verder dat baie slegte dinge met mense gebeur en dat die persone dit moet hanteer soos hulle voel hulle moet. Walling (2003) wys ook daarop dat krisis-ingryping nie die simptome van trauma verminder nie en dat krisis-ingryping selfs nadelig kan wees vir slagoffers, moontlik weens die feit dat krisis-ingryping inmeng met die slagoffers se natuurlike hanterings- en genesingsstrategieë na ernstige trauma (Walling 2003). Die positiewe resultate kan moontlik ook toegeskryf word aan die feit dat slegs ernstige getraumatiseerde slagoffers geselekteer was vir die studie.

Laastens word daarop gewys dat alhoewel berading nie die langtermyngevolge van trauma kan voorkom nie, kan sekere gemodifiseerde tegnieke wel slagoffers help om aan te pas na ernstige trauma (Walling 2003).

Tydens die navorsing het die navorser ook dan bevind dat in die een geval waar die bejaarde dame wat in 'n motorvoertuigbotsing betrokke was waar 'n persoon gesterf het, het die dame simptome getoon wat ooreenstem met die DSM-IV se diagnostiese kriteria vir post-traumatiese stres. *(In die verband moet daar egter gemeld word dat die navorser nie 'n sielkundige of psigiater is nie en dat hy die dame verwys het na 'n sielkundige of psigiater vir diagnosering en behandeling.)*

Nogtans stem hierdie geval ooreen met bogenoemde gevolgtrekking dat traumaberading en krisis-ingryping nie in alle gevalle die positiewe uitwerking het as wat verwag word nie en dat dit soms nodig is om die slagoffer te verwys.

Verder het 'n studie in Amerika deur Blanchard en Hickling (2004:3) bevind dat motorvoertuig-ongelukke die hoofoorsaak is vir Post-Traumatiese Stres in die algemene bevolking. Daar is ook bevind dat vrouens twee keer meer geneig is om Post-Traumatiese Stres te ontwikkel na 'n traumatiese voorval (Blanchard en Hickling 2004:11). Daar was ook bevind dat slagoffers 'n groot voordeel uit sielkundige behandeling of berading getrek het; tot en met ses jaar na die voorval. Na ses jaar het veertig persent van die eksperimentele groep steeds Post-Traumatiese Stres ervaar vir tot tien jaar post-trauma (Blanchard en Hickling 2004:11). Dit was ook bevind dat 15 tot 45 persent van die oorlewendes van ernstige motorvoertiugbotsings, waar persone so beseer was dat hulle mediese behandeling moes ontvang, binne 'n jaar na die ongeluk Post-Traumatiese Stres ontwikkel het (Blanchard en Hickling 2004:29). Laastens was daar ook bevind dat in gevalle waar persone gedood is, selfs al was die oorlewendes nie verantwoordelik vir die persoon se dood nie, het die oorlewendes steeds Post-Traumatiese Stres ontwikkel (Blanchard en Hickling 2004:123).

Blanchard en Hickling (2004:153) het verder aanbeveel dat persone wat Pots-Traumatiese Stres ervaar het, vir langer as ses maande, gefokuste spesifieke behandeling moet ontvang. Data dui ook daarop dat persone wat Post-Traumatiese Stres ervaar vir langer as 'n jaar, dit chronies van aard mag wees (Blanchard en Hickling 2004:159).

Miller (2005) wys weer daarop dat daar konstante positiewe response is op krisis-ingryping en dat persone wel iets uitkry uit krisis-ingryping. Krisis-ingryping en traumaberading mag wel nie die langtermyngevolge van traumatiese gebeurtenisse voorkom nie, maar aangepaste metodes kan sommige slagoffers help om te normaliseer na so 'n gebeurtenis (Walling 2003). Die navorser het self ook bevind dat sommige misdaadslagoffers positief reageer op krisis-ingryping. In beide die twee gevalle van gewapende rowe (soos hier bespreek) het die slagoffers van die misdade positief gereageer op die krisis-ingryping. In beide die gevalle het die slagoffers emosioneel gekalmeer en dit het hulle fisiologiese skokreaksies, as gevolg van die misdaad, verminder.

Mutton (2005) wys verder daarop dat in die Westerse samelewing is mense meer geneig om uit te reik na professionele berading en ondersteuningsisteme. Ander meer tradisionele samelewings sal weer meer gebruik maak van meer eiesoortige ondersteuningsisteme, soos gemeenskapsleiers, familienetwerke, en geestelike leiers (Mutton 2005). Die navorser het dan

ook ervaar dat Westerse slagoffers van misdaad meer geneig was om gebruik te maak van Westerse metodes van berading en sielkundige behandeling ten einde trauma te verwerk. Die meeste van die respondente in die navorsing was dan ook van Westerse afkoms.

Die navorser het bevind dat in die geval waar 'n slagoffer gedood was in 'n motorvoertuig-ongeluk, het die oorlewende slagoffer simptome van post-traumatiese stres ontwikkel. In die ander twee gevalle waar niemand gedood was tydens traumatiese misdaad nie, het beide die slagoffers positief gereageer met berading en kon hulle die misdaadgebeurtenis makliker hanteer. Die moontlikheid dat die oorlewende slagoffer van die motorvoertuigongeluk moontlik post-traumatiese stres ontwikkel het, kan moontlik toegeskryf word aan die erns van die misdaad omrede daar 'n persoon gedood was. Die feit dat 'n persoon gedood was tydens die motorvoertuigbotsing en dat dit moontlik kon gelei het tot post-traumatiese stres, stem ook ooreen met die navorsing wat Blanchard en Hickling gedoen het soos reeds vermeld.

'n Verdere bydraende faktor wat moontlik daartoe kon bygedra het dat van die slagoffers meer positief gereageer het op krisis-ingryping was omrede die slagoffers se familie saam met hulle deur die misdaadgebeure gegaan het; gevolglik was daar reeds 'n ondersteuningstrukture in plek gewees na wie die slagoffers kon gaan vir hulp. In die geval waar die vrou betrokke was in die noodlottige motorvoertuigbotsing was sy alleen in die voertuig; haar familie kon dus nie onmiddelik die nodige berading, of ondersteuning gee wat sy moontlik op daardie stadium nodig gehad het nie.

Dit wil voorkom asof krisis-ingryping in sekere gevalle 'n positiewe reaksie en in ander gevalle weer 'n negatiewe reaksie kan ontlok. Internasionale navorsing is huidiglik aanduidend dat krisis-ingryping meer nadelig mag wees vir trauma slagoffers (Walling 2003). Verskeie faktore kan moontlik die oorsaak hiervan wees. Een belangrike faktor in die oorsaak dat krisis-ingryping meer nadelig mag wees vir trauma slagoffers is die tydverloop tussen die traumatiese voorval en die krisis-ingryping na die voorval (Mutton 2005). Hierdie navorser het aangetoon dat as daar te vroeg gefokus word op die psigologiese behoeftes van 'n persoon na 'n traumatiese gebeurtenis (gedurende die impakfase), dan kan die persoon vatbaar maak vir psigologiese ongemak.

Slagoffers van traumatiese gebeurtenisse is dikwels in die begin (gedurende die impakfase) in 'n stadium waar hulle meer gefokus is op fisiese oorlewing. In hierdie stadium word sy psigologiese reaksies op die traumatiese gebeure afgesny. Indien krisis-ingryping of traumaberading in die oorlewingstadium van die slagoffer gedoen word, dan kan dit die psigologiese reaksies van die slagoffers aanwakker en selfs vererger (Mutton 2005). 'n Tweede faktor mag wees dat die proses van samestelling van ‘n identikit die misdaadslagoffer weer blootstel aan die misdadiger; die

ervare berader moet hierdie aspek met positiewe voordelige benaderings aan die slagoffer verduidelik om die herhaaldelike skokreaksie te verminder. Die samestelling van die identikit kan egter aangewend word om die slagoffer in 'n veilige omgewing aan die oortreder bloot te stel. So kan die samestelling 'n positiewe bydra lewer tydens krisis-ingryping as 'n vorm van herblootstelling.

### *6.4.1 Forensiese kuns en krisis-ingryping*

In die onderhoude wat die navorser gevoer het met die lede van die SAPD se gesigssamestellingseenheid in Pretoria, was die spesialiste van dié opinie dat die samestelling van die oortreders se gesigte wel 'n positiewe effek het op die misdaadslagoffers. Dit wil voorkom of die proses waardeur die gesigste saamgestel word, die slagoffers van misdaad 'n mate van kontrole en beheer aan die slagoffers verskaf.

Verder word die slagoffers ook onder sulke beheerde omstandighede herblootgestel aan die oortreder, wat weer deel word van die herstelproses. Die navorser het ook bevind dat sommige van die slagoffers sterk emosioneel reageer op die gesig wat hulle saamgestel het van die oortreder. Die meeste emosionele reaksies het gewissel tussen skok, woede en hartseer. Die navorser is van mening dat die reaksies moontlik van 'n vorm van emosionele ontlading was wat hulle ervaar het as gevolg van die visuele herblootstelling aan die oortreder. Die navorser het ook dan verder gevind dat die slagoffers 'n mate van emosionele verligting ervaar het as hy aan hulle verduidelik het dat hulle reaksies vir hom 'n goeie teken was omrede dit aanduidend was dat die gesigssamestelling wat hulle gedoen akkuraat was en dat die gesigsamestelling die kanse verhoog dat die oortreder aangekeer sal word. Hierdie navorsing het dus getoon dat die gesigsamestellings ook help om die krisis wat misdaadslagoffers ervaar na 'n misdaadvoorval op te los deur berader-ondersteunde herblootstelling aan die oortreder, deurdat die misdaadslagoffers voel dat hulle 'n positiewe bydra kon lewer om die oortreder aan te keer.

Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat die forensiese kunste 'n belangrike funksie kan vervul tydens krisis-ingryping sowel as trauma-berading. Ten einde by die navorsingsdoelwit aan te sluit, kan die afleiding dus gemaak word dat forensiese kuns wel aangewend kan word tydens krisis-ingryping vir die psigologiese en juridiese emansipasie van slagoffers van geweldsmisdade. Die beskouing sluit ook aan by die bespreking (in afdeling 3.7.6) dat kuns aangewend kan word om krisistoestande die hoof te bied. Dit sluit ook aan by die spreking (in afdeling 4.4) met betrekking tot die riglyne van krisis-ingryping waartydens kuns aangewend kan word.

Verder was van die rowwe sketse wat misdaadslagoffers geteken het redelik akkuraat met identifiseerbare gelaatstrekke, en kan dit 'n belangrike rol speel in die identifisering van oortreders. Selfs elementêre sketse kan van groot waarde wees vir ondersoekbeamptes, kriminoloë, sielkundiges en ander belanghebbende partye in die strafregplegingsproses. Sommige van die sketse het daartoe bygedra dat fynere besonderhede te voorskyn gekom het wat van belang was tydens die ondersoek proses. In sommige gevalle het dit ook die slagoffers gehelp om beter te kon onthou wat gebeur het en het die sketse ook dan gedien as 'n vorm van geheue-aanwakkering. Die bevindinge sluit dus aan by die beskouing dat kuns 'n persoon se geheue kan aanwakker (soos wat bespreek was in afdeling 3.7.2). Daar was verder ook aangesluit by die navorsingsdoelwitte deurdat die navorsing toon dat misdaadslagoffers se kuns, wat hulle skep as gevolg van misdaad, van groot forensiese waarde mag wees, omrede geheue-aanwakkering daartoe kan lei dat nuwe feite aangaande 'n misdaadvoorval ontbloot kan word. Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat kuns wat ontstaan as gevolg van slagoffers se misdaadervaring beskou kan word as 'n vorm van forensiese kuns.

Die sketse was in sommige gevalle selfs aanduidend gewees van die slagoffers se gemoedstoestande direk na 'n misdaadvoorval. Die slagoffer voel dan ook dat hulle iets konstruktiefs kon bydra en dit het ook bygedra tot hulle algehele herstelproses. Hieruit kan ook afgelei word dat, omrede trauma op 'n sensoriese vlak plaasvind (soos vermeld in afdeling 3.6.3), kon die tekening van die oortreders op 'n sensoriese vlak, 'n bydrae lewer tot die verwerking van die trauma wat gepaard gegaan het met die misdaad. Die afleiding kan dus gemaak word dat, deur misdaadslagoffers die oortreder te laat teken, die tekening van groot waarde kan wees vir die psigologiese herstel van die slagoffer.

Die navorsing sluit by die gevallestudies aan (by afdeling 3.7.1) deurdat daar getoon was dat kuns kommunikasie kan verbeter. Indien 'n slagoffer die oortreder geteken het, het dit ook kulturele en taalprobleme oorkom; die slagoffers het nie nodig gehad om te sukkel om die oortreder verbaal te beskryf nie. Deur kulturele en taalprobleme te oorbrug, het dit in sommige gevalle die ondervraging en ondersoekproses versnel en het dit die strafregplegingstelsel as geheel tot voordeel gestrek. Dit het ook verdere traumatisering van die misdaadslagoffer voorkom omrede die misdaadslagoffer gemakliker kon kommunikeer. Gevolglik toon die navorsing ook dat kuns 'n belangrike rol kan speel as 'n nie-verbale kommunikasiemedium tydens krisis-ingryping (soos uiteengesit in die navorsings doelwitte).

Vervolgens sal daar gelet word op sekere aanbevelings wat gemaak kan word ten opsigte van die aanwending van forensiese kuns tydens krisis-ingryping.

### *6.4.2 Aanbevelings aangaande krisingryping*

In die vorige afdeling was daar sekere bevindinge gemaak aangaande die aanwending van forensiese kuns tydens krisis-ingryping. Vervolgens gaan daar sekere aanbevelings gemaak word aangaande die gebruik van krisis-ingryping vir die emansipering van slagoffers van geweldsmisdaad. Daar sal ook aanbevelings gemaak word aangaande die gebruik van forensiese kuns tydens krisis-ingryping.

Ten opsigte van krisis-ingryping is Walling (2003) van mening dat die praktiese ondersteuning wat gebaseer is op kognitiewe terapie, twee tot drie weke na die krisisvoorval, hoogs effektief is. Roy-Byrne (2006) is egter van mening dat 'n emosioneel-belaaide hersiening van die traumatiese gebeure, die toestand van die slagoffer, wat reeds ly aan simptome van hiper-opwekking, kan versleg. Daar was ook bevind dat die inhoud van krisis-ingryping meer verantwoordelik is vir die gebrekkige krisis-ingryping as wat die tydsberekening van die krisis-ingryping was (Roy-Byrne 2006). In die verband het die navorser ook bevind dat sommige misdaadslagoffers wel 'n mate van verligting ervaar het wanneer daar krisis-ingryping met hulle gedoen was. In van die meer ernstige gevalle waar misdaadslagoffers gedood was of ernstig beseer was, het die navorser ook bevind dat krisis-ingryping nie noodwendig genoegsame ondersteuning bied vir die slagoffers nie en dat sommige misdaadslagoffers wel verwys moet word vir verdere sielkundige behandeling. Gevolglik beveel die navorser aan dat getraumatiseerde misdaadslagoffers wel krisis-ingryping moet ontvang en dat probleemgevalle verwys moet word vir verdere traumaberading of sielkundige behandeling.

Mouton (2005) wys daarop dat psigologiese hulp aangewend kan word vir krisis-ingryping onder die volgende omstandighede nl:

- Daar moet eerstens gevra word vir hulp. Daar moet nie net ingestorm word met hulp nie want so kan die natuurlike herstelproses omvergewerp word.
- Krisis-ingrypers en ander hulpverskaffers moet bewus wees van die feit dat verskillende kulture verskillende wyses het waarop trauma verwerk word en die krisis-ingrypers en hulpverskaffers moet, derhalwe, buigsaam wees in hul benaderings ten opsigte van krisis-ingryping.
- Natuurlike ondersteuningsisteme en hanteringstrategieë moet geïdentifiseer, ontwikkel en instand gehou word ten einde die stigmatisering en etikettering van slagoffers, as behoeftig, te verhoed.

Probleme met krisis-ingryping word verder vererger deur swak opgeleide terapeute en beraders wat gebruik maak van onvoldoende tegnieke (Walling 2003). Verder is die enigste motief vir sommige traumaberaders alleenlik finansieël van aard (Walling 2003). Die navorser het tydens

die navorsing bevind dat sommige misdaadslagoffers ook nie finansieël daartoe instaat is om hulp te bekostig van privaat instansies af nie. Gevolglik sal die slagoffers net gebruik maak van vrywilligers organisasies indien dit beskikbaar is. Die navorser sal ook aanbeveel dat slagofferbystanddienste moet poog om gratis dienste aan misdaadslagoffers te verskaf ten einde misdaadslagoffers wat ekonomies arm is tot hulp te kan wees. Slagofferbystanddienste kan poog om borge te vind ten einde die arm misdaadslagoffers te kan bemagtig deur krisis-ingryping.

Die mens is ook baie meer elasties as wat algemeen aanvaar word, met die gevolg dat die mens daartoe instaat is om op hul eie baie van die stampe en die stote van die lewe kan absorbeer (Walling: 2003). Die navorser het ook bevind dat sommige misdaadslagoffers voel dat hulle nie hulp nodig het om traumatiese misdade te verwerk nie omrede hulle voel hulle is emosioneel sterk genoeg om die trauma te verwerk. Die navorser beveel in die verband aan dat kontaknommers vir slagofferbystanddienste en identifiseerbare simptome van PSS aan die emosioneel sterk misdaadslagoffers gegee word sodat die slagoffers wel later hulp kan aanvra.

Die algehele onderwerp van krisis-ingryping word verder bemoeilik deur geweldige individuele variasies, geslagsverskille, en verskille in kulturele aanvaarbare gedrag wat volg op abnormale stres en trauma (Walling: 2003). Soos reeds vermeld het die navorser ook tydens die navorsing bevind dat sommige misdaadslagoffers hulle sal wend tot familie, geestelike of gemeenskapsleiers, en tradisionele geneeshere. In die verband beveel die navorser ook aan dat kontaknommers vir slagofferbystanddienste aan die slagoffers oorhandig moet word.

Kuns kan effektief saam met ander geesteswetenskaplike benaderings aangewend word tydens krisis-ingryping (in hoofstuk twee bespreek) en dit was verder uiteengesit (in hoofstukke drie en vier). Dit was ook gedemonstreer in die gevallestudies (in hoofstuk vyf bespreek) deurdat daar getoon was dat kuns kan help om die negatiewe psigologiese ervarings van misdaadslagoffers te verlig.

Die navorser beveel ook aan dat krisis-ingrypers gebruik maak van kuns ten einde sekere taal en kulturele probleme te oorkom tydens krisis-ingryping. In gevalle waar die slagoffers kunstig is, kan hulle gevra word om te teken wat gebeur het, instede daarvan om slegs ’n verbale beskrywing te gee van die misdaadgebeure. Indien die slagoffers daartoe instaat is, kan hulle ook gevra word om die oortreders te teken. Dit kan uiters frustrerend wees indien misdaadslagoffers met persone probeer kommunikeer wat nie hulle taal verstaan nie en in sulke gevalle kan kuns ’n waardevolle hulpmiddel wees. Die navorser het dan ook bevind dat die kunswerke van slagoffers ook groot forensiese waarde kan hê en dit kan ook nuwe inligting aangaande die misdaadvoorval ontbloot.

Forensiese kuns, soos gesigsamestellings, kan ook help om misdaadslagoffers te ontlont omrede die gesigsamestellingsproses die slagoffers ’n gevoel van bematiging gee. Die gesigsamestellings help die misdaadslagoffers deurdat die slagoffers ’n mate van kontrole en beheer terugkry. Dit moet egter in gedagte gehou word dat, wanneer slagoffers die oortreder teken of ’n gesigssamestelling doen, dit ’n traumatiese ervaring kan wees, omrede die slagoffer weer met die oortreder gekonfronteer word. Gevolglik beveel die navorser aan dat forensiese kunstenaars opgelei moet word in krisis-ingryping ten einde misdaadslagoffers wat weer getraumatiseer mag word tydens die forensiese kunsproses, by te staan.

Die aanbevelings is dan ook in lyn met die doelstellings van die navorsing deur dat forensiese kuns effektief aangewend kan word tydens krisis-ingryping vir die bematiging van slagoffers van geweldsmisdaad. Eerstens verskaf kuns ’n alternatief vir verbale krisis-ingryping deurdat kuns effektief gebruik kan word as ’n nie-verbale hulpmiddel tydens krisis-ingryping. Dit kan kommunikasieprobleme as gevolg van taal en kulturele verskille verminder en ook misdaadslagoffers help om die psigologiese en fisiese impak van die misdaad visueel uit te beeld.

Die navorser beveel ook aan dat die kuns wat misdaadslagoffers skep tydens krisis-ingryping aangewend word ten einde addisionele inligting te bekom aangaande die oortreder en die misdaadgebeure. Die rede hiervoor is dat kuns (soos vermeld in hoofstuk 3), misdaadslagoffers se geheue kan aanwakker en dit kan weer daartoe aanleiding gee dat nuwe inligting ontdek word. Die skepping van kuns kan ook ’n kalmerende uitwerking hê op misdaadslagoffers en hulle help om die gebeure in perspektief te plaas tydens krisis-ingryping.

Die navorser beveel verder aan dat die kuns wat misdaadslagoffers skep tydens krisis-ingryping aangewend word as ’n klagteversterkingshulpmiddel. Die rede hiervoor is dat misdaadslagoffers se kuns aanduidend kan wees van die aard en erns van die misdaad.

Tydens die gevallestudies (in hoofstuk vyf) was daar getoon hoe misdaadslagoffers hulle emosies, fisiese beserings en hulle ervaring van die misdaad nie-verbaal kan uitbeeld. Daar was ook getoon hoe visuele voorstellings en uitstaande kenmerke van die oortreder deur middel van kuns van groot forensiese waarde kan wees. Daar was ook getoon hoe misdaadslagoffers se kuns kan help om ’n dieper insig te verkry in die misdaadgebeure, asook wat die opset van die misdaadtoneel was. Die navorser is van mening dat sulke sketse van groot hulp kan wees tydens die ondersoekproses en hofverrigtinge.

Vervolgens gaan daar gelet word op hoe kuns aangewend kan word tydens trauma-berading.

### *6.4.3 Bevindinge aangaande die gebruik van forensiese kuns in trauma-berading*

In die vorige afdeling was daar sekere bevindinge en aanbevelings gemaak aangaande die gebruik van kuns tydens krisis-ingryping. In die afdeling sal daar aangesluit word by die navorsingsdoelwitte deur die gebruik van forensiese kuns te bespreek in die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers deur middel van trauma-berading.

In hoofstuk een was sekere gebreke en probleme met bestaande slagofferdienste gestel. Daar was getoon dat slagofferbystanddienste oor die algemeen gebrekkig, ondoeltreffend en gefragmenteerd was; daar is 'n tekort aan slagofferbystanddienste en personeel. Die navorser het tydens die navorsing dikwels ondervind dat slagoffers van misdaad nie die nodige ondersteuning ontvang om die trauma van misdaad te verwerk nie; dikwels is daar geen slagoffer-bystanddienste beskikbaar nie. Die navorser het verder ondervind dat slagofferbystanddienste in die stedelike gebiede meer geredelik beskikbaar is as in die plattelandse gebiede. Hierdie navorsing het verder ook bevind dat misdaadslagoffers dikwels aan hulle eie lot oorgelaat word, ten einde die fisiese, emosionele, ekonomiese en sosiale impak as gevolg van die misdaad, te oorkom en te verwerk. Sommige misdaadslagoffers het egter gevoel dat hulle emosioneel sterk genoeg is om die trauma self te verwerk en dat hulle dus nie hulp nodig het nie.

Tydens die navorsing het die navorser bevind dat die gebruik van kuns 'n belangrike rol kan speel in die berading en behandeling van misdaadslagoffer (soos bespreek in hoofstukke drie en vier). In hoofstuk 5, met die gevallestudies, was daar gedemostreer hoe kuns aangewend kan word vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers se krisis-ingryping en trauma-berading. Vir kriminoloë, sielkundiges, beraders en ander belanghebbende partye bied die slagoffers se kuns ook 'n blik in die wêreld van die slagoffer op 'n visuele vlak, wat 'n dieper insig bied in die psige van die slagoffer as wat die geval is met verbale intervensie. Met die gevallestudies het die navorser juis daarop gewys waarom slagoffers se kuns van groot waarde en belang kan wees vir al die partye wat betrokke is in die strafregplegingstelsel, sowel as in die behandeling en rehabillitasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Met die eerste gevallestudie (in hoofstuk vyf), waar die slagoffer selfmoord gepleeg het, het die navorser bevind dat die slagoffer 'n duidelike nie-verbale boodskap in die skets wat sy geteken het, gestuur het; sy was van plan om selfmoord te pleeg. In die skets het sy ook op 'n visuele manier haar ervarings deur haar hele lewe, wat aanleiding gegee het tot haar selfmoord, visueel simbolies uitgebeeld. Dié geval het aangesluit by die navorsingsdoelwitte deurdat daar getoon was hoe 'n persoon traumatiese ervarings visueel en op 'n simboliese vlak kan uitbeeld, en dus op 'n nie-verbale wyse kan kommunikeer aan andere. Die skets kan gesien word as 'n nie-verbale

hulpkreet wat die slagoffer geuiter het; maar, niemand het haar “gehoor” nie. Al die gevaartekens van ’n getraumatiseerde misdaadslagoffer was duidelike sigbaar in die skets, maar ongelukkig het niemand aandag aan die slagoffer (se skets) gegee nie. In dié geval kan daar gevra word, Kon die selfmoord nie gekeer gewees het indien die slagoffer betyds die nodige berading of behandeling ontvang het nie? Die skets toon ook die belangrikheid daarvan om nie selfmoorddreigemente ligtelik op te neem nie. Dié gevallestudie het verder by die geestes-wetenskaplike teoretiese benaderings (in hoofstuk twee bespreek) aangesluit deurdat die slagoffer se kuns gedien het as ’n visuele rekord van al haar fisiese en psigologiese trauma.

Eerstens kan die skets, vanuit ’n psigo-analitiese perspektief, beskou word as ’n poging waardeur die slagoffer haar innerlike konflikte wou oplos, deur haar (onbewustelik) op ’n simboliese vlak te ontbloot. Vanuit ’n fenomenologiese perspektief kan die skets beskou word as ’n poging waardeur die slagoffer sin wou maak uit haar lewe. Die skets kan ook beskou word as ’n simboliese kommunikasiemedium vanuit ’n simboliese-interaksionistiese benadering. Alhoewel sekere afleidings en gevolgtrekkings van die skets gemaak kan word, sal die volle betekenis van die skets egter nooit werklik geken kan word nie omrede die persoon wat die skets geteken het oorlede is.


Die selfmoord-gevallestudie het verder by die navorsingsdoelwitte aangesluit deurdat die skets getoon het dat misdaadslagoffers se sketse van groot forensiese waarde kan wees ten einde dieper insig te verkry in ’n misdaadvoorval. Wat van groot belang vir geesteswetenskaplikes, kriminoloë en geregtelike amptenare, is die feit dat die slagoffers presies aangedui wanneer sy gemolesteer was, wanneer sy drank en dwelms begin misbruik het, en wanneer sy reeds die eerste keer gepoog het om selfmoord te pleeg. Die skets het gevolglik die onderliggende motiewe vir haar selfmoord uitgebeeld.

In die tweede gevallestudie van “J”, in afdeling 5.4.2, was haar psigologiese trauma ervaar in haar ouerhuis, abstrak gereflekteer in haar kuns. Haar kunswerke het vir haar ’n stem geword; om dit te kon sê wat sy nie in woorde kon uitdruk nie. Die realiteit van haar trauma en die gevolge daarvan, was deur haar kuns na die oppervlakte gebring; haar kuns het gedien as dokumentering en validering van haar ervarings. Baker (in Garrick & Williams 2006:187) wys daarop dat deur die proses waar die slagoffer traumatiese gebeure dokumenteer in kuns, word die slagoffers se ervarings bevestig; dit help die slagoffers van trauma om te herstel.

Van die simbole wat sy in haar kuns gebruik het, stem ook ooreen met simbole wat ander navorsers herhaaldelik gevind het in ander slagoffers van misdaad en trauma se kuns. Spring (2007:218) wys daarop dat gestyleerde oë, wat buite die liggaam voorkom, onderskeidelik is van

trauma slagoffers. Oë wat buite die liggaam voorkom simboliseer die emosionele respons wat die slagoffer ervaar het as gevolg van trauma; die oë word dikwels in blou geteken. Die betekenis van die oë kan verband hou met die slagoffer se persepsie van sonde en vergelding in ŉ religieuse konteks, of om waar te neem, of om waargeneem te word in ŉ natuurlike konteks (Spring 2007:218).

Figuur 6-1 is uittreksels van die oë in een van J se skilderye (wat in hoofstuk 5 voorkom). Die oë bevestig volgens die navorser die bevindige van Spring (2007:218) in die sin dat J die slagoffer was van emosionele en fisiese mishandeling. Die oë wat in sommige van J se skilderye voorkom is dikwels losstaande van ŉ liggaam en blou van kleur (soos wat Spring ook by sommige van haar slagoffers bevind het). Vir J was die betekins van die oë ook gekonnekteeer met waarneming. Soos sy dit in haar eie woorde gestel het: "Die oë sien als". Dus stem die psigologiese inhoud wat J geheg het aan die oë ook ooreen met Spring se bevindinge aangaande die simboliek wat voorkom in misdaadslagoffers se kuns.



**Figuur 6-1 "J" se tekeninge met oë**

Spring (2007:218-220) wys verder daarop dat die oë dikwels in gefragmenteerde en abstrakte komposisies voorkom. Die oë word dikwels ook geteken in ŉ hok of tronkagtige strukture. Ander vorms kan ook gebruik word om sigbare blokkasies of skeidslyne te maak wat die oë afsonder. Die blokkasies verteenwoordig divisie en suggureer skeiding en afsondering (Spring 2007:218-220). In figuur 6-1 kom die oë wat J geteken het ook voor in ŉ abstrakte komposisie en die oë is ook ingeblok in reghoekige objekte. Die oë in J se skildery is dus afgesonder van die res van die skildery. Dus kan daar afgelei word dat J ook afgesonderd en geïssoleerd gevoel het tydens haar mishandeling.

Die simbole kan beskou word as ŉ nie-verbale taal (vanuit ŉ psigo-analitiese perspektief) waardeur die slagoffer haar innerlike psigologiese konflikte op ŉ simboliese vlak uitgebeeld het. Die simbole is verder moontlik vrye assosiasies, wat die slagoffer gemaak het, met die eksterne wêreld, ten einde haar onbewuste psigologiese konflikte te eksternaliseer en op te los. Die tipe

simbole kan verder (volgens die navorser) beskou kan word as ’n vorm van archtipe simbool wat universeel in misdaadslagoffers se kuns kan voorkom.

Die teenwoordigheid van die tipe simbole kan ook moontlik aangewend word as versterking vir sommige misdaadslagoffers se getuienis vanuit ’n forensiese perspektief. In die verband kan die afleiding gemaak word dat die teenwoordigheid van die simbole beskou kan word as die bevestiging van die slagoffer se ervaring, omrede dit ’n universele verskynsel is wat onbewustelik te voorskyn kom in die kuns van sommige slagoffers van mishandeling.

In figuur 5-7 is J se huis vêr, klein, en in ’n blou kleur, op die agtergrond geteken. Die pad wat na haar huis lei is ook rof en kom verbrokkeld voor. Op die voorgrond groei daar ’n boom tussen die krake in die pad op; selfs die boom is verdor en kom dood voor. Die boom staan alleen en kom volgens J uit die donker dieptes op. Die huisie en en die pad wat J geteken het was simbolies van haar psigologiese toestand en hoe sy oor haar ouershuis gevoel het. Vir J was haar ouerhuis koud, liefdeloos en onbelangrik; die blou huisie kan dus gesien word as ’n psigologiese refleksie van J se emosies ten opsigte van haar ouerhuis. Die afleiding kan verder ook gemaak word dat J sekere kleure met sekere emosies geassosieer het; in die geval het sy die blou kleur deur middel van vrye assosiasie met liefdeloosheid geassosieer.

Op ’n soortgelyke wyse het sy ook vrye assosiasies met van haar ander emosies en ervarings gemaak. Die verbrokkelde pad kan so ook gesien word as ’n vrye-assosiasie wat sy met haar eie lewenspad gemaak het omrede sy haar eie lewenspad as gebroke ervaar het. Die manier waarop J simboliek gebruik het, stem sterk ooreen met die psigo-analise se gebruik van vrye-assosiasie; sy het baie van haar onbewuste subjektiewe ervarings deur vrye-assosiasie ontbloot.

Die verbrokkelde pad wat na haar ouershuis gelei het, was ook simbolies van hoe sy oor haar eie lewenspad gevoel het; gebroke. Dit was ook vir haar simbolies van haar ouerhuis se gesinstruktuur; die ouerhuis was gebroke in die opsig dat daar gereeld rusie en twis was in die huis, gekombineer met dreigemente van egskeiding en selfs moord. Vir J was die verdorde boom simbolies van haar innerlike self; sy het self alleen, leeg en dood gevoel. Die donker dieptes waaruit die boom groei, was verder simbolies van die onsekerheid wat haar lewe oorheers het. Vanuit ’n fenomenologiese perspektief, kan die simboliese uitbeelding van haar emosies beskou word as ’n wyse waarop sy sin van haar lewe wou maak. Volgens die simboliese-interaksionistiese benadering kan die simbole wat die slagoffer in haar kuns gebruik het beskou word as ’n poging waardeur sy haar emosies en gevoelens simbolies wou kommunikeer aan ander. Die gevallestudie het gevolglik op verskeie maniere aangesluit by die geesteswetenskaplike benaderings (in hoofstuk twee bespreek).

Malchiodi (2003:149-150) wys op die volgende belangrike redes hoekom tekenkuns ’n belangrike modaliteit is tydens trauma intervensie:

- Teken is ’n psigo-motoriese aktiwiteit. Trauma is ’n sensoriese aktiwiteit en intervensiemetodes moet metodes (soos teken) insluit wat die sensoriese herinneringe van die trauma ontsluit.
- Teken verskaf ’n veilige kommunikasiemedium, vir kinders en volwasse persone, om dít oor te dra waaroor hulle nie kan praat nie.
- Teken betrek slagoffers aktief in hulle eie herstelproses. Dit stel hulle in staat om oor te beweeg vanaf passiewe, interne en onbeheerde reaksies op trauma, na aktiewe, gerigte en beheerde eksternalisering van die traumatiese ervaring.
- Teken verskaf ’n simboliese representasie van die trauma ervaring, in ’n taal en formaat wat ekstern en konkreet is, en gevolglik hanteerbaar is.
- Die teken materiaal (soos papier), opsigself, is effektief om die trauma te beperk. Die trauma (wat op papier ingeperk is) kan nou op ’n sensoriese en taktiese vlak deur ’n slagoffer beheer word; dit gee dan aan die slagoffer ’n gevoel van bemagtiging oor die trauma.
- Teken verskaf ’n visuele fokus wat aangemoedig kan word deur trauma-spesifieke vrae te vra en om te vra dat slagoffers hulle verhaal vertel.
- Teken verskaf ’n “taal” wat as beheerbaar gesien kan word.
- Teken verminder die angs van onaangename herrineringe deur herblootstelling in ’n medium wat as veilig waargeneem en gevoel kan word deur die slagoffer.

Tydens die navorsing het die navorser bevind dat forensiese kuns effektief aangewend kan word vir die ondersteuning en emansipasie van getraumatiseerde misdaadslagoffers (soos bespreek in hoofstuk vier en vyf). Die navorser het bevind dat forensiese kuns effektief aangewend kan word, saam met ander bestaande beradingstegnieke en –metodes, tydens berading (soos die vertelling van die trauma-narratief, herblootstelling aan die trauma gebeure en kognitiewe herstrukturering). Forenise kuns kan verder gebruik word om misdaadslagoffers se geheue aan te wakker en te verfris. Daar was ook getoon hoe forensiese kuns misdaadslagoffers kan help om dieper insig te verkry in hulle traumatiese ervarings deur dit te teken wat hulle gesien of gevoel het tydens ’n misdaad. In die navorsing het die navorsing ook bevind dat forensiese kuns gebruik kan word vir kognitiewe herstrukturering waardeur verwronge gedagtes van die slagoffer herstel kan word.

Die navorser het verder bevind dat die forensiese kunste op verskeie maniere kan funksioneer as ’n nie-verbale, kruis-kulturele kommunikasiemedium (soos bespreek in hoofstuk vier en vyf). Daar was bevind dat forensiese kuns aangewend kan word sodat misdaadslagoffers uitstaande

kenmerke en gelaatstrekke van slagoffers en oortreders kan identifiseer. Forensiese kuns kan verder aangewend word ten einde dieper insig in misdaadgebeure te verkry en om addisionele inligting te ontbloot wat van groot nut kan wees tydens die ondersoekproses.

Die navorser het ook bevind dat misdaadslagoffers se kuns (wat hulle skep as gevolg van ŉ misdaad) beskou kan word as ŉ vorm van forensiese kuns. Die rede hiervoor is dat misdaadslagoffers se kuns van groot forensiese waarde mag wees. (Die forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns was bespreek in hoofstuk vier en gedemonstreer in hoofstuk vyf met die gevallestudies.) Die redes om misdaadslagoffer se kuns te beskou as forensiese se kuns behels (volgens die navorser) die volgende, dit kan:

- help om oortreders en slagoffers te identifiseer,
- aanduidend wees van die aard en erns van ŉ misdaad,
- help in die assessering van die finansiële, fisiese en psigologiese impak van ŉ misdaad,
- nuwe inligting openbaar wat die ondersoekproses kan stuur in ŉ nuwe rigting,
- getuies se geheue aanwakker aangaande sekere aspekte van ŉ misdaad,
- in ŉ hof voorgelê word as getuienis,
- gebruik word ter stawing of weerlegging van getuienis,
- gebruik word as ŉ kruis-kulturele, nie-verbale kommunikasiemedium tydens die strafregplegingproses.

In die afdeling was daar sekere bevindinge gemaak aangaande die aanwending van forensiese kuns tydens berading vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers ten einde aan te sluit by die navorsingsdoelwitte (soos uiteensgesit in hoofstuk een). Daar was getoon dat forensiese kuns aangewend kan word saam met bestaande traumaberadingstegnieke en metodes. Daar was ook getoon hoe misdaadslagoffers se kuns gebruik kan word as ŉ nie-verbale kommunikasiemedium. Laastens was daar redes verskaf ten einde te toon dat misdaadslagoffers se kuns in sommige gevalle beskou kan word as forensiese kuns.

Vervolgens gaan daar sekere aanbevelings gemaak word vir die aanwending van forensiese kuns vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

### *6.4.4 Aanbevelings vir die gebruik van forensiese kuns om misdaadslagoffers te emansipeer*

In die afdeling sal daar aangesluit word by die navorsingsdoelwitte deur sekere aanbevelings te maak vir die aanwending van forensiese kuns vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers. Daar sal verder by die navorsingdoelwitte aangesluit word deur aanbevelings te maak aangaande die gebruik van forensiese kuns tydens krisis-ingryping en trauma-berading.

Daar sal ook aanbevelings gemaak word aangaande die aanwending van forensiese kuns as 'n alternatiewe tegniek saam met bestaande tegnieke en metodes tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Verder sal aanbevelings gemaak word aangaande die gebruik van forensiese kuns as 'n nie-verbale kommunikasiemedium. Aanbevelings sal ook gedoen word met betrekking tot die aanwending van forensiese kuns as 'n ondersoek en klagteversterkingshulpmiddel in die strafregplegingsproses.

Die navorser beveel aan dat kuns aangewend word tydens krisis-ingryping en traumaberading. Daar is verskeie redes:

- deur artistieke uitdrukking kan gefragmenteerde dele van die self na vore gebring word om geobserveer en geëvalueer te word (Baker in Garrick & Williams 2006:184);
- in die proses van die skepping van 'n visuele dialoog deur die gebruik van kuns, kan traumaslagoffers konflik oplos, persoonlike sterkpunte ontwikkel en hulle onsigbare wonde genees;
- kuns reik uit oor verskillende kulture en skep 'n alternatiewe taal wat gebruik kan word om die gevolge van trauma uit te wis;
- kuns skep die geleentheid om "geheime" te vertel sonder die vrees vir vervolging;
- kuns verskaf 'n weg waardeur mense oorlewendes kan word in plaas daarvan om slagoffers te bly (Baker in Garrick et al 2006:184).

Forensiese kuns word deur die navorser aanbeveel as 'n nie-verbale kommunikasiemedium ten einde oortreders en slagoffers te identifiseer tydens misdaadondersoek. Verder word daar aanbeveel dat die forensiese waarde van misdaadslagoffers se kuns geëvalueer en aangewend moet word tydens die strafregplegingsproses as 'n tegniek ten einde misdaadslagoffers se geheue aan te wakker. Die kunswerke van misdaadslagoffers moet verder ook gebruik word as 'n klagteversterkingshulpmiddel en dit kan ook gebruik word ter stawing van misdaadslagoffers se getuienis tydens hofverrigtinge. Misdaadslagoffers kan verder gevra word om die uitleg van die misdaadtoneel te teken soos hulle dit gesien het ten einde geregsdienaars te help om te verstaan wat die ruimtelike uitleg van die misdaadtoneel was byvoorbeeld wie en wat waar gestaan het voor, tydens en na die insident. Forensies kuns kan help om die subjektiewe ervarings van die slagoffer te peil ten einde die psigologiese impak van misdaad op die slagoffers te bepaal.

Laastens word daar aanbeveel dat forensiese kuns verder gebruik kan word as deel van die psigologiese herstelproses van misdaadslagoffers. Soos reeds vermeld, vind traumatiese geweldsmisdade op 'n sensoriese vlak plaas en word daar aanbeveel dat intervensie ook op 'n sensoriese vlak moet plaasvind. Forensiese kuns is ook 'n aktiwiteit wat op 'n sensoriese vlak

gedoen kan word met die gevolg dat dit reeds ’n bydra kan lewer in die psigologiese herstel-proses van getraumatiseerde misdaadslagoffers. ’n Verdere positiewe aspek is dat forensiese kuns misdaadslagoffers aktief kan betrek in die die ondersoek van misdaad met die gevolg dat hulle ook kan voel dat hulle ’n positiewe bydrae lewer in die stragregplegingsproses. Die gevolg hiervan is dat misdaadslagoffers nie meer net voel dat hulle buitestaanders is in die stragreg-plegingsproses nie maar dat hulle deelnemers is aan die stragregplegingsproses. Dit kan weer die misdaadslagoffers se vertroue in die stragregplegingstelsel verhoog wat kan lei tot beter samewerking tussen misdaadslagoffers en ander deelnemers aan die stragregplegingsproses.

## 6.5 KONKLUSIE

Aan die begin van die navorsing was die navorsingdoelwitte uiteengesit. Die hoofdoel van die navorsing was om te toon of forensiese kuns aangewend kan word vir die emansipasie van slagoffers van geweldsmisdaad. Die navorser is van mening dat die navorsing duidelik toon dat forensiese kuns aangewend kan word vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad op verskeie vlakke van ingryping.

Met die bespreking van die teoretiese benaderings (in hoofstuk twee) was daar getoon dat kuns effektief deur sielkundiges en beraders aangewend word. Hoofstuk drie het verder getoon dat kuns op verskeie fasette van die mens inwerk en dat dit effektief aangewend kan word as ’n terapeutiese tegniek ten einde slagoffers te help om psigologies te herstel van trauma. In hoofstuk vier was daar getoon dat kuns ook aangewend kan word tydens krisis-ingryping. Die konklusie kan dus gemaak word dat kuns effektief aangewend kan word saam met bestaande tegnieke en metodes tydens krisis-ingryping en trauma-berading.

Die navorser is verder van mening dat die navorsing ook die bestaande kennisbasis vir die bemagtiging van slagoffers van geweldsmisdaad uitgebrei het deur te fokus op die verskillende geesteswetenskaplike benaderings wat gebruik kan maak van kuns tydens krisis-ingryping en traumaberading. Die geselekteerde geesteswetenskaplike benaderings was egter net enkele benaderings wat deur die navorser geselekteer was. As gevolg van die tydsbeperking, kostes en die doeleindes van die navorsing, kon die navorser nie fokus op al die geesteswetenskaplike benaderings wat gebruik kan maak van kuns nie. Verdere navorsing sal egter nodig wees ten einde te toon hoe kuns saam met ander geesteswetenskaplike teoretiese benaderings aangewend kan word vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers.

Die navorsing het verder met die gevallestudies gedemonstreer hoe kuns aangewend kan word saam met bestaande tegnieke en metodes tydens krisis-ingryping en trauma-berading. Ten

opsigte van die gebruikmaking van kuns vir krisis-ingryping en die berading van slagoffers van geweldsmisdade, het die navorser gebruik gemaak van geselekteerde gevallestudies. Eerstens het die navorser gelet op die gebruik van forensiese kuns as 'n tegniek wat aangewend kan word tydens krisis-ingryping, na die misdaad voorval waar 'n kunswerk van 'n persoon wat selfmoord gepleeg het gevind was. Vervolgens het hy gebruik gemaak van 'n gevallestudie van 'n vrou wat oor 'n lang tydperk mishandel was. Die vrou was self 'n kunstenaar en haar kunswerke het baie gehandel oor haar psigologiese probleme wat sy ervaar het as gevolg van die mishandeling.

Daar was ook gefokus op die gebruik van forensiese kuns tydens krisis-ingryping en traumaberading in een van die gevallestudies. Die navorser het ook van 'n gevallestudie gebruik gemaak waar hy tydens trauma-berading gebruik gemaak het van forensiese kuns in die vertelling van die misdaadgebeure. Tydens die gevallestudie het die navorser ook gebruik gemaak van lewenskaarte waarin die slagoffer haar verlede soos sy dit ervaar het en haar toekoms soos sy dit gesien het, visueel moes uitbeeld. Hierdeur het die navorser getoon dat forensiese kuns ook effektief tydens trauma-berading aangewend kan word ten einde die misdaadslagoffer te help om die misdaadgebeure te verwerk. Hierdeur het die navorser ook nuwe kennis tot die vakgebiede van trauma-berading en die forensiese kunste gebring deurdat hy getoon het dat forensiese kuns ook aangewend kan word as 'n alternatiewe tegniek wat tydens trauma-berading gebruik kan word. Hy het ook getoon dat foreniese kuns 'n groot bedrae kan lewer in die vertelling van die misdaadverhaal en hoe sensoriese aktiwiteit wat gepaard gaan met teken tydens forensiese kuns, 'n bydrae kan lewer in die psigologiese herstel van die slagoffer. Hy het ook getoon hoe forensiese kuns as 'n simboliese kommunikasiemedium kommunikasie tussen die slagoffer, die berader en ander belanghebbende partye kan vergemaklik.

Die navorser het ook gelet op ander projekte wat gerig was op die hantering van slagoffers van geweldsmisdade deur gebruik te maak van kuns, in besonder liggaamskaarte. In die navorsing was die Vigs-slagoffers se traumatiese ervarings visueel uitgebreeld deur kaarte te teken van hulle liggame en op die kaarte die plekke aan te dui waar hulle beseer of gewond was. Die liggaamskaarte wys daarop dat liggaamlike letsels 'n blywende uitwerking het op die misdaadslagoffers en dat die slagoffers bewus bly van die letsels. Die sketse kan egter ook help in die psigologiese herstelproses van die slagoffers omrede dit ook dien as 'n bevestiging van die herinneringe en ervarings van die slagoffers.

Die navorsing het ook getoon dat forensiese kuns kan dien as 'n medium waardeur misdaadslagoffer hulle boodskappe nie-verbaal kan oordra aan andere. In Suid-Afrika, waar daar 'n groot verskeidenheid van verskillende tale en kulture woon, kan forensiese kuns dus beskou

word as ’n ideale manier waardeur sekere aspekte aangaande ’n misdaad op ’n nie-verbale manier aan ander gekommunikeer kan word. So kan kommunikasieprobleme as gevolg van taal verskille oorkom word en misverstande uit die weg geruim word. Verdere navorsing sal egter gedoen moet word ten einde te bepaal wattter tegnieke en metodes deur die forensiese kunste aangewend kan word ten einde taal en kommunikasieprobleme te oorbrug.

Die gevallestudies het ook getoon dat die kuns van misdaadslagoffers van groot forensiese waarde mag wees. Tydens die navorsing het die navorser ondersoek ingestel na kuns wat slagoffers van misdaad geskep het as gevolg van misdaad. Die kunswerke was deur die navorser self en lede van die SAPD versamel tydens die ondersoek van sekere misdade. Die navorser het veral gelet op die eienskappe van misdaadslagoffers se kuns wat van forensiese belang was. In die verband het die navorser gevind dat sommige van die misdaadslagoffers se kunswerke van groot forensiese belang is vir die stragregplegingsproses en gevolglik nie geïgnoreer moet word deur ondersoekbeamptes, kriminoloë, beraders en ander belanghebbende partye nie.

Die navorser is van mening dat die gebruik van kuns in die bemagtiging van misdaadslagoffers ook verder uitgebrei kan word deur te fokus op die kuns wat geskep word deur oortreders. Die kunswerke van oortreders mag moontlik aanduidend wees van die psigologiese toestand en motiveringsredes van oortreders wat kan verklaar hoekom die oortreders sekere misdade pleeg. Navorsing kan ook gedoen word ten einde te bepaal hoe forensiese kuns aangewend kan word om kriminele sake te koppel ten einde reeksoortreders te identifiseer. Ondersoek kan ook ingestel word na die gebruik van oortreders se kuns in die psigologiese profilering van oortreders en die saamstel van voorvonnisevalusieverslae. Die tipes navorsing kan ook verder bydrae tot die bemagtiging van misdaadslagoffers omrede dit kan lei tot die vinnige identifisering en inhegtenisneming van oortreders en so kan veelvuldige viktimisasie deur die oortreder voorkom word. Dit kan ook help tydens vonnisoplegging ten einde die gepaste vonnisse vir sekere oortreders te bepaal.

Ten slotte is die navorser van mening dat die forensiese kunste van groot waarde en nut kan wees vir die bemagtiging van getraumatiseerde misdaadslagoffers indien die forensiese kunste korrek en effektief aangewend word in die stragregplegingsproses. Deurlopende navorsing sal egter steeds benodig word ten einde die forensiese kunste se volle potensiaal om misdaadslagofers te bemagtig te ontwikkel soos wat die tegnologie en die verstaan van die mens groei.

# BIBLIOGRAFIE


Bak, N. 2004. Completing you thesis. Pretoria: Van Schaik.

Baker, A. B. 2006. Art speaks in healing survivors of war. The use of art therapy in treating trauma survivors, in Trauma treatment techniques. In, Garrick, G. & Williams, M.B. (Red.) New York: The Haworth Maltreatment & Trauma Press.

Barber, V. 2004. Art therapy. Beskikbaar van www.vickyb.demon.co.uk/. Toegang verkry op 2004/03/17.

Betensky, M.G. & Rubin, J.A. 2005. What do you see? London: Jessica Kingsley.

Blanchard & Hickling. 2004. After the crash. 2de Uitgawe. Washington, DC: American Psychological Association.

Case, C. & Dalley, T. 2006. The handbook of art therapy. 2de Uitgawe. London: Routledge.

Catherwood, D. & Gillibrand, R. 2004. Developmental psychology. Crucial.

Centre for Social Science Research. 2002: Mapping our lives. Universiteit van Kaapstad. Beskikbaar van www.cssr.uct.ac.za/asru/oureach. Toegang op 2007/06/21.

Cohen-Liebman, M.S. 2003. Handbook of art therapy. New York: The Guilford Press.

Collins Cobuild Essential English Dictionary. 1989. Sv “crisis, dissociate, victim”. Glasgow: William Collins Sons & Co Ltd.

Collins, G.R. 2005. Die A tot Z van berading. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Conklin, E.C. 1995. Criminology. 5de uitgawe. Boston: Allyn and Bacon.

Dantzker, M.L. & Hunter, R.D. 2000. Research methods for criminology and the criminal justice. A Primer. Woburn: Butterworth-Heinemann.

Das-Brailsford, P. 2007. A practical approach to trauma. Empowering interventions. Los Angeles: Sage.

De Rivera, J. 2006. Conceptual encounter. The experience of anger. Qualitative research methods for psychologists. Burlington: Elsevier.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2004. Research at grass roots. Second edition. Pretoria: Van Schaik.

Die Bybel met Deutro-Kanoniek boeke. 2003. 6de druk. Paarl: Paarl Print.

Estrella, E. 2007. Expressive therapy. Expressive therapies. New York: The Guilford.

Federal Bureau of Investigation. 1995. Crises and suicide intervention. USA: Federal Bureau of Investigation.

Fischer, T.C. 2006. Qualitative research methods for psychologists. Burlington: Academic.

Ford-Martin, P.A. 2002. Art therapy. Health A to Z. Beskikbaar by www.healthatoz.com/healthatoz/atoz/ency/art_therapy.html. Toegang op 17/03/2004.

Frankl, F. 2004. Man's search for meaning. London: Rider.

Garrick, J. & Williams, M.B. 2006. Trauma treatment techniques. Binghamton: The Haworth Maltreatment & Trauma.

Gibson, L. 2008. Forensic art essentials. Burlington: Elsevier.

Glassman, W. E. & Hadad, M.2004. Approaches to psychology. 4 de uitgawe. Buckingham. Open University Press.

Grobbelaar, T. 1986. Slagofferviktimisasie in Viktimologie. Cilliers, C.H. (Red.). Pretoria: HAUM.

Hagan F.E. 2005. Essentials of research methods in criminal justice and criminology. Boston: Pearson Education Inc.

Hagood, M.M. 2000. The use of art in couselling child and adult survivors of sexual abuse. London: Jessica Kingsley.

Headington Institute. 2008. Understanding and coping with traumatic stress. Beskikbaar in headington-institute.org/default.aspx?tabid=1788, Toegang op 2008/01/21.

Henn, M., Weinstein, M. & Foard, N. 2006. A short introduction to social research. London: SAGE.

Homeyer, L.E. & DeFrance, E. 2007. Play Therapy - Expressive therapies. In, Malchiodi, C.A. (Red.) New York: The Guilford.

Hopf, C. 2000. Research ethics and qualitative research - A companion to qualitative research. London: SAGE.

Hosken, G. & Otto, H. 2008. Heroes who help to heal. In, Pretoria-News, on 18 Februarie 2008.

Jones, M.N. 2003. The impact of trauma debriefing in the context of the South African Police Service (SAPS), Helping Professions, Limpopo Province. Ongepubliseerde MSD (EAP) verhandeling. Pretoria: University of Pretoria.

Joubert, S.J. 1998. Studiegids 2 vir KRM307-K en POL306-V. Metodologie. Pretoria: UNISA.

Jordaan, W.J. & Jordaan, J.J. 1998. Mens in konteks. Sandton: Heinemann.

Joubert, S.J. & Maree, A. 2002. Tutorial letter 501/2002. Criminological evaluation and analysis. Pretoria: UNISA.

Kalmanowitz, D. & Lloyd, B. 2005. Art therapy and political violence. New York: Routledge.

Karmen, A. 2004. Crime victims an introduction to victomology. Kanada: Thomson & Wadsworth.

Labuschagne, I. 1986. Slagofferbystandsdienste, in Viktimologie. In, Cilliers, C.H. (Red.) Pretoria: HAUM.

Larkin, C. 2002. Tripartite man. Beskikbaaar op tripartiteman.org/historical/larkin.html, toegang op 2008/03/12.

Mackay, J. 2009. Forensic Art. Farmington Hills. Lucent Books.

Magniant, R.C.P. 2004. Art therapy with older adults. Springfield: Charles C. Thomas.

Malchiodi, C.A. 2003. Handbook of art therapy. New York: The Guilford.

Malchiodi, C.A. 2007. Art therapy - Expressive therapies. In, Malchiodi, C.A. (Red.) New York: The Guilford.

Manghani, S. Piper, A. & Simons, J. 2006. Images: A reader. Londen. Sage Publications.

Mariage and family encyclopedia (Se-Ti). 2009. Symbolic Interactionism - Importance Of Meanings, Situational Definitions, Self-concept Formation, Divisions Within Symbolic Interactionism, Symbolic Interactionism And Family Studies. Beskikbaar in //family.jrank.org/collection/13/International-Encyclopedia-Marriage-Family.html, toegang op 2009/06/13.

Maritz, Y. 2007. Kriminologiese deskundige wil kuns gebruik om slagoffers te ondersteun. Beskikbaar in www.rekord.co.za/story.aspx?sid=19019, toegang op 2008/03/27.

McBurney, D. H.& White, T. L. 2007. Research methods. 7de uitgawe. Wadsworth Publishing Compony.

McClelland, K. 2000. Symbolic interactionism. Beskikbaar in web.grinnell.edu/courses/soc/s00/soc111-01/IntroTheories/Symbolic.html, toegang op 2008/02/08.

Meier, P.D., Minirth, F.B., Wichern, F.B. & Ratckiff, D.E. 2003. Introduction to psychology and counseling - Christian perspectives and applications. 2de uitgawe. Grand Rapids: Baker .

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. Personologie van individu tot ekosisteem. Johannesburg: Heinemann.

Meyers, D.G. 1998. Exploring Psychology. New York: Worth.

Miller, I. 2005. TVNZ.CO.NZ. Study Raises Questions on Counselling. http.//tvnz.co.nz/views.news_health_story_skin/612752 (toegang op 2007/07/18)

Moon, B.L. 2003. Essentials of art therapy education and practice. Springfield: Charles C. Thomas.

Mouton, J. 2003. How to succeed in your master’s and doctoral studies. A South African guide and resource book. Pretoria: Van Schaik publishers.

Mulder, R. 2005. TVNZ.CO.NZ. Study Raises Questions on Counselling. http.//tvnz.co.nz/views.news_health_story_skin/612752 (toegang op 2007/07/18)

Mutton, D. Feb 2005. The post disaster industry in the wake of the Tsunami. Perspective. Radio National. http.//www.abc.net.au/rn/talks/perspective/stories/s1298578.htm (toegang op 2007/07/18).

Neuman, L. N. 1997. Social research methods. Boston. Allen and Bacon.

Neveling, J. 2004. The Effectiveness of Victim Impact Reports. Sexual offences bulletin. volume 1 B 2004. Die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika. R. S. A.

Noaks, L. & Wincup, E. 2004. Criminologocal research. London. SAGE Publications.

Raubenheimer, C. 2008. Hulle is in beheer. Beeld. 15 Maart 2008. 4

Retief, Y. 2005. Healing for trauma in the South African context. Eerste uitgawe. Kaapstad. Struik Christelike boeke

Robbins, B. 2006. An empirical phenomenological study. Being joyful. Qualitative research methods for psychologists. Burlington. Acadamic Press.

Rosnow, R. L. & Rosenthal, R.1996. Beginning behavioral research. Englewood Cliffs. Prentice-Hall.

Roy-Byrne, P. 1996. Debriefing After Trauma. The Final Word?. Journal Watch Psychiatry. http.//psychiatry.jwatch.org/cgi/content/full/2006/911/1 (toegang op 2007/07/18).

Sarantakos, S, 1998. Social research. 2 de uitgawe. Houndsmills. Macmillan Press LTD.

Spencer, L. B. 1997. Heal abuse and trauma through art. Springfield. Charles C. Thomas Publishers.

Spring, D. 2007. Art in treatment. Transatlantic dialogeu. Springfield. Charles C. Thomas Publishers.

Standley, J. 1999. South Africa targets domestic violence. http.//news.bbc.co.uk/1/hi/world/africa/566160.stm (toegang op 2003/05/07).

Stanford, encyclopedia of philosophy. 2008. Phenomenology. http.//plato.stanford.edu/entries/phenomenology/ (Toegang op 2009/09/04).

Steele, W. 2003. Using Drawing in Short-Term Trauma Resolution. Handbook of art therapy. New York. The Guilford Press.

Sue, S. Sue, D. & Sue, S. 1994. Understanding abnormal behaviour. Boston. Houghton Mifflin Company.

Suid-Afrikaanse Polisiediens 2007. Crime situation in South Africa. April – September 2007. Crime Information Analysis Centre. http.//www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/april_sep2007/apr_sept_categories.htm. (Toegang op 2008-05-06).

Swartz, de la Rey & Duncan 2004. Psychology an introduction. Cape Town. Oxford University Press.

Taylor, K. T. 2001. Forensic art and illustration. Boca Raton. CRC Press LLC

The Law and Order Referendum and other related issues in New Zealand. http.//www.laworderreferendum.org.nz. (Toegang op 2006/08/21).

Thomashoff, H. 2007. Foreword. Art in treatment. Transatlantic dialogeu. Springfield. Charles C. Thomas Publishers.

Van der Merwe, K. 2007. “Oklahoma OK!”. SAPS journal. Gauteng. Paarl Web.

Van der Westhuizen, C. 2008. ‘Die misdadiger’, gerieflike sondebok. Beeld. http.//Published/Beeld/By/2008/04/26/bj/texts/christislag.xml (Toegang op 2008/04/29).

Van, Dijk J., Van Kesteren, J. & Smit, P. 2007. Criminal victimisation in international perspective. Meppel. Boom Juridische uitgevers.

Van Dyk, A. 2001. HIVAIDS care & counselling. A multidisciplinary approach. Kaapstad. Pearson Education South Africa.

Wallace, H. 2007. Victimology legal, psychological and social perspectives. Tweede uitgawe. V. S. A. Pearson, Allyn & Bacon.

Walling, A. D. 2003. Debriefing after psuchologic trauma may not help recovery. Looksmart Find Articles. http://findarticles/mi_m3225/is_2_67/ai_96403921. Toegang op 2007/07/18.

Williams, W. H. 2009. Symbolic interactionism theory. VSA. California State University. http.//hhd.csun.edu/hillwilliams/symbolic%20interactionism%20lecture.htm. (Toegang op 2009/09/16)

Wikipedia 2008. Symbolic Interactionism. http.//en.mikipedia.org/wiki/Symbolic_interactionism. (Toegang op 2008/02/08).

Worden, J. W. 1982. Grief counselling and therapy. New York. Tavistock Publications.

Zaidel, D. W. 2005. Neuropsycology of art. Hove & New York. Psycology Press.

_. 1997. Die SAPD handleiding vir gyselaaronderhandeling en ontlonting. SAPD. Pretoria.

_. 2005. Die SAPD se beleid en riglyne vir slagofferbemagtiging. SAPD. Pretoria.

_. 2005. Misdaadinligtingsanaliesesentrum van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. SAPD Intranet.

**DIAGRAMME**

_. 2006. Diagram van: The limbic system. Beskikbaar by normandy.sandhills.cc.ns.us/psy150/limbic.gif, toegang op 2006-12-06.

**ONDERHOUDE**

Dr. J. I. H. Jonker, Voormalige bevelvoerder van die SAPD se okkulte eenheid, Pretoria. Onderhoud deur Mnr. Visser, gevoer op 10 Mei 2004.

Kaptein T. Brieers, Bevelvoerder van die SAPD se Skedelrekonstruksie eenheid, Pretoria.

Insp. J. Naude, Voormalige lid van die SAPD se Gesigsamestellingseenheid, Pretoria.

# AANHANGSEL A
# UITNODIGING AAN SLAGOFFERS OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING

*"Slagoffers van ernstige geweldsmisdaad word hiermee uitgenooi om deel te neem aan 'n navorsingstudie ten einde nuwe metodes en tegnieke te ondersoek vir die ontlonting en berading van misdaadslagoffers. Die dienste wat tydens die studie aan u verskaf sal word is gratis en bestaan uit ongeveer 10 sessies waartydens u trauma ontlonting en berading sal ontvang. Tydens die sessies sal u ook sekere kuns ge-oriënteerde opdragte ontvang om te voltooi ten einde te bepaal hoe effektief kuns tegnieke en metodes aangewend kan word om trauma te verwerk. Die studie word onderneem deur een van UNISA se studente en u tyd en samewerking in die verband sal hoog op prys gestel word.*

*Vir verdere inligting, kontak mnr. H. P. Visser op selfoon nr. 0847550125.*

*Neem asseblief kennis dat u deelname aan die navorsing heeltemal vrywillig is en dat u dit op eie risiko doen. Mnr. H. P. Visser en UNISA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige kostes of skade wat u mag lei tydens die navorsing nie."*

# AANHANGSEL B
# SLAGOFFER ONDERHOUDSKEDULE

**Persoonlike Besonderhede**

Naam: ........................................................... Van: ...................................................................................

Ouderdom: .................................................... Ras: ..................................................................................

Geslag: ......................................................... Ouderdom: .........................................................................

Huwelikstatus: ............................................. Geboorte datum: ..................................................

Beroep: .....................................................................................................................................................................

Opvoedkundig kwalifikasies: ..................................................................................................................

Woon adres:____________________ Werk adres: ____________________

______________________________ ______________________________

______________________________ ______________________________

Tel (h):______________ (w):______________ (sel):________________

Besonderhede van twee naasverwante of vriende in geval van nood:

Persoon 1: ____________________ Persoon 2: _________________

Adres: _______________________ Adres: ____________________

_____________________________ ___________________________

_____________________________ ___________________________

Tel: __________________________ Tel:________________________

Besonderhede van mediese spesialiste, dokter of sielkundige:

___________________________________________________________________________

**Besonderhede van misdaad**

Tipe misdaad: ______________________________________________

Stasie: __________________________ Mas nr: ____________________

Datum van voorval: _______________ Tyd van voorval: ____________

Plek waar voorval plaasgevind het: ______________________________________________

___________________________________________________________________________

Beskrywing van misdaad: ______________________________________________________

Algemene impak van misdaad: ______

Veranderinge in persoonlike verhoudinge as gevolg van misdaad: ______

Sosiale aanpassings as gevolg van misdaad: ______

Werk en beroepsverhoudinge: ______

Die finansiële impak van die misdaad: ______

Alkohol en dwelm gebruik: ______

Die impak van die misdaad op familie en vriende: ______

Veranderinge in lewensstyl en gedrag: ______

Veranderinge in slaap en eet gewoontes: ______

Vernderinge in vermoë om te werk of te studeer: ______

Impak op geloof en siening van wêreld: ______

Siening van self: ______

Siening van oortreder: ______

Besonderhede van sielkundige behandeling wat ontvang is: ______

**Fisiese beserings as gevolg van misdaad**

Enige aanhoudende fisiese ongemak: ______

______________________________________________________________________

Besonderhede van mediese behandeling wat ontvang is tot op hede: ______________

______________________________________________________________________

Enige behandeling wat in toekoms ontvang moet word: _________________________

______________________________________________________________________

Effek van beserings op toekomstige lewens kwaliteit: _________________________

______________________________________________________________________

Effek op lewens verwagting: ____________________________________________

______________________________________________________________________

**Finansiële of eiendomsverlies as gevolg van misdaad**

Die waarde van eiendom wat verlore, beskadig of vernietig is: __________________

______________________________________________________________________

Word die skade gedek deur versekering: __________________________________

______________________________________________________________________

Mediese en sielkundige behandelings kostes: ______________________________

______________________________________________________________________

Beroeps inkomste en verliese as gevolg van misdaad: _________________________

______________________________________________________________________

**Lewensveranderinge of bekommernisse as gevolg van misdaad:**

Verandering van woning, skool beroep ens: _________________________________

______________________________________________________________________

Enige bekommernisse aangaande toekomstige kontak met oortreder of sy/haar familie of vriende: _________________________________________________________

______________________________________________________________________

Enige bekommernisse aangaande intimidasie of lastigvalling deur die oortreder of sy/haar familie of vriende: _____________________________________________________

______________________________________________________________________

Vrese aangaande die vrylating, parool of opgeskorte vonnis van die oortreder: _________

______________________________________________________________________

# AANHANGSEL C
# KRIMINOLOGIESE DESKUNDIGE

## Kriminologiese deskundige wil kuns gebruik om slagoffers te ondersteun

Yolandi Maritz

"Misdaad is 'n realiteit wat almal vandag raak."

Henrico Visser van Tileba se visie is om misdaadslagoffers traumaberading te gee met kuns as hulpmiddel.

Henrico is 'n kriminologiese deskundige by die SAPD. Hy het al op sake soos die Sheldean-ontvoering en die Gert van Rooyen-pedofielsaak gewerk.

Sy passie vir traumaberading het eers op 'n latere stadium in sy lewe gekom.

"Dit was nog altyd moeilik om met die families van misdaadslagoffers te praat.

"Hulle vra dikwels moeilike vrae soos waarom dit juis met hulle gebeur het," vertel Henrico.

Henrico sê dit is juis dit wat hom aangespoor het om 'n kursus in pastorale-terapie te doen.

Hy het ook 'n BA-graad by Unisa verwerf waar sielkunde en kriminologie sy hoofvakke was.

"Ek kom daagliks in aanraking met traumagesinne," sê hy.

Volgens hom is dit juis die traumaberading wat hom help om ander gesinne te help.

Soms is mense onbewus van die skade wat 'n traumatiese ervaring agterlaat.

Hy sê mense ontwikkel dikwels gedragspatrone en post-traumatiese stres waarvan hulle onbewus is.

Henrico glo dat kuns met berading kan help.

"Kuns is 'n universele kommunikasiemedium.

"Dit is 'n manier om uiting aan gevoelens te gee vir mense wat dit dikwels moeilik vind om te praat."


Henrico wat met sy M-graad in kriminologie besig is, gebruik kunsberading vir sy navorsing.

"Nie net kan kuns visueel waargeneem word nie, dit kan ook as getuienis in 'n hof gelewer word," sê hy.

Volgens hom help kuns slagoffers om weer aan die samelewing blootgestel te word.

Alhoewel die soort werk baie intens kan wees, glo Henrico dat sy geloof hom help om nie té betrokke te raak nie.

Hy sê dat hy wel op 'n beperkte mate betrokke raak. Enigiemand wat sukkel om traumatiese gebeure te verwerk of berading benodig, kan Henrico by 084-755-0125 of sy vrou Jo-ann by 084-322-4392 bel.



Henrico Visser van Tileba is tans besig met sy M-graad in kriminologie.

(Rekord 18 Oktober 2007)